# *Die joernalistieke oriëntasiefunksie van* Beeld, Rapport *en* Die Kerkbode *ten opsigte van homoseksualiteit, aborsie en dobbelary*

**Evert van Vlastuin**
BA (Joernalistiek)
(Evangelische School voor Journalistiek en Voorlichting, Ede, Nederland)

**Verhandeling voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in Bedryfskommunikasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Studieleier: prof. dr. J. D. Froneman
Mede-studieleier: prof. dr. A. S. de Beer

Potchefstroom
1998

Daar is uiters stroewe mense wat jy nooit met enige redenasie kan beïnvloed nie.
En wanneer jou geloofwaardigheid onder verdenking is,
of wanneer jou gesag geminag word,
maak jy weinig vordering - selfs by leergierige mense.
*Johannes Calvyn (1509-1564)*

Hierdie werk dra ek op aan die nagedagtenis van my pa,
Jan van Vlastuin (1939-1997),
wat plotseling dood is terwyl ek, ver weg in Suid-Afrika,
met die navorsing vir hierdie verhandeling besig was.

# *BEDANKINGS*

Dit is 'n goeie gewoonte om aan die begin van 'n verhandeling sekere bedankings uit te spreek aan almal sonder wie se hulp die studie nie afgehandel sou kon word nie. Daarom gryp ek ook die geleentheid aan om die talle mense te bedank wat my in die periode van navorsing gehelp het.

* In die eerste plek is dit my ouers, wat my — aanvanklik teen wil en dank — gestimuleer het om te studeer en wat dit aanvaar het dat ek vir 'n jaar Suid-Afrika toe gegaan het om hierdie navorsing te doen.

* Ek is ook erkentlik vir die hulp en aanwysings van my studieleier, prof. Johannes D. Froneman, wat op sy eie wyse leiding gegee het aan die studie en wat my nie as 'n ondergeskikte student nie, maar meer as 'n gelyke behandel het en wat altyd bereid was om uitgebreid die lewenskragte van die 'nuwe' Suid-Afrika te bespreek. Sonder hom sou dit 'n ander studie geword het én sou my siening op die 'nuwe' Suid-Afrika anders gewees het.

* 'n Groot blyk van waardering kom aan die Christelijke Hogeschool Ede (sektor joernalistiek) in Nederland en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en die Departement Kommunikasie) in Suid-Afrika, wat 'n onderlinge uitruilprojek begin het, waarvan hierdie navorsing die eerste resultaat in Suid-Afrika is. Prof. A. S. de Beer (PU vir CHO) en drs. Ton Veen (CHE) verdien hier besondere vermelding..

* Die personeel van die Departement Kommunikasie, die Instituut vir Kommunikasienavorsing en die Ferdinand Postma-biblioteek van die PU vir CHO, wat bereid was om 'n nagraadse student uit Nederland te aanvaar én te help. Besondere vermelding verdien die gewese departementele sekretaresse, Karien B. van der Leeuw, wat sonder twyfel die mees behulpsame vrou is wat ek in my lewe ontmoet het.

* My vriend Emmanuel Mbennah en sy hele gesin. Ons verhouding bewys dat interkulturele vriendskappe nie 'n probleem hoef te wees nie.

* 'n Woord van besondere dank is ook gepas aan Corné Ferreira en prof. Hein Viljoen, wat die moeisame werk van die taalversorging van hierdie verhandeling gedoen het. En aan Martijn van der Wind, wat verskeie kere behulpsaam was in die tyd dat ek vanuit Nederland aan die studie gewerk het.

* Baie dankie ook aan alle Potchefstromers wat my op die een of ander wyse gehelp het, nie in die minste nie deur die leer van Afrikaans.

Al die bedankings kan saamgevat word deur die eer, lof en dank te bring aan die Here, wat ons roep en toerus, kragte en insigte gee om te leef en te werk én wat mense neig om ander mense te help. *Soli Deo Gloria!*

## *ABSTRACT*

Title: The journalistic orientation function of *Beeld*, *Rapport*, and *Die Kerkbode* with regard to homosexuality, abortion, and gambling.

This study describes how three important South African Afrikaans newspapers (*Beeld*, *Rapport* and *Die Kerkbode*) fulfilled the journalistic orientation function with regard to three subjects of ethical concern, namely homosexuality, abortion, and gambling, during 1995.

Each of the three newspapers has a different journalistic character. *Beeld* is a daily paper, *Rapport* a Sunday paper, and *Die Kerkbode* the official magazine of the Dutch Reformed Church.

These three ethical issues are pertinent in the South African context. Before the political reforms which began in the early 1990s, homosexual practice, abortion and gambling were forbidden by law. During 1995 the respective laws were changed (homosexuality) or were in the process of being changed (abortion and gambling) to allow these practices, albeit within some loosely defined limits.

A theoretical framework regarding the journalistic orientation function was developed and applied in this study. Christian principles such as the views that man was created in the image of God and that communication is a basic structure of God's creation, were used as a point of departure. A fundamental point in this framework was that every journalistic report is influenced by the specific world view of its author, which implies that objectivity in journalism is impossible. It is then argued that the press is obliged to fulfill an orientation function, that is, to contribute to the audience's processing and understanding of reality.

Five theoretical theses were formulated and used in a qualitative content analysis of all the news reports and articles from the three papers regarding homosexuality, abortion and gambling for 1995. The findings show that the three papers apparently fulfilled most of the basic requirements of the orientation function. However, some weak points were also identified.

The study endeavoured to make a contribution to mass communication (ethics) from a Christian perspective.

## *SLEUTELTERME*

Joernalistiek. Oriëntasiefunksie. *Beeld*. *Rapport*. *Die Kerkbode*. Homoseksualiteit. Aborsie. Dobbelary. Etiek. Christelik.

## *KEY TERMS*

Journalism. Orientation function. *Beeld*. *Rapport*. *Die Kerkbode*. Homosexuality. Abortion. Gambling. Ethics. Christian.

*INHOUD*


BEDANKINGS . . . . . . . . . ii
ABSTRACT . . . . . . . . . iii
SLEUTELTERME / KEY TERMS . . . . . . iv

**HOOFSTUK 1. AGTERGROND, METODE, NAVORSINGSDOELWIT EN PROBLEEMSTELLING . . 1**
**1.1 INLEIDING**
**1.2 AGTERGROND** 1
**1.2.1 Mediasituasie in die post-apartheidsera**
**1.2.2 Die Afrikaner se blootstelling aan 'n Christelike etos**
**1.2.3 Die gehoor van Afrikaanse koerante**
**1.3 ETIES-SENSITIEWE ONDERWERPE** 3
**1.3.1 Verantwoording van onderwerpe en veranderinge onder die nuwe bedeling**
***1.3.1.1 Homoseksualiteit***
***1.3.1.2 Aborsie***
***1.3.1.3 Dobbelary***
**1.3.2 Standpuntespektrum van homoseksualiteit, aborsie en dobbelary**
***1.3.2.1 Homoseksualiteit***
*1.3.2.1.1 Nie-teenstanders*
*1.3.2.1.2 Teenstanders*
***1.3.2.2 Aborsie***
*1.3.2.2.1 Die instemmende visie*
*1.3.2.2.2 Die voorwaardelike instemming*
*1.3.2.2.3 Die absolute verwerping*
***1.3.2.3 Dobbelary***
**1.3.3 Standpunte van Afrikaanse 'susterkerke' oor homoseksualiteit, aborsie en dobbelary**
***1.3.3.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk***
*1.3.3.1.1 Homoseksualiteit*
*1.3.3.1.2 Aborsie*
*1.3.3.1.3 Dobbelary*
***1.3.3.2 Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika***
*1.3.3.2.1 Homoseksualiteit*
*1.3.3.2.2 Aborsie*
*1.3.3.2.3 Dobbelary*
***1.3.3.3 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika***
*1.3.3.3.1 Homoseksualiteit*
*1.3.3.3.2 Aborsie*
*1.3.3.3.3 Dobbelary*
***1.3.3.4 Belang van die susterkerke se standpunte***
**1.4 NAVORSINGSKEUSES** 13
**1.4.1 Keuse van koerante**

**1.4.2 Keuse van periode**
**1.5 PROBLEEMSTELLING** 14
**1.6 NAVORSINGSDOELWIT** 14
**1.7 REDES VIR DIE ONDERSOEK** 14
**1.8 METODE** 14
**1.8.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise**
***1.8.1.1 Herkoms van die metode***
***1.8.1.2 Aard van die metode***
***1.8.1.3 Kontekstuele beskrywing***
***1.8.1.4 Kwantitatiewe gegewens in kwalitatiewe navorsing***
**1.8.2 Hantering van die kwalitatiewe inhoudsanalise**
***1.8.2.1 Objekte van ondersoek***
*1.8.2.1.1 Berigte*
*1.8.2.1.2 Artikels*
*1.8.2.1.3 Redaksionele kommentare*
***1.8.2.2 Empiriese ondersoek***
*1.8.2.2.1 Herkoms van materiaal*
*1.8.2.2.2 Inhoudsanalise*
*1.8.2.2.3 Onderhoude*
*1.8.2.2.4 Wyse van navorsing*
**1.9 HOOFSTUKINDELING** 21
**1.9 WOORDOMSKRYWING** 22

**HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK:**
**ORIËNTASIE DEUR PERS** . . . . . . 23
**2.1 INLEIDING** 23
**2.2 TEOLOGIES-FILOSOFIESE UITGANGSPUNTE** 23
**2.2.1 Kommunikasie as skeppingstruktuur**
**2.2.2 Kommunikasie en beeldskap**
**2.2.3 Kommunikasie en gemeenskap**
**2.2.4 Kommunikasie en roeping**
**2.2.5 Kommunikasie en die voortgang van die geskiedenis**
**2.2.6 Rigting in kommunikasie**
**2.2.7 Kommunikasie en die wêreldbeeld**
**2.2.8 Oriëntasie in die hele skepping**
**2.2.9 Die reg op inligting**
**2.3 JOERNALISTIEK AS ETIESE GEBEURE** 34
**2.3.1 Etiek in kommunikasie**
**2.4 ORIËNTASIE EN SY PLEK IN DIE KOMMUNIKASIEPRAKTYK** 34
**2.4.1 Oriëntasie en die funksionele teorie**
**2.4.2 Oriëntasie in 'n demokratiese sisteem**
**2.5 ORIËNTERENDE JOERNALISTIEK IN DIE NUUSKANTOOR** 36
**2.5.1 Nuusseleksie**
**2.5.2 Kommentaar**
**2.5.3 Etiese joernalistiek en die slegte in die nuus**
**2.5.4 Negatiwiteit as nuuskriterium**
**2.5.5 Konflik as nuuswaarde**

**2.6 TEORETIESE STELLINGS** 44
**2.7 SLOT** 45

**HOOFSTUK 3: BESKRYWING EN ANALISE VAN BERIGGEWING EN KOMMENTAAR IN *BEELD*** . . . 46
**3.1 INLEIDING** 46
**3.2 DAGBLADJOERNALISTIEK** 46
- **3.2.1 Algemene gegewens: dagblaaie**
- **3.2.2 Historiese gegewens: *Beeld***

**3.3 EMPIRIESE GEGEWENS** 48
- **3.3.1 Homoseksualiteit**
  - ***3.3.1.1 Frekwensie***
  - ***3.3.1.2 Prioriteit***
  - ***3.3.1.3 Algemene beskrywing en analise van berigte en artikels***
  - ***3.3.1.4 Toetsing aan die teoretiese stellings***
  - ***3.3.1.5 Samevatting en konklusies***
- **3.3.2 Aborsie**
  - ***3.3.2.1 Frekwensie***
  - ***3.3.2.2 Prioriteit***
  - ***3.3.2.3 Algemene beskrywing en analise van berigte, artikels en kommentare***
  - ***3.3.2.4 Toetsing aan die teoretiese stellings***
  - ***3.3.2.5 Samevatting en konklusies***
- **3.3.3 Dobbelary**
  - ***3.3.3.1 Frekwensie***
  - ***3.3.3.2 Prioriteit***
  - ***3.3.3.3 Algemene beskrywing en analise van berigte, artikels en kommentaar***
  - ***3.3.3.4 Toetsing aan die teoretiese stellings***
  - ***3.3.3.5 Samevatting en konklusies***

**3.4 SLOT** 78

**HOOFSTUK 4: BESKRYWING EN ANALISE VAN BERIGGEWING EN KOMMENTAAR IN *RAPPORT*** . . . 80
**4.1 INLEIDING** 80
**4.2 SONDAGJOERNALISTIEK** 80
- **4.2.1 Algemene gegewens: Sondagkoerante**
- **4.2.2 Historiese gegewens: *Rapport***

**4.3 EMPIRIESE GEGEWENS** 81
- **4.3.1 Homoseksualiteit**
  - ***4.3.1.1 Frekwensie***
  - ***4.3.1.2 Prioriteit***
  - ***4.3.1.3 Algemene beskrywing en analise van berigte en artikels***
  - ***4.3.1.4 Toetsing aan die teoretiese stellings***
  - ***4.3.1.5 Samevatting en konklusies***
- **4.3.2 Aborsie**
  - ***4.3.2.1 Frekwensie***

*4.3.2.2 Prioriteit*
*4.3.2.3 Algemene beskrywing en analise van berigte en artikels*
*4.3.2.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*
*4.3.2.5 Samevatting en konklusies*
**4.3.3 Dobbelary**
*4.3.3.1 Frekwensie*
*4.3.3.2 Prioriteit*
*4.3.3.3 Algemene beskrywing en analise van berigte, artikels en kommentaar*
*4.3.3.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*
*4.3.3.5 Samevatting en konklusies*
**4.4 SLOT** 104

**HOOFSTUK 5: BESKRYWING EN ANALISE VAN BERIGTE EN KOMMENTAAR IN *DIE KERKBODE*** . . . . . 105
**5.1 INLEIDING** 105
**5.2 KERKLIKE JOERNALISTIEK** 105
**5.2.1 Algemene gegewens: kerklike joernalistiek**
**5.2.2 Historiese oorsig: *Die Kerkbode***
**5.3 EMPIRIESE GEGEWENS** 107
**5.3.1 Homoseksualiteit**
*5.3.1.1 Frekwensie*
*5.3.1.2 Prioriteit*
*5.3.1.3 Algemene beskrywing en analise van artikel*
*5.3.1.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*
*5.3.1.5 Samevatting en konklusies*
**5.3.2 Aborsie**
*5.3.2.1 Frekwensie*
*5.3.2.2 Prioriteit*
*5.3.2.3 Algemene beskrywing en analise van berigte en artikel*
*5.3.2.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*
*5.3.2.5 Samevatting en konklusies*
**5.3.3 Dobbelary**
*5.3.3.1 Frekwensie*
*5.3.3.2 Prioriteit*
*5.3.3.3 Algemene beskrywing en analise van berigte*
*5.3.3.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*
*5.3.3.5 Samevatting en konklusies*
**5.4 SLOT** 120

**HOOFSTUK 6: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS** . . . . . . . 122
**6.1 INLEIDING** 122
**6.2 VERANTWOORDING** 122
**6.3 SAMEVATTENDE OPMERKINGS** 122
**6.4 SPESIFIEKE GEVOLGTREKKINGS** 122

**6.5AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING 124**
**6.6 SLOT 125**

**BRONNELYS . . . . . . . . 126**

**ADDENDUM 1 . . . . . . . . 134**
**ADDENDUM 2 . . . . . . . . 173**
**ADDENDUM 3 . . . . . . . . 180**

# HOOFSTUK 1: AGTERGROND, METODE, NAVORSINGSDOELWIT EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 INLEIDING

In hierdie studie word ondersoek ingestel na die wyse waarop die koerante *Beeld*, *Rapport* en *Die Kerkbode* hul lesers ten opsigte van die eties-sensitiewe kwessies homoseksualiteit, aborsie en dobbelary georiënteer het. In hierdie hoofstuk word die agtergrond, metode en probleemstellings van hierdie studie aan die orde gestel.

## 1.2 AGTERGROND

### 1.2.1 Mediasituasie in die post-apartheidsera

Suid-Afrika het hom ná 1990 getransformeer van 'n beperkte, oorwegend blanke demokrasie tot 'n volwaardige, multi-etniese demokrasie. Die toespraak van die toenmalige staatspresident, F. W. de Klerk, op 2 Februarie 1990 het die beginpunt gevorm van die politieke hervormings en die afskaffing van die apartheidswetgewing (vergelyk Beukes, 1992: 113-118). Die verkiesing van 27 tot 29 April 1994 en die inhuldiging van die ANC-leier, Nelson Mandela, as nuwe president, kan beskou word as belangrike mylpale in hierdie hervormingsproses.

Die afsluiting van die apartheidsera het nie net die rasseverhoudings verander nie; dit het ook baie belangrike implikasies vir die res van die sosiale lewe meegebring. Die nuwe, ANC-gedomineerde regering huldig op die etiese vlak nie dieselfde opvattings as die gewese Nasionale Party-regering nie. Daarom het daar spoedig 'n einde gekom aan die beperkende of verbiedende wetgewing oor sake soos homoseksualiteit, aborsie en dobbelary (vergelyk *Die Kerkbode*, 15 Maart 1996: 'Gevra: 'n etiese kode vir Suid-Afrika'; *Finansies & Tegniek*, 25 Augustus 1995: 'Hotel(dobbel)groepe herleef'). Resente wetsvoorstelle oor dobbelary en die nuwe wetgewing oor aborsie bevestig dit. Suid-Afrika is in hierdie stadium (moontlik) die enigste land in die wêreld wat in sy nuwe grondwet 'n eksplisiete bepaling het wat diskriminasie op grond van onder meer "seksuele georiënteerdheid" verbied (*Handves van Regte*, 9(3); vergelyk Van der Westhuizen, 1996: 4). Dus beleef Suid-Afrika nie net politieke transformasie nie, maar ook veranderinge op die sosiale en etiese terrein — indien nie in terme van inwoners se standpunte nie, dan tog wel wat wetgewing betref.

Daar het in die afgelope jare enkele studies verskyn oor hoe die pers in Suid-Afrika die transformasie op die terrein van politiek en sport gehanteer het (byvoorbeeld Serfontein, 1995; Steyn, 1995). Ook die joernalistieke etiek het aandag geniet (vergelyk byvoorbeeld die tema-uitgawe van *Ecquid Novi* 15(1), 1994). Maar daar is, sover bekend, in Suid-Afrika nog nie 'n studie gedoen oor koerante se hantering van die oriëntasiefunksie ten opsigte van eties-sensitiewe onderwerpe nie (vgl. databasisse Nexus van die RGN en Humanities). In hierdie studie word daar dan ondersoek ingestel .na die persdekking van drie eties-sensitiewe kwessies, te wete homoseksualiteit, aborsie en dobbelary. Dit word gedoen in die lig van die sogenoemde 'joernalistieke oriëntasiefunksie' van die pers. Dié funksie kom voort uit 'n sterk Christelik-etiese benadering tot die pers (kyk Hoofstuk 2 vir 'n teoretiese uiteensetting van die oriëntasiefunksie).

Die politieke hervormings het ook groot implikasies vir die media in die algemeen en pers in die besonder gehad. Voor 1990 was daar altyd 'n sekere 'bloedband' tussen die

meeste Afrikaanse koerante en die Nasionale Party. Die Afrikaanse pers het oor die algemeen gehelp om apartheid te definieer en te vestig. Die apartheidsera het ook gepaard gegaan met beperkings op mediavryheid, maar ook 'n groeiende verset daarteen (Beukes, 1992: 103; 152-158; 473; 533; Froneman & De Beer, 1994: 3). In president F.W. de Klerk se parlementêre rede op 2 Februarie 1990 het die regering dan ook gehoor gegee aan dié beswaar en die mediabeperkings opgehef (*Hansard*, aangehaal deur De Klerk, 1991: 49; vergelyk Froneman & De Beer, 1994: 4-5). Ná dekades van sensuur het die pers in Suid-Afrika nou meer vryheid as in baie ander lande: daar is wegbeweeg van 'n outoritêre hantering van die pers deur die regering (De Beer & Steyn, 1996: 212). Hoewel die beperkings op die persvryheid veral op die hantering van politieke kwessies van toepassing was, kan dit nie uitgesluit word dat dit ook 'n effek op die hantering van sosiale en/of etiese kwessies gehad het nie. Dit is daarom bedryfskommunikasiekundig belangrik om na te vors hoe die pers in die nuwe era die nuutgevonde vryheid gebruik en die publiek se nuutgevonde vryhede op sosiaal-etiese terrein reflekteer.

### 1.2.2 Die Afrikaner se blootstelling aan 'n Christelike etos

Navorsing oor joernalistieke persdekking van eties-sensitiewe kwessies deur Afrikaanse koerante word interessanter as daar in gedagte gehou word dat die Afrikaner tradisioneel sterk blootgestel is aan 'n Christelike etos. W. A. de Klerk (1975: xiv) het byvoorbeeld gesê:

> The key to the Afrikaners is Calvinism. But the primitive or original Calvin will be insufficient to explain the modern Afrikaners. It is especially the subtle mutations which Calvinism underwent in the Puritan mind of the Anglo-Saxon world which become relevant. Finally, it is the phenomenon of political idealism, engendered in the same *milieu*, which provides a fuller perspective.

De Klerk veronderstel dat die Afrikaner 'n puriteinse Calvinis is, of was. Maar meer as twee dekades het verloop sedert De Klerk dié tipering gemaak het. Intussen het die Afrikaner (verder) gesekulariseer. Tog is die gereformeerde of reformatoriese etos steeds in 'n mate aanwesig by 'n deel van die blanke Afrikaanssprekende bevolking, aangesien 'n beduidende deel van dié bevolkingsdeel kerkgaande lidmate van een van die gereformeerde kerke is (vergelyk Alant, 1972: 16; 44; 51). Dat iets van die reformatoriese etos én sekularisasie by Afrikaanse koerante aangetref sal word, is te wagte. Vir die ondersoek van die joernalistieke oriëntasie met betrekking tot eties sensitiewe onderwerpe is dié veronderstelling van groot belang, maar dit moet vanselfsprekend met groot omsigtigheid gehanteer word (vergelyk Van Vlastuin, 1997a: 8-12).

### 1.2.3 Die gehoor van Afrikaanse koerante

Volgens die 1994-gegewens van die Sentrale Statistiekdiens van Suid-Afrika is daar in totaal 5,7 miljoen mense wat Afrikaans as huistaal praat. Hiervan is 2,9 miljoen blankes en 2,7 miljoen kleurlinge (Du Toit, 1994: 1.16). Die totale potensiële gehoor van Afrikaanse dagblaaie onder huistaalsprekers is dus hierdie 5,7 miljoen mense.

Daar is vyf kerkgenootskappe in Suid-Afrika waarin Afrikaans die enigste of belangrikste taal is. Dit is eerstens die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie met ongeveer 3 999 000 lidmate. Van die 'wit deel' van hierdie kerk, met amper 'n miljoen lidmate, is die oorgrote deel Afrikaanssprekend. Daar is gemeentes waar Engels,

Portugees of Nederlands gebruik word, maar die getal lidmate van dié groepe is nie meer as 2 000 nie. Ook in die ander dele van die NG Kerk-familie, veral in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, word Afrikaans gebruik, maar dit is onmoontlik om presiese syfers daarvan te gee (Janse van Rensburg, 1995: 371; Jaarboek NG Kerk, 1997: 336-342; skriftelike mededeling direkteur inligting Ned Geref Kerk, 10 Maart 1997).

Tweedens is daar die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, wat ook vir 'n groot deel Afrikaanstalig is. Hierdie kerkgroepering het sowat 120 000 lidmate. Derdens kry 'n mens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, wat heeltemal Afrikaanstalig is. Tot hierdie kerkgenootskap behoort 246 000 lidmate. Die vierde is die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika met 423 700 lidmate, waarvan 'n groot deel Afrikaanssprekend is. Die laaste is die Afrikaanse Protestantse Kerk met 32 000 lidmate, wat heeltemal Afrikaans is (Du Toit, 1994; Demografiese Statistieke, 1995).

Van die totale bevolking van Suid-Afrika is dit waarskynlik dat 70 tot 80 persent hul — ten minste op papier — met die Christelike geloof assosieer. Suid-Afrikaners is dus nominaal meer as gesekulariseerde Westerse lande religieus georiënteer. Geloof behoort daarom 'n belangrike rol in die publieke gebeure te speel (Janse van Rensburg, 1995: 369).

Uit hierdie gegewens blyk dit dat 'n groot deel van die potensiële gehoor van die Afrikaanse koerante waarskynlik lidmate is van 'n reformatoriese of 'n ander Christelike kerk. In hoeverre die Afrikaanse koerante met betrekking tot etiese onderwerpe hul gehoor sal oriënteer met aandag en begrip vir of moontlik selfs in pas met die Christelike of Calvinistiese gedagtegoed, is deel van die ondersoek.

## 1.3 ETIES-SENSITIEWE ONDERWERPE

### 1.3.1 Verantwoording van onderwerpe en veranderinge onder die nuwe bedeling

Daar is om verskeie redes besluit op die onderwerpe homoseksualiteit, aborsie en dobbelary. Eerstens het dit 'n baie groot impak op die samelewing. Die inwoners van Suid-Afrika het (amper) almal te make met hierdie sake. Dit is minder die geval met ander etiese kwessies, soos byvoorbeeld die doodstraf, menseregteskendings in die verlede of misdaad. Tweedens, hoewel hierdie kwessies in die praktyk wel verbind is met die politieke hervormings, word 'n standpunt ten opsigte van homoseksualiteit, aborsie en dobbelary nie in so 'n mate as 'n bewys van politieke (on)korrektheid gesien as byvoorbeeld die roep om herinstelling van die doodstraf nie. Derdens het hierdie drie onderwerpe 'n sterk verbintenis met die Christelike etos, wat binne die Suid-Afrikaanse samelewing lank baie kragtig was. Ten slotte is menings oor hierdie kwessies aan die verander.

Die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika het 'n groot impak op wetgewing oor 'n aantal eties-sensitiewe onderwerpe gehad. Voor die transformasie in 1994 was dobbelhuise, openlike homoseksualiteit en aborsie op aanvraag verbode. In 1996 het wetsontwerpe reeds verskyn om dobbelary en aborsie te wettig. Die wettiging van aborsie op aanvraag het einde Oktober 1996 daadwerklik plaasgevind, terwyl dobbelary in die algemeen toegelaat is. En in die nuwe Grondwet word onbillike diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie uitdruklik verbied (vergelyk Van der Westhuizen, 1996: 4; Lind, 1995: 491).

### *1.3.1.1 Homoseksualiteit*

Onder homoseksualiteit word normaalweg verstaan seksuele kontak of intimiteit tussen mense van dieselfde geslag (vergelyk Heyns, 1986: 164; De Bruyn, 1993: 208). Dié praktyk was in die ou bedeling verbode (vergelyk die Wet op Seksuele Misdrywe [ook bekend as die Ontugwet] van 1957, soos in 1969 hersien). Homoseksuele dade is as onnatuurlike geslagsverkeer beskou. Sodomie was 'n misdryf. Hierdie veroordeling het voortgespruit uit die Suid-Afrikaanse gemenereg (*common law*), wat sterk steun op die Romeins-Hollandse regstradisie en die Joods-Christelike etiese denkwyse. Dit is opvallend dat wetgewing net die manlike vorm van homoseksualiteit veroordeel het en nie die vroulike (lesbiese) praktyke nie (Viljoen, 1993: 101-104; Mischke, 1995: 33-35; Lind, 1995: 481; Cameron, 1993: 453-454).

Toe begin is met die opstel van die tussentydse Grondwet van 1993, het die kwessie van gay-regte spoedig na vore gekom. Die tussentydse Grondwet het 'n sinsnede bevat wat "onbillike diskriminasie" op grond van onder meer "seksuele georiënteerdheid" verbied het. Hiermee is homoseksualiteit gedekriminaliseer, hoewel daar steeds 'n probleem met die terme 'billike' en 'onbillike' diskriminasie was (Mischke, 1995: 33; 39-40; vergelyk Lind, 1995; Cameron, 1993).

Die nuwe Grondwet (goedgekeur deur die Grondwetlike Vergadering op 8 Mei 1996 en gewysig op 11 Oktober 1996) stel in die *Handves van Regte*, artikel 9(3):

> Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, *seksuele georiënteerdheid*, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte (kursivering toegevoeg, EvV).

Deur hierdie artikel in die Grondwet, wat nie deur die Grondwetlike Hof gekritiseer is nie, is homoseksualiteit uitdruklik gedekriminaliseer: wat 'n klompie jare terug nog verbied was, is nou as 'n wesenlike mensereg in die *Handves van Regte* erken.

### *1.3.1.2 Aborsie*

Aborsie word normaalweg omskryf as die kunsmatige verwydering van 'n fetus uit 'n swanger vrou, voordat die fetus in staat is om op sy eie te oorleef as 'n onafhanklike menslike wese. Die swangerskap word onderbreek en die fetus word doodgemaak (vergelyk De Bruyn, 1993: 134).

Volgens die Aborsie- en Sterilisasiewet van 1975 was aborsie in Suid-Afrika onder streng voorwaardes toelaatbaar. Hierdie wet het duidelik nie 'n opening vir aborsie op aanvraag gelaat nie, maar wel sogenaamde terapeutiese aborsies toegelaat (Strauss, 1995: 195-196).[1]

---

[1]Du Plessis (1990: 47-48; vergelyk Van Marle, 1995: 168-169) gee die gronde waarop aborsie wettiglik gepleeg kon word: *(a) Where continued pregnancy endangers the pregnant woman's life or (b) constitutes a threat to her physical or (c) mental health. (d) Where there is a serious risk that the child to be born will suffer from a physical defect or (e) a mental defect of such a nature that it will be irreparably seriously handicapped. (f) Where the foetus has allegedly been conceived as a result of rape or (g) incest or (h) intercourse outside wedlock ("illegitimate carnal intercourse") and the*

In die tydperk toe aborsies slegs by baie hoë uitsondering toegelaat is, was daar na raming reeds tussen 100 000 en 500 000 onwettige vrugafdrywings in Suid-Afrika. In die meeste gevalle was dit sogenaamde agterstraataborsies, wat nie net onwettig was nie, maar ook onveilig (Sarkin-Hughes, 1993: 83). Van Julie 1989 tot Junie 1990 het die hof toestemming aan 868 vroue gegee om 'n "terapeutiese aborsie" te ondergaan. En in die jaar daarvoor was daar 963. In 75 persent van dié gevalle het wit vroue dié operasie ondergaan (Sarkin-Hughes, 1993: 83-84; Strauss, 1995: 196).

In 1993 het 40 persent van die wêreldbevolking toegang tot wettige aborsies gehad (Sarkin-Hughes, 1993: 83). Minder as 25 persent van hulle woon in lande waar aborsie net gewettig is ten einde die moeder se lewe te red. Die afgelope twintig jaar het meer as vyftig lande aborsie gewettig. In die meeste gevalle was die uitgangspunt dat vroue self verantwoordelikheid vir hul lewe aanvaar en daarom ook die beskikkingsreg oor die fetus het. Sodoende gebeur daar wêreldwyd jaarliks tussen 26 en 35 miljoen wettige aborsies, terwyl onwettige aborsies op tussen 10 en 22 miljoen geskat word.

In baie lande word die wettiging van kunsmatige vrugafdrywing beskou as 'n instrument van die bevolkingsbeleid. Daar is bereken dat die natuurlike hulpbronne, soos die beskikbaarheid van water, in Suid-Afrika genoeg kan bied vir 'n bevolking tot 80 miljoen mense. Volgens berekenings sal hierdie punt bereik word voor die jaar 2020, tensy daar maatreëls getref word. Volgens baie voorstanders van aborsie is kunsmatige vrugafdrywing een van dié maatreëls (Sarkin-Hughes, 1993: 86).

Vanuit die modern-liberale siening van menseregte is dit 'n fundamentele reg van 'n vrou om swanger te raak of haar swangerskap te beëindig. Daar word erken dat die regte van die moeder en dié van die kind kan bots. In die ou Suid-Afrikaanse bedeling het die wet 'n voorkeur vir die fetus se regte getoon (Sarkin-Hughes, 1993: 86-87).

Die ou wet het in die 'nuwe Suid-Afrika' onder die spervuur gekom. 'n Belangrike argument was dat hierdie wet te beperkend is en dat dit vroue dwing om gevaarlike agterstraataborsies te laat pleeg. Bowendien het dié wet sy agtergrond in die beginsels van Afrikanernasionalisme en diepgewortelde Calvinisme gehad, wat nie meer leidende beginsels in wetgewing en samelewing sou vorm nie. Die ANC het ook in sy 1994-verkiesingsveldtog duidelik laat blyk dat hy groot waarde aan vroueregte heg, en dus ook aan die wettiging van aborsie (Van Marle, 1995: 168-170).

Die nuwe wetgewing maak voorsiening vir aborsie op aanvraag tot in die twaalfde week van die swangerskap. In enkele gevalle kan hierdie termyn verleng word tot die twintigste week. Ook gee dit minderjariges die reg om, onafhanklik van hul ouers of voogde, self oor dié saak te beslis. Hierdie nuwe wet is gevolglik een van die mees liberale in die wêreld (vergelyk *Beeld*, 31 Oktober 1996).

### *1.3.1.3 Dobbelary*

Onder dobbelary kan verstaan word die transaksie van iets waardevols wat afhang van geluk en toeval in so 'n mate dat die buitesporige wins van die een gelyk is aan die

---

*woman is, due to a permanent mental handicap or defect unable to comprehend the consequential implications of or bear the parental responsibility for the fruit of coitus.*

totale of gedeeltelike verlies van die ander (Van Wyk, 1980: 3; De Bruyn, 1993: 233). Dit word die sogenaamde kans-element genoem.

Dobbelary is tans een van die grootste bedrywe in die wêreld en speel 'n toenemend belangrike rol in die vermaaklikheidsbedryf. Dit word in meer as negentig lande wettig bedryf en die wettiging van dobbelary neem vinnig toe (Wiehahn, 1996: 13-15).

Dobbelary is in die 'ou Suid-Afrika' verbied. Reeds in die sewentiende eeu was daar reëls in die Kaapkolonie wat hierdie tipe vryetydbesteding verbied het. Die praktyk van dobbelary het egter nooit heeltemal verdwyn nie. Teen die einde van die negentiende eeu is daar ook in die Oranje-Vrystaat en in die Zuid-Afrikaansche Republiek wette ingestel wat dobbelary verbied het. Hierdie verbod is ná Uniewording in 1910 gehandhaaf (Wiehahn, 1996, 3; 11-12; 29).

In 1965 is 'n wet aanvaar met die doel om die gefragmenteerde dobbelwette te vervang. Met uitsondering van weddenskappe op perdewedrenne, is alle vorme van dobbelary verbied. In buurlande soos Swaziland was daar wel casino's. En in die TBVC-lande (dit wil sê: Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei) was daar ook sewentien wettige dobbelplekke. In Suid-Afrika self het daar in die beginjare negentig ook baie onwettige dobbelmasjiene en selfs casino's verskyn. Volgens polisie-getuienis was daar in die vroeë jare negentig na raming meer as 2 000 onwettige casino's in die land in bedryf (Wiehahn, 1996: 29-30). Vanweë die politieke omwentelinge is die ontluikende dobbelbedryf toegelaat om ongereguleerd voort te gaan.

Maar in Augustus 1994 is 'n Raad op Loterye en Dobbelary in Suid-Afrika ingestel. Die meeste lede van hierdie raad was ten gunste van die wettiging van dobbelary, maar slegs onder streng beheer en effektiewe regulering. Die owerheid is geadviseer om 40 casinolisensies uit te reik, een vir elke miljoen inwoners (Wiehahn, 1996: 33-35; 46). Teen middel-1997 was die toekenning van lisensies nog nie gefinaliseer nie, en het 'n mate van die wanorde in die bedryf voortgeduur.

### 1.3.2 Standpuntspektrum van homoseksualiteit, aborsie en dobbelary

In hierdie subhoofstuk word die diversiteit in standpunte beskryf wat bestaan oor die drie eties sensitiewe temas homoseksualiteit, aborsie en dobbelary. Dié raamwerk sal by die empiriese analise en interpretasie gebruik word vir die indeling van standpunte (kyk 1.8.2.2.2).

#### *1.3.2.1 Homoseksualiteit*

By hierdie beskrywing word die indeling van standpunte gedoen soos Geisler (1989: 257-275) voorstel. Dit is nie wenslik om 'n onderskeid tussen voor- en teenstanders te maak nie. Die woord 'voorstander' veronderstel dat die persoon wat so 'n standpunt huldig, probeer om homoseksualiteit te bevorder of te sien as die beste van twee alternatiewe. Die nie-teenstander is egter neutraal; vir hom is dit nie eties verwerplik nie. Later in hierdie hoofstuk (1.8.2.2.2) word die standpunte konkreet vir toepassing in hierdie navorsing toegelig.

##### *1.3.2.1.1 Nie-teenstanders*

'n Belangrike argument teen die verwerping van homoseksualiteit is die gedagte dat volwasse mense die reg het tot seksuele vryheid. Die enigste begrensing lê in die

vrywillige deelname daaraan. Ook word aangevoer dat homoseksualiteit miskien wel 'n etiese kwessie is, maar in elk geval 'n private karakter het. Dit behoort nie tot die terrein van die publieke wet- en reëlgewing nie. 'n Ander argument is dat die homoseksuele neiging aangebore is en daarom nie verander kan word nie. Daarnaas word die argument gebruik dat morele opvattings vanaf die antieke tye verander het. Daar is baie taboes wat nie uit die puriteinse verlede oorgedra is nie. So behoort ook homoseksualiteit nie 'n taboe te wees nie. Ten slotte word gesê dat homoseksualiteit onder alle diersoorte voorkom, waarom sou dit juis by "menslike diere" onbehoorlik wees? (Geisler, 1989: 260-261).

Nie-teenstanders van homoseksualiteit haal ook tekste uit die Bybel aan ten gunste van 'n positief-etiese houding ten opsigte van hierdie gedrag. Levitikus 18:22 sê: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dis 'n gruwel." Hierdie Levitiese wet sou nie meer van toepassing wees nie en dié reël het verdwyn saam met die verbod op die eet van onrein vleis. Daarnaas was die kry van kinders 'n morele plig in die ou Israel; daarom is dit nie verrassend dat die wette van die Ou Testament homoseksualiteit verbied nie. Maar dit is vandag anders, word geargumenteer. Derdens was homoseksualiteit verbind met afgodery, wat nou nie meer so is nie. Bowendien is die veroordeling van homoseksualiteit deur Paulus 'n weergawe van sy eie opinie, en nie die wet van God nie. Dit is dus nie bindend nie. Daarnaas was baie wat Paulus gesê het kultuurgebonde, omdat hy ook lang hare vir mans verwerp het. As Paulus in 1 Korinte 6:10 sê dat homoseksuele nie die koninkryk van God binnegaan nie, bedoel hy daarmee dat gewelddadige homoseksuele omgang verkeerd is, maar veroordeel hy nie homoseksualiteit as sodanig nie. En as hy in Romeine 1:26 en 27 homoseksualiteit as onnatuurlik verklaar, sê hy daarmee net dat dit onnatuurlik is vir heteroseksuele. Vir homoseksuele is dit wel natuurlik en daarom word dit in dié teks nie deur Paulus veroordeel nie. Ten slotte word aangevoer dat Dawid en Jonatan homoseksuele dade sou gepleeg het (Geisler, 1989: 257-260).

*1.3.2.1.2 Teenstanders*

Die teenstanders van homoseksualiteit voer dikwels aan dat dit onnatuurlik is. Dit sou teen die normale menslike vorm van seksualiteit ingaan. Geen mens is gebore uit homoseksuele gemeenskap nie. Bowendien behoort homoseksualiteit tot 'n stelsel van sosiaal onwenslike eienskappe, soos egosentrisme, verwaandheid, vyandigheid en masochisme. Ook sou baie kindermishandelings en kriminele dade gedoen word deur hierdie 'andersgeaardes'. Hiermee sou gelyk die argument dat homoseksualiteit 'n private kwessie is, weerlê wees. Ten slotte is homoseksualiteit in die oë van teenstanders 'n bedreiging vir die samelewing, omdat dit die verspreiding van vigs bevorder (Geisler, 1989: 271-273).

Dieselfde Bybel wat sommige gebruik om homoseksualiteit te regverdig, laat homself egter in diverse toonaarde negatief oor homoseksualiteit uit. Die veroordelings van homoseksuele praktyke sou steeds van krag wees. Die verwerping of die nuansering daarvan sou neerkom op die verwerping van God se Woord (De Bruyn, 1993: 210).

Op grond van die feit dat God mans en vrouens geskape het, kan 'n mens aflei dat die Here heteroseksualiteit as die enigste weg georden het. Die vroeëre bewoners van die land Kanaän is ook veroordeel vanweë hul ontug en daarom is die stede Sodom en Gomorra verdoem. Ook in die wette onder Moses word dit nie goedgekeur nie en die

boek Rigters en die profete is nie onduidelik daaroor nie. In die Nuwe Testament kom hierdie veroordeling eweneens reëlmatig voor (Geisler, 1989: 267-271).

Heyns (1986: 166-167) voer aan dat seksualiteit na sy aard heteroseksualiteit is. So is dit in die Skrif geopenbaar. Al die alternatiewe vorme van seks vernietig die huwelik, wat God as die enigste orde gegee het. Seksuele omgang tussen mense van dieselfde geslag is dus nie in ooreenstemming met die bestemming van seksualiteit nie, en daarom teennatuurlik. Dit maak van die mens wat hy skepselmatig nie is nie. Die inseën van homoseksuele relasies as 'n soort huwelik, behoort daarmee tot die sekularistiese etiek, aldus dié teoloog.

***1.3.2.2 Aborsie***

In die bespreking van die aborsie-standpunte word gebruik gemaak van die indeling van Geisler (1989: 135) en Mbennah (1996: 2). Hulle onderskei tussen instemming (altyd), voorwaardelike instemming (soms), en absolute verwerping (nooit) van aborsie. Hierdie verskeidenheid hang (gedeeltelik) saam met die visie op die ongebore lewe as submens, potensiële mens, en volledige mens (Geisler, 1989: 135).

*1.3.2.1.1 Die instemmende visie*

Volgens hierdie standpunt word aborsie aanvaar en verdedig as eties reg. Vrugafdrywing word geregverdig aan die hand van die argument dat die fetus submenslik is, die swanger vrou 'n absolute reg het om "baas in eie buik"[2] te wees en dat die verwagtende vrou geregtig is om haar eie keuses te maak (vergelyk Mbennah, 1996: 3).

Vanuit die instemmende visie word geargumenteer dat die mens pas 'n volwaardige persoon is wanneer hy gebore is. Die embrio is 'n submens wat net bestaan deur die wil en vir die plesier van die moeder. Daarom is aborsie op elke moment geregverdig. Die private reg van die vrou is die enigste morele kriterium wat 'n rol speel (Smedes, 1983: 131).

Ook word verwys na die feit dat die ongebore mens nie 'n bewussyn het nie. Verder word verwys na gevalle van swangerskap deur verkragting. Daarnaas vestig voorstanders die aandag op die gedagte dat 'n embrio 'n deel van die vrou se liggaam is: 'n embrio is nie meer as swangerskapsweefsel nie. Die vrou kry hierdeur die reg en plig om dié liggaam te versorg, en omdat die fetus deel van die liggaam is, het sy die reg om die embrio te verwyder. Ook word gesê dat aborsie voordele het vir die kind, die moeder, familielede en die samelewing. Soms is dit beter dat 'n kind nie gebore word nie, omdat hy of sy anders oorgegee sal word aan verwaarlosing en misbruik, word geargumenteer. Hierdie punt kry meer waarde wanneer dit gaan om 'n gestremde kind. Aborsie bied hierdeur ook die moontlikhede vir genetiese verbetering van die mensheid (Mbennah, 1996: 3-8; Geisler, 1989: 140).

Om die instemmende visie te ondersteun, word soms ook tekste uit die Bybel aangehaal. Uit Genesis 2:7, Job 34:14 en 15, Jesaja 57:16 en Matteus 26:24 sou 'n mens kan aflei dat asem 'n noodsaaklike voorwaarde vir lewe is. Daarmee begin die

---

[2]Die uitspraak *Baas in eigen buik* is in die laat sewentigs en die vroeg tagtigs veral deur voorstanders van vrye aborsie in Nederland gebruik in hul veldtog vir die wettiging daarvan.

lewe. Omdat 'n fetus nie asem kan haal nie, is dit nie volledige menslike lewe nie. 'n Ander teks wat aangehaal word, is Prediker 6:3-5, waarin staan dat die ongebore lewe dood is, omdat dit niks weet nie (Geisler, 1989: 136-137).

*1.3.2.2.2 Die voorwaardelike instemming: nee, tensy*

In hierdie siening word net onder streng voorwaardes vir aborsie gekies. Vrugafdrywing is net regverdigbaar as dit onvermydelik is. As dit egter wel onvermydelik is, is dit ook moreel reg om dit te doen. Die morele suiwerheid van 'n aborsie in hierdie omstandighede word beargumenteer aan die hand van die gedagte dat die embrio net 'n potensiële mens is (vergelyk Smedes, 1983: 129).

Hierdie siening word egter ook verdedig deur sommiges wat glo dat die embrio 'n volledige mens is. De Bruyn (1993: 134) en Heyns (1986: 215) argumenteer dat die lewe onmiddellik ná konsepsie begin. Hulle meen dat aborsie moord op menslike lewe is. Tog is daar omstandighede waarin aborsie onvermydelik is. Hierdie omstandighede ontstaan daar waar pligte bots, byvoorbeeld in gevalle van mediese en psigiese indikasie (Heyns, 1986: 216-217). De Bruyn (1993: 134-135) voeg hier nog die juridiese motief by, nl. as 'n swangerskap voortkom uit onwettige seks, verkragting, bloedskande en deur seks met 'n minderjarige kind. Die sosiale motief is vir sowel Heyns as De Bruyn in geen geval 'n geldige grond vir aborsie nie. Dit geld ook vir die sogenaamde eugenetiese motief, wanneer daar 'n situasie is dat dit verwag kan word dat 'n kind geestelik of liggaamlik gestrem sal wees. Ook met hierdie lewe kan God 'n doel hê, word geargumenteer.

Smedes (1983: 126) kies ook vir die standpunt dat die embrio 'n volledige mens is en dat aborsie daarom beskou kan word as die doodmaak van menslik lewe:

> Abortion is killing; this we know for sure. (...) Further, abortion is the killing of human life. A fetus is alive; if it were not, there would be no terrible problem about killing it. And the life it has is human kind; no fetus conceived of human mother and father was ever born as a dolphin or a dog. If its life is not of human kind, what kind might it be?

Tog kies Smedes nie vir 'n onverbiddelike verbod op aborsie nie. 'n Volledig vrye wetgewing soos nou in die Verenigde State bestaan, is moreel nie toelaatbaar nie. Ons moet die lewe van die fetus bo die privaatheid van die moeder kies. Maar ons kan ook nie absolutiste wees nie, word aangevoer. Die strewe moet gerig wees op wetgewing wat aborsie drasties inperk, maar dit nie absoluut verbied nie. In die eerste ses weke van die swangerskap behoort dit toelaatbaar te wees. Van die sesde tot die twaalfde week moet dit baie beperk word. In dié periode kan dit net toegelaat word as daar baie goeie redes daarvoor bestaan. Pas ná drie maande behoort aborsie 'n misdaad te wees (Smedes, 1983: 143-145).

Daar kan situasies wees wanneer aborsie sondig en tegelyk onvermydelik is, soos Geisler (1989) aanvoer. Hy verwys na 'n dokter wat in 'n konsentrasiekamp drieduisend fetusse verwyder het. As hy dit nie gedoen sou het nie, sou al drieduisend moeders ook gesterf het. So het hy drieduisend lewens gered deur drieduisend lewens te vernietig (Geisler, 1989: 53).

*1.3.2.2.3 Die absolute verwerping: nooit*

Volgens hierdie posisie is aborsie onder alle omstandighede onregverdigbaar. Aborsie

kan nooit die juiste keuse wees nie. Die gedagte is dat die fetus vanaf die begin (die konsepsie) 'n volledige mens is en daarom moet aborsie verwerp word. Die basiese argumentasie is dat aborsie moord is, omdat dit menslike lewe doodmaak. Ook as aborsie die enigste opsie is om die lewe van die moeder te red, is dit beter om dit nie te doen nie. Die mens moet dus nie ingryp nie, al is die gevolg dat twee lewens in die slag gaan bly (vergelyk Geisler, 1989: 148-154; Smedes, 1983: 133).

Volgens dié benadering dra ook die fetus die beeld van God. Dit is die basis van elke gesprek oor die vryhede en regte van die mens. Ook hieruit maak sommige die gevolgtrekking dat aborsie nie 'n gewettigde saak is nie. Dit is nie net die volwasse mens wat sy status aan die beeldskap ontleen nie, maar ook die embrionale mens (Heyns, 1988: 126; vergelyk Cronin, 1992: 168; Smedes, 1983: 127; Mbennah, 1996: 13-15).

#### *1.3.2.3 Dobbelary*

Die opvallende van dobbelary, is dat dit, sover vasgestel kan word, net deur gereformeerde of reformatoriese Christene as 'n etiese kwessie herken word. Anders as by aborsie en homoseksualiteit, bestaan hieroor nie positiewe, verdedigende etiese geskrifte nie. Die etiese besinning oor dobbelary kom net uit die kamp van Calviniste wat daarteen gekant is. Volgens Van Wyk (1980: 1) het dit te doen met die spesifieke gereformeerde visie op God se onveranderlikheid en voorsienigheid.

Die probleem van dobbelary en lotery word deur die meeste gereformeerde etici beskou in die lig van die feit dat God die normale menslike arbeid as middel daargestel het om geld te verdien. Daarteenoor word die vertroue op God verruil vir die vertroue in geluk en kans, waarin hebsug die grootste rol speel. Derdens tas dit die Christelike barmhartigheid aan. Dit sou selfs onaanvaarbaar wees om dobbelary of kansspel te gebruik om geld in te samel met die oog op welsynwerk. Mense gee dan met die oog op moontlike wins en nie uit opoffering nie (De Bruyn, 1993: 233-234).

Die kans-element is egter nie op sigself afkeurenswaardig nie. Dit kan met gebed gehanteer word, byvoorbeeld by 'n staking van stemme in 'n vergadering. So het dit ook in die ou Israel gebeur. Maar as dit onder aanroeping van die Naam van Here gebeur, gaan dit nie meer om die kans en toeval nie, maar word dit in verband gebring met God se voorsienigheid en soewereine heerskappy. Dit word egter bedenklik om dit op dié wyse te gebruik vir geldpryse of iets van dié aard (Heyns, 1986: 271-272).

Dobbelary sou ook negatiewe effekte op die mens hê. Dit stimuleer byvoorbeeld sy hebsug, gierigheid en luiheid. Bowendien verdwyn die vreugde om besit uit werk te verkry. Dobbelary versteur die korrekte verhouding tussen loon en arbeid en het ook 'n invloed op die landsekonomie. Die enkeling verryk hom ten koste van die massa (Heyns, 1986: 272; Van Wyk, 1980: 3).

### 1.3.3 Standpunte van Afrikaanse 'susterkerke' oor homoseksualiteit, aborsie en dobbelary

Daar is reeds genoem dat 'n groot deel van die Afrikaanssprekende bevolking in hoë mate blootgestel is aan 'n Christelike etos. Dit beteken dat die primêre gehoor van die Afrikaanse koerante minstens vir 'n belangrike deel uit (reformatoriese) Christene bestaan.

In die lig van hierdie gegewens is dit belangrik dat die sogenaamde drie susterkerke (Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) se amptelike standpunte oor homoseksualiteit, aborsie en dobbelary opgesom word. Gesien die hoë persentasie gereformeerde Christene in die potensiële gehoor van Afrikaanse koerante, kan die drie susterkerke as belangrike meningsvormers op etiese gebied beskou word. Dit is moontlik dat hierdie amptelike standpunte ook in groot trekke die gevoel van die kerke se lidmate weerspieël. Op hierdie wyse kan in 'n mate gepeil word wat (streng formeel gesproke) die standpunt is van die gehoor met wie die Afrikaanse koerante praat.

***1.3.3.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk***

*1.3.3.1.1 Homoseksualiteit*

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1986 'n besluit geneem waarin homoseksualiteit, in die lig van die Skrif, 'n afwykende vorm van seksualiteit genoem word. Homoseksuele praktyke moet daarom afgewys word as strydig met die wil van God soos geopenbaar in die Bybel. Dié kerk het kerkrade tegelyk opgeroep tot die bevordering van die huwelik. Die sinode het egter ook aanvaar dat die kerk 'n eiesoortige verantwoordelikheid teenoor homoseksuele het. 'n Gay-lidmaat mag nie op grond van sy afwykende gerigtheid die belewing van die gemeenskap van die heiliges en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk van God ontsê word nie (*Handelinge Algemene Sinode*, 1986[3]).

*1.3.3.1.2 Aborsie*

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het hom in 1982 teen aborsie uitgespreek. In die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike navorsing is besluit dat aborsie as ontoelaatbaar beskou moet word. Net in hoogs uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid bly dit 'n moontlikheid (*Handelinge Algemene Sinode*, 1982).

*1.3.3.1.3 Dobbelary*

Die NG Kerk se Algemene Sinode van 1994 het hom, soos vorige sinodes, ook uitgespreek teen dobbelary. Die sinode het ernstige etiese besware gehad teen die gebruik van die lot as middel om geldpryse of ander vorme van eiendom te verkry. Die standpunt was dat as blote toeval 'n wyse van eiendomsverwerwing word, etiese probleme ontstaan. Die mens wat dobbel plaas sy vertroue al meer op die gelukskans en nie op God se leiding nie. Daarteenoor behoort eiendom deur arbeid verwerf te word. Ook kan dobbelary allerlei maatskaplike euwels tot gevolg hê, soos gesinsontwrigting en nadelige effekte op die landsekonomie. Die sinode was daarom ook baie teleurgesteld dat die Suid-Afrikaanse regering besluit het om dobbelwins te gebruik om die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) te befonds (*Handelinge Algemene Sinode*, 1994: 581).

***1.3.3.2 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika***

*1.3.3.2.1 Homoseksualiteit*

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is teen die uitlewing van

---

[3]As die bron waaruit die standpunt gehaal word van 'n ou datum is, beteken dit dat geen verdere sinode-uitspraak ná dié spesifieke datum oor daardie onderwerp gedoen is nie en dat die standpunt dus steeds geldig is.

homoseksualiteit gekant. Volgens die Heilige Skrif is net die heteroseksuele leefwyse geoorloof, meen hierdie kerk se hoogste beleidsliggaam. Die 63ste Algemene Kerkvergadering het pogings betreur wat aangewend word om homoseksualiteit te normaliseer as 'n vrye alternatiewe lewenstyl. Die kerk wil lidmate wat 'n homoseksuele geaardheid het, pastoraal benader (*Besluitebundel*, 1992: 132-133).

*1.3.3.2.2 Aborsie*

Die Hervormde Kerk aanvaar op grond van die Christelike etiek nie aborsie op aanvraag nie. Dit word beskrywe as die "wederregtelike neem van lewe". Die Bybel laat nie ruimte vir die neem van die ongebore lewe nie, argumenteer hierdie kerk. In enkele uitsonderlike gevalle word die uitvoer van 'n aborsie egter as onvermybaar geag (*Besluitebundel*, 1986: 212-213).

*1.3.3.2.3 Dobbelary*

Die Hervormde Kerk stel dat daar nie beswaar teen die wettiging van kansspele kan wees nie, omdat kansspele as sodanig nie sondig is nie. Daar is nie 'n ander God as die God van die Bybel wat die (on)geluk aan die dobbeltafel kan bepaal nie. Wel waarsku die kerk teen die verslawende effek wat kansspele kan hê en die euwels wat daaruit kan voortkom. Die voordeel van casino's is egter dat die 'byverskynsels' van dobbelary, soos drankmisbruik en seduktiewe uitlokkings, beheer kan word (*Besluitebundel*, 1995: 55-56; vergelyk Botes, 1997: 2-3).

***1.3.3.3 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika***

*1.3.3.3.1 Homoseksualiteit*

Die Gereformeerde Kerke verset hulle teen homoseksualiteit. Die kerke dink dat hierdie seksuele leefwyse afgekeur word as die Skrifuitsprake hieromtrent op 'n gereformeerde wyse geëksegetiseer word. Die kerke kom daarom ook in verset teen die "regpraat" van die homoseksuele gedrag deur sekere betrokke dele van die Bybel as "tydgebonde" te verklaar (*Handelinge*, 1976: 304-313).

*1.3.3.3.2 Aborsie*

Die Gereformeerde Kerke het ernstige besware teen die wettiging van vrye aborsie. Die kerke oordeel dat in uitsonderlike gevalle vrugafdrywing onder streng voorwaardes egter wel veroorloof is. Ook die gematigde wetsontwerp wat die NP-regering in 1976 laat verskyn het, het die sinode reeds as 'n belangrike kwessie beskou (*Handelinge*, 1976: 467).

*1.3.3.3.3 Dobbelary*

Die Gerformeerde Kerke is gekant teen die wettiging van dobbelary. Op grond van die eerste gebod ("Jy mag naas My geen ander gode hê nie") en die derde gebod ("Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie") en Skrifgedeeltes soos Jesaja 65:11-12 ("Maar julle wat van die Here afvallig geword het (...) Ek gaan julle straf met die dood") ag die kerke hierdie vorm van vermaak en inkomsteverwerwing nie toelaatbaar nie. In die sewentigs het die Gereformeerde Kerke ook reeds beswaar aangeteken teen die oprigting van dobbelhuise in die swart tuislande (*Handelinge*, 1982: 527-528).

***1.3.3.4 Belang van die susterkerke se standpunte***

Die susterkerke se standpunte beteken nie noodwendig dat alle lidmate van hierdie geloofsgemeenskappe outomaties saamstem met hierdie sienings nie. Alant het reeds in

1972 aangetoon dat daar 'n steeds groter wordende kloof tussen die NG Kerk se opvattings oor sake van hierdie aard en die lidmate s'n ontstaan het (Alant, 1972: 15). Die veronderstelling kan nie gemaak word dat dit by die ander susterkerke wesenlik anders is nie, hoewel daar by die veel kleiner en konserwatiewer GKSA moontlik 'n kleiner gaping tussen die formele standpunt en praktiese gedrag is.

Tewens, lidmate bekommer hulle waarskynlik nie op 'n deurlopende basis oor die vraag wat die amptelike standpunt van die kerk oor sekere (etiese of dogmatiese) kwessies is nie. Die informele struktuur kom in werklikheid nie volledig met die formele struktuur ooreen nie. Baie lidmate verwerp belangrike dele van die kerk se dogma. Die grootste aantal NG Kerklidmate onderskryf byvoorbeeld nie die leer van die uitverkiesing nie (Alant, 1972: 21-22; 27-28). Ook op die gebied van seksualiteit volg sommige lidmate 'n ander pad as wat die kerk dink hulle moet (Wiese, 1996: 13).

Tog bly dit egter 'n feit dat 'n groot deel van die Afrikaanssprekende deel van Suid-Afrika lidmate is van die drie susterkerke. Soos vroeër gesê, kan die kerke dùs as belangrike (etiese) meningsvormers onder die gehoor van Afrikaanse koerante beskou word. Dit is te verwagte dat die kerklike standpunte op die een of andere wyse 'n invloed op die lidmate sal hê. Hierdie ondersoek kan help bepaal in watter mate die kerke se standpunte ook 'n invloed gehad het op die joernalistieke hantering van die onderwerpe.

## 1.4. NAVORSINGSKEUSES

### *1.4.1 Keuse van koerante*

In hierdie studie van die joernalistieke oriëntasiefunksie word spesifiek ondersoek gedoen na drie Afrikaanse koerante. Eerstens *Beeld*, wat die grootste Afrikaanse dagblad is. Dit sluit ook *Sake-Beeld* en *Kalender* in. Tweedens *Rapport*, wat die enigste Afrikaanse Sondagkoerant is. Dit sluit ook *Sake-Rapport* in. Derdens *Die Kerkbode*, die amptelike blad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat die grootste kerk onder Afrikaanssprekende blankes is. Tewens gebruik *Die Kerkbode* in 'n hoë mate 'n joernalistieke styl wat binne die wêreld van kerklike publikasie taamlik uitsonderlik is. Hierdie drie koerante het as dagblad, Sondagkoerant en kerklike blad ook hul eie joernalistieke aard. Hulle uiteenlopende karakters het waarskynlik belangrike gevolge vir die joernalistieke hantering van etiese onderwerpe.

Van hierdie drie koerante verbind net *Die Kerkbode* hom — vanuit sy aard as 'n amptelike kerklike koerant — tot die uitdra van 'n eksplisiete Christelike siening. Tog geld ook vir die twee ander koerante dat die Christelike etos in die verlede gerespekteer en soms ook uitgedra is. Spore van daardie erfenis is steeds sigbaar.

### *1.4.2 Keuse van periode*

Hierdie ondersoek beperk hom tot koerante wat in die jaar 1995 verskyn het. Dié periode was die eerste volledige kalenderjaar ná die totstandkoming van die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika. Daar sou gekies kon word om ook die tweede helfte van 1994 in te sluit, maar dié keuse is bewus nie gemaak nie: daar kan nie verwag word dat die nuwe beleid van die ANC-gedomineerde regering binne enkele maande tot volledige ontplooiing sou kon kom nie. Omdat hierdie ondersoek in 1996 plaasgevind het, kon daardie jaar nie betrek word by die navorsing nie.

## 1.5 PROBLEEMSTELLING

Die sleutelvraag van hierdie navorsing is hoe *Beeld*, *Rapport* en *Die Kerkbode* in 1995 hul joernalistieke oriëntasiefunksie ten opsigte van die etiese kwessies homoseksualiteit, aborsie en dobbelary gehanteer het (kyk ook 1.4.1 en 1.4.2).

## 1.6 NAVORSINGSDOELWIT

Die doelwit van hierdie navorsing is om deur 'n kwalitatiewe ondersoek groter begrip te verkry van die wyse waarop *Beeld*, *Rapport* en *Die Kerkbode* in 1995 in beriggewing, artikels en kommentaar hul joernalistieke oriëntasiefunksie ten opsigte van homoseksualiteit, aborsie en dobbelary gehanteer het.

Die teoretiese hart van hierdie studie is Hoofstuk 2. Die oriëntasiefunksie is 'n normatiewe teoretiese model waarin 'n aantal inhoudelike kriteria ontwikkel word waarmee die empiriese bevindinge van Hoofstukke 3, 4 en 5 geëvalueer gaan word. Die primêre navorsingsdoelwit is dus die kwalitatiewe toetsing van die koerantitems aan die hand van die teoretiese stellings wat in Hoofstuk 2 geformuleer word.

## 1.7 REDES VIR DIE ONDERSOEK

Die redes vir dié spesifieke navorsing is die volgende:

1.7.1. Die Suid-Afrikaanse pers het ná 'n lang periode van toesig en sensuur 'n baie groot mate van vryheid verkry. Vanuit die gedagte in die joernalistieke oriëntasiefunksie (kyk Hoofstuk 2) dat persvryheid ook 'n genormeerde vryheid behoort te wees en daarom ook verkeerd gebruik kan word, is dit belangrik om na te vors hoe dié vryheid gehanteer word.

1.7.2. Suid-Afrika het sedert 1990 in politieke en sosiale opsig fundamentele veranderings ondergaan. Dié proses was teen 1995 nog nie afgehandel nie. Dit is daarom belangrik om te bepaal hoe die pers in die tydperk van ondersoek gereageer het op die beleidswysigings en daaroor verslag gedoen het.

1.7.3. Afrikaanse koerante het lank 'n breedweg Christelik-reformatoriese etos gehandhaaf of ten minste gerespekteer. Dit is waardevol om te sien hoe publikasies met hierdie erfenis en agtergrond onderwerpe hanteer wat in die lig van die Christelike (of gereformeerde) denkraamwerk as eties-sensitief beskou kan word.

1.7.4. Dit is van belang om te weet hoe Afrikaanse koerante, as faset van die 'nuwe' Suid-Afrika, op etiese en morele vlak optree ná demokratisering.

1.7.5. Vanuit die verskillende uitgangspunte en joernalistieke aard van die drie gekose koerante kan verwag word dat daar verskille sal wees in hul hantering van die joernalistieke oriëntasiefunksie. Hierdie navorsing moet uitwys of dit in werklikheid so is.

1.7.6. Die werk aan 'n integrale Christelike visie op die joernalistiek staan in hierdie stadium nog in sy kinderskoene. Met hierdie navorsing word gepoog om 'n bydrae te lewer tot die opbou van so 'n visie.

## 1.8 METODE

Omdat hierdie studie drie empiriese hoofstukke bevat, word dit hier, saam met die agtergrond vir die studie, beskryf.

### 1.8.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise

*1.8.1.1 Herkoms van die metode*

Volgens Jensen & Jankowski (1993: 2) is daar twee redes vir die opkoms van die kwalitatiewe metode. Eerstens was daar baie wetenskaplikes wat die verklarende krag van die bestaande empiriese metodes bevraagteken het. Tweedens staan die opkoms van die kwalitatiewe metode in verband met veranderings in die samelewing. Hierdie manier van navorsing kan gesien word as 'n indikator van die post-industriële inligtingsamelewing (Jensen & Jankowski, 1993: 2). Vandag behoort hierdie metode tot die drie mees gebruikte metodes, wat veral vir navorsing oor nuus gebruik word (Stempel & Westley, 1989: 5). Daarom is dit ook 'n geskikte metode vir hierdie studie.

*1.8.1.2 Aard van die metode*

Die kwalitatiewe metode is 'n vorm van geformaliseerde waarneming. Elkeen is 'n navorser, bloot vanweë die feit dat hy waarneem en gevolgtrekkings maak uit dit wat hy waargeneem het. Die kwalitatiewe navorser formaliseer egter die metode (Stempel & Westley, 1989: 124). Hierdie kwalitatiewe metode is, in vergelyking met ander metodes, meer filosofies, waarby die prosedure nie so streng geformaliseer en geëksplisiteer is nie (Greef, s.j: 1).

Die primêre instrument by die gebruik van hierdie metode is die interpretasievermoë van die ondersoeker. Tekste het bedoelinge en die taak van die navorser is om alle boodskappe, ook dié wat verborge is, raak te sien. Kwalitatiewe navorsing is 'n soort eksegese, waarvan die sukses grotendeels afhang van die noukeurige lees van geskrewe materiaal (Jensen & Jankowski, 1993: 31; 122-123; Holsti, 1969: 2). Die doel van hierdie kwalitatiewe metode is om insig en oortuiging te skep en begrip te bring (vergelyk Christians & Carey, 1989: 372).

Die kwalitatiewe benadering is 'n metode om die dinamiek en die unieke van die objek te verstaan. Kommunikasie in die algemeen en die joernalistiek in die besonder is dinamiese gebeure; 'n mens kan dit nie net in terme van 'n strak transmissie van boodskappe verstaan nie. Die kwalitatiewe benadering is daarom uitnemend geskik om dié verskynsels na te vors en so die inhoud daarvan te verstaan (Carey, 1989: 14 vv; Holsti, 1969: 127).

*1.8.1.3 Kontekstuele beskrywing*

Die verkry van insig is grotendeels afhanklik van die konteks. Dit is daarom van belang om die maatskaplike, sosiale en politieke konteks by hierdie navorsing te betrek (Christians & Carey, 1989: 362-366; Maso, 1994: 54; Smith, 1988: 266; Jensen & Jankowski, 1993: 31). In hierdie studie sal daarom op twee maniere met die konteks rekening gehou word. Eerstens sal die politieke en maatskaplike konteks van die drie temas by die navorsing betrek word. Daarna kan die aard van die koerantberigte bepaal en groter begrip verkry word.

Tweedens sal rekening gehou word met die tipe en formule van die drie verskillende koerante. Die dagblad *Beeld* rig hom daagliks op 'n algemene Afrikaanstalige gehoor. Binne die grense van die taal en van sy verspreidingsgebied is daar verder nie 'n

beperking nie. Die Sondagblad *Rapport* rig hom weekliks op 'n algemene Afrikaanstalige gehoor. Ook hierin is daar geen ekstra beperking behalwe die taal en die streek nie. Maar as kerkblad het *Die Kerkbode* 'n ander gehoor, naamlik primêr die eie lidmate. Naas die beperking van die taalgrens, is daar dus nog 'n ander afbakening: die grense van die bepaalde kerk. Bowendien verskil die doelstelling met betrekking tot die joernalistieke oriëntasie van 'n kerkblad van 'n Sondagkoerant en 'n dagblad, soos later aangetoon sal word.

*1.8.1.4 Kwantitatiewe gegewens in kwalitatiewe navorsing*

Hoewel die klem nie in klwalitatiewe navorsing op kwantifisering val nie, is dit aanvaarbaar om dit wel in 'n mate te doen. Die twee navorsingsmetodes is nie teenoorgesteld aan mekaar nie en kan mekaar aanvul (Greef, s.j: 1; Holsti, 1969: 11). 'n Aantal enkelvoudige frekwensietabelle word gevolglik opgeneem. Alle statistiese materiaal staan egter met die oog op groter begrip in diens van die kwalitatiewe beskrywing en analise, veral in die lig van die belang wat in Hoofstuk 2 aan die deurgee van verskillende, opponerende standpunte gegee word. Die syfers in hierdie navorsing het daarom nie 'n groot kwantitatiewe pretensie nie, maar het wel 'n uitdruklike kwalitatiewe bedoeling. Dit help ons om vas te stel en te verduidelik hoe die koerante hul oriënteringstaak uitgevoer het.

**1.8.2 Hantering van die kwalitatiewe inhoudsanalise**

In die voorgaande is die kwalitatiewe inhoudsanalise oor die algemeen bespreek. In hierdie subhoofstuk word dit op hierdie spesifieke navorsing toegepas.

***1.8.2.1 Objekte van ondersoek***

In die navorsing word gefokus op berigte (nuus), artikels (agtergrond) en redaksionele kommentaarartikels (standpunt). Briewe wat deur lesers ingestuur is, is van die navorsing uitgesluit. Hoewel die aanbieding van briewe nie heeltemal los gesien kan word van redaksionele invloed nie, staan dit tog verder weg van die redaksie as berigte, artikels en kommentare. Die vooronderstelling by hierdie keuse is dat joernalistieke oriëntasie by hierdie drie aspekte van die joernalistieke werk tot groot hoogte gepeil kan word.

*1.8.2.1.1 Berigte*

Berigte is dié items in die koerant wat nuus bevat. Afhangende van die identiteit van die koerant kry dit 'n prominente of minder prominente omvang en plek in die koerant. Nuusberigte is veronderstel om 'objektief' en feitelik te wees en moet beperk word tot die feite en mag nie die mening van die joernalis bevat nie (Van Gessel, 1990: 56; kyk ook Hoofstuk 2).

Dit beteken egter nie dat niks oor die joernalistieke oriëntasie aan die hand van berigte gesê kan word nie. Ook in die daaglikse nuusberiggewing speel baie subjektiewe faktore 'n rol, soos byvoorbeeld die mense wat aangehaal word en die beklemtonings wat geplaas word. Nuusberigte gee ook 'n eerste kennismaking met die gebeure wat voorgeval het. Voordat daar 'n geleentheid vir meningsvorming of diepere besinning is, kom die 'blote nuus' as 'n 'primêre definieerder' van die gebeure. Dit is daarom belangrik dat berigte ook by die navorsing oor die oriëntasiefunksie betrek word.

*1.8.2.1.2 Artikels*

Artikels gee meer agtergrondinligting tot die daaglikse nuus as die blote beriggewing daaroor. Deurgaans is hierdie items groter van omvang en handel dit meer in diepte en uitgebreid oor die gebeurtenisse. Dit is histories nie die gewoonte om agtergrondartikels 'n plek op die voorblad te gee nie. Hoewel daar in Europa 'n nuwe tendens is om dit wel te doen, bly Afrikaanse koerante op hierdie punt nog by die klassieke konvensies. Onder artikels word ook rubrieke van gasskrywers gereken.

'n Koerant kan (byvoorbeeld ten opsigte van eties-sensitiewe onderwerpe) artikels gebruik om verskillende sienings te oorweeg of om te soek na juiste antwoorde op vrae. Met betrekking tot hierdie etiese temas kan daarom spesifiek die vraag gestel word of eksplisiet etiese of eksplisiet Christelike standpunte 'n ewewigtige plek gekry het.

Koerantartikels speel 'n belangrike rol in joernalistieke oriëntasie. Agtergrondstories moet die prentjie agter die prentjie gee; die waarheid agter die waarheid. Dit is daarom besonder belangrik hoe hierdie artikels saamgestel word. Omdat dit by hierdie kategorie joernalistieke produkte nie 'verkeerd' is om openlik 'n subjektiewe standput weer te gee nie, is dit belangrik om artikels te ondersoek, omdat hier soms openlik kant vir 'n bepaalde saak gekies word, of juis afwykende standpunte van die publikasie se eie siening gestel word.

*1.8.2.1.3 Redaksionele kommentaar*

In die kommentaar gee 'n koerant sy eie mening oor aktuele kwessies. Hierdie rubriek, wat gewoonlik 'n vaste plek in die koerant het, word gevul onder toesig van die redakteur. Vandaar ook die gebruik om dit die 'redaksioneel' te noem (vergelyk Van Gessel, 1990: 31; 57). Die koerant neem hier standpunt in, wat hy volgens konvensie nie in berigte mag doen nie.

Wanneer die koerant se idees oor ontwikkelings in die samelewing nie parallel loop met die res van die bevolking nie, sal 'n koerant die kommentaar gebruik om die juistheid van sy visie te toon. Dit kan (byvoorbeeld op etiese terrein) 'n eksplisiet-Christelike stem wees, of 'n oortuigde etiese visie.

'n Mens kan baie vraagtekens plaas by die invloed en effek van redaksionele kommentaar. Ten spyte van al die versigtigheid waarmee 'n mens moet praat oor die invloed van die koerant se standpunte, is dit duidelik dat 'n redakteur die bedoeling het om invloed uit te oefen. Hy probeer 'n ander daarvan oortuig dat sy visie reg is, veral as hy in debat tree met mense wat ander sienings huldig. As 'n koerant dink dat sy standpunt nie sin maak nie, sal hy dit nie publiseer nie. Die kommentaar het daarom vanuit sy eie aard 'n belangrike plek in die hantering van die oriëntasiefunksie en is dit belangrik om dit by die analise te betrek.

***1.8.2.2 Empiriese ondersoek***

*1.8.2.2.1 Herkoms van materiaal*

In hierdie studie is gebruik gemaak van drie bronsisteme: die mikrovormdiens van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), die Internet en die teksargiewe van *Beeld*,

*Die Kerkbode* en *Rapport* is geraadpleeg.[4] Daar is drie soekplekke gebruik om soveel as moontlik uit te sluit dat daar items vergeet sou word. Daar is dus gepoog om *alle* items oor die drie onderwerpe uit die drie koerante te vind en te ontleed.

*1.8.2.2.2 Inhoudsanalise*

Hierdie navorsing spits hom toe op vier belangrike punte. Eerstens gaan dit om die vraag na die *frekwensie* van die publisiteit wat aan 'n tema gegee is. Tweedens word nagegaan watter *prioriteit* berigte en artikels gekry het. Derdens word die verhouding geanaliseer waarin verskillende standpunte en sienings *aangehaal* (of *gesiteer*) is. Laastens word gekyk na die spesifieke standpunt wat in die *kommentaar* na vore gebring en verdedig word.

*a. Frekwensie.* Hoe dikwels het hierdie medium geskryf oor die temas? Vir hierdie doel sal die getal berigte, artikels en kommentare in frekwensietabelle weergegee word.

*b. Prioriteit.* Die prioriteit wat aan berigte en artikels oor hierdie onderskeie temas toegeken is, sal gepeil word deur te let op bladsynommers, die relatiewe grootte van die opskrifte en die omvang van berigte, artikels en kommentare. Die bladsynommer is nie van belang vir die kommentare nie, omdat hulle 'n vaste plek in die koerant het. Ongelukkig gaan die inligting oor die plek van berigte en artikels op die bladsy verlore in die mikrovormsisteem van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) en op die knipsels van die koerante se argiewe.

Die omvang van items en opskrifte word per koerant en per soort item bepaal. Van alle berigte en alle artikels van 'n koerant word die omvang bepaal. Berigte en artikels vorm hierby twee aparte kategorieë (kommentare word by artikels ingesluit). Dieselfde word gedoen by die opskrifte. Die gemiddelde van die lengtes en groottes per soort item is die grens van wat as kort en lank of as groot en klein beskou kan word. Wat onder die gemiddelde val, word beskou as kort of klein en dit wat bo die gemiddelde is, as lank of groot.

*c. Sitaatanalise.* Watter standpunte figureer in sitate? Wat is die ewewig tussen verskillende standpunte? Watter standpunt kry die meeste aandag? Is daar 'n poging om deur sitaatseleksie 'n Christelike of eties-bewuste standpunt weer te gee? Indelings van standpunte geskied volgens die spektrum wat vroeër in hierdie hoofstuk aangedui is (kyk 1.3.2). Direkte en indirekte aanhalings van persone of ander bronne word as sitate beskou. Standpunte ingeneem in redaksionele kommentare word ook as sitate beskou.

Daar word gewerk met 'n 'kontra- of 'pro-'indeling van sitate. Elke sitaat wat voorkom in die items wat ondersoek is, word geklassifiseer as vir of teen homoseksualiteit, aborsie of dobbelary. By die benoeming word 'n aantal klassifikasiekenmerke oorweeg, soos vervolgens aangedui word:

*Klassifikasiekenmerke rakende homoseksualiteit:*

---

[4]Die teksargiewe dui op die werklike papierweergawe van die drie koerante. Die kopieë van *Beeld* is gekry in die munisipale biblioteek van Johannesburg. *Rapport* is geraadpleeg in dié koerant se biblioteek. *Die Kerkbode* se 1995-uitgawes is volledig gekry in die biblioteek van de Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom.

'n Kontraklassifikasie word toegeken in gevalle waar beweer word dat:
* die Heilige Skrif net ruimte laat vir seksuele verkeer tussen man en vrou en nie tussen mense van dieselfde geslag nie,
* homoseksuele verhoudinge teen die natuur van die mens ingaan of strydig is met die maatskaplike orde,
* daar verset is teen homoseksualiteit bloot op grond van 'persoonlike gevoelens', of
* daar ander belemmerings vir die belewing van homoseksualiteit genoem word.

'n Proklassifikasie word toegeken in die geval waar:
* beweer word dat die Heilige Skrif wel ruimte laat vir homoseksuele verhoudings,
* beweer word dat dit nie strydig is met die mens se natuur of met die maatskaplike orde nie,
* die bedryf van homoseksualiteit bevorder of 'n positiewe beeld daarvan geskets word,
* daar gesê word dat die probleem van seksuele vryheid 'n saak is wat elkeen vir homself moet uitmaak en waarmee die samelewing niks te doen het nie,
* die bedryf van homoseksualiteit verdedig word vanuit 'n beroep op universele menseregte, of
* daar ander uitings is waardeur belemmerings teen homoseksualiteit weggeneem word.

*Klassifikasiekenmerke rakende aborsie:*
'n Kontraklassifikasie word toegeken waar:
* daar beweer word dat God die lewe geskep het en dat die ongebore lewe daarom nie weggeneem mag word nie,
* daar beweer word dat daar nie 'n skeiding tussen ongebore en gebore lewe gemaak kan word nie, waardeur die wegneem van die ongebore lewe dieselfde geag word as die doodmaak van gebore lewe,
* beweer word dat die 'reg op lewe' in die verklaring van menseregte (byvoorbeeld in die Suid-Afrikaanse Grondwet) implisiet 'n verbod op aborsie inhou,
* gepleit word dat die ou wet rakende aborsie, waarin vrugafdrywing aan baie beperkings onderhewig is, behou moet word, of
* op 'n ander manier die wettiging van aborsie op aanvraag teengegaan word.

'n Proklassifikasie word toegeken waar:
* daar beweer word dat gebore en ongebore lewe glad nie dieselfde is nie, waardeur daar ruimte gemaak word vir die wettiging van aborsie,
* daar (vanuit 'n vrou-vriendelike of feministiese gedagtegang) beweer word dat aborsie 'n stap voorwaarts is op die pad van vroueregte.
* die wettiging van aborsie op aanvraag op positiewe wyse benader word, en
* daar ander oorwegings is wat die wettiging van aborsie moontlik maak of bevorder.

*Klassifikasiekenmerke rakende dobbelary:*
'n Kontra-klassifikasie word toegeken waar:
* dobbelary vanuit 'n Christelike (of gereformeerde) siening van God se voorsienigheid as in stryd met dié voorsienigheid verklaar word,
* daar gewys word op die negatiewe maatskaplike en sosiale gevolge van dobbelary waardeur dit as onwenslik in die samelewing beskou word, of
* daar ander oorwegings genoem word wat 'n negatiewe houding ten opsigte van

dobbelary openbaar.

'n Proklassifikasie word toegeken in die geval as:
* positiewe denke oor dobbelary bevorder word,
* gewys word op die groot geleentheid wat dobbelary skep om werkloosheid te bekamp of om geld te maak,
* daar iets gesê word wat net gesê kan word deur iemand wat reeds 'n positiewe siening op dobbelary het, of
* (die wettiging van) dobbelary op 'n ander manier bevorder of positief benader word.

Dit kan gebeur dat daar standpunte verdedig word waarin geprobeer word om 'n kontra- en 'n pro-siening te kombineer. Enersyds word dan, byvoorbeeld, erken dat die lewe deur God geskep is en dat dit werd is om gebore te laat word, maar andersyds word daar gewys op die moeilike omstandighede waarin die moeder verkeer. Afhangende van die finale standpunt wat ingeneem word, word dit as 'gekwalifiseerde kontra-standpunte' of 'gekwalifiseerde pro-standpunte' beskou.

*d. Redaksionele kommentaar.* Word in die kommentaar 'n Christelike standpunt ingeneem, of ten minste gesoek na so 'n standpunt? Word etiese norme betrek in die oorweging? Ook hierby word indelings van standpunte gemaak volgens die spektrum wat vroeër in hierdie hoofstuk aangedui is (1.3.2) en onder dieselfde voorwaardes as wat by die vorige punt oor die sitaat-analise genoem is.

Dit is noodsaaklik om die kommentaar-standpunte 'n aparte plek in hierdie oorsig te gee. Omdat dit altyd op dieselfde plek in 'n koerant staan, kan die prioriteit daarvan nie bepaal word nie. En omdat die koerant in die kommentaar sy eie standpunt verkondig, is analise van aanhalings in kommentare nie 'n geskikte instrument nie. Dit sal selde voorkom dat 'n direkte sitaat in 'n kommentaar opgeneem word. Wel is dit moontlik om die standpunt wat in die kommentaar ingeneem word, op dieselfde wyse te hanteer as standpunte wat in sitate na vore gebring is. Ook kan die frekwensie van kommentare oor een van dié temas bepaal word.

*e. Tipe items.* Laastens word bepaal wat die verhouding is tussen sogenaamde meningsvormende en feitelike items. Meningsvormende items lê die klem op die deurgee of oorweeg van standpunte of artikels waarin duidelik 'n spesifieke en eksplisiete posisie verdedig word. Dit geld byvoorbeeld vir redaksionele kommentare, sommige rubrieke, boekresensies en onderhoude. Ook word dit as meningsvormend beskou as dit duidelik word dat dit geskrywe is om nadenke oor sekere kwessies te bevorder. Feitelike items lê klem op die oordra van feite oor gebeurtenisse. Hoewel die deurgee van feite in 'n sekere mate ook meningsvormend kan wees, hang dit af waarop die klem gelê is. Dit is nie altyd moontlik om 'n skerp grens te trek tussen meningsvormend en feitelik nie, maar dit is tog wel moontlik om op kwalitatiewe wyse 'n onderskeid te maak.

#### *1.8.2.2.3 Onderhoude*

Na die empiriese ondersoek is gestruktureerde onderhoude met redakteurs of senior redaksielede van hierdie drie koerante gevoer. Die doel hiervan was om meer oor die joernalistieke hantering van die drie etiese temas vas te stel. Die inhoud van die onderhoude is betrek by die analise van die gegewens en die maak van

gevolgtrekkings.

*1.8.2.2.4 Wyse van navorsing*

Die kwalitatiewe inhoudsanalise van die items homoseksualiteit, aborsie en dobbelary het begin met die insameling en tel van die items. Daarna is bepaal wat die omvang van die berig, artikel of redaksionele kommentaar en die (hoof)opskrif was en op watter bladsy van die koerant dit verskyn het. Oor dié gegewens is verslag gedoen in tabelle, wat aan die begin van die empiriese gedeeltes in Hoofstukke 3, 4 en 5 geplaas word.

'n Volgende stap in die analise is die interpreterende lees van die items. Die tendense wat in die inhoud na vore kom, word beskryf. Daar word gevra of dit 'n samehang vertoon met ander items en/of dit maar net 'n los onderwerp beskryf. Van alle items word bepaal of dit 'n 'meningsvormende' of 'feitelike' bydrae is (vergelyk 1.8.2.2.2e). Vervolgens word alle sitate wat in die items na vore kom geanaliseer om te verstaan watter standpunt daarin ingeneem is, as daar 'n standpunt ingeneem is. Daarby word gebruik gemaak van die klassifikasiekenmerke uit 1.8.2.2.2c. In die beskrywing word voorbeelde gegee van standpunte wat in die sitate na vore gekom het. Vervolgens word bepaal op watter standpunte klem gelê is.

Die resultate van die inhoudsanalise word vergelyk met die standpunte wat na vore kom in die onderhoude wat vir die doel van die navorsing gevoer is (vergelyk Du Plessis, 1997; Karsten, 1997; Gaum, 1997: opgeneem in Bylae 1-3).

Al hierdie bevindinge word ten slotte geëvalueer in die lig van die teoretiese uiteensetting in Hoofstuk 2. Die samevattende teoretiese stellings in Hoofstuk 2 word eksplisiet gebruik as evalueringsinstrumente, waaraan die bevindinge getoets word. Daarna word die finale gevolgtrekkings met betrekking tot die koerant se hantering van die oriëntasiefunksie gemaak.

## 1.9 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1 dien as 'n inleidende hoofstuk waarin die agtergronde, probleemstelling, navorsingsdoelstellings en -metode bespreek word. Dit sluit in 'n bespreking van die drie etiese temas en 'n beskrywing van die spektrum van standpunte oor daardie onderwerpe.

Hoofstuk 2 bied 'n teoretiese raamwerk van die oriëntasiefunksie van die pers en lê die teoretiese grondslag vir hierdie navorsing. Dié raamwerk is gebou op 'n sterk Christelik-etiese benadering tot die pers. Die teoretiese stellings in dié hoofstuk word in die empiriese hoofstukke gebruik as evalueringsinstrumente.

Hoofstuk 3 gee 'n beskrywing en analise van tersaaklike beriggewing, artikels en kommentaar in *Beeld*.

Hoofstuk 4 gee 'n beskrywing en analise van tersaaklike beriggewing, artikels en kommentaar in *Rapport*.

Hoofstuk 5 gee 'n beskrywing en analise van tersaaklike beriggewing, artikels en kommentaar in *Die Kerkbode*.

Hoofstuk 6 bevat die gevolgtrekkings wat in die lig van die teoretiese raamwerk oor die empiriese navorsing gemaak kan word en bied suggesties vir verdere navorsing.

## 1.10 WOORDOMSKRYWING

Vir die doel van hierdie ondersoek word die volgende begrippe gebruik:

**a. Joernalistieke oriëntasiefunksie**

Die joernalistieke oriëntasiefunksie is 'n siening van die werk van die pers. Die oriëntasiefunksie dui op die gee van insig bo blote inligting en lê 'n sterk klem op die konteks van wêreldgebeure (kyk Hoofstuk 2).

**b. Homoseksualiteit**

Homoseksualiteit is die seksuele kontak tussen mense van dieselfde geslag. Ook wel: gay (vergelyk Heyns, 1986; De Bruyn, 1993).

**c. Aborsie**

Aborsie is die kunsmatige verwydering van 'n fetus uit 'n swanger vrou, voordat die fetus in staat is om op sy eie te oorleef as 'n menslike wese (vergelyk De Bruyn, 1993).

**d. Dobbelary**

Dobbelary is die transaksie van iets waardevols wat afhang van kans in so 'n mate dat die buitensporige wins van die een gelyk is aan die totale of gedeeltelike verlies van die ander. Ook wel: lotery (vergelyk Van Wyk, 1980; De Bruyn, 1993).

**e. Dagblad**

'n Dagblad is 'n nuusblad (koerant) wat daagliks (of net op weeksdae) verskyn en wat veronderstel is om aan alle aspekte van wêreldgebeure aandag te gee (vergelyk 3.2).

**f. Sondagkoerant**

'n Sondagkoerant is 'n nuusblad wat op Sondae verskyn en wat, naas die nuus, aandag kan gee aan die opsomming en interpretasie van nuus of klem kan laat val op vermaak en die triviale (vergelyk 4.2).

**g. Kerkblad**

'n Kerkblad is 'n amptelike beriggewer van 'n spesifieke kerkgenootskap. Die redaksionele aard daarvan kan geweldig verskil: van joernalistiek tot nie-joernalistiek (vergelyk 5.2).

**h. Etiek**

Etiek is die sistematiese bestudering van denke en optrede wat as 'reg' of 'verkeerd' beskou kan word. Dit kan te make hê met 'n spesifieke aspek van die lewe, soos die seksuele, mediese of joernalistieke.

**i. Christelik**

Christelik is die byvoeglike naamwoord wat verband hou met die Christendom, dit wil sê die godsdiens wat uitgaan van die verlossingswerk van Jesus Christus. Hierdie godsdiens aanvaar die Bybel as God se gesaghebbende openbaring.

# HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK: ORIËNTASIE DEUR PERS

## 2.1 INLEIDING

Die oriëntasie van sy gehoor behoort tot die belangrikste take van die pers. Joernalistieke produkte lig die gehoor in oor ontwikkelinge in die samelewing. Die pers het hierin nie net 'n inligtende taak nie. Bloot deur inligting te gee, is daar al sprake van 'n oriëntasie van die gehoor in 'n sekere rigting. Die vraag is egter wanneer daar sprake kan wees van 'n verantwoorde oriëntasie in 'n veranderende wêreld. Op dié vraag word in hierdie hoofstuk 'n antwoord gesoek ten einde 'n teoretiese raamwerk daar te stel.

Die joernalistieke oriëntasiefunksie (altans, soos hier verstaan) is in 'n groot mate gebou op 'n Christelike (of, meer spesifiek, reformatoriese) denkraamwerk. Dit beteken dat daar baie gebruik gemaak is van literatuur wat vanuit 'n Christelike siening die (pers-)etiese vraagstukke beskryf, sonder om ander perswetenskaplike literatuur te ignoreer. Belangrike funderende bronne in hierdie verband is Snyman (1971 en 1990), Heyns (1986), Veenstra (1994), Velema (1984a en 1984b) en Froneman (1996a).

Aan die einde van hierdie hoofstuk word teoretiese stellings ontwikkel. Die inhoudelike punte wat in die stellings na vore kom, is gekies op grond van die praktiese konsekwensie wat hulle vir die joernalistieke praktyk het. Hierdie stellings vorm die basiese toetsingsraamwerk vir die joernalistieke oriëntasiefunksie. Dit word in die empiriese Hoofstukke 3, 4 en 5 gebruik as evalueringsinstrumente.

## 2.2 TEOLOGIES-FILOSOFIESE UITGANGSPUNTE

### 2.2.1 Kommunikasie as skeppingstruktuur

Die kommunikerende vermoë behoort tot die mens se diepste strukture. Elke mens het behoefte aan kommunikasie en inligting. God het die mens as 'n kommunikerende wese geskep. Ander lewende wesens is nie in staat om op dieselfde vlak te kommunikeer as die mens nie. Die mens is hiermee 'n unieke verskyning in die kosmos, waarin ook die beeldskap van God in die mens na vore kom (Heyns, 1986: 374; vergelyk Hiebert, Ungurait & Bohn, 1988: 17).

Kommunikasie en inligting is daarom basiese voorwaardes om 'n normale lewe in 'n menslike gemeenskap te kan lei. Dit is nie sonder rede dat die Skepper die mens met vyf sintuie toegerus het nie. 'n Mens moet kan sien waar hy loop. Die sintuie is noodsaaklik. Dit geld vir die individuele mens, maar ook vir 'n samelewing van mense, hoe eenvoudig dit ook is. Hiebert *et al* (1988: 261) illustreer dit as volg:

> The need for information is basic to almost all human beings. Even in primitive societies, someone acts as a watchman for the tribe. The best climber is dispatched to climb the tallest tree and look out over the horizon for rain or fire, for game or enemies. The tribe depends on such reports in order to survive.

Inligting is dus funksioneel en noodsaaklik. So is nuus ook noodsaaklik vir elke mens wat in 'n samelewing leef. Hy benodig nuus om binne die raamwerk van sy roepingsvervulling sy weg te vind (vergelyk Snyman, 1971: 319). Die mens leef in 'n wêreld wat van hom vra dat hy op die hoogte is van wat gebeur. In 'n Westerse samelewing kan geen mens sonder inligting funksioneer nie.

Devolder (1952: 49) sê dat hierdie behoefte aan inligting veroorsaak word deur die mens se toestand as 'n onvoltooide wese. Die mens is nie volmaak nie. Inteendeel, die sondeval het baie groot gevolge vir die mens en sy samelewing. Tog is dié stelling te negatief. Daar moet nie vergeet word dat menslike kommunikasie reeds voor die sondeval bestaan het nie. Kommunikasie behoort tot die skeppingstruktuur van die mens. 'n Mens sou wel kan sê dat die mens hierdie kommunikerende eienskappe ná die sondeval kan gebruik om in sy toestand as onvoltooide wese te kan funksioneer, veral met die oog op die saamlewe met ander mense.

**2.2.2 Kommunikasie en beeldskap**

In die reformatoriese teologie word dit algemeen aanvaar dat die mens na die beeld van God geskep is. Die grond van hierdie oortuiging lê in die Skrifwoord Genesis 1 : 26: Laat Ons mense maak na ons beeld en gelykenis.[1] Al sou 'n Christen kan aanvaar dat die Bybel 'n skematiese skeiding tussen siel en liggaam voorhou (soos in die Griekse filosofie gedoen word), kan tog op grond van die Skrif nie gestel word dat die beeldskap net die siel van die mens betref nie. Hy dra die beeldskap in sy hele bestaan. Die beeld van God in die mens bepaal die uniekheid van die mens ten opsigte van die res van die skepping. Dit gaan om dié eienskappe van die mens wat uitstaan bo alle ander soorte lewende wesens (Heyns, 1988: 124-125; Calvyn, *Inst*, I, 15, 3).

Die beeldskap beteken onder meer dat die mens verteenwoordiger van die Here op aarde is. Dit is dus 'n geestelike saak. Dit is God se bedoeling om in en deur die mens aanwesig te wees. Deur die mens wil Hy sy liefde vir mens en natuur bekendmaak. Dit gee aan die mens naas status (hy is die beeld van God) ook 'n bestemming (hy behoort deur sy hele bestaan uitsig op God te bied) (Heyns, 1988: 125; Van Genderen & Velema, 1992: 307; Calvyn, *Inst*, I, 15, 3).

Die beeldskap van die mens kom onder andere tot uiting in die feit dat die mens 'n skeppende wese is. Dit is 'n eienskap wat ander skepsels nie ken nie. Ook die gawe van kommunikasie behoort tot die beeldskap (vergelyk Heyns, 1982: 192-195; Heyns, 1988: 126; Veenstra, 1994: 79; Froneman, 1996a: 4; Velema, 1984a: 6).

Volgens Heyns (1988: 127) is dit nie moontlik om te sê dat die mens deur die sondeval die beeldskap verloor het nie. Die mens *het* nie die beeld nie, maar hy *is* die beeld. Sonde het die mens in sy diepste wese aangetas, maar hy het nogtans nie 'n duiwel geword nie. Deur God se (algemene) genade is die deurwerking van die sondeval gestuit. Die mens kan wel eers werklik aan die beeld beantwoord as hy deel kry aan God se versoening in Jesus Christus.

Calvyn erken ook dat die beeld van God in die gevalle mens nie heeltemal vernietig is nie. Sy toon is egter nie baie optimisties nie. Voor die val, sê Calvyn (*Inst*, I, 15, 4), het Adam die beeld ongeskonde gedra, maar omdat dit daarna

---

[1] Daar bestaan nie 'n betekenisverskil tussen die woorde 'beeld' en 'gelykenis' nie. Hierdie twee woorde het dieselfde bedoeling. Dit is twee begrippe gebruik ter verduideliking en versiering van mekaar. Hierdie verskynsel, wat 'binomie' genoem word, kom in baie klassieke tekste voor, ook in Hebreeuse. Dit is interessant dat Calvyn dit besef en noem (*Inst*, I, 15, 3), terwyl hy self hierdie metode van die binomie ook dikwels beoefen. In die sestiende-eeuse Latyn is dit eweneens 'n normale retoriese instrument (vergelyk Van Vlastuin, 1996a: 17).

> so bedorwe en bykans uitgewis is dat daar as gevolg van sy val niks anders as verderf, verminking en besmetting oorgebly het nie, kan dit nou deels in sy uitverkorenes waargeneem word, in soverre as wat hulle na die gees wedergebore is. Maar sy volle glans sal dit eers in die hemel kry.

Calvyn se benadering van die beeldskap is dus baie nou verbind met die wedergeboorte en die vorming na die beeld van Christus, wat die egte beeld van God is. Eers in die hemel sal dit sy volle glans kry (vergelyk ook Van Genderen & Velema, 1992: 313). Hy sê nêrens dat die mens die beeld *is*, soos Heyns dit doen nie. Daar bestaan dus 'n aksentverskil tussen dié twee.

Van Genderen & Velema (1992) blyk meer steun vir Calvyn se standpunt te bied. Hulle sien die beeldskap as 'n vertikale verhouding wat in horisontale verbande weerspieël moet word. Die beeld moet egter vernuwe word, want die mens het die oorspronklike verloor. Tog bly die mens op die oorspronklike beeld aangespreek. Die taak van die mens het nie verander nie. Die sonde (aantasting van die beeld) het dus nie die eis van die Skepper gewysig nie. God se bedoeling bly altyd dié van voor die sondeval. Daar is kontinuïteit in die diskontinuïteit (Van Genderen & Velema, 1992: 302-303; 307-308).

Ondanks die verskille wat dogmatici ten opsigte van die beeldskap het, is daar tog eenstemmigheid dat die mens ten minste spore van die oorspronklike beeld van God het. Die sonde het die beeld aangetas, maar deur God se algemene genade het die mens nie 'n duiwel geword nie. Vir die bepaling van 'n visie op die mens en sy kommunikasie is dit van groot belang dat die mens steeds op die oorspronklike beeld aangespreek bly word. Want as God hom daarop aanspreek, impliseer dit ook dat mense mekaar so behoort te behandel asof hulle nog die ongeskonde beeld nog dra (vergelyk ook Veenstra, 1994: 82).

### 2.2.3 Kommunikasie en gemeenskap

Kommunikasie bring kontak tussen mense. Dit stig gemeenskap. Kommunikasie is selfs 'n voorwaarde vir gemeenskap tussen mense (Jensen & Jankowski, 1993: 163). Die mens is geskep as 'n sosiale wese. Dit is nie goed dat die mens alleen is nie (Genesis 2 : 18). Kommunikasie is die gom tussen los individue. Dit maak en breek sosiale grense. Bowendien is dit waarheiddienend (vergelyk Heyns, 1986, 374; Carey, 1989: 22). Joernalistiek is as vorm van kommunikasie daarom ook 'n gawe van God (Froneman, 1996a: 4). Die mens behoort die gawe aan te wend tot die nut van sy naaste (vergelyk Calvyn, *Inst*, III, 7, 5). Hy kan die gemeenskap beskerm teen gevaar. Maar hy kan ook kontak bring tussen verskillende mense en tussen verskillende samelewings. Die pers het 'n mediërende rol in hierdie kontak. Die kontak en inligting is noodsaaklik vir die menslike bestaan. Die pers is die voertuig daarvan en as sodanig nie *per se* noodsaaklik nie.

Heyns (1988: 127) noem ses verhoudings waarin 'n mens staan. Dit gaan om die verhouding met God, die medemens, homself, die natuur, kultuur en strukture. Eintlik gaan hierdie indeling terug op die klassiek-reformatoriese driedeling van verhouding met God, die naaste en die natuur (vergelyk Van der Walt, 1997: 9). Die mens is 'n deur God self aangesproke en antwoordende wese. Hy is 'n gespreksgenoot van sy Skepper. As die antwoord sodanig is dat die oorspronklike woord beantwoord word, is die bestemming van die mens verwesenlik. Maar ook die ontkennende antwoord bly 'n antwoord aan die Skepper. Daar kan dus nie gesê word dat die nie-gelowige mens

nie 'n kommunikerende relasie met die Here het nie (Heyns, 1988: 128-129; vergelyk ook Van Genderen & Velema, 1992: 331).

Die mens is geskape om saam met God en ander mense te wees. Die bestaan van 'n samelewing is dus nie 'n toevalligheid nie. Dit is God se bestiering van die geskiedenis. Die verhouding tussen mense berus op God se beskikking. Die lewe tussen mense behoort ook te voldoen aan bepaalde standaarde. Dit moet 'n weerspieëling wees van die regte, versoende lewe met God. Wat God vir my is, behoort ek vir my medemens te wees (Heyns, 1988: 130-131).

Volgens Heyns is die woorde "medemens" en "naaste" nie wisselvorme van mekaar nie. In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10 : 29-36) is die begrip "naaste" nie 'n toestand nie, maar 'n kwalitatiewe proses. Jy word 'n naaste wanneer jy jou nie net op jouself rig nie, maar ook 'n deel van jou lewe aan 'n ander gee (Heyns, 1988: 133). Dit impliseer dus dat 'n mens nie vanselfsprekend 'n naaste is nie, maar 'n naaste moet *word* deur om te sien na sy medemens. Dié omsien kan verstaan word in die konsep wat Snyman "liefdevolle persoonsbehartiging" noem (1990: 50-51). (Die betekenis van hierdie konsep vir die pers sal later omskryf word.)

Die verhouding van die mens tot die natuur omvat dat hy skeppend, bewarend en versorgend daarmee omgaan. Dit moet in harmonie met die bestemming daarvan wees, die bewoning deur aardse inwoners. Die natuur mag dus nie vermink, uitgebuit en bevuil word nie. Die kultuur is dit wat bo die natuur uitstyg, soos byvoorbeeld die maak van geskiedenis. Dit is 'n tipiese menslike gebeure. Diere skep nie kultuur in die sin dat hulle die natuur ombou tot iets anders nie. Ook in die strukture gaan dit om die bestemming daarvan, soos in die saaklike en bopersoonlike verhoudings, soos organisasies, huwelike ensovoorts (Heyns, 1988: 136-137).

In sy verhoudings met ander mense en die res van die skepping het elke mens 'n unieke waarneming en ervaring. 'n Voorwaarde vir 'n georganiseerde sosiale lewe is egter 'n bepaalde graad van gesamentlike waarneming. Die pers sorg vir 'n gemeenskaplike persepsie van die werklikheid. Dit verbreed die leser se horison. Die individu weet maar min uit eie ervaring. Die wêreld is te groot en sy dae is te kort (McQuail, 1988: 52-53; Rivers, Schramm & Christians, 1980: 17; vergelyk Snyman, 1971: 319). Daarom kan gepraat word van 'n gemedieerde wêreldpersepsie. Die leser kyk met die oë van 'n ander (Van Cuilenburg, 1993: 326; Witteveen, 1992: 40-41). Die pers help om die horison te verken; om te oriënteer. Die leser word gekonfronteer met dit wat agter die horison, buite sy eie samelewingsverband of geslote subkultuur aangaan (vergelyk Vogelaar, 1991: 141; 148).

Die mediëring deur die pers is nie betekenisloos nie. Daar is reeds geargumenteer dat die mens in verhoudings leef. Die doel van massakommunikasie kan alleen wees om die lewe in verhoudings te bevorder. Dit kan gebeur byvoorbeeld deur inligting oor medemense op ander plekke van die wêreld te kommunikeer waar die omstandighede heeltemal anders is. Dit gee uiteindelik ook die leser die moontlikheid om 'n naaste vir dié medemense te word.

'n Mens benodig ook inligting om die verloop van die geskiedenis te ken. Hy moet, as enkeling en in maatskaplike verband midde in sy tyd, in die "roeringe van sy tyd",

middde in sy samelewing, staan. Inligting maak die mens nie net deelgenoot van sy eie tyd nie, maar plaas hom ook in 'n verhouding met (mense uit) die verlede. Hulle behoort in sekere sin ook tot die medemense met wie elkeen in 'n verhouding leef. Dat die nuus die leser deelgenoot maak van sy eie tyd, stel hom in staat om mee te lewe met sy eie wêreld, daarin 'n rol te speel en so ook sy roeping te vervul. Snyman (1971: 315) noem hierdie gedagte die meelewingsbelang, wat ook die solidariteitsgedagte inhou.

As gevolgtrekking sou dus gesê kan word dat God met die moontlikheid van lewe en bestaan ook 'n opdrag, roeping of bestemming gee. Dit lê onder meer hierin dat die mens antwoord op God se woord wat aan die mens gerig is, maar in dieselfde gees as die oorspronklike woord. 'n Ontkennende antwoord beteken juis die nie-nakoming van die bestemming. 'n Bevestigende antwoord kan onder meer tot uiting kom as die lewe met die medemens 'n weerspieëling is van die lewe met God. Dit is byvoorbeeld die geval by liefdevolle persoonsbehartiging.

Inligting en kommunikasie tussen mense het hierin 'n spesifieke plek. Dit behoort daarop gerig te wees dat elke mens sy bestemming kan bereik en sy roeping kan vervul. Die mens kan egter nie sy bestemming bereik as hy nie in kontak met ander mense staan nie. Kommunikasie en inligting, wat die kontak moet maak, behoort daarom daarop gerig te wees om die bestemming te verwesenlik. Vir die pers beteken dit dat die leser so georiënteer moet word dat hy van 'n anonieme medemens 'n naaste kan word en hy in sy verskillende verhoudings tot sy reg kan kom. Ook in ander verhoudings, soos die prediking, pastoraat, opvoeding en onderwys, behoort die oriëntasie 'n belangrike funksie te kry.

**2.2.4 Kommunikasie en roeping**

Die algemene bestemming van die hele mensheid het ook gevolge vir elke afsonderlike mens. Die persoonlike bestemming word roeping of opdrag genoem. Die sondeval het nie die roeping van die mens tot niet gemaak nie. Snyman (1971: 137) sien die sedelike goeie, die beantwoording aan die behore van die persoonsbehartiging, as die roepingsvervulling van die mens. Die mens kan nooit loskom van die sedelike nie. Hy is daartoe geskape om sedelik, goed of sleg, te handel. Hy kan nie anders nie. Vir sy handelinge is hy regstreeks verantwoording skuldig aan God, die Skepper van die mens.

Kommunikasie dra by tot roepingsvervulling. Inligting skep moontlikhede vir oriëntasie en so vir groter diensbaarheid aan die mensheid (Heyns, 1986: 374-375; vergelyk Scholtz, 1984: 13-14). Nuus staan in die raamwerk van die roepingsvervulling, wat aktuele oriëntasie noodsaaklik maak (Snyman, 1971: 319). Vanweë die objektiewe eis dat 'n mens sy roeping moet vervul, is kommunikasie, en in die moderne wêreld dus die pers, noodsaaklik: nie vanweë die subjektiewe nuuskierigheid, opwinding en sensasielus nie, maar vanweë die hoë belang van oriëntasie. Die pers is so diensbaar aan die diensbaarheid. Die taak van 'n koerant is in hierdie opsig om 'n verantwoordelik gevormde en goed ingeligte openbare mening te skep (Heyns, 1986: 378-379), sodat die leser 'n bewuste plek in sy wêreld kan inneem en in staat is om selfstandig keuses te maak.

Alle mense het nie dieselfde roeping nie. Daarom is alle inligting nie vir elkeen

toepaslik nie (Snyman, 1971: 77). Dit het belangrike implikasies vir die pers. Dit beteken dat 'n koerant vir elke leser die nuus wat hy benodig, moet bring, maar ook vir sy naaste. Koerante moet dus gewoonlik 'n universele nuusaanbod hê (McQuail, 1988: 209; vergelyk Devolder, 1952: 24; Heyns, 1986: 387; Snyman, 1971: 308-310; Baschwitz, 1949).

Die massamedia het dus ook 'n spesifieke roeping. Snyman (1990: 50-51; 1985: 14-15) beskou liefdevolle persoonsbehartiging as 'n sentrale etiese beginsel vir die joernalistiek. Hy ontleen hierdie term aan Stoker (1967: 231-283), wat van persoonsbehartiging gepraat het. Dit is egter 'n vraag of hierdie term spesifiek vir die massamedia gebruik kan word. Liefdevolle persoonsbehartiging is die opdrag wat algemeen vir alle mense geld. Daarom is dit dalk beter om met betrekking tot die pers te praat van *oriënterende persoonsbehartiging*, wat liefde impliseer, dog nader omskryf.

**2.2.5 Kommunikasie en die voortgang van die geskiedenis**

Die wêreld ondergaan voortdurend veranderings. Die leser moet daarin sy weg vind. Daarom moet die pers 'n betroubare blik op die wêreld gee, sodat die nuus in perspektief geplaas en bespreek kan word (vergelyk Koch, 1990: 22: Van Gessel, 1990: 29). Op hulle manier gee koerante die gehoor insig in hul wêreld (De Vries, 1979: 18; McQuail, 1988: 73). Hierdie aspek van die pers se taak maak die joernalistiek tot 'n sosiale gebeure en verleen aan die joernalistiek 'n belangrike maatskaplike verantwoordelikheid (vergelyk Van der Ros, 1993: 7).

Die verslag oor die veranderings in die wêreld is die basiese produk wat 'n koerant bring, nl. nuus. Nuus is in die definisie van Harris en Stanley (1965: 32; vergelyk ook De Beer, 1982: 5) "an account of actual events which disrupt the *status quo* or which have the potential to cause such a disruption". Die element van die ongewone is 'n gegewe wat 'n mens dikwels raakloop in omskrywings van nuus (vergelyk De Beer, 1977, vir 'n oorsig van nuusomskrywings). Die koerant gee aan watter veranderings daar in die samelewing plaasvind. Dit is die wyser op die wêreldklok.

Oriëntasie is daarom vanweë die kontinue verandering van die wêreld 'n noodsaak vir elke burger. Hierdie dinamiek van die tyd is 'n fundamentele kenmerk wat God in die skepping ingelê het. Die eeue wentel voort. Hierdie voortwenteling is die geskiedenis. Niemand kan hom daaraan onttrek nie. Of soos Bavinck (1946: 8) sê:

> Ge kunt een mensch niet uittillen boven zijn tijd en zijn wereld, ge moet hem zien in den samenhang van heel die periode der geschiedenis, waarin zijn leven verankerd ligt. Dan eerst ziet ge hem ten voeten uit. De mensch is in de geschiedenis. Dat is niet maar een bijkomstig trekje van zijn bestaan, dat is de diepste kern van heel zijn leven.

Hoewel daar verskillende aksente en nuanseringe bestaan, is die Christelike belydenis aangaande die geskiedenis breedweg dat dit uit die hand van God kom (vergelyk Snyman, 1971: 311). Hierdie uitgangspunt is 'n fundamentele gegewe vir die joernalistieke verantwoordelikheid. Dit het baie belangrike gevolge vir denke oor nuuswaardes (Heyns, 1986: 379). Die wêreldgebeure is nie maar net 'n wrede lot van die werklikheid nie (Snyman, 1971: 322). Nuus is verslag oor God se plan met die wêreld, hoewel nie so maklik af te lees nie. Soos Newton (aangehaal deur De Vries, 1979: 22) gesê het: "Ek lees die koerant om te sien hoe God die wêreld regeer." Maar

meer dikwels vertel dit eerder die verhaal van hoe die mesn in opstand is teen God. Eindelik vorm nuus vorm boustene van die historiese handboeke. Die geskiedenis is 'n soort van stilstaande aktualiteit.

Om sy weg in die veranderende wêreld te vind, benodig die mens kennis en inligting. Die samelewing stel onophoudelik en voortdurend omvattende eise aan sy burgers. Om sy werk as ouer, burger, skrynwerker, politikus, ekonoom, onderwyser, predikant of joernalis te kan doen, moet 'n mens op die hoogte wees van ontwikkelings en agtergronde. Hy moet keuses maak en beslissings neem en hy kan homself nie daaraan onttrek nie. Vir alle denkbare take wat hy uitoefen, is dit nodig dat hy homself oriënteer, sodat hy nie voor onverwagse gebeurtenisse of gevare te staan kom nie (Snyman, 1990: 63; vergelyk ook Froneman, 1996a: 4). Nuus stroom nie los van die gehoor verby nie. Dit raak hulle. Eintlik is hulle steeds, in mindere od meerder mate, 'n onderdeel van die nuus. Dit spreek hulle aan met geleenthede, pligte en verantwoordelikhede. Dit is die taak van die joernalis om uit die vloed van nasionale en internasionale berigte juis dié nuus te kies wat sy lesers benodig (vergelyk Devolder, 1952: 77).

Die ander kant is dat die mens verplig is om op die hoogte van sy tyd te wees (Snyman, 1990: 64). Die aktualiteit bied ook geleenthede vir die leser om te handel. Hy kan dit nie onbenut laat nie, omdat dit ten diepste deur God geskenk word (vergelyk Snyman, 1971: 322; kyk ook Heyns, 1986: 379). Daarby word die mens se opdrag om op die "tekens van die tye te let" bygevoeg (Snyman, 1971: 315). Die koerant kan daarby behulpsaam wees om 'n wyser op God se wêreldklok te wees (vergelyk De Vries, 1979: 17). Die 'lees' daarvan verg egter 'n geloofsvisie.

**2.2.6 Rigting in kommunikasie**

'n Mens kan nie vooraf sê in watter rigting die geskiedenis sal ontwikkel nie. Hierdie veranderinge is ook beïnvloedbaar deur individuele mense. Juis daarom is kommunikasie belangrik. Kommunikasie is 'n gebeure wat die ontvanger in 'n bepaalde rigting stuur, omdat die mens 'n *directional creature* is (Veenstra, 1994: 81; vergelyk ook Froneman, 1996a: 4). Kommunikasie het invloed op die gehoor. Dit kan mense se menings vorm en selfs publieke opinie verander. Die pers het 'n invloed op alle aspekte van die ekonomiese, sosiale en kulturele lewe. Dit is 'n instrument (Hiebert *et al*, 1988: 655 en 682; Rivers *et al*, 1980: 6; Van Gessel, 1990: 93-94). Die feit dat die gehoor werk met 'n persepsie van die wêreldgebeure, wat deur die pers gemedieer word, maak dat lesers baie afhanklik van joernaliste is (Van Cuilenburg, 1993: 326).

Hierdie gegewens vorm die morele dimensie van massakommunikasie. Dit is onmoontlik om oor joernalistiek te praat en die morele perspektiewe te vergeet. Die etiek is 'n dryfkrag agter die koerant (vergelyk Velema, 1991: 110). Of soos Froneman (1996a: 3) sê:

> Suffice it to say here that human communication is a unique, mutually influencing process with built-in ethical implications. And if communication moves people, it moves them in a direction. Therefore, it cannot be neutral. Likewise, journalism cannot be neutral; it moves people in one or the other direction. This is done because journalists do not merely reflect reality in a neutral way, but creates meaning while 'making' news.

Dit is moontlik om belangrike momente in die wêreldgeskiedenis uit te wys waar

(massa)kommunikasie 'n sleutelrol gespeel het. Eerstens kan die Reformasie van die kerk in die sestiende eeu genoem word. As Johannes Gutenberg (Duitsland) en Lourens Janszoon Coster (Nederland) nie in die vyftiende eeu die boekdrukkuns uitgevind het nie, het die standpunte van Maarten Luther nie so gou en wyd in Europa versprei nie. Luther het daarmee die wêreld se eerste suksesskrywer, die eerste 'mediadominee' geword. Met sy werk het hy ook 'n baie groot invloed op die ontwikkeling van Duits as taal uitgeoefen. Die moontlikheid van massakommunikasie, in die vorm van boeke, het die Christendom en daarmee die Europese maatskappy verander (Hiebert *et al*, 1988: 657; vergelyk Stevenson, 1984: 136-139).

'n Ander voorbeeld van die beslissende rol wat die gedrukte boek op die gang van die geskiedenis gehad het, is *Uncle Tom's Cabin* van Harriet Beecher Stowe, wat in 1852 verskyn het en die populêrste boek van die negentiende eeu geword het. Hierdie boek het 'n belangrike bydrae tot die gesprek oor die afskaffing van slawerny in die Verenigde State van Amerika gelewer. Die boekdrukkuns blyk ook hierin weer een van die beslissende faktore te wees (Hiebert *et al*, 1988: 658).

'n Meer resente voorbeeld is dié van die eerste landing van die mens op die maan in 1969. Hierdie 'groot stap vir die mensheid' is danksy 'n regstreekse televisie-uitsending deur 528 miljoen mense oor die hele wêreld gevolg. Dit het die impak van die gebeurtenis baie vergroot (Hiebert *et al*, 1988: 653-655). Dieselfde geld vir die Watergate-kwessie in 1972 (Van Gessel, 1990: 93-94).

Die pers vervul egter nie net 'n belangrike funksie by knooppunte van die geskiedenis nie. Dit het elke dag invloed op die gebruiker daarvan (Van Cuilenburg, 1993: 323). Dit is inmiddels duidelik dat massakommunikasie die wêreld en (daarmee) die menselike lewe fundamenteel verander het (Rivers *et al*, 1980: 10-16).

Alle nuus het 'n konteks waarin dit staan. 'n Goeie joernalis sal in sy verslaggewing die konteks van die gebeure belig, waardeur die agtergronde duidelik word. Massakommunikasie kan daarom ook nooit neutraal wees nie (Snyman, 1971: 321). Objektiwiteit in nuusverslaggewing is daarom streng gesproke nie moontlik nie (vergelyk ook De Beer, 1996: 9e.v. Snijders, 1993: 19; Devolder, 1952: 149). Inligting is nooit waardevry nie. 'n Koerant is nie maar bloot 'n kanaal of 'n passiewe draer nie. Daarin skuil altyd die een of andere vorm van interpretasie. Bowendien, binne die normale joernalistieke prosesse soos sifting, seleksie, versameling en samevatting, speel altyd vervorming en bepaalde nie-oorspronklike aksente mee (Stappers, 1983: 17 en 31; Sholtz, 1984: 21; Jurgensen & Meyer, 1992: 269; Flight & Felix, 1995: 107; Christians & Carey, 1989: 359; Hiebert *et al*, 260-264; Van Gessel, 1990: 91-92; Witteveen, 1992: 41)[2].

Dit is 'n vraag of die pers hom wel tot doel moet stel om 'net die feite' te publiseer. Dit gee 'n een-dimensionale beeld van die werklikheid en bevat tewens die moontlikheid van manipulasie (Wolfson, 1985: 2). Die sogenaamde objektiewe benadering tot

---

[2] Dit is daarom vreemd dat Velema (1984b: 4-5) so maklik en onbesorg die woord objektiwiteit gebruik as kenmerk van beriggewing. Hoewel hy later toegee dat inligting altyd 'n "subjectief karakter" dra. 'n Moontlike verklaring vir hierdie mistasting kan wees dat Velema nie 'n kommunikasiedeskundige is, maar 'n teoloog en etikus. Uit ander dele van sy skrywe blyk egter duidelik dat hy bewus is van die indringende impak van massakommunikasie op die gehoor.

joernalistiek vind sy oorsprong in die positiwistiese natuurwetenskappe en het in die jare twintig as reaksie teen tendensieuse joernalistiek sy beslag gekry (Streckfuss, 1990: 974-976).

Afgesien van die feit dat objektiwiteit in die joernalistiek streng gesproke onmoontlik is, is daar nog 'n ander probleem. Talle joernaliste identifiseer 'objektiewe' beriggewing met etiese joernalistiek. Sogenaamde objektiwiteit is dan 'n noodsaaklike, maar tegelyk ook voldoende voorwaarde om eties te wees, soos blyk uit 'n ondersoek van Merrill (1985: 391-393). Dit is egter te betwyfel of etiek hier gelykgestel kan word aan 'n bepaalde vakmatige tegniek — boonop een wat uit sy natuurwetenskaplike konteks hoogs aanvegbare aannames maak. In die etiek gaan dit egter daarom dat jy die tegniek op 'n spesifieke wyse aanwend. Etiek is nie dieselfde as vakbekwaamheid nie. Dit is selfs ook moontlik om 'n etiese grens te oorskrei terwyl 'n mens die objektiewe waarheid spreek (vergelyk die Bybelse voorbeeld van Doëg, 1 Samuel 22; aangehaal deur: Dowry, 1996: 95; vergelyk Peterson, 1956: 88). Etiek lê ook nie in tegnologie of masjienerie nie. Dit gaan om die persoonlike etiek van hom wat die masjien hanteer of die tegniek toepas (Hiebert *et al*, 1988: 625-626). 'n Mens kan bepaalde tegnieke sowel op 'n goeie as slegte wyse aanwend. 'n Motor ken nie die pad wat hy moet ry nie. Net die bestuurder weet dit. So moet ook die joernalis weet wat sy rigting is.[3]

De Vries (1979: 19) gee vanuit sy Nederlandse agtergrond 'n sprekende voorbeeld van die subjektiewe invloed wat die massamedia nastreef:

> Heel de acceptatie van abortus-provocatus in brede lagen van ons volk (...) is vooral de vrucht van suggestieve artikelen en reportages in de media, waarin alle accent gelegd werd op de nood waarin een vrouw door een onbedoelde zwangerschap kan komen te verkeren, en de normen van Gods geboden buiten het gezichtsveld worden gelaten. (...) Daarentegen worden activiteiten die zich tegen de loslating van christelijke normen kanten, in een bespottelijk daglicht gesteld, zoals de campagne in Amerika tegen de homofilie.

Van Gessel (1990: 15) gee in sy boek oor die Nederlandse *de Volkskrant* toe dat dit die beleid van sy koerant is om maatskaplike veranderings in die samelewing te bevorder. Dit gaan hier om bewuste beïnvloeding. Dit is daarom goed denkbaar dat De Vries reg is in sy interpretasie dat die pers bewustelik manipuleer.

### 2.2.7 Kommunikasie en die wêreldbeeld

Omdat kommunikasie 'n rigtingsgebeure is, is die lewens- en wêreldbeskouing van die joernalis altyd werksaam in sy werk. Al is die verslaggewer hom nie bewus van 'n aktiewe oortuiging nie, het elkeen 'n spesifieke lewensbeskoulike bril waarmee hy na die werklikheid kyk. Aan die basis van die menselike bestaan lê 'n diep religieuse oortuiging wat die grondslag vorm van alle menslike handelinge (Ouweneel, 1989: 49-51). So beskou, het die mens, ook die sekulêre mens, 'n strukturele aanleg tot kontak met "die ander werklikheid" (Van Genderen & Velema, 1992: 333; Calvyn, *Inst*, I, 3, 1-3).

---

[3]Vanweë die verwarring rondom hierdie begrip is dit 'n goeie voorstel van Froneman & De Beer (1993: 263) om die woord "objektiwiteit" met betrekking tot nuusverslaggewing te skrap en ander woorde te gebruik. So stel hulle voor om van verantwoordelikheid, akkuraatheid en eerlikheid te praat. Ook die begrip "onpartydigheid" sou hierby gebruik kan word.

Volgens Van Genderen & Velema (1992: 331-332) impliseer God se beeldskap wat die mens dra, dat die mens 'n verhouding met God het. Die mens is by sy Skepper betrokke. Daar bestaan 'n regstreekse woord-antwoord-relasie. Hierdie verhouding bly steeds bestaan, al sou die mens nie die Here dien nie. Die kontak is onontkombaar:

> De relatie tussen God en mens is niet een willekeurig contact, dat zo weer verbroken kan worden. Een flits van een ontmoeting die straks verleden tijd is. Nee, het contact beweegt zich in het kader van een toezegging en een opdracht van Gods kant, en van de plicht van de mens daarop in te gaan. Verbondsrelatie betekent een vast kader van omgang, met regels en perspectieven voor de ontwikkeling (Van Genderen & Velema, 1992: 331).

Hierdie fundamentele religieuse struktuur van die mens openbaar hom onder andere in 'n besef van goed en kwaad. Die mens het 'n gewete, wat hom in sekere mate kan wys watter pad geloop moet word. Ook in die ongelowige is daar 'n etiese bewustheid. Of soos Schuurman (1996: 1-2) sê:

> Philosophically, so it is regularly stated, religion belongs to the anthropological structure of man. There is no person without religion. Religion is the kernel of every human being. A human being is a religious being. (...) Religion is the root of every human activity. Religion expresses itself in all kinds of human functions. Religion gives cohesion in life. And because religion is communal as well as personal, it is also a radical, central and integral power in human communities. (...) Because religion is the root of all human action, we may say that it expresses itself in a religious 'groundmotive' and that it forms moreover, the ethos of every human being. The religious groundmotive is the driving force behind every activity. The ethos expresses the basic position that a person takes in everyday life. It gives special colour to human life. The ethos is the first expression of the religious groundmotive.

Die religieuse oortuiging as 'n wesentlike, universele en fundamentele menslike eienskap, so vervolg Schuurman (1996: 2; vergelyk ook Veenstra, 1994: 79; Oberman, 1988: 40; Christians, Rozoll & Fackler: 1983: 2; Goudzwaard, 1984: 18; Van der Walt, 1997: 24), vind uitdrukking in 'n lewens- en wêreldbeskouing. Hierdie beskouing gee rigting aan al sy handelinge. Ook wanneer hy kommunikeer, bepaal sy primêre motiewe, koherente strategieë en rigtinggewende beginsels die aard van sy produk (Froneman, 1995: 36; vergelyk Stoker, 1967: 13). 'n Lewens- en wêreldbeskouing is dus nie 'n bloot teoretiese stelsel nie, maar het baie praktiese implikasies (vergelyk ook Froneman, 1996a: 2; Stoker, 1967: 28-31; Obonyo, 1996: 18-19). Dit beteken dus dat ook 'n joernalistieke produk in hoë mate bepaal word deur die lewens- en wêreldbeskouing wat — bewus of onbewus — die grondslag daarvan vorm (Van Vlastuin, 1992: 17).

Die kwessie van die lewens- en wêreldbeskouing moet gesien word in die konteks van die rigting en waardegeladenheid wat kommunikasie in sy aard het. Omdat kommunikasie waardegelade is, sal dit meestal die rigting kry wat die wêreldbeeld van die kommunikator voorskryf.

### 2.2.8 Oriëntasie in die hele skepping

Daar is nie een terrein van die werklikheid wat uitgesluit is as subjek van die joernalistiek nie. In beginsel is die ganse skepping kommunikeerbaar. Alle aspekte van die werklikheid het openbare, dus (roepings)relevante fasette. Dit beteken dat daar niks

as onderwerp taboe is nie. Dit kom net daarop aan hóé die pers dit hanteer (Snyman, 1990: 66-67; vergelyk Heyns, 1986: 375). Froneman (1996a: 8) sluit daarby aan wanneer hy sê:

> No limitations should be placed on what topics or subjects Christians may address in the news media. These topics may include: *politics, the church, economics and business, sport, arts and culture, entertainment, general human interest, sex, education, technology, wars and other conflicts, agriculture, development and disasters etcetera.* In contrast with the policy of the Dutch daily *Reformatorisch Dagblad*, I specifically include sport and entertainment as legitimate topics which ought to be addressed - albeit in a distinctly different way as that general found in secular media. I also include sex as a legitimate topic, but obviously with the same caveat stated above.[4]

Hierby sou ook gedink kan word aan die woorde van Paulus in 1 Timoteus 4 : 4 en 5, waarin hy sê:

> Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.

Hierdie teks beteken dus dat in die skepping niks verwerplik is nie, maar dit is onder voorwaarde dat dit met danksegging aanvaar word en die toets van God se Woord kan deurstaan. Daaruit volg dus dat homoseksualiteit, aborsie en dobbelary nie per definisie skeppingsgawes is en dat dit goed is as dit met danksegging aanvaar word nie. As enige publikasie uitgebreide aandag aan hierdie onderwerpe wil gee, kan daarom eers gekyk word of dit ook reg is in die lig van die Skrif. As die gevolgtrekking dan is dat dit sonde is, is dit as onderwerp nie afgeskaf nie, maar dan behoort daaroor wel vanuit 'n ander instelling geskrywe te word.

### 2.2.9 Die reg op inligting

Die roeping van die mens is nie bloot horisontaal nie. Elke mens het persoonlik van sy Skepper 'n opdrag gekry, ook al erken die ongelowige dit nie. Hierdie vertikale oorweging maak dit moontlik om aan die mens 'n reg te gee om te weet. Want om in 'n moderne maatskappy sy roeping te vervul, benodig hy die juiste en betroubare inligting wat vir hierdie doel relevant is. Natuurlik is daar ook inligting wat prinsipieel privaat van aard en dus nie vir publikasie geskik is nie en wat ook nie nodig is vir die roepingsvervulling nie (vergelyk Snyman, 1971: 77-80; Heyns, 1986: 375; Froneman, 1996a: 4). Die reg op inligting word dus begrens deur die mens se skeppingsopdrag.

Dit is daarom ook van belang dat in die meeste Westerse lande 'n statutêre vryheid van pers bestaan. Vir sy roepingsvervulling benodig die mens die onvervalste waarheid, en nie wat die owerheid as waarheid na vore wil bring nie. Die vrye pers kan so medebouer word aan 'n gesonde samelewing (Heyns, 1986: 387; vergelyk ook McQuail, 1988: 20 en 122; Peterson, 1956: 101; Hiebert *et al*, 1988: 264).

---

[4] Froneman gaan in teen Bisschop (1991: 21) wat sê dat dit "volkomen terecht en vanzelfsprekend is" dat die *Reformatorisch Dagblad* sportverslaggewing weer. Van der Graaf (1991: 55) praat oor die "massahysterie van de moderne voetbalsport" en pleit ook teen sport in dié koerant. Hulle verteenwoordig met hierdie standpunt albei 'n gangbare opvatting in die *gereformeerde gezindte* in Nederland wat hom teen sport in sy algemeenheid keer.

## 2.3 JOERNALISTIEK AS ETIESE GEBEURE

### 2.3.1 Etiek in kommunikasie

Vryheid vra van die pers dat die vryheid gewetensvol gebruik word. 'n Vrye pers veronderstel en eis 'n etiese pers. Die belangrikste voorwaarde vir 'n vrye pers is dat die pers 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die etiese teenoor die samelewing betuig (Veenstra, 1994: 77vv; Peterson, 1956: 74; Hiebert *et al*, 1988: 601; Van Gessel, 1990: 95-97). Of soos Merrill (1989: 234) sê:

> Journalism needs ethical direction to guide its freedom. Just as life is useless to a person without a brain, so freedom is useless to journalism without ethics. Journalists need to recognize that they must be both free *and* ethical.

'n Joernalis wat sy werk verantwoordelik doen, lewer volgens Scholtz (1984: 14) werk wat inligtend, opheffend, leersaam, stigtend, uitbreidend, prikkelend, boeiend, onderwysend, dienend, prakties en funksioneel is. Al hierdie woorde kan onder die woord 'oriëntering' saamgevat word.

Ongelukkig is dit so dat etiese bewustheid onder joernaliste vandag klaarblyklik maar laag is (Froneman, 1994: 124-128; Merrill, 1989: 167-177; Hiebert *et al*, 1988: 601; Christians *et al*, 1983: xv). In die klassieke Griekse retoriek het die moraliteit van die spreker 'n essensiële rol gespeel. Dit is nie die geval in die moderne massamedia nie. Etiek het 'n 'ekstra' in die kommunikasie geword, in plaas van 'n onmisbare deel van die resep (vergelyk Andersen, 1991: 7-9). Tog bepaal etiese besluite van joernaliste steeds wat die publiek lees, hoor en sien. Dit bepaal selfs in 'n sekere mate wat mense dink, voel of praat en soms wat hulle doen. Die etiese verantwoordelikheid behoort daarom ook deur die pers erken te word en as leidraad gebruik te word in die werk, hoewel dit 'n permanente stryd oplewer (Froneman & De Beer, 1993: 249-251).

In baie gevalle het koerante en ander publikasies eie (institusionele en professionele) etiese kodes of statute waarvolgens hulle handel. Aan die basis van dié institusionele etiek lê egter die *persoonlike etiek*. Dit is nie net in die persetiek so nie, maar in elke etiese sisteem. Op basis van hierdie persoonlike oortuigings kan 'n mens 'n algemene etiese reël of riglyn bou (Siebert, Peterson & Schramm, 1956: 7; Hiebert *et al*, 1988: 611 en 626; Velema, 1990: 23).

Velema (1984a: 7) sê dat die etiek noodsaaklik is vanweë die "zeer intensieve beïnvloeding van mensen" deur die media. Hierdie invloed van inligting op die gehoor is niks nuuts nie, maar dit vra 'n diep besinning oor die wyse waarop ingelig word.

## 2.4 ORIËNTASIE EN SY PLEK IN DIE KOMMUNIKASIEPRAKTYK

### 2.4.1 Oriëntasie en die funksionele teorie

Die funksionele benadering ten opsigte van die media skryf aan die pers vier funksies toe (Stappers, 1983: 104-111, Stappers, *et al*, 1990: 70-72; 160-162; vergelyk ook De Beer, 1993: 13-14; Van Gessel, 1990: 7; Serfontein, 1995: 11-13; Versluys, 1936: 9; McQuail, 1988: 71):

(a) *oorsig oor die omgewing:* die leser behoort te weet wat in die wêreld aangaan. Dit is die inligtende taak van die media. Dit gee die gehoor kennis en insig in sy omgewing.
(b) *saamsnoering van dele in die samelewing:* die media werk daaraan mee dat die gemeenskap 'n geheel vorm en nie net uit losse individue bestaan nie.

(c) *oordra van sosiale erfenis van die een generasie op die volgende:* hierin sien 'n mens die sosialiserings- en opvoedingstaak van die pers, en
(d) die *vermaakfunksie.*

Die eerste funksie van hierdie teorie sluit oorsig oor die omgewing in. Die individu ontvang inligting deur die massamedia. Die doel van die inligting is om hom te help met die maak van keuses in sy lewe. Dit laat hom weet in watter samelewing hy leef en werk. Die leser word ook gewaarsku oor omstandighede en ontwikkelinge wat sy veiligheid bedreig en hy kan sy gedrag afstem op wat hy deur die media weet. Inligting het so dus 'n oriënterende werking (vergelyk De Beer, 1993: 14).

Die oriëntasiefunksie van die pers rig hom op ewewigtige inligting oor ontwikkelings in die samelewing sodat die gehoor verantwoordelike keuses kan maak. Die pers onderrig ook die lesers oor waardes en norme. Die individu is daardeur in staat om homself te beskerm teen omstandighede wat sy veiligheid kan bedreig (vergelyk De Beer, 1993: 14). Die koerant is daarom deur hierdie orëntasiefunksie 'n venster op die wêreld (vergelyk Van Gessel, 1990: 7).

Om die mens se roeping mede moontlik te maak, vra dit van die pers dat hy nie daagliks 'los sand' publiseer nie. Dit is baie belangrik dat 'n koerant die agtergrond en historiese lyne vir die gehoor uitwys. Los kontekslose inligting help die leser weinig. 'n Koerant wat erns maak met sy oriëntasieopdrag, sal daarom ook probeer om 'n geheelbeeld van die wêreld te skep. Die gehoor kan nie werk met versnipperde inligting nie. Dit gaan juis ook om samehang (De Vries, 1979: 22; Velema, 1984b: 7). Konteksvrye informasie bring 'n inligtingsversadiging. Dit is soos strome water wat nie drank is nie (Postman, 1986: 72-73).

Die hantering van die oriëntasiefunksie van die pers skep 'n interafhanklikheid tussen media, samelewing en gehoor (vergelyk Serfontein, 1995: 14; McQuail, 1988: 62). Wat in die samelewing gebeur, vind weerklank in die koerant. Daardeur word die leser geïnformeer oor ontwikkelings in sy eie omgewing. Dit kan sy gedrag beïnvloed (Stappers, 1983: 10). Nuus is funksionele inligting, omdat elke leser deel is van die samelewing. Hierdie verstrengelde interaksie tussen koerant en gemeenskap (Devolder, 1952: 48) bring dat 'n verantwoordelike joernalis nie net verantwoording verskuldig is aan sy werkgewer nie, maar veral juis aan sy gehoor, die breër samelewing (Christians *et al,* 1983: 18; vergelyk ook Daniel, 1965: 117; McQuail, 1988: 116-117).

### 2.4.2 Oriëntasie in 'n demokratiese sisteem

Die demokratiese sisteem, wat ook in Suid-Afrika toegepas word, vind sy oorsprong daarin dat daar 'n ryk verskeidenheid van moontlikhede is. Die burger moet sy eie pad vind. Die kieser moet sy eie keuse maak. Saam met Van Cuilenburg (1993: 320) kan gesê word:

> Het begrip 'democratie' berust in wezen op de opvatting dat alle burgers in vrijheid aan de politieke besluitvorming in de samenleving kunnen deelnemen. Dat voor zinvolle politieke participatie het beschikbaar zijn van informatie een noodzakelijke voorwaarde is, behoeft geen betoog. Evenmin dat openbaarheid van de politieke discussie voor democratie onontbeerlijk is. En die openbaarheid wordt in belangrijke mate door media geëffectueerd.

'n Demokratiese regsisteem veronderstel dus dat die burger homself kan inlig én oriënteer in 'n onoorsigtelike hoeveelheid standpunte en inligting. Hy behoort geïnteresseer en gemotiveer te wees. Die burger is volgens die staatsreg die finale fundament van die demokratiese orde. Tydens verkiesings kan hy as regter optree en 'n beslissende oordeel vel. Maar hy kyk deur die bril van die media, wat die oog van die demokrasie geword het (Witteveen, 1992: 41; 245; 255). Openheid, en daarmee die pers, word hiermee die belangrikste grondslag van die demokratiese regsorde (Hiebert *et al*, 1988: 17 en 653). Dit bring 'n groot verantwoordelikheid mee (vergelyk Christians *et al*, 1983: 25).

Om hierdie funksie in 'n demokrasie te vervul, is meer nodig as net persvryheid. Dit lê op die pers die taak om oriëntasie vir burgers moontlik te maak. Die pers moet sorg dat die gehoor ingelig is oor alle relevante standpunte waarvan die burger moet weet om 'n ingeligte keuse te kan maak. Hy moet insig verkry om te weet hoe om te handel en te wandel (vergelyk Heyns, 1986: 387). Dit beteken veral dat hy in die eerste plek bloot deurgee watter standpunte met watter inhoud voorhande is in die gemeenskap (vergelyk ook Dommisse, 1993: 17). Sonder hierdie inligting kan die gemeenskap nie verantwoordelik optree nie, hoewel 'n veelvoud van menings en feite geen waarborg bied dat die leser insig gaan verkry nie. Die kwalitatiewe aard van die inligting en die leser se eie oordeel kom ook in spel.

'n Demokratiese orde vra ook 'n balans in joernalistieke verslaggewing (vergelyk Reddy, 1994: 138; Rivers *et al*, 1980: 178-183). Die balans bestaan hierin dat die pers standpunte bekendmaak in die juiste invloedverhoudings wat die standpunte op die samelewing het. Die diversiteit van die samelewing moet gereflekteer word (vergelyk McQuail: 1988: 117-118). Alle kante van 'n saak behoort gestel word, hoewel dit nie altyd moontlik is nie. Die inligting moet gebalanseerd aangebied word, sonder vooroordeel en verdraaiing deur onredelike beklemtoning of weglating (De Beer, 1996: 12; Dowry, 1996: 56; Christians *et al*, 1983: 11; Hiebert *et al*, 1988: 265). Dit eis 'n professionele houding van elke joernalis. As 'n joernalis persoonlik glo dat aborsie immoreel is, klink nuusbronne wat saamstem met hierdie posisie meer logies as dié wat nie saamstem nie (vergelyk Fink, 1988: 19). As gevolg daarvan kry hulle maklik meer aandag as anti-aborsiestandpunte. Elke joernalis moet hom van hierdie neiging bewus wees en daarteen waak, omdat die diversiteit anders nie langer weerspieël word nie.

## 2.5 ORIËNTERENDE JOERNALISTIEK IN DIE NUUSKANTOOR

### 2.5.1 Nuusseleksie

Seleksie van nuus vorm die hart van die joernalistiek. Dit is onmoontlik om alle inligting wat elke dag na die nuuskantoor stroom, 'n plek in die koerant of uitsending te gee. Nuusseleksie is daarom 'n belangrike aspek van die inligtingsketting. Op dié tydstip word die nuus 'gemaak'. Wat nie gepubliseer word nie, het in sekere sin ook nooit bestaan nie of het nooit 'regtig' gebeur nie, altans nie wat die betrokke publikasie aanbetref nie (vergelyk Witteveen, 1992: 55). Dat die joernalis hierdie instrument van nuusseleksie ook kan misbruik om te manipuleer, stel Fink (1988: 19):

> You must select facts, gained from equally authoriative sources, that will present a balanced story. Devoting your lead and the subsequent ten paragraphs to the proabortion viewpoint, and quoting the other side only in the twelfth paragraph, is failing your responsibility of presenting the facts in a balanced manner.

Daar is 'n veelheid definisies van nuus wat onderling sterk verskil. So is daar ook nie eenstemmigheid oor 'nuuswaardes' nie (vergelyk De Beer, 1977). 'n Sentrale gegewe in nuusomskrywings is egter wel dat dit om 'n joernalistieke herstrukturering van die werklikheid gaan (Dowry, 1996: 34). Hierdie herstrukturering geskied aan die hand van nuuswaardes, wat uit die eie lewensbeskoulike raamwerk afgelei word. Nuuswaarde dui op die belang wat inligting vir die leser se plek in die maatskappy of samelewingsverband het (Velema, 1991: 115). Nuus is dus nie bloot wat gebeur, soos in talle handboeke vir joernalistiek aangevoer word nie (vergelyk Van Gessel, 1990: 48). Vanuit die oriëntasiegedagte behoort nuus as inligting funksioneel en bruikbaar te wees. Onbruikbare en nie-funksionele inligting ontaard gou in sensasie of verveling.

In die seleksie van nuus is daar baie faktore wat meewerk. In hierdie proses kan 'n joernalis maklik aan bepaalde standpunte voorrang gee. Balans is meestal die belangrikste toets (Crawford, 1969: 106). 'n Koerant wat eensydige voorligting gee oor wat in die samelewing leef, lê bewus sy 'objektiwiteit' ter syde. Hy oorskrei daarmee selfs 'n etiese grens (vergelyk Heyns, 1986: 387). Dit het wesenlike gevolge vir die oriëntasie van sy gehoor. Oriëntasie word bevorder as alle relevante standpunte weergegee word en as die burger sy eie keuse kan maak (kyk ook McQuail, 1988: 131).

Die verskil in identiteit en lewensbeskouing openbaar hom veral by die aanbieding en keuse van nuus en kommentaar (Van Gessel, 1990: 28-30). Juis hierdie twee elemente het 'n beslissende rol in die hantering van die oriëntasiefunksie. Seleksie van nuus is die uitwendige verskyning, die konkrete vergestalting van die lewens- en wêreldbeskouing van die koerant (vergelyk Stoker, 1967: 29). Maar die seleksie van nuus is ook 'n fundamenteel etiese kwessie (vergelyk Froneman & De Beer, 1993: 263). Oriëntasie hang dus sterk saam met die wêreldbeeld van die koerant. Die etiek en identiteit van die koerant bepaal hóé die medium sy gehoor oriënteer. Dit is 'n belangrike gegewe. Dit bring naamlik die debat oor en besinning op die koerant se wêreldbeeld in die sentrum van die diskussie oor die joernalistieke praktyk.

Dit is dus duidelik dat die vooronderstellings wat 'n koerant hanteer, sy manier van nuusseleksie bepaal. Wat die joernalis belangrik vind, kan nie aan objektiewe maatstawe gemeet word nie. Iemand wat 'n Marxistiese oortuiging het, sal die instorting van die Berlynse Muur in 1989 anders beskryf het as 'n joernalis wat in kapitalistiese strukture dink. En 'n Christelike koerant wat 'n chiliastiese of dispensasionalistiese visie op Israel hanteer, sal in die benadering van die vredesproses in die Midde-Ooste verskil van 'n 'algemene' medium (vergelyk Van der Graaf, 1991: 51). Dit sal sonder twyfel 'n invloed op die nuusseleksie hê.

Seleksie van nuus mag daarom moeilik wees, maar dit bly steeds noodsaaklik (vergelyk Schramm, sonder bronverwysing aangehaal deur Snyman, 1990: 66). 'n Koerant kan onmoontlik alle nuus, alle gebeurtenisse publiseer (Snyman, 1971: 317; vergelyk ook Fink, 1988: 19; Serfontein, 1995: 40; Flight & Felix, 1995: 107). Daar is elke dag te veel inligting, sodat 'n redaksie nie aan al hierdie feite 'n plek in die koerant kan gee nie. Dit is ook nie nodig nie, omdat baie aangebode berigte, beoordeel deur die bril van die koerant se lewens- en wêreldbeskouing, nie belangrik is. Seleksie vorm dus die hart van die joernalistiek. Die etiese uitgangspunt dat die ganse werklikheid beskikbaar is

vir (massa)kommunikasie maak die probleem van nuusseleksie dus nie makliker nie.

Snyman voer (1971: 318) aan dat by nuusseleksie gekyk moet word na die mate van openbare belang van 'n gebeurtenis. Die vraag wat egter van belang is, kan alleen beantwoord word vanuit die onderliggende lewens- en wêreldbeskouing. Nuus staan altyd in die konteks van die joernalistieke verwysingsraamwerk van die besondere medium (De Beer, 1996: 12). Hierin speel sekere vooroordele 'n groot rol. Andersyds is dit so dat 'n leser ook juis dié koerant kies omdat hy dieselfde vooroordele ken en erken (vergelyk Van der Graaf, 1991: 53).

Seleksie van nuus raak nie net die weglating van bepaalde nuusfeite nie. 'n Koerant kan ook aan bepaalde gebeure spesiale aandag gee (vergelyk McQuail, 1988: 53). Die aandag kan eensydig op buitelandse gebeure toegespits word, terwyl belangrike plaaslike gebeure doelbewus vermy of onbewustelik oorgesien word. Nuusseleksie bly dus 'n belangrike etiese kwessie (Heyns, 1986: 387).

Snijders (1993: 16) gee 'n interessante voorbeeld van hoe die 'rigting' van Nederlandse koerante nuusseleksie nie net beïnvloed nie, maar ook bepaal. Verskeie koerante bied net dié aspekte van die nuus oor die besparingsbeleid van die Nederlandse regering aan wat in ooreenstemming met die wêreldbeskouing van die redaksie is. Verskillende koerante het oor hierdie kwessies anders berig. Dit is vir die betroubaarheid van die joernalistiek 'n skadelike gevolgtrekking, het Snijders opgesom. Maar dit bevestig terselfdertyd net die siening dat seleksie saamhang met die wêreldbeeld.

Die joernalis het met die seleksie van die nuus 'n belangrike wapen in die hand om die publieke mening mee te beïnvloed. Net om hierdie rede is die teorie van die 'neutraliteit' van die pers al 'n ontkenning van die waarde van die persetiek (vergelyk Devolder, 1952: 149). Die joernalis moet leiding gee aan die openbare mening. Dit vra van hom dat hy weet wat die doel van die lewe en die geskiedenis is (Devolder, 1952: 174). Dit beteken nie dat hy in sy hantering van die joernalistieke oriëntasie net aan sy eie standpunt voorrang gee nie. Dit sê egter wel dat hy, veral in die behandeling van eties sensitiewe onderwerpe, die gehoor moet probeer help om 'n verantwoorde mening te vorm. 'n Christelike joernalis sal dan, in 'n soeke na waarheid, ook probeer om verskillende Christelike en nie-Christelike standpunte teen mekaar op te weeg en aan die leser voor te hou ter oorweging

Die kwessie van nuus- en sitaatseleksie het ook te doen met die feit dat nuusberigte altyd primêre definisies van probleme gee. Hierdie definiëring of interpretasie van 'n verskynsel is baie belangrik vir die eerste oriëntasie van die leser. Dit is moeilik om die primêre persepsie agterna te weerspreek. Die kwessie van primêre definisies geld ook vir die bronne wat die joernalis gebruik (vergelyk Schlesinger, 1990: 64-72).

**2.5.2 Kommentaar**

Vanuit sy lewens- en wêreldbeskouing sal die joernalis oordeel oor die ontwikkelinge in sy samelewing. De Vries (1979: 16) praat van weerbaar maak en toerus teen verleidende geeste as 'n kenmerk van die Christelike joernalis. 'n Etiese, of Christelike, joernalis wil nie die kritiese gees van sy gehoor afstomp nie, maar hulle juis laat nadink oor wat besig is om te gebeur. In kommentare en opinie-artikels kan 'n koerant die gehoor leer om die slegte van die goeie te onderskei (Snyman, 1971: 335).

Dit is ook nie nodig dat die redakteur, of ander senior joernaliste, wat die kommentare skryf, hulle daarin beperk tot die sogenaamde blote feite nie. Hulle mag hierin hulle eie mening na vore laat kom. Dit is selfs gewens, want 'n kommentaar moet 'n visie op die gebeure gee (Rivers *et al*, 1980: 169).

'n Christelike opvatting van joernalistiek beteken daarom ook glad nie dat vir die gehoor 'n kant-en-klaar-standpunt aangebied word wat hulle moet glo, sonder dat hulle gekonfronteer word met teenargumente of nie-Christelike standpunte nie. 'n Eties bewuste joernalis sal probeer om die gehoor aktief te betrek by meningsvorming. Dit is 'n essensieel onderdeel van sy oriënterende taak.

Daarby moet in gedagte gehou word dat die Bybel nie altyd helder is oor wat die Christelike etiek oor 'n bepaalde kwessie te sê het nie (vergelyk ook Kraemer, 1957: 14). Vanuit hierdie gegewe kan in redaksionele kommentare nie altyd 'n duidelike uitspraak gemaak word nie. Maar daar kan wel in 'n kommentaar gesoek word na Bybelse riglyne vir konkrete kwessies. Ook dié soektog behoort tot die oriëntasiefunksie.

Christene behoort alle standpunte eerlik onder oë te kry. Vanuit die beginsel dat alle mense deur God geskep is, moet alle standpunte wat vir die openbare debat relevant is, in publikasies weergegee word en in kommentare oorweeg word. Of soos Veenstra (1994: 82; vergelyk Calvyn, *Inst*, III, 7, 6) sê:

> Full respect must be given to all persons. Full respect is not based on what a person has done, but rather for who that person is as a created being. This person is respected because he or she is a religious being who carries some likeness to God, however distorted that likeness may be. Respect for His image in persons results in respect for God as Creator.

Hierdie uitgangspunt wil dus sê dat daar nie net na die invloed wat iemand op die (politieke) besluitvorming het, gekyk moet word nie nie, maar dat sy menswees al voldoende is om hom aan te haal en sy siening te oorweeg. Mense met verskillende oortuigings moet vir mekaar oopstaan en bereid wees om waardevolle elemente van ander se argumente op te merk. By vriende moet afgekeur word wat afgekeur moet word en by vyande moet erkenning kry wat lof verdien. Hierdie gedagte impliseer dat die pers nie sommer 'n standpunt mag ignoreer bloot omdat dit nie met sy eie strook nie. 'n Etiese joernalistiek konfronteer homself met alle maatskaplike probleme, omdat dit God se wêreld is. Maatskaplike probleme moet daarom van alle kante belig word. Hierin kan die oriënterende persoonsbehartiging werklikheid word (Snyman, 1990: 65-69; Devolder, 1952: 177; Velema, 1991: 112; vergelyk ook De Beer, 1996: 13; Froneman, 1996a: 4).

### 2.5.3 Etiese joernalistiek en die slegte in die nuus

Die eties-bewuste joernalistiek kom altyd voor die probleem te staan hoe om die eties slegte te weerspieël. Koerante weerspieël die moerasse van die sonde en is verkondigers van 'n gebroke aarde, waarin roof, moord, geweld, rassisme en ander slegte verskynsels voorkom. Sommige koerante is selfs hul bestaan te danke aan 'n joernalistiek wat hom rig op hierdie soort gebeurtenisse. Is dit opheffend om oor eties-negatiewe onderwerpe te skryf? Gaan aborsie, homoseksualiteit en dobbelary nie

bevorder word as heelwat ruimte daaraan afgestaan word nie? In 'n Christelike beskouing van die nuus moet oor hierdie vraag besin word (vergelyk De Klerk, 1982: 7; Snyman, 1990: 68; Meinders, 1996: 32-33).

In alle Westerse perssisteme, ook in Suid-Afrika, bestaan daar 'n soort "slegte-nuus-sindroom": meer aandag word aan vir kriminaliteit as aan kultuur gegee (Hiebert *et al*, 1988: 261, McLuhan, 1970: 24). Dit lyk soms of goeie nuus per definisie nie nuus kan wees nie, want die 'slegte' is meer uitsonderlik en daarom 'beter' nuus. As gevolg daarvan loop die leser in sy koerant net die destruktiewe in plaas van ook die konstruktiewe raak. De Beer (1996: 15-16) maak in hierdie verband die interessante opmerking dat die goeie dardeur juis uitsonderlik geword het en daarom voorbladnuus behoort te wees (vergelyk ook Dowry, 1996: 117).

Die slegte kom, vanuit 'n Bybelse perspektief beskou, in die wêreld weens die invloed van die sondeval. Selfs goeie gebeurtenisse word deur die feit van die sonde en sy werking besoedel. Die verskynsel 'kwaad' is die gevolg van die sonde. Dit gebeur baie dat nuus juis die slegte in die samelewing weerspieël. Meestal is die goeie gebeurtenisse herhalend van aard en het dit die skyn van die gewone. 'n Goeie huwelik is nie nuus nie, maar 'n uitsonderlike egskeiding wel. Die gevaar bestaan dat die goeie nuus deur die slegte in die koerant oorheers word, omdat die slegte die meeste voorkom en daarom (naderhand) as die normale beskou kan word. So bestaan die gevaar dat die empiries-normale, die gemiddelde, as die normatief korrekte aanvaar word. So kan byvoorbeeld die indruk ontstaan dat aborsie, homoseksualiteit en dobbelary moreel gewettig is (vergelyk Snyman, 1971: 333-335).

De Vries (1979: 21) sê dat dit nie tot die taak van die koerant behoort om oor die normale in die lewe te berig nie. Juis daarom kom dit dat die koerant meestal slegte nuus bring:

> Gelukkig maar, zou ik zeggen; stel je voor dat het nieuws zou zijn als iemand heelhuids zijn werk bereikt of zijn baas niet besteelt.

Stappers (1983: 28) gee 'n ander voorbeeld:

> Toen de kapitein eens in het logboek had genoteerd: "De stuurman was vandaag dronken", schreef hij, de stuurman, er bij de eerstkomende gelegenheid in: "De kapitein was vandaag nuchter."

Hierdie twee voorbeelde verduidelik dat die deurgee van die goeie nuus suggereer dat die slegte normaal is. Daar skuil verseker 'n waarheidsmoment in wat De Vries sê, maar daar kan nog verder gedink word. 'n Medium wat feite verswyg, gee ook 'n verwronge beeld van die werklikheid en begaan daarmee 'n etiese fout.

Die mens behoort op grond van sy oriënteringsbelang kennis te dra van negatiewe gebeure en ontwikkelings. Dit vorm deel van die wêreld waarin die gehoor sy Godgegewe roeping moet vervul (vergelyk ook De Beer, 1996: 16; Dowry, 1996: 6). Om dit te verswyg, is 'n etiese slordigheid (vergelyk Velema, 1991: 115). Op hierdie wyse het die leser 'n moontlikheid om hom te verset of daarteen te stry. So kan 'n koerant ook 'n mobilisasiefunksie ontwikkel en veldtogte begin vir sosiale doelwitte in die sfeer van die politiek, moraliteit of godsdiens (vergelyk McQuail, 1988: 71 en 308;

Velema, 1984a: 10). Om dit te doen, is dit nodig dat die leser nie net kennis van die slegte dra nie, maar dit ook kan onderskei. Die koerant moet sy gehoor help om 'n eties-ewewigtige standpunt te ontwikkel oor aktuele kwessies. Dit is 'n wesenlike onderdeel van die oriëntasiefunksie (Snyman, 1971: 335).

Daarby geld dat openbaarmaking van die slegte iets van 'n ontmaskering bevat (vergelyk Van Gessel, 1990: 94). Die pers is 'n magtige wapen om die kwaad in die samelewing teen te werk. Die kwaad is nie 'n wettige deel van die menslike bestaan nie, maar is tog aanwesig. Dit is deel van die sondige werklikheid wat 'n medium behoort te beskryf. Eensydige beriggewing gee 'n verkeerde beeld van die werklikheid, en oorskry daarmee 'n etiese grens. Bowendien kan die kwaad groter mag kry as dit geïgnoreer word (Velema, 1991: 115). En dit kan nooit die doel van etiese joernalistiek wees nie. Niemand is daarmee gediend as 'n koerant hom beperk tot die goeie nie. Dit sou amper selfs 'n ontkenning van die gevolge van die sondeval wees.

Daar bestaan geen uitgewerkte etiese raamwerk oor presies hóé berig moet word oor 'die slegte' nie. Dit geld byvoorbeeld vir die hantering van geweld in die pers (kyk ook Dowry, 1996: 34) asook die verslaggewing oor eties sensitiewe kwessies soos homoseksualiteit, aborsie en dobbelary. Tog kan 'n paar lyne getrek word.

'n Fundamenteel Christelike uitgangspunt is dat die nuus oor slegte gebeure nie ter wille van die slegte aangebied moet word nie. Dit gaan primêr om die oriënteringsbelang van die gehoor. Ook moet die slegte nie as die goeie voorgehou word nie. Moord, egbreuk, verkragting en rassisme sal nooit die goeie kan wees nie, al is dit in die verskeurde wêreld miskien wel die gewone (vergelyk Snyman, 1971: 335; Heyns, 1986: 389). Maar die inligting hieroor mag in die meeste gevalle nie van die leser weerhou word nie.

Daar is 'n verskuilde spanning in hierdie argument: die slegte moet wel gepubliseer word, maar juis om vir die gehoor te wys dat daar werklik sonde in die samelewing leef. Publikasies wek maar alte maklik die suggestie van 'n seënende hand oor 'n gebeure. Hierdie spanning het daarom belangrike gevolge vir die aanbieding van die feite. Dit mag nooit so wees dat die indruk deur die aanbieding ontstaan dat die slegte goed of normaal is nie. Die koerant behoort die inligting ewewigtig aan te bied en 'n kritiese stem te laat klink. Die leser word so in staat gestel om die slegte te herken en sy eie keuses te maak (vergelyk Heyns, 1986: 389).

Dit is ook nie nodig dat by 'n verslag oor 'n moord of verkragting al die besonderhede beskryf word nie. Vir die oriëntasie van die leser is die basiese feite voldoende. 'n Volledige beskrywing van byvoorbeeld 'n onprofessionele agterstraataborsie, sal miskien aan sommige lesers se sensasielus voldoen, maar dit het niks te doen met die oriëntering van die gehoor nie (vergelyk Snyman, 1971: 336). Sensasiebeluste koerante belemmer die gehoor se oriëntasie (vergelyk Snyman, 1990: 67) en misbruik hul eie vryheid (Heyns, 1986: 389). Te veel besonderhede in verslaggewing kan ook maklik 'n skending van die mens as beeld van God inhou (Dowry, 1996: 7). Dus behoort koerante wel oriëntasie, maar beslis geen sensasie nie te bevat.

Devolder (1952: 269) noem die moontlikheid dat 'n joernalis so oor misdade en ontughofsake kan skryf dat die leser nie aangemoedig word om dieselfde oortredings te

begaan nie, maar juis daarvan afkerig te word. 'n Joernalis wat van sy sosiale verantwoordelikheid bewus is, sal sy misdaadberigte so redigeer dat die normale leser daarin 'n aansporing sal vind tot pligsbesef. Die slegte mag dus in geen geval so aangebied word dat dit tot verdere geweld aanleiding gee of groepe in die samelewing benadeel nie. Te volledige beskrywings van misdade sal aan sekere lesers goeie idees kan gee om self misdade te pleeg, met die gevolg dat die koerant misdaad bevorder (vergelyk ook Velema, 1984b: 5; Dowry, 1996: 7; Velema, 1991: 116; McQuail, 1988: 117).

Onder media-etici is daar 'n sekere mate van konsensus dat daar baie terughoudend verslag gedoen moet word oor selfmoorde. Uit studies (Fink, 1988: 36; Day, 1991: 203) blyk dit dat die getal selfmoorde toeneem as 'n selfmoordsaak wye persdekking kry. Dit is selfs te meer die geval as die selfmoord beskryf of selfs vertoon word. Die riglyn kan daarom wees dat daar nie oor selfmoordgevalle verslag gedoen word nie. As 'n publieke figuur sy eie lewe neem, is dit egter nie moontlik om dit te ignoreer nie. Maar ook dan behoort daar met die nodige versigtigheid en meelewendheid te werk gegaan word, veral met die oog op familie en vriende (Day, 1991: 109).

### 2.5.4 Negatiwiteit as nuuskriterium

In die algemeen kan 'n mens sê dat die negatiewe aspekte van gebeure die nuuswaardigheid daarvan baie verhoog (Bohle, 1986: 789-790). Navorsing in die Verenigde State van Amerika het byvoorbeeld uitgewys dat een derde van die joernalistieke inhoud van koerante negatiewe inligting is (Golding en Elliott, 1979: 120). Dit word veroorsaak deur die wyverspreide opvatting onder talle Westerse joernaliste dat negatiewe nuus beter nuus is as goeie nuus. Hoe meer bloed, hoe meer nuuswaardig word 'n berig. Goeie nuus is nie nuus nie; slegte nuus is goeie nuus.

Volgens Bohle (1986: 790-791) is daar verskeie redes waarmee 'n mens hierdie verskynsel kan verklaar. Eerstens verkoop 'n koerant met negatiewe nuus beter as 'n 'ernstige' koerant. Tweedens is *slegte nuus* nie twyfelagtige nuus nie; 'n mens hoef nie lank te wonder oor die vraag of dit nuus is nie. Derdens vervul *slegte nuus* 'n sekere latente behoefte aan negatiewe inligting (*badness*). Laastens gebeur die slegte meestal meer onverwags (Bohle, 1986: 790-791). As ekstra faktore sou 'n mens kan noem die feit dat negatiewe gebeure, soos rampe, vinniger verskyn as positiewe ontwikkelings en dat daar grote ooreenstemming in die samelewing oor negatiewe as oor goeie dinge bestaan (Steyn, 1995: 46-47; vergelyk ook Froneman, 1996a: 8). Daarmee saam het talle Westerse joernaliste 'n voorliefde vir slegte nuus. As hulle kan kies tussen 'n positiewe en negatiewe weergawe van 'n storie, kies hulle die negatiewe (Bohle, 1986: 791 en 795).

Die tradisionele opsomming van nuuskriteria[5] lê 'n baie sterk klem op negatiewe gebeure. Dit gaan verder ook oor *human interest* en seks, konflik en rampe, of om bisarre, emosionele en destruktiewe gebeurtenisse (vergelyk Harris, & Stanley, 1992: 27-33). Negatiwiteit word as 'n selfstandige nuuswaarde voorgestel, soos bewys word

---

[5] Die begrippe 'nuuswaarde', 'nuuswaardigheid' en 'nuusfaktore' kan verwarring gee as hulle nie korrek gehanteer word nie. Nuuswaardes (*news values*) is onderliggende gedagtes wat ten grondslag lê aan nuuswaardigheid (*news worthiness*). Nuusfaktore beïnvloed die mate van nuuswaardigheid (vergelyk Froneman, 1996a: 6-7). Baie keer word egter die begrip 'nuuswaarde' gebruik as 'nuusfaktor' bedoel word.

deur 'n aanhaling uit Golding en Elliot (1979: 120-121):

> Bad news is good news. (...) News is about disruptions in the normal current lives. (...) The concentration on negative events, that is events perceived or presented as damaging to social institutions, is not the result of a mischievous obsession with misery or discontent among journalists, but the outcome of the history of their occupation. (...) The *news value of negativity* is therefore an important contributor to the social values in news, defining by default both the status quo and the sources and nature of threats to it (kursivering EvV).

Hieruit is dit duidelik dat die negatiewe 'n selfstandige rol speel. *Bad news* is *good news* bloot omdat dit *bad news* is. Dit is die slegte ter wille van die slegte. Daar kan nie saamgestem word met hierdie visie nie: slegte nuus behoort deurgegee te word, soos vroeër geargumenteer is, maar dan ter wille van oriëntasie. In 'n model vir etiese joernalistiek is die slegte dus alleen 'n faktor wat indirek meespeel in nuuskriteria.

Die siening waarin die negatiewe 'n selfstandige plek in die raamwerk van nuuswaardes het, is een uiterste. Hierdie visie word veral gehanteer in die Westerse wêreld. Die ander uiterste kom voor in die Derde Wêreld. Die sogenoemde ontwikkelingsmodel benadruk by voorkeur die positiewe ontwikkelings in 'n samelewing (McQuail, 1988: 119-121). Dit kan ontaard in 'n vorm van 'sonskynjoernalistiek'. Hierdie vorm van verslaggewing is verbind tot 'n eensydige klem op die ekonomiese, politieke, kulturele en sosiale ontwikkeling as 'n primêre nasionale taak (vergelyk Froneman & De Beer, 1994: 7). Dat hierdie siening etiese implikasies het, hoef nie verder beredeneer te word nie.

Dit is duidelik dat op die punt van negatiewe en positiewe nuus besinning oor nuuswaardes nodig is (vergelyk Obonyo, 1996: 26). As die oriëntasie van die gehoor as een van die speerpunte van 'n goeie joernalistiek beskou word, kan die negatiewe om die negatiewe nie as 'n oorheersend belangrike nuuskriterium gehandhaaf word nie.[6]

Vroeër is geargumenteer dat die verwagtingspatroon van mense 'n deurslaggewende rol speel by die beoordeling van negatiewe nuus. Wanneer 'n mens 'n positiewe verwagting het van wat in die wêreld aangaan, dan is dit slegte nuus. As jy egter die deurwerking van die sondeval in jou lewensbeskouing in berekening bring, kry jy 'n meer gematigde visie op die werklikheid. Dan is die goeie ontwikkeling ook eerder nuus. Dit is daarom waarskynlik dat in 'n Christelike visie op joernalistiek positiewe nuus makliker sy regmatige plek sal kry.

Daar is ook nog andere faktore wat 'n rol speel. Die ontwikkelingsmodel ly, in teenstelling tot die libertynse model, aan 'n 'goeie-nuus-sindroom'. Dit kan maklik verklaar word vanuit die Derde-Wêreldsituasie waarin hierdie model gepraktiseer word. Die belangrikste doel is om die land te laat ontwikkel (McQuail, 1988: 121). Die media in die Westerse wêreld is, oor die algemeen, egter bang dat hulle te nou aan die regering gebind sal word. Bowendien lê die pers homself 'n waghondfunksie op ten

---

[6] Daarby kan 'n mens ook die kritiese vraag stel hoekom seks op sigself nuuswaardig is. Seks is nie nuut nie en is so eie aan die mens dat dit ook nie as uitsonderlik beskou kan word nie (vergelyk Obonyo, 1996: 26). Daarmee is seks as selfstandigde nuuswaarde eintlik in teenspraak met twee algemeen aanvaarde uitgangspunte vir nuus.

einde die owerheid onafhanklik te kan kontroleer (Hiebert *et al,* 1988: 600; kontra Snyman, 1971: 405-406). 'n Kunsmatige afstand van die regering word daarom ingeneem, met die gevolg dat die media 'n beheptheid met die negatiewe kry, kan geargumenteer word (vergelyk Bohle, 1986: 790; Wolfson, 1985: 11).

Vanuit hierdie verklaring kan 'n mens redelik noukeurig voorspel watter perssisteem in 'n land bestaan. Met betrekking tot Suid-Afrika is daar egter 'n probleem: omdat dit 'n land is waarin sowel die Eerste as die Derde Wêreld bestaan, funksioneer daar ook meer modelle (Froneman, 1996b: 6; vergelyk ook Van Vlastuin, 1997c).

Samevattend kan gesê word dat slegte nuus 'n belangrike funksie het in die oriëntering van die gehoor. Die nuuskriterium bly egter die positiewe oriëntasie en nie die negatiewe nie. Dieselfde geld vir positiewe nuus. Die mooie ter wille van die mooie, soos in die ontwikkelingsmodel, is nie die juiste weg nie, omdat die pers dan maklik 'n gehalveerde beeld van die werklikheid kan weergee en die pers gebind word aan die regering. Sowel die ontwikkelingsmodel as die libertynse model (vergelyk McQuail, 1988: 112-116 en 119-121) kan die gehoor in sy oriëntasie belemmer. 'n Tussenweg waarin nuus ter wille van oriëntasie aangebied word, is 'n alternatief.

**2.5.5 Konflik as nuuswaarde**

Met konflik as nuuswaarde ontstaan dieselfde probleem as met negatiwiteit. 'n Mens kan nie sê dat alle konflik, ongeag die inhoudelike aanleiding tot die konflik, nuuswaardig is nie. Tog is dit die gevolg as konflik as selfstandige nuuswaarde aangebied word.

Konflik is beslis 'n nuusfaktor. Verslaggewing oor konflikte behoort egter in verhouding te staan tot 'n inhoudelike kwessie wat van waarde is vir die oriëntasie van die gehoor. 'n Persoonlike teenstelling tussen twee politici kan byvoorbeeld alleen voldoende nuuswaardigheid hê as dié tweespalt wortel in 'n verskil van insig wat politiese gevolge kan hê. Die konflik is dan van belang weens die gevolge daarvan en nie as sodanig nie. Die aard van die konflik moet uitwys of dit van belang is. 'n Rassekonflik is vinnig nuuswaardig, omdat dit baie belangrike implikasies vir die samelewing het. 'n Louter persoonlike vete kan egter nooit op sigself nuuswaardig wees nie (vergelyk Brants & Van Praag, 1995: 255).

**2.6 TEORETIESE STELLINGS**

Vir die doel van hierdie studie kan die posisies wat in hierdie teoretiese hoofstuk ingeneem is, in vyf teoretiese stellings saamgevat word. In die stellings word die klem geplaas op die oorwegings wat direkte konsekwensies vir die joernalistieke praktyk het, omdat dit die stellings beter hanteerbaar maak in hierdie navorsing, wat gaan oor die feitelike joernalistieke hantering van drie konkrete onderwerpe. Die stellings word in die empiriese deel as evalueringsinstrumente gebruik.

**2.6.1 Teoretiese stelling 1**

Volgens die joernalistieke *oriëntasiefunksie* is die pers veronderstel om *insig in wêreldgebeure* aktief en bewus te bevorder, sodat die lesers in hul onderskeie verhoudings tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie nagekom word, kan van oriënterende persoonsbehartiging gepraat word.

### 2.6.2 Teoretiese stelling 2

Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel *geen onderwerp* wat vir die joernalis *verbode terrein* is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word.

### 2.6.3 Teoretiese stelling 3

As 'n koerant sy *oriëntasiefunksie* op 'n goeie, etiese wyse vervul, kan hy 'n *suksesvolle venster op die wêreld* wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die *totaalprentjie* aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied te word.

### 2.6.4 Teoretiese stelling 4

Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. *Nuusseleksie* kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te *beïnvloed*. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die *konteks van die feite* na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie.

### 2.6.5 Teoretiese stelling 5

In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n *plek vir die 'slegte'*. Maar die slegte word *nie ter wille van die slegte* of die sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor.

## 2.7 SLOT

Voorafgaande teoretiese begronding sal vervolgens, binne die raamwerk van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise, gebruik word as evalueringsinstrument om te bepaal hoe die drie koerante *Beeld*, *Rapport* en *Die Kerkbode* die oriëntasiefunksie gehanteer het.

# HOOFSTUK 3. BESKRYWING EN ANALISE VAN BERIGGEWING EN KOMMENTAAR IN *BEELD*

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsvrae aangaande die dagblad *Beeld* aan die orde gestel. Eerstens word 'n algemene beeld van dagbladjoernalistiek gegee en daarna 'n kort historiese oorsig oor *Beeld* aangebied. Vervolgens word die beriggewing en kommentaar in *Beeld* oor homoseksualiteit, aborsie en dobbelary in 1995 beskryf, geanaliseer en beoordeel.

## 3.2 DAGBLADJOERNALISTIEK

### 3.2.1 Algemene gegewens: dagblaaie

'n Dagblad is 'n daaglikse venster op die wêreld. Dit word veronderstel om ten minste vyf keer per week te verskyn. Oor die algemeen stel koerante hulself dit primêr ten doel om aktuele en nuuswaardige inligting te verskaf. Gewoonlik word drie aspekte in dié verband onderskei, nl. inligting, toeligting en voorligting (Van Gessel, 1990: 7). Anders gestel: gewone inligting, interpretasie van inligting en kommentaar daarop.

'n Dagblad bring inligting op verskillende maniere. Eerstens is daar nuusberigte waarin so vinnig as moontlik van aktuele feite verslag gedoen word. Tweedens is daar agtergrondartikels, wat meer verduideliking gee op aktuele informasie. Dit kan ook in die vorm van onderhoude gebeur. Verder is daar die koerant se eie siening op die gebeurtenisse in die vorm van redaksionele kommentare, asook rubrieke wat 'n persoonlike of vermaaklike kleur het. Advertensies behoort nie tot die joernalistieke deel van die koerant nie (Van Gessel, 1990: 7-8).

Ná die uitvinding van die boekdrukkuns in Europa rondom 1450 het dit nog lank geneem voordat daar reëlmatig publikasies verskyn het. In 1605 verskyn in Antwerpen die *Nieuwe Tijdinghe*, wat die eerste nuusblad was wat met reëlmaat gepubliseer is. Eers in 1702 het die Britse *Daily Courant* die eerste dagblad geword. In 1784 het ook Amerika met *Pennsylvania Packet* 'n dagblad gekry. Nederland se eerste dagblad, die *Algemeen Handelsblad*, is vanaf 1830 gepubliseer. Die opbou van politieke partye, kommersiële aktiwiteite en kulturele ontwikkeling het steeds die ontwikkeling van die pers bevorder. Die inligting wat aangebied is, was gemik op ekonomiese en politieke funksionaliteit. Die vermaakfunksie van die pers was toe nog nouliks ontwikkel (Baschwitz, 1949: 92-93; 118; Bertrand, 1969: 15, 27; Kobre, 1969: 149; 152-153).

Die eerste Suid-Afrikaanse koerant het in 1800 van die pers gekom: die *Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter*. 'n Onafhanklike pers in Suid-Afrika dateer van 1824. Later is die reg op vrye publikasie ook in die grondwette van die Boererepublieke in Transvaal en in die Oranje-Vrystaat vasgelê. Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in die tagtigs van die negentiende eeu het die koerantwese 'n belangrike impuls gegee (De Kock, 1983: 2-7; 19; 22).

Die eerste koerant in Afrikaans was *Di Patriot*, wat van 1876 tot 1904 verskyn het. Dit was 'n mondstuk van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), wat die erkenning van Afrikaans as amptelike taal wou bevorder. In die twintigste eeu het die Suid-Afrikaanse koerantbedryf hom ontwikkel tot een van die sterkstes op die Afrika-vasteland. Daar is tans sowat veertig dagblaaie en Sondagkoerante in die land (Janse

van Rensburg, 1995; Fauré, 1988: 162; vergelyk Steyn, 1995: 132-133; De Kock, 1983: 10, 123).

### 3.2.2 Historiese gegewens: *Beeld*

*Beeld* is in 1974 opgerig as koerant van Nasionale Pers (Naspers) in Transvaal. In hierdie tydvak het daar 'n spanningsituasie tussen die ou sisteem en die oproep om vernuwing bestaan (Kühn, 1995: 2; Vosloo, 1995: 3). In die beginperiode het *Beeld*, joernalistiek beskou, nie sleg gevaar nie. Tog het die sirkulasie in die eerste maande gesukkel. Eers ná 'n jaar het dit stadigaan begin styg. In die eerste helfte van 1977 het die sirkulasie deur die 50 000-kerf gebreek. Toe was *Beeld* eintlik al die grootste Afrikaanse koerant in die Noorde, maar *Die Transvaler* het hierdie gegewe voorlopig verberg. In Maart 1983 het *Beeld* deur die 100 000-kerf gebars (Scholtz *et al*, 1992: 307-309; Scholtz, 1992b: 290vv; Van Deventer, 1995: 12-13; Wepener, 1995: 9).

Byna die hele geskiedenis van *Beeld* wys 'n styging in die oplaesyfers. In 1983 was daar een maand waarin *Beeld* vir die eerste keer meer as 100 000 eksemplare per dag verkoop het. Dit het tot 1989 geduur voordat *Beeld* 'n hele jaar lank 'n sirkulasie gehad het van gemiddeld meer as 100 000 per dag. In die eerste helfte van 1990 het die sirkulasie in die week op 103 011 gestaan, met 85 346 op Saterdae (Scholtz *et al.*, 1992: 312). In die eerste helfte van 1996 het die daaglikse sirkulasie gemiddeld op 116 485 gelê (*Beeld*, 6 November 1996). Gedurende 1995 was Willie Kühn redakteur van *Beeld*.

*Beeld* het vanaf die begin besef dat 'n intekenaarstelsel verkieslik is. Ook op grond van bevindings wat opgedoen is by die bestudering van Amerikaanse koerante se bemarkingsmetodes, is besluit dat daar 'n aktiewe werwing van intekenaars moes kom. Ná 1977 was *Beeld* die Suid-Afrikaanse koerant wat na verhouding die meeste vaste intekenaars gehad het (Scholtz *et al.*, 1992: 310; De Wet, 1995: 4).

Voor die koms van *Beeld* het baie Afrikaners Engelstalige koerante gelees. Dié koerante het soveel meer as die bestaande Afrikaanse dagblaaie gebied. *Beeld* het geprobeer om tot 'n nuwe geslag Afrikaners te spreek wie se belangstellingsveld wyer gestrek het as dié van die ander Afrikaanse koerante. Hulle het daarvoor gekies om 'n lewendige, maar ook ernstige, oggendblad te wees (Scholtz *et al.*, 1992: 312).

In die eerste hoofartikel wat Schalk Pienaar, die stigterredakteur, in *Beeld* geskryf het, het hy gesê dat dié koerant in diens van die Afrikanervolk wil staan. Hy het egter terselfdertyd bygevoeg dat dié volk geen hoop op 'n toekoms het nie as hy nie sy rol aanvaar as 'n deel van 'n meerkleurige Suid-Afrikaanse nasie nie. Volgens hom moes daar 'n saambestaan met swart en bruin bure wees (Scholtz *et al*, 1992: 314). Hierdie idee van "inklusiewe nasionalisme" is nie gunstig in regse kringe binne en buite die Nasionale Party ontvang nie. Dr. Andries P. Treurnicht het *Beeld* in dié dae 'n "vyand van die Afrikanervolk" genoem (Scholtz *et al*, 1992: 314-316; Du Plessis, 1995: 24).

Hoewel *Beeld* in groot trekke die NP gevolg het, was dit nie 'n spreekbuis van die Nasionaliste nie. In Januarie 1981 het die redakteur, Ton Vosloo, geskryf dat "die dag sal kom dat 'n Suid-Afrikaanse regering met die ANC om die onderhandelingstafel gaan sit". Hierdie stelling het behoorlike opspraak gewek. Hierdie soort artikels het bekendheid aan *Beeld* besorg (Scholtz *et al*, 1992: 318-319; Du Plessis, 1995: 24). Ook met president P. W. Botha was daar botsings (Scholtz *et al*, 1992: 320-321; De Bruin, 1995: 6). In Julie

1988 het die volgende redakteur, Willem J. Wepener, gesê Nelson Mandela moet op sy sewentigste verjaardag vrygelaat word (Wepener, 1995: 9; Du Plessis, 1995: 24). Enkele weke na Mandela se vrylating is daarvoor gepleit om ook gekleurdes tot die Nasionale Party toe te laat (Scholtz *et al*, 1992: 323).

Teenoor homoseksualiteit en dobbelary is *Beeld* baie verdraagsaam. Die koerant wil nie 'n oordeel daaroor uitspreek nie. Oor aborsie dink *Beeld* dit behoort nie te gebeur nie. Tog mag dit ook nie verbied word nie, want dit is die individu se taak om te besluit. Die koerant steun sterk op die klassieke liberale beginsels, sê *Beeld* se een adjunk-redakteur, Tim du Plessis (Du Plessis, 1997).

Vanuit die algemene breë joernalistieke opset van 'n dagblad kan daar verwag word dat allerlei aspekte rondom die eties sensitiewe kwessies homoseksualiteit, aborsie en dobbelary aan die orde gestel sal word, byvoorbeeld die ekonomiese, sosiale, morele en mediese kante van die drie sake. Tewens kan op grond van die Christelike tradisie en *Beeld* se leserskorps (vergelyk 1.2.2 en 1.2.3) verwag word dat die Christelike aspekte op die een of ander wyse in die hantering van hierdie drie onderwerpe na vore sal kom.

## 3.3 EMPIRIESE GEGEWENS

In hierdie sub-hoofstuk word die empiriese gegewens oor *Beeld* se hantering van die joernalistieke oriëntasiefunksie ten opsigte van die genoemde drie etiese kwessies weergegee en geïnterpreteer. Eerstens word ingegaan op homoseksualiteit, daarna op aborsie en laastens op dobbelary.

Die vier aandagspunte (frekwensie, prioriteit, sitaat-analise en, indien aanwesig, redaksionele kommentaar) word apart bespreek. Die verhouding tussen 'feitelike' en 'meningsvormende' items word ook aangegee. Die joernalistieke hantering word beskryf, geanaliseer en beoordeel. Daarby word gebruik gemaak van die onderhoud wat gevoer is met *Beeld* se een adjunk-redakteur (Du Plessis, 1997; opgeneem in Bylae 1).

Daar word apart aandag aan die teoretiese stellings (uit subhoofstuk 2.6) gegee. Vir elke stelling word bepaal hoe dié aspek van die oriëntasiefunksie na vore gekom het in die joernalistieke hantering van die drie onderwerpe.

In tabelle word die datum, soort, bladsynommer, die omvang en grootte van opskrifte weergegee. In Addendum 1 word samevattings van al die gepubliseerde items gegee. In hierdie hoofstuk word die metode gevolg soos beskryf in subhoofstuk 1.8.

### 3.3.1 Homoseksualiteit

#### *3.3.1.1 Frekwensie*

*Beeld* het in 1995 dertig keer 'n item oor homoseksualiteit gepubliseer (N=30). Onder hierdie dertig items was daar 22 nuusberigte en agt artikels. Geen redaksionele kommentaar oor hierdie tema is in dié periode deur *Beeld* gepubliseer nie. Een keer het 'n berig en 'n artikel in dieselfde uitgawe gestaan (B 28 en B 29).

In 1995 was daar 307 uitgawes van *Beeld* (*Beeld*, 1996). Dit beteken dat in amper een uit tien koerante aandag aan homoseksualiteit gegee is.

Die verspreiding van al die items was oor die hele jaar taamlik eweredig. Wel was daar in

die een maand meer as in die ander, maar daar was duidelik nie 'n konsentrasie van publikasies rondom een bepaalde datum of periode nie.

### *3.3.1.2 Prioriteit*

Die tema homoseksualiteit het nie een keer die voorblad van *Beeld* gehaal nie. Vyf keer het 'n berig op bladsy 2 gestaan, 'n belangrike nuusbladsy in *Beeld*. Daar is ses keer op bladsy 3 aandag aan gay-kwessies gegee. Ook is daar vyf berigte en twee artikels oor die tema in die *Kalender*-bylae geplaas (bladsynommer in die tabel aangedui met K-toevoeging). Die res het verskyn tussen bladsy 4 en 13.

(In Tabel 3.1 word die relevante gegewens oor dié publikasies vermeld.)

Tabel 3.1 Datum, soort, bladsynommer, omvang en opskrifgrootte van *Beeld* se items oor homoseksualiteit in 1995.

| Kode | Datum | Soort | Bladsy | Omvang berigte* | Omvang artikels | Opskrifte berigte | Opskrifte artikels |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B 1 | 3 Januarie | berig | 5 | kort | | klein | |
| B 2 | 17 Januarie | berig | 10 | kort | | klein | |
| B 3 | 26 Januarie | berig | K2 | kort | | klein | |
| B 4 | 1 Februarie | berig | 3 | kort | | klein | |
| B 5 | 11 Maart | artikel | 3 | | kort | | klein |
| B 6 | 21 Maart | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 7 | 23 Mei | berig | 2 | lank | | groot | |
| B 8 | 27 Mei | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 9 | 29 Mei | berig | 4 | kort | | groot | |
| B 10 | 9 Junie | berig | K6 | kort | | klein | |
| B 11 | 21 Junie | berig | 13 | kort | | klein | |
| B 12 | 31 Julie | artikel | 5 | | lank | | klein |
| B 13 | 21 Augustus | artikel | 12 | | lank | | klein |
| B 14 | 28 Augustus | berig | 2 | lank | | klein | |
| B 15 | 29 Augustus | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 16 | 31 Augustus | artikel | K3 | | kort | | klein |
| B 17 | 4 September | berig | 2 | lank | | klein | |
| B 18 | 11 September | artikel | 8 | | lank | | klein |
| B 19 | 14 September | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 20 | 29 September | berig | 3 | kort | | klein | |
| B 21 | 9 Oktober | berig | K2 | kort | | klein | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B 22 | 30 Oktober | berig | 3 | lank | | groot | |
| B 23 | 1 November | berig | 3 | kort | | klein | |
| B 24 | 6 November | berig | K4 | kort | | klein | |
| B 25 | 14 November | artikel | K6 | | lank | | groot |
| B 26 | 17 November | berig | K3 | lank | | groot | |
| B 27 | 18 November | berig | 2 | lank | | klein | |
| B 28 | 28 November | berig | 3 | kort | | klein | |
| B 29 | 28 November | artikel | 9 | | lank | | groot |
| B 30 | 18 Desember | artikel | 8 | | lank | | klein |

* Die omvang van berigte en artikels, sowel as die grootte van opskrifte is kontekstueel bepaal deur die gemiddeldes vas te stel. Wat onder die gemiddelde is, word beskou as kort of klein; bo die gemiddelde as lank of groot (kyk 1.8.2.2.2b).

#### *3.3.1.3 Algemene beskrywing en analise van berigte en artikels*

In *Beeld* se items oor homoseksualiteit was daar min interne samehang. Die meeste items het los gebeurtenisse beskryf, wat niks meer met mekaar te doen gehad het nie as die feit dat dit oor homoseksualiteit gegaan het. Daar was wel enkele items wat dieselfde gebeure beskryf het. Drie items was oor homoseksuele studente op universiteite, waarvan twee gehandel het oor die gebruik van die Universiteit van Pretoria se kapel vir 'n homo-gemeente (B 7, B 8 en B 9-3, N=30). Drie artikels is geskryf oor Danie Botha se prosa-debuut, *Die Soft Rock Klub* (B 12, B 13 en B 16- 3, N=30). Ook was daar drie berigte oor die Zimbabwiese president, Robert Mugabe, se ekstreem-afwysende standpunt oor die uitleef van homoseksualiteit en die protes wat dit uitgelok het (B 14, B 15 en B 28-3, N=30). Twee berigte is gepubliseer oor die gay- en lesbiese rolprentfees wat in Rosebank, Johannesburg, gehou sou word (B 26 en B 27-2, N=30). In 'n ander item is ook verwys na die filmfees (B 25). Hierdie temas hou nie verband met mekaar nie. Al die ander items het onderwerpe bespreek wat heeltemal los van mekaar staan.

*Beeld* het in die hantering van die onderwerp homoseksualiteit duidelik sy eie aard as 'n dagblad getoon, naamlik om allerlei fasette van homoseksualiteit te bespreek. Die verskeidenheid was groot. So was daar 'n kort berig oor die feit dat gay-pare in Swede kan trou, wat verband hou met die juridiese status van 'n homoseksuele relasie (B 1). Verskeie berigte het insig gegee in wetenskaplike navorsing na die herkoms van die gay-identiteit (B 2 en B 23-2, N=30). Ook die probleme wat baie gays het met die sosiale aanvaarding van hul identiteit is uitgebreid aan die orde gestel (B 17, B 19, B 25 en B 29- 4, N=30). Die godsdienstige besware van Christene het ook plek-plek na vore gekom (B 4, B 6 en B 27-3, N=30). Dit het ook duidelik geword dat die politieke hervorming gevolge gehad het vir die erkenning van homoseksuele in openbare poste in die samelewing, al het dit net in een onderhoud eksplisiet na vore gekom (B 5). Daar is ook berig oor 'n geval van (homo)seksuele teistering van jong seuntjies (B 22). Opvallend was ook die kombinasie van homoseksualiteit en die vermaak-industrie (B 1, B 10 en B 24-3, N=30). *Beeld* het ook die plek van homoseksuele in die literatuur aan die orde gestel (B 12, B 13, B 16, B 18 en B 30 -5, N=30). Uit die items word dit duidelik dat homoseksualiteit met baie aspekte van die lewe te make het. Dit stem ooreen met die verwagting (uitgespreek aan die slot van 3.2.2)

dat *Beeld* as 'n dagblad hom nie sou beperk tot net sekere aspekte van die kwessie nie, maar geprobeer het om 'n omvattende prentjie te gee.

In die dertig items was daar nie 'n leidende tema nie. Daar was in 1995 geen maatskaplike of politieke proses wat rigting aan die joernalistieke hantering van homoseksualiteit gegee het nie. Dit verklaar waarskynlik ook waarom daar nie 'n kommentaarartikel oor die tema geskryf is nie.

In die items oor homoseksualiteit het *Beeld* dertien keer in 'n sitaat 'n pro-siening weergegee (die kriteria vir die klassifisering is uitgebreid omskryf in 1.8.2.2.2). Sewe keer is 'n kontra-standpunt gereflekteer en in agttien sitate was daar nie 'n eksplisiete mening oor homoseksualiteit nie.

Die pro-siening kan goed geïllustreer word met die sitaat van Tobias Wikstroem, president van die Sweedse vereniging vir gelyke regte, wat die besluit van die Sweedse regering dat gay-mans maar met mekaar kan trou, toegejuig het (B 1). "Dit is 'n oorwinning, 'n wonderlike erkenning van homoseksuele." Hierdie (kort) aanhaling kom sonder twyfel voort uit 'n positiewe siening van homoseksualiteit.

'n Ander duidelike pro-siening het na vore gekom in die artikel in *Kalender* wat gehandel het oor die "uitkom" van tieners vir hul homoseksuele identiteit (B 25). 'n Sielkundige het daarin gesê: "As 'n tiener werklik nie weet hoe om 'uit' te kom nie, moet hy met iemand gaan praat wat hom kan help: 'n sielkundige, 'n dominee of iemand wat homoseksuele hulpdienste aanbied. (...) Ongelukkig is daar altyd mense in die gemeenskap wat nie kan aanvaar dat sommiges 'n ander lewenswyse verkies nie. Mense is steeds geneig om ander te etiketteer." Dit is "ongelukkig" as daar mense is wat hulle teen 'n homoseksuele lewenswyse verset, het hy gesê. Dit is daarom 'n aanhaling wat duidelik 'n pro-siening op homoseksualiteit bevat.

'n Helder voorbeeld van 'n kontra-siening is gepubliseer in die aanhalings van die Zimbabwiese president Mugabe (B 28), waarin hy gesê het "homoseksuele het geen bestaansreg in Zimbabwe nie en dit is finaal. (...) Ons eie tradisie en kultuur laat dit nie toe nie. Ons sal voortgaan om met hulle (homoseksuele) in Afrika te verskil." Dit is duidelik 'n sitaat wat voortkom uit 'n afwysende siening van homoseksualiteit.

'n Ander kontra-siening is gegee vanuit Christelike agtergrond (B 27): "Weens die sterk Christelike invloed hier (in Pretoria, EvV), beskou ons gemeenskap homoseksuele praktyke as onnatuurlik, ongesond en strydig met God se wil. Dit is 'n bedreiging vir die gesin en daarom vir die samelewing." Ook hierdie aanhaling het voortgekom uit 'n afwysende houding ten opsigte van homoseksualiteit.

Dit is opvallend dat in verskeie sitate waarin 'n pro-siening verwoord is, gevra is dat die maatskaplike aanvaarding van homoseksuele bevorder word en dat hulle regte as menseregte erken word (B 1, B 7, B 11, B 17, B 19, B 25 en B 28-7, N=30). Aan die ander kant val dit ook op dat teenstanders van homoseksualiteit gemeen het dat dit terug-gedring moet word, sodat dit nie in die openbaar aangeprys of goedgekeur word nie (B 4, B 11, B 15, B 27 en B 28-5, N=30). Uit *Beeld* se hantering van hierdie onderwerp het duidelik geword dat dié standpunte onversoenbaar met mekaar is. Wat die een persoon wil bevorder, sal die ander juis bestry.

Die verhouding tussen die kontra- en pro-sienings wat aangehaal is, is nie ewewigtig nie. Die voorstanders van maatskaplike aanvaarding is twee keer meer aangehaal as die teenstanders (dertien teenoor sewe). Die standpunt van die voorstanders was soms ook die invalshoek waarvanuit die gebeure beskryf is (kyk byvoorbeeld B 1 en B 5-2, N=30). Hoewel nie een standpunt heeltemal doodgeswyg of geïgnoreer is nie en die diversiteit van die samelewing dus weerspieël is, blyk tog dat daar nie heeltemal reg geskied het aan 'n spesifieke siening wat in Suid-Afrika 'n baie sterk posisie het nie. Gegee die eise van die joernalistieke oriëntasiefunksie, behoort die standpunte meer gebalanseerd aangebied gewees het.

Soos van 'n dagblad verwag kon word, was 'n groot meerderheid van die items 'feitelik'. Van die dertig items was daar slegs agt wat 'n 'meningsvormende' strekking gehad het (8, N=30). Die bespreking van 'n literêre werk is byvoorbeeld as meningsvormend aangegee (B 12, B 13, B 16, B 18 en B 30). Dieselfde geld vir die artikel waarin uitgebreid aandag gegee is aan gay-tieners wat wil "uitkom", al dan nie (B 25) en die onderhoud met die homoseksuele regter Edwin Cameron van die Hooggeregshof (B 5). In al die meningsvormende items het die klem gelê op die vorming van opinies. Dit is opvallend dat in meningsvormende items veral die pro-siening op homoseksualiteit na vore gekom het. In die feitelike items was die deurgee van feite en inligting die vernaamste kenmerk.

Verskeie kere het 'n sekere eensydigheid in die beriggewing aan die lig gekom. In die berig oor die nuwe wet in Swede wat gay-mans magtig om met mekaar te trou, is net berig vanuit die posisie van die vereniging wat die erkenning van gelyke regte vir gays as doelstelling gehad het (B 1). Of daar in Swede ook teenstanders van gelykberegtiging was, is nie gemeld nie. Watter konsekwensies gay-huwelike op die samelewing (byvoorbeeld aangaande aanneming van kinders en erfregtelike sake) het, is geïgnoreer. Net die voorstanders het geleentheid gekry om te sê "dis 'n oorwinning". Ook is geen agtergrond gegee oor die algemene posisie van homoseksuele in die Sweedse samelewing nie. Die berig het daarom die leser nie voldoende ten opsigte van die Sweedse samelewing georiënteer nie.

Dieselfde eensydigheid blyk uit die berig wat die sukses gemeld het van die militante homoseksuele groep Outrage! in Groot-Brittanje, wat aan Anglikaanse geestelikes dreigbriewe gestuur het om hul homoseksuele leefwyse openbaar te maak (B 6). Geen kritiese stem is oor hierdie metode laat hoor nie, hoewel veronderstel kan word dat baie Anglikane ongelukkig was met hierdie werkwyse. Op hierdie wyse het die berig 'n sterk sensasionele karakter gekry, omdat net die interessante kwessie van die twee gay-biskoppe sentraal gestaan het. Dit het nie duidelik geword watter beleid die Anglikaanse Kerk vóór die gebeurtenis rondom homoseksualiteit gehad het en of hierdie gebeure moontlik invloed sou kon hê op die toekomstige beleid nie. Dit het nouliks insig in die Anglikaanse Kerk se hantering van homoseksualiteit gegee nie en was daarom nie oriënterend nie.

'n Ander voorbeeld van sensasie was 'n berig oor ""n groot persentasie" studente wat "oënskynlik" homoseksueel was (B 8). Dit het na 'n indrukwekkende berig gelyk, maar feitlik was dit nie veel meer nie as enkele saamgeraapte gerugte, wat nouliks joernalistieke substansie bevat het. *Beeld* het volgens die berig 'n "blitsopname op kampusse" gedoen, hoewel net gepraat is met studente van die Universiteit van Pretoria en die technikon in dié stad. Verskeie vrae kan gestel word: Hoekom ontbreek elke verwysing na ander kampusse?

Hoeveel is "'n groot persentasie"? Oor wat 'n "blitsopname" presies inhou — byvoorbeeld watter metode gehanteer is — is ook niks van gesê nie. Wel is berig dat homoseksuele studente die organisasie Gala wou stig.

In dieselfde berig is wel 'n woordvoerder van 'n charismatiese kerk aangehaal (B 8). Die woordvoerder se naam is nie genoem nie, wat binne die normale joernalistieke werkwyse nie gebruiklik is nie. Ook is nie duidelik gemaak van watter charismatiese kerk die woordvoerder was nie (kyk byvoorbeeld B 7 en B 9). As dit 'n woordvoerder van 'n gay-kerk was, sou die prentjie anders kon gelyk het. Maar dié gegewens het ontbreek. Die woordvoerder het gesê van die studente wat hom besoek, is minstens tien persent homoseksueel. Afhangende van die kerk of die woordvoerder kon daar allerlei redes gewees het hoekom homoseksuele studente juis hom geraadpleeg het of hoekom juis nie. Die syfer vir die hele universiteit kon daarom hoër of laer as tien persent gewees het. Ook van 'n ander kerklike woordvoerder het die naam ontbreek.

Dit hoef natuurlik nie ontken te word dat homoseksualiteit onder studente in Suid-Afrika voorkom nie. Dit is ook 'n belangrike kwessie, wat nie joernalistiek geïgnoreer kan word nie. Maar hierdie berig (B 8) was nie oriënterend ten opsigte van die vraagstuk nie, omdat al die basiese feite ontbreek het en die indikasies wat wel gegee is, uiteindelik swak was. Die kwessie is ook te belangrik om net naamlose woordvoerders aan te haal. Op hierdie wyse kan nooit agterhaal word wie wat gesê het en tot watter kerk iemand behoort het nie. Omdat die basiese joernalistieke substansie ontbreek het, kan die berig nie as insiggewend oor die werklike omstandighede van homoseksuele studente beskou word nie. Op hierdie wyse kan die koerant nie 'n suksesvolle venster op die wêreld wees nie.

Ander voorbeelde van eensydigheid het ook voorgekom in twee artikels waarin die uitkom vir (en die beleef van) homoseksuele identiteit as die enigste alternatief aangebied word (B 25 en B 29-2, N=30). In B 25 is drie mense, waaronder 'n sielkundige waarvan die naam nie genoem is nie, aangehaal om te bepleit dat tieners hul gevoelens openbaar maak. Die artikel is gepubliseer in die rubriek "Tiener-Jolyt" in die *Kalender*-bylae, wat spesifiek op die jeug gerig is. In die artikel is nie ruimte gegee aan 'n standpunt wat homoseksuele identiteit erken, maar die uitleef daarvan afwys nie. Daardeur is die indruk gewek dat die uitkom en uitleef van gay-skap die enigste sielkundig aanvaarbare opsie is. Hierdie wyse van joernalistiek kan die uitleef van homoseksualiteit bevorder. Die berig was bowendien nie insiggewend of oriënterend ten opsigte van die sielkundige en etiese probleme en perspektiewe van gay-tieners nie. Jongmense wat dink homoseksualiteit is nie goed nie, is hiermee nie gehelp nie. Dit is 'n groot vraag of die jeug op hierdie wyse in 'n artikel wat spesifiek vir tieners geskryf is, op ewewigtige wyse ingelig is. Ook in B 29, wat gegaan het oor 'n spesifieke homoseksuele skool in die VSA, is uitgegaan van die versweë vooronderstelling dat om voluit homoseksueel wees, in 'n omgewing waarin almal so dink, die enigste uitweg is. In hierdie artikels is rondom 'n gevoelige etiese kwessie onnodig net een standpunt gereflekteer.

Hierdie artikels (B 25 en B 29-2, N=30) was wel oriënterend ten opsigte van die selferkende homoseksuele se idees en gevoelens en ook ten opsigte van die modern-liberale denke daaroor. Maar in 'n geslaagde oriëntasie word 'n totaalprentjie gebied. Daar kan nie van 'n goeie hantering van die oriëntasiefunksie gepraat word as slegs insig gegee word in die omstandighede van 'n sekere gay-groep buite die samelewing en nie in die opvattings en houdinge (in die res) van die samelewing self nie (soos in B 29 gebeur). Daarom was dit

ongebalanseerd, en moet dit binne die raamwerk van die joernalistieke oriëntasiefunksie afgewys word.

In die drie berigte oor die protes teen Mugabe se standpunte het wel 'n ewewig na vore gekom (B 14, B 15 en B 28-3, N=30). Al drie kere is die twee opponerende standpunte aan die orde gestel. Telkens het dieselfde kontras geblyk. 'n Oriënterende deurligting van Mugabe se siening het wel ontbreek. Vanuit watter dinkraamwerk het hy hierdie dinge gesê? Is dit 'n tradisioneel Afrika-denkwyse of is dit 'n Christelik-georiënteerde siening? Dit het nie helder geword nie, omdat die konteks ontbreek het. Dit was daarom vir lesers van *Beeld* moeilik om hulself al dan nie met Mugabe te identifiseer. Gevolglik het die koerant nie as 'n suksesvolle venster op die wêreld gefunksioneer nie.

In ander items is die joernalistieke ewewig wel in ag geneem. 'n Goeie voorbeeld van waar albei kante van die saak gestel is (die beginsel van 'hoor en wederhoor'), het na vore gekom in die berig oor die Russiese gay-komponis Piotr Iljitsj Tsjaikovski se moontlike selfmoord (B 21). Die berig het verskyn na aanleiding van 'n nuwe biografie oor dié komponis, waarin gesê is Tsjaikovski het homself met arseen vermoor. Daar is egter ook 'n mening aangehaal van 'n Tsjaikovski-kenner wat dink die selfmoord-teorie is nie waar nie. Die leser is nou gekonfronteer met twee sienings van spesialiste en kon sy eie gevolgtrekkings maak, of die gevolgtrekking maak dat dit onmoontlik is om 'n goeie konklusie te maak. Die vraag of hierdie storie miskien eerder verswyg moes gewees het omdat dit 'n selfmoord was (vergelyk 2.5.3), is nie hier aan die orde nie, want Tsjaikovski was 'n bekende persoonlikheid.

Ook in drie ander berigte is 'n goeie hantering van die beginsel van 'hoor en weder-hoor' toegepas (B 7, B 9 en B 21-3, N=30). In die berigte oor die verbod op die gebruik van die Tukkies-kapel op die universiteitskampus in Pretoria, is 'n reaksie opgeneem van die universiteitsdekaan en die pastoor van die charismatiese gay-groep wat dit wou gebruik (B 7 en B 9). Die leser is so in staat gestel om self sy gevolgtrekkings te maak. Sy selfstandigheid in die oriëntasieproses is gerespekteer.

Daar was nie altyd by *Beeld* 'n terughoudendheid in die weergee van detail oor misdade nie. In 'n lang berig is melding gemaak van die seksuele misbruik van jong seuntjies (B 22). By die beskrywing van die foto's wat van hulle gevind is, is tog wel die grense oorskry, omdat sonder hierdie detail dieselfde kwessie ook beskryf kon gewees het. Binne die raamwerk van die joernalistieke oriëntasiefunksie word daarvan uitgegaan dat detail oor misdade in die algemeen nie 'n ekstra oriënterende waarde het nie.

Die indruk ontstaan dat *Beeld* 'n sekere voorkeur gehad het om te berig oor homoseksuele wat hul posisie in die samelewing probeer verbeter en oor sake wat homoseksualiteit as 'n normale en aanvaarbare leefwyse voorstel. Die berigte oor navorsing na die herkoms van homoseksualiteit (B 2 en B 23-2, N=30) het byvoorbeeld gesuggereer dat homoseksualiteit heeltemal verklaarbaar is, hoewel die berigte mekaar moontlik weerspreek. Die een berig sê kinderspeelgoed veroorsaak homoseksualiteit, die ander berig laat dink dit is die gene-struktuur wat dit veroorsaak. Ook die artikel uit *Kalender* wat openlik oproep om "uit te kom" vir die gay-identiteit (B 25), kan die indruk bevestig. Die berig met die resultate van die "blitsopname" op kampusse bevorder ook die indruk dat homoseksualiteit aanvaar moet word, al bevat dit nie goeie argumente daarvoor nie (B 8). Ten slotte was daar 'n skewe verdeling van menings wat weergegee is.

In die items oor homoseksualiteit het duidelik na vore gekom dat die publieke aanvaarding van homoseksualiteit verander het ná die politieke hervorminge. Daar was byvoorbeeld 'n onderhoud met 'n gay-regter van die Hooggeregshof, wat gesê het homoseksuele in openbare poste is in Suid-Afrika deesdae nie meer 'n probleem nie (B 5). Ook kan dit blyk uit die feit dat (homo)seksualiteit steeds meer in die Afrikaanse literatuur voorkom (B 12).

Die verwagting is uitgespreek dat *Beeld* die gehoor moontlik in pas met die Christelike tradisie sou georiënteer het (vergelyk 3.2.2). Die groot meerderheid van *Beeld* se teikengroep is immers Christene (Du Plessis, 1997). Dit verwagting is egter nie bevestig nie. Slegs plek-plek is ruimte gegee aan 'n Christelike siening. Op ander plekke is bewustelik nie gekies om so 'n siening weer te gee nie. In die navorsing oor *Beeld* se hantering van homoseksualiteit in 1995 is dus nie gevind dat *Beeld* 'n eksplisiet Christelike pad geloop het nie. Eerder blyk die teendeel waar te wees, omdat die pro-siening klaarblyklik 'n sterk prioriteit gekry het.

'n Huidige adjunk-redakteur van *Beeld* het gesê die oriënterende funksie is vir dié dagblad belangrik. "Die koerant is daarop gerig om tot nut vir die lesers te wees" (Du Plessis, 1997). Uit die voorgaande is dit duidelik dat wel georiënteer is, maar dat daar sprake was van 'n selektiewe oriëntasie in die rigting van die pro-siening. Voorstanders van homoseksualiteit en die homoseksuele self het voorrang gekry. Ander meer genuanseerde of selfs afwysende gedagtes, het nie gelyke prioriteit gekry nie.

*Beeld* was ook baie verdraagsaam ten opsigte van homoseksualiteit, omdat die koerant vanuit die klassiek-liberale beginsels funksioneer (Du Plessis, 1997). Die koerant sê nie homoseksualiteit is reg of verkeerd nie, aldus die adjunk-redakteur. Tog is binne die dertig itmes oor homoseksualiteit behoorlike ruimte gegee aan positiewe menings oor homoseksualiteit. Die openlike oproep aan jongmense om nie skaam daarvoor te wees nie (B 25), is 'n goeie voorbeeld daarvan. Die samestelling van die gehoor blyk dus min invloed te gehad het op die joernalistieke benadering, wat trouens deur die adjunk-redakteur openlik toegegee word: "Ons kan nie die standpunt laat afhang van wat die lesers wil nie" (Du Plessis, 1997).

Die onderhoud blyk dus met betrekking tot die navorsing oor homoseksualiteit-beriggewing wel 'n nuttige funksie by die interpretasie van die gegewens te vervul. Die standpunte wat die adjunk-redakteur na vore bring, kom goed ooreen met die empiriese gegewens wat gevind is.

#### *3.3.1.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*

In hierdie subhoofstuk word die navorsingsresultate met betrekking tot homoseksualiteit getoets aan die teoretiese stellings rakende die oriëntasiefunksie wat in subhoofstuk 2.6 aangebied is. Alle stellings word afsonderlik bespreek.

**Teoretiese stelling 1**

Volgens die joernalistieke oriëntasiefunksie is die pers veronderstel om insig in wêreldgebeure aktief en bewus te bevorder, sodat die lesers in hul eie verhoudinge tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie op 'n goeie wyse vervul word, kan van oriënterende persoonsbehartiging gepraat word:

*Beeld* het in 'n redelike hoë mate gebruik gemaak van meningsvormende artikels oor

homoseksualiteit (8, N=30). Daarin is insig gebied in die maatskaplike, sosiale en sielkundige probleme wat homoseksuele kan hê. Die lesers is daarom wel geprikkel om na te dink en die insig van lesers is verdiep.

**Teoretiese stelling 2**
Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel geen onderwerp wat vir die joernalis verbode terrein is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word:

Seksualiteit maak ook deel uit van God se skepping. Dit kan dus beskryf word. Dat *Beeld* nie sy uitgangspunt geneem het in die Christelike siening daarop nie, naamlik dat homoseksualiteit nie in ooreenstemming met die bestemming van seksualiteit is nie en teennatuurlik is (kyk 1.3.2.1), blyk uit die feit dat hierdie leefwyse in die meeste items as heeltemal normaal voorgestel is (17, N=30) en homoseksuele kinders in 'n artikel selfs opgeroep is "uit te kom" daarvoor. Daardeur is homoseksualiteit bevorder.

**Teoretiese stelling 3**
As 'n koerant sy oriëntasiefunksie op 'n goeie wyse vervul, kan hy 'n suksesvolle venster op die wêreld wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die totaalprentjie aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied te word:

*Beeld* het hierdie aspek van die joernalistieke oriëntasiefunksie nie op 'n goeie wyse gehanteer nie. Telkens het dit geblyk dat eensydig aangehaal is. (Die verhouding van 13 pro teenoor 7 kontra ondersteun dié afleiding.) *Beeld* het dus nie 'n duidelike balans in sy hantering van die onderwerp gehandhaaf nie.

**Teoretiese stelling 4**
Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. Nuusseleksie kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te beïnvloed. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die konteks van die feite na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie:

Veral die voorstanders van homoseksualiteit se idees is geselekteer. In die beriggewing oor die onderwerp is 'n sterk klem op menings waarin homoseksualiteit as 'n normale en aanvaarbare leefwyse voorgestel word. Hoewel die ander kant (soos Mugabe se siening) nie geïgnoreer is nie, bly dit selektief. Ook is nuusgebeurtenisse verskeie kere weergegee sonder dat enige insig in die konteks gegee is.

**Teoretiese stelling 5**
In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n plek vir die 'slegte'. Maar die slegte word nie *om* die slegte of die sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor:

In die items was daar een geval waarin *Beeld* in die beskrywing van afbeeldinge van misdaad-slagoffers wat gevind is, die grens van dié stelling oorskry het (1, N=30).

***3.3.1.5 Samevatting en konklusies***
*Beeld* het in 1995 dertig items oor homoseksualiteit gepubliseer. In al dié berigte en artikels het verskeie kante van die kwessie na vore gekom.

In die dertig berigte en artikels wat *Beeld* in 1995 aan homoseksualiteit gewy het, kom daar 38 direkte of indirekte aanhalings voor. Van hulle het sewe 'n kontra-siening bevat, dertien 'n pro-siening en in agttien sitatie is nie 'n standpunt gereflekteer nie. (Kyk tabel 3.2 vir die

oorsig.)

Tabel 3.2 Oorsig inhoud sitate in *Beeld* se items oor homoseksualiteit in 1995.

| | |
|---|---|
| Totale aantal sitate | 38 |
| Pro-menings | 13 |
| Kontra-menings | 7 |
| Sitate sonder mening | 18 |

In die 34 items in *Beeld* oor homoseksualiteit kan twee groepe onderskei word: twintig items met 'n sterk klem op feitelike gegewens en tien met 'n meer meningsvormende toespitsing. (Kyk tabel 3.3 vir die oorsig.)

Tabel 3.3 Tipe items in *Beeld* oor homoseksualiteit in 1995

| | |
|---|---|
| Meningsvormend | 8 |
| Feitelik | 22 |

Plek-plek was daar 'n goeie oriëntasie ten opsigte van homoseksuele se plek in die samelewing en watter sielkundige probleme hulle kan hê. Partykeer het dit ook die prosiening rakende homoseksualiteit bevorder. Dit was egter nie in dieselfde mate oriënterend ten opsigte van die teenstanders se siening op homoseksualiteit nie. Daarom is daar sprake van 'n selektiewe oriëntasie ten opsigte van die tema.

### 3.3.2 Aborsie

#### *3.3.2.1 Frekwensie*

*Beeld* het in 1995 altesame 34 keer oor aborsie geskryf (N=34). Hieronder was 23 berigte wat die voortgang van die nuwe wetgewing en die reaksies daarop gemeld het. Nege keer het *Beeld* in artikels aandag bestee aan die kwessie van vrugafdrywing. Twee kommentare het verskyn.

Twee keer het dit voorgekom dat berigte of artikels in dieselfde aflewering van *Beeld* gestaan het. Op 25 Mei was daar twee berigte (B 44-B 45), wat ook nog op dieselfde bladsy verskyn het. Op 22 Augustus het *Beeld* twee artikels (B 52-B 53), ook op dieselfde bladsy, gepubliseer.

In 1995 was daar 307 uitgawes van *Beeld*. Dit beteken dat hierdie koerant in ongeveer elke nege afleweringe oor aborsie geskryf het. Dit bewys dat die onderwerp aborsie vir *Beeld* wel 'n gereelde nuusonderwerp was, hoewel nie 'n kwessie wat die hoogste prioriteit gekry het nie.

#### *3.3.2.2 Prioriteit*

Twee berigte oor aborsie is op die voorblad gepubliseer (B 40 en B 56-2, N=34). Die ander berigte was versprei oor die hele koerant. Die artikels het verder agtertoe in die koerant verskyn. Daar was nie berigte in *Sake-Beeld* of *Kalender* oor aborsie nie.

Dit blyk dat daar in Mei-maand 'n hoë konsentrasie van nege items was (B 38-B 46-9, N=34), die gevolg van 'n belangrike hofsaak (B 38 en B 39) en 'n parlementêre ad hoc-komitee wat voorstelle oor wysigings van die aborsiewet gedoen het.

(In tabel 3.4 is daar die besonderhede van al *Beeld* se items oor aborsie in 1995.)

Tabel 3.4 Datum, soort, bladsynommer, omvang en opskrifgrootte van *Beeld* se items oor aborsie in 1995

| Kode | Datum | Soort | Bladsy | Omvang berigte* | Omvang artikels | Opskrifte berigte | Opskrifte artikels |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B 31 | 24 Januarie | berig | 12 | lank | | groot | |
| B 32 | 27 Februarie | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 33 | 9 Maart | berig | 10 | kort | | groot | |
| B 34 | 23 Maart | berig | 4 | lank | | groot | |
| B 35 | 4 April | artikel | 12 | | lank | | groot |
| B 36 | 8 April | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 37 | 19 April | berig | 5 | kort | | klein | |
| B 38 | 6 Mei | berig | 2 | lank | | groot | |
| B 39 | 9 Mei | artikel | 6 | | kort | | klein |
| B 40 | 10 Mei | berig | 1 | lank | | klein | |
| B 41 | 11 Mei | berig | 4 | lank | | groot | |
| B 42 | 23 Mei | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 43 | 24 Mei | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 44 | 25 Mei | berig | 18 | lank | | klein | |
| B 45 | 25 Mei | berig | 18 | lank | | groot | |
| B 46 | 30 Mei | berig | 2 | lank | | klein | |
| B 47 | 23 Junie | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 48 | 24 Junie | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 49 | 28 Junie | berig | 9 | kort | | klein | |
| B 50 | 15 Augustus | komm. | 8 | | kort | | klein |
| B 51 | 18 Augustus | artikel | 11 | | kort | | groot |
| B 52 | 22 Augustus | artikel | 9 | | kort | | groot |
| B 53 | 22 Augustus | artikel | 9 | | lank | | klein |
| B 54 | 2 September | artikel | 13 | | lank | | groot |
| B 55 | 16 September | berig | 12 | kort | | klein | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B 56 | 20 September | berig | 1 | kort | | klein | |
| B 57 | 22 September | berig | 3 | kort | | klein | |
| B 58 | 23 September | berig | 3 | kort | | klein | |
| B 59 | 4 November | artikel | 9 | | lank | | groot |
| B 60 | 15 November | berig | 5 | kort | | klein | |
| B 61 | 22 November | berig | 8 | kort | | klein | |
| B 62 | 5 Desember | artikel | 11 | | lank | | groot |
| B 63 | 15 Desember | artikel | 11 | | lank | | groot |
| B 64 | 18 Desember | komm. | 8 | | kort | | klein |

* Die omvang van berigte en artikels, sowel as die grootte van opskrifte is kontekstueel bepaal deur die gemiddeldes vas te stel. Wat onder die gemiddelde is, word beskou as kort of klein, bo die gemiddelde as lank of groot.

### *3.3.2.3 Algemene beskrywing en analise van berigte, artikels en kommentare*

*Beeld* se aborsie-items toon 'n baie hoë interne samehang. Van die 34 items het 28 direk of indirek met die nuwe aborsiewet te make gehad, wat ruimte skep vir aborsie op aanvraag (28, N=34). Slegs ses items het niks met die nuwe wetgewing te doene gehad nie (6, N=34). Dié ses was dus op die aktuele probleme van Suid-Afrika toegespits.

Die 28 items oor die nuwe wet het byvoorbeeld gehandel oor 'n meningspeiling wat onder Suid-Afrikaanse dokters gedoen is. Van hulle was 65 persent ten gunste van die afskaffing van die ou wet uit 1975, wat baie streng beperkings op aborsie opgelê het (B 31-1, N=34). Of dit het aandag gegee aan die NP se Vroue-aksie, wat voorkomende optrede teen aborsie deur seksonderrig op skool gevra het (B 32-1, N=34). Of die NP het die pous se hulp gevra in die stryd wat dié party teen die wettiging van aborsie op aanvraag voer (B 55-1, N=34). Ook was daar drie berigte wat inligting gegee het oor die parlementêre ad hoc-komitee wat aangestel is om aborsie en sterilisasie te ondersoek (B 36, B 40 en B 47-3, N=34). Die reaksies op dié komitee se voorstelle is nie verswyg nie (B 41, B 44, B 45, B 48, B 49, B 50, B 51 en B 53-8, N=34). In verskeie items is daar ook aandag aan die etiese aspekte van aborsie gegee (B 35, B 43, B 44, B 45, B 48, B 53, B 54, B 56, B 57, B 58, B 62 en B 63-12, N=34).

Die ander ses items wat nie oor die nuwe wet gegaan het nie, het amper almal 'n ander onderwerp bespreek. Daar was drie berigte oor 'n ongehude ma wat 'n mislukte aborsie ondergaan het, sodat sy tog die babatjie gekry het. Sy het voor die hof skadevergoeding van R 800 000 geëis van die ginekoloog wat die operasie nie suksesvol gedoen het nie (B 34, B 38 en B 39-3, N=34). Daar was ook twee keer berigte oor vrouens wat beskuldig is van onwettige aborsies (B 37 en B 60-2, N=34). En 'n berig wat gesê het in Indië is daar 'n tekort aan dogtertjies weens selektiewe aborsie en 'n hoër sterftesyfer onder vroulike suigelinge (B 61-1, N=34).

Daar is dus aandag gegee aan 'n breë spektrum van fasette wat met aborsie te doen het: die politieke, die juridiese en die etiese aspekte. Vanuit die veronderstelling dat 'n dagblad 'n algemene prentjie van die werklikheid moet gee en hom nie, soos 'n vaktydskrif, kan beperk

tot enkele spesifieke terreine nie, kan dit positief genoem word as daar 'n wye spektrum van menings aan die orde gestel is. Tog ontbreek sekere aspekte, waaroor later meer.

Opmerklik is die hoë aantal meningsvormende items (13, N=34): meer as een derde van al die berigte en artikels. Daar is ook twee kommentare oor die kwessie geskryf (2, N=34). Die argumente voor en teen die nuwe wet is so uit verskeie invalshoeke benader. Vir 'n dagblad, wat veronderstel is om primêr as inligtingverskaffer op te tree, is die persentasie meningsvormende items nogal hoog. Vanuit die joernalistieke oriëntasiefunksie kan dit egter as positief beskou word, omdat die konteks in meningsvormende publikasies meestal beter na vore kom en die standpunte duideliker beredeneer en toegelig kan word. Dat dit gedoen is, is sekerlik belangrik, veral as dit om so 'n ingrypende kwessie soos aborsie gaan.

Twee belangrike artikels is gepubliseer waarin twee teoloë op 'n interessante wyse met mekaar geredeneer het oor aborsie (B 62 en B 63-2, N=34). Die eerste artikel was deur prof. Adrio König, hoogleraar in sistematiese teologie aan Unisa (B 62). In sy artikel het hy gevolgtrekking gemaak dat aborsie vanuit die Christelike siening nie as moord beskou kan word nie, omdat by miskrame ook nie van 'n sterfgeval gepraat word nie. Ook kan daar nie sonder beperking gesê word dat God alle mense maak nie. God het die eerste mense gemaak, maar Hy het hulle toe juis die vermoë gegee om hulle self voort te plant. König het die gevolgtrekking gemaak dat nie alle mense wetlik en moreel verplig is om kinders in die wêreld te bring as hulle nie daarvoor kans sien nie.

Tien dae later het dr. Isak Burger, president van die Apostoliese Geloofsending (AGS), ruimte gekry om te antwoord op die argumente en gevolgtrekkings van König (B 63). Volgens hom het König uitgegaan van 'n "situasie-etiek", waarin die omstandighede voorskriftelik is vir die gedrag. Burger het volle begrip vir die krisis en trauma waarin 'n verwagtende ma kan wees wat nie die kind wil hê nie, maar dink tog aborsie is nie 'n goeie opsie nie, want "God is die enigste outeur van Lewe. Daarom is lewe heilig." Hy dink dat alle mense wat reeds gebore is en tog nie 'n behoorlike lewenskwaliteit het nie en nie 'n goeie opvoeding kan kry nie, ook doodgemaak moet word as dit 'n rede is om ongebore lewe te elimineer.

In hierdie twee artikels is eksplisiete etiese oortuigings duidelik teenoor mekaar gestel. Die argumente is in diepte bespreek, altans sover dit moontlik was binne die beperkte ruimte wat 'n dagblad daarvoor kan bied. Dit prikkel die leser om saam te dink oor watter standpunt die regte een is. Vanuit die oriëntasiefunksie kan hierdie etiese gedagtewisseling as baie positief beskou word.

Die verhouding tussen pro- en kontra-sienings lyk heel gebalanseerd. In die aanhalings is negentien pro-sienings geïdentifiseer, negentien kontra-standpunte en drie gekwalifiseerde kontra-menings. In tien gevalle was daar 'n aanhaling waarin nie 'n mening na vore gekom het nie (die kriteria vir die klassifikasie is uitgebreid bespreek in 1.8.2.2.2).

Die pro-siening kan goed geïllustreer word met die aanhaling van mev. Sandra Botha, direkteur van die Nasionale Vroue-koalisie (B 41). "Ons standpunt, wat in 'n handves van vrouregte uiteengesit is, erken vroue se reg om beheer oor hul liggame uit te oefen, wat die reg op besluite oor voortplanting insluit."

Ook minister Kader Asmal, die ANC se hoofadviseur oor menseregte, het gedink dit is

nodig dat aborsie op aanvraag wetlik beskikbaar word (B 46). Die ou Wet op Aborsies en Sterilisasies uit 1975 was "diskriminerend en anti-armes omdat daar elke jaar 200 000 onwettige aborsies in Suid-Afrika uitgevoer word en 20 000 vroue sterf as gevolg daarvan. Die oorgrote meerderheid van die vroue is swart". Dr. Marj Dyer, president van die Abortion Rights Action Group (Arag), was ook 'n groot voorstander van die wettiging van aborsie op aanvraag (B 59). Sy het nie waarde geheg aan die standpunt dat 'n ongebore kind wat doodgemaak word die slagoffer van sy ouers se onverskillige houding teenoor seks en voorbehoedmiddels is nie. "Dit is 'n baie simplistiese standpunt om in te neem. Seks is gewoonlik geen koue, beplande daad nie. Dit gebeur net. Hoekom moet 'n vrou vir die res van haar lewe daarvoor gestraf word? Tweedens is daar in Suid-Afrika die probleem met geletterdheid. Vir vroue wat nie eens kan lees of skryf nie, is die pil 'n baie moeilike voorbehoedmiddel om te gebruik. Nou moet dié arme vrou gestraf word juis omdat sy arm en ongeletterd is. Dit is gek."

'n Kontra-siening is ingeneem deur mev. Ester Wessels, president van Dames Aktueel (B 41). "Die reg op lewe is die mees basiese mensereg en aborsie op aanvraag kom neer op niks minder nie as moord op die ongebore kind wat nie net onskuldig is nie, maar homself ook nie kan verdedig nie. Dames Aktueel vind dit bedenklik dat sulke wetgewing oorweeg word, terwyl daar terselfdertyd 'n moratorium op die teregstelling van veroordeelde moordenaars geld, omdat hul reg op lewe erken word. Die voorgestelde wetgewing is ook in stryd met die gees van die Konvensie oor die Regte van die Kind van Unicef soos in 1994 deur die Departement van Gesondheid onderteken."

Ook prof. Danie du Toit van die NG Kerk 'n mening gereflekteer wat aborsie op aanvraag afwys (B 44). "Daar is oor en oor bewys dat dit uiters gevaarlik is om 'n kategorie van menslike lewe te skep wat nie geregtig is op die volle beskerming van die reg, of dit Jode, swartmense, vroue, kinders of die ongeborene is."

'n Derde kontra-siening het gekom van dr. Johan Smith van die Tygerberg-Hospitaal, "een van die land se voorste vegters teen aborsie" en tewens lid van Dokters vir Lewe (B 54). "Die organisasie is in die lewe geroep om die feite van lewe te beklemtoon, met ander woorde wanneer lewe begin. Ons staan vir die regte van die kind, ook die ongebore kind. Ons gaan van die standpunt uit dat lewe by bevrugting begin en dat die reg van die kind gesien moet word as onafhanklik van dié van sy moeder. Ons glo dus dat die ongebore kind die reg op lewe het. (...) Ek glo ook so omdat ek 'n Christen is. Ek dink die hele aborsie-vraagstuk moet benader word uit die hoek van wetenskaplike feite, 'n mens se godsdienstige agtergrond en die regsaspekte daaraan verbonde."

'n Gekwalifiseerde kontra-siening is gereflekteer deur die Metodistekerk (B 57). Dr. Stanley Mogoba, toe voorsittende biskop van dié kerk, het gesê hul besluit is geneem ná 'n indringende debat. "Ons het (...) bevind daar is geen eenstemmigheid onder teoloë en medici oor knelvrae soos wanneer lewe werklik begin nie. Die konferensie het gevoel dit moet duidelik gestel word dat 'ons nie in 'n perfekte wêreld lewe nie'. Die kerk moet nooit gesien word dat hy 'n standpunt inneem wat mense verwerp wat in so 'n ongelukkige posisie verkeer en berading nodig het nie. Ons benadering is dus dat, hoewel ons aborsie verwerp, ons bereid moet wees om medelewend en pastoraal te wees teenoor mense wat in sulke situasies is." Die Metodistekerk was dus eintlik teenstander van aborsie, maar wou tog ruimte daarvoor skep. Dit kan daarom as 'n tussenstandpunt tussen die pro- en kontra-siening beskou word.

Dit blyk dat daar 'n amper perfekte balans was tussen die verskillende standpunte wat *Beeld* oor aborsie geplaas het. Aan die een kant was daar 'n groep wat gesê het aborsie moet beskikbaar wees omdat dit die posisie van vrouens versterk; aan die ander kant was daar 'n groep wat gedink het dat aborsie 'n aanslag op die reg op lewe van ongeborenes is. Die twee standpunte is in gelyke mate weergegee. In die gekwalifiseerde kontra-sienings word 'n tussenstandpunt ingeneem. Vanuit die teoretiese vooronderstelling rakende die joernalistieke oriëntasiefunksie kan die gebalanseerde aanbieding as positief beskou word.

Verskeie kere is gevind dat daar vanuit 'n eksplisiete Christelike agtergrond geargumenteer is. So is dr. Johan Smith se standpunt mede ingegee deur sy Christelike geloof (B 54). Ook die Metodistekerk het die aspek oorweeg dat aborsie "nie in harmonie met die wil van God is nie" (B 56). Dr. Isak Burger het geskryf: "Feit is, God gee lewe. By Hom is geen lewe 'n ongeluk nie" (B 63). Opmerklik was dat ook Adrio König in sy artikel vanuit die Bybel oor aborsie gepraat het (B 62). Tog het hy 'n standpunt ingeneem wat ruimte gee vir wettiging van aborsie op aanvraag. Ook Christina Landman het eksplisiet verwys na die Bybel, maar sy het die wettiging van aborsie op aanvraag verdedig (B 35). Dit blyk dus so te wees dat 'n verwysing na die Bybel of die Christelike etiek nie outomaties 'n afwysing van aborsie op aanvraag inhou nie.

In verskeie ander gevalle kan wel veronderstel word dat vanuit 'n Christelike siening op die lewe gepraat is, maar dit nie eksplisiet gesê is nie. In die aanhalings van prof. Du Toit is net verwys na menseregtelike aspekte van aborsie (B 44 en B 45). Tog is dit uit ander boodskappe van die NG Kerk duidelik dat dié kerk die standpunt eksplisiet vanuit die Bybel probeer benader.[1] Dieselfde kan veronderstel word vir past. Ray McCauley van die Rhema-Bybelkerk, waarin McCauley voorgestel het dat belastingbetalers wat teen aborsie gekant is, hul belasting nie meer moet betaal as dié wet aangeneem word nie (B 48).

Dit blyk dus dat daar 'n behoorlike aantal sitate was waarin óf na Christelike etiek verwys word, óf waarvan veronderstel kan word dat die uitsprake voortkom uit dié lewens- en wêreldbeskouing. Omdat dit in die groot meerderheid van die items egter nie gebeur het nie, is dit duidelik dat *Beeld* nie probeer het om die gehoor uitsluitend vanuit die Christelike siening te oriënteer nie. Dit beteken dus dat die verwagting uitgespreek in 3.2.2 dat Christelike argumente op die een of ander wyse aan die orde sou kom, bevestig is (vergelyk 1.2.2 en 1.2.3).

*Beeld* het twee redaksionele kommentare oor aborsie geskryf (B 50 en B 64-2, N=34), maar nie een het 'n standpunt oor die wettiging van aborsie ingeneem nie. In die eerste kommentaar is gekonstateer dat daar verskeie standpunte is en dat dit "feitlik onmoontlik is om die aborsiekwessie sonder emosie te debatteer" (B 50). Tog, het *Beeld* gesê, moet besef word dat 'n goeie besluit "op rede moet berus en nie op emosie nie". Bowendien moet die belange van alle inwoners van die land vooropgestel bly. Ook die feit dat 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking in derdewêreldse omstandighede leef, moet in aanmerking geneem word. Uiteindelik het die kommentaarskrywer gekonstateer dat Suid-Afrikaners se "bewese vermoë om mekaar te vind oor sake waaroor hulle sterk verskil" in die dae vorentoe tot die uiterste toe beproef sou word.

---

[1] Vergelyk Hoofstuk 5 oor *Die Kerkbode*.

Die tweede kommentaar het daarop gewys dat Suid-Afrika al jare lank worstel met die vrae rondom aborsie (B 64). Albei kampe voel ewe sterk oor hul standpunt "en veral oor die vraag: Wanneer begin die lewe?" Niemand sal ooit daarin slaag om albei groepe tevrede te stel nie, maar in die nuwe Suid-Afrika is daar 'n instrument wat regsekerheid kan bring. "Dié instrument is die Konstitusionele Hof."

In albei kommentare het dus 'n pro- of kontra-standpunt rakende aborsie as sodanig ontbreek. Die standpunte wat in die koerant weergegee is, is ook nie bespreek nie. Albei kere is daar advies gegee oor hoe die debat gehanteer moes word, gegewe die situasie dat daar groot verdeeldheid was. *Beeld* het dus die standpunt probeer bevorder dat albei groepe in vrede met mekaar moet bly leef, al verskil hulle geweldig en sal een van die groepe in die besluit teleurgestel word. Die Konstitusionele Hof kan tot dié handhawing van dié vrede bydra, is aangevoer.

*Beeld* het hiermee twee keer 'n baie geldige punt gehad, wat nie in die res van die items na vore kom nie. Moontlik was die koerant bang om 'n eie standpunt te stel, omdat dit altyd 'n spesifieke groep onder die gehoor sou teleurstel. Miskien wou *Beeld* ook die balans wat in al die berigte en artikels gehandhaaf is, deurtrek na die kommentare. Dit is in elk geval duidelik dat *Beeld* hom met die kommentare teruggetrek het tot buitekant die speelveld waar die hewige debat gevoer word. Hoewel dit moontlik as 'n swak houding geïnterpreteer kan word dat die koerant nie 'n eie posisie ingeneem het nie, was wat *Beeld* gedoen het tog van groot waarde. As dit gaan oor 'n baie gevoelige kwessie soos aborsie, kan dit verstandig wees om nie 'n eksplisiete standpunt in te neem nie, op voorwaarde dat die kommentaar dan tog wel gebruik word om 'n substansiële punt te stel. Dit is wat wel in hierdie geval gebeur het. Daarom dra hierdie kommentare by tot 'n goeie oriëntasie.

Dit is opvallend dat in *Beeld* se aborsie-items twee keer verwys is na onwettige aborsies en die gevolge daarvan, maar dat dit steeds op sekondêre bronne berus het (2, N=34). In reaksie op die parlementêre ad hoc-komitee se voorstelle om aborsie op aanvraag te wettig, het die ANC gesê hy stem saam met die standpunt (B 51). Die argument was: "Die huidige aborsiewet dryf meer as 250 000 vroue jaarliks tot gevaarlike agterstraataborsies. In net een jaar lei dit ook tot die dood van minstens 425 vroue." Minister Kader Asmal (B 46) het gesê die ou wet is "diskriminerend en anti-armes omdat daar elke jaar 200 000 onwettige aborsies in Suid-Afrika uitgevoer word en 20 000 vroue sterf as gevolg daarvan." Ook in 'n ander berig (B 40) is verwys na die bewese risiko's van onwettige aborsies.

In die twee gevalle waarin daar wel syfers genoem is, het die feit dat baie vroue sterf deur 'n onsorgvuldig uitgevoerde aborsie, 'n baie belangrike rol in die argumentasie gespeel. Afgesien van die feit dat die aangehaalde getalle sterk van mekaar verskil, is dit opvallend dat nie meer aandag aan so 'n gewigtige argument gegee is nie. Wel was daar twee berigte oor (moontlike) onwettige aborsies (B 37 en B 60). Daar is egter nêrens gevind dat *Beeld* direk verslag gedoen het van die mediese en sosiale nood waarin soveel mense hulle (glo) bevind nie. Wat het die koerant daarvan weerhou om 'n swart woonbuurt in te gaan (die meeste slagoffers val na bewering onder swartes) en by 'n hospitaal te gaan kyk en vra hoe die toestand in werklikheid is? Die vraag bly of hierdie argument wel reg gehanteer is. Dit het in elk geval nêrens uit *direkte* verslae geblyk dat daar 'n noodsituasie bestaan het nie.

Dit bring 'n algemene beswaar teen *Beeld* se hantering van die aborsie-tema in 1995 na vore. In die seleksie van onderwerpe het die koerant hom feitlik beperk tot die politieke,

juridiese en etiese kante van die kwessie. Die sosiale en maatskaplike kante van die saak het nouliks aan die orde gekom. Dat daar (moontlik) onwettige vrugafdrywings plaasgevind het, het net uit twee baie kort berigte geblyk (B 37 en B 60- 2, N=34). Die koerant het nie die moeite gedoen om in die samelewing self te kyk hoe dit lyk nie. Die politieke suggestie was dat daar 'n maatskaplike en mediese noodsaak is om aborsie op aanvraag te wettig. Dit was die koerant se taak én vryheid om die waarheid van die politiek se verhaal te kontroleer. Op hierdie punt is daar dus sprake van 'n selektiewe oriëntasie.

*Beeld* het ook duidelik gemaak wat die nuwe wet inhou (vergelyk B 47). Die verskil van die ou wet kom duidelik aan die lig. Ook het dit helder geword dat die politieke konteks van hierdie voorstelle lê in die magswisseling van 1994, wat gevolg het op die politieke hervormings ná die afskaffing van apartheid in Suid-Afrika. Die ANC was 'n groot voorstander van aborsie op aanvraag en het die ou wet as diskriminerend teen armes en swartes beskou. Die NP, wat voor 1994 aan bewind was, het teenstander van wettiging van aborsie op aanvraag gebly. Dit gee daarom baie insig in die feitelike stand van sake. Dit bevestig ook wat die adjunk-redakteur van *Beeld* in onderhoud met die navorser gesê het, naamlik dat dié koerant van nut vir die leser wil wees en daarom belangrike inligting wil deurgee (Du Plessis, 1997).

Du Plessis (1997) meen aborsie "behoort nie te gebeur nie. Maar andersyds dink ons nie dis die regering se taak om dit te sê nie. Dis die individu se saak om volgens sy eie morele kodes daarin 'n keuse te maak". Dit beteken dus eintlik dat *Beeld* nie 'n standpunt oor aborsie het nie, of dan dat hy weier om te kies en sodoende 'n oorwoë 'neutrale' standpunt inneem. Aan die eenkant moet dit nie gedoen word nie, maar aan die anderkant is dit nie die owerheid se saak nie. Die gebrek aan 'n eksplisiete standpunt kan verklaar hoekom die kwessie baie gebalanseerd gehanteer is en hoekom ook in die kommentare standpunte ontbreek het.

'n Adjunk-redakteur meen baie lesers van sy koerant wil bly staan by die vorige wet op aborsie, hoewel hulle moontlik ook nie heeltemal ontevrede is oor wat nou gebeur nie (Du Plessis, 1997). Hy sê dit om aan te toon dat die koerant hom nie deur die lesers laat voorskryf wat gesê moet word nie. Dit bevindings oor aborsie kan bevestig dat die gebalanseerde hantering nie 'n lesersvoorkeur vir die ou wet weerspieël nie.

*Beeld* se kommentare is daar om die koerant se standpunte te stel en om lesers te beïnvloed, sê Du Plessis (1997). Die twee kommentare oor aborsie het egter nie 'n standpunt oor aborsie bevat nie. Dit het angsvallig daarvan weggebly deur 'n ander invalshoek te kies. Maar dié ander invalshoek was wel beïnvloedend. Die kommentare voldoen daarom aan een aspek wat die kommentaar volgens die adjunk-redakteur moet hê. Dit beteken egter tegelyk dat *Beeld*, waarskynlik bewus, nie sy vryheid gebruik het om in kommentare 'n eie standpunt te stel wat nie outomaties die lesers s'n is nie.

### *3.3.2.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*

In hierdie subhoofstuk word die navorsingsresultate met betrekking tot aborsie getoets aan die teoretiese stellings rakende die oriëntasiefunksie, wat in subhoofstuk 2.6 aangebied is. Alle stellings word afsonderlik bespreek.

#### Teoretiese stelling 1

**Volgens die joernalistieke oriëntasiefunksie is die pers veronderstel om insig in wêreldgebeure aktief en bewus te bevorder, sodat die lesers in hul eie verhoudinge tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument**

daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie op 'n goeie wyse vervul word, kan van oriënterende persoonsbehartiging gepraat word:

*Beeld* het in die 34 items oor aborsie 'n hoë prioriteit toegeken aan meningsvormende artikels en kommentare (13, N=34). Dit beteken dat die lesers gestimuleer is om na te dink oor wat in SA se wetgewing gebeur en hulle is (onder andere deur kommentaar) aangemoedig om die gesprek daaroor op 'n verantwoorde wyse te voer. Deur *Beeld* se hantering van hierdie onderwerp is insig verdiep.

**Teoretiese stelling 2**
Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel geen onderwerp wat vir die joernalis verbode terrein is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word:

Daar is geen aanduiding dat *Beeld* op enige wyse hierdie grens oorskry het nie.

**Teoretiese stelling 3**
As 'n koerant sy oriëntasiefunksie op 'n goeie wyse vervul, kan hy 'n suksesvolle venster op die wêreld wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die totaalprentjie aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied te word:

Die verhouding waarin verskillende standpunte aangebied is, toon 'n sterk balans. Die pro- en kontra-sienings is in gelyke mate deurgegee, hoewel die teenstanders se siening deur enkele gekwalifiseerde kontra-sienings 'n bietjie meer klem gekry het.

**Teoretiese stelling 4**
Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. Nuusseleksie kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te beïnvloed. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die konteks van die feite na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie:

*Beeld* het aandag gegee aan allerlei aspekte wat met die nuwe aborsiewet verband hou. Die konteks van die nuwe wet ten opsigte van die ou wet het duidelik na vore gekom. Tog is die sosiale en maatskaplike kante van die saak nie ná direkte waarneming beskryf nie, hoewel dié argument van agterstraat-aborsies wel in die berigte en artikels gehanteer is as synde 'n onomstootlik vasstaande waarheid. Dit beteken dat in die seleksie 'n belangrike onderdeel agtergebly het.

**Teoretiese stelling 5**
In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n plek vir die 'slegte'. Maar die slegte word nie *om* die slegte of die sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor:

Daar is nie voorbeelde dat die koerant die 'slegte' of die sondige net vir vermaak aangebied het nie.

***3.3.2.5 Samevatting en konklusies***
In 1995 het *Beeld* 34 keer oor aborsie geskryf. In hierdie berigte, artikels en kommentare is daar 48 sitate opgeneem. Allerlei aspekte het aan die orde gekom. Die groot klem het gelê op die politieke, juridiese en etiese aspekte van die kwessie.

In die 34 items was daar 51 direkte of indirekte sitate. Tien keer was daar nie 'n mening in die aanhaling opgeneem nie. In negentien gevalle is daar 'n kontra-mening gereflekteer,

negentien keer 'n pro-siening en drie keer het 'n gekwalifiseerde kontra-siening verskyn. (Kyk tabel 3.5 vir die oorsig.)

Tabel 3.5 Oorsig inhoud sitate in *Beeld* se items oor aborsie in 1995

| | |
|---|---|
| Totale aantal sitate | 51 |
| Kontra-menings | 19 |
| Pro-menings | 19 |
| Gekwalifiseerde kontra-menings | 3 |
| Sitate sonder mening | 10 |
| | |

In die publikasies oor aborsie was daar 21 items met klem op die deurgee van feitelike gegewens en 13 wat meer meningsvormend was. (Kyk tabel 3.6 vir die oorsig.)

Tabel 3.6 Tipe items in *Beeld* oor aborsie in 1995

| | |
|---|---|
| Meningsvormend | 13 |
| Feitelik | 21 |

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die joernalistieke oriëntasiefunksie ten opsigte van aborsie op aanvraag in breë trekke op 'n aanvaarbare wyse gehanteer is. 'n Sterk balans is tussen die standpunte gevind. Hierdie ewewigtigheid is deurgetrek na die twee redaksionele kommentare, waarin 'n eie standpunt oor die spesifieke meriete van aborsie ontbreek het. Die diversiteit van die samelewing is maksimaal gereflekteer. Ook is duidelik gemaak wat die prinsipiële verskil tussen die standpunte is, naamlik die vraag wanneer die menslike lewe begin (vergelyk B 51, B 54, B 62 en B 63). Wel was daar in 'n sekere mate sprake van 'n selektiewe oriëntasie, omdat die sosiale en maatskaplike konteks van die aborsiekwessie nie joernalistiek beskryf is nie. Die onderhoud met die adjunk-redakteur was 'n nuttige instrument by die interpretasie van die gegewens.

### 3.3.3 Dobbelary

#### *3.3.3.1 Frekwensie*

*Beeld* het in 1995 108 keer die onderwerp van dobbelary aangespreek (N=108). Hieronder is 9 artikels, 1 kommentaarartikel en 98 berigte.

Twaalf keer het berigte en artikels in dieselfde uitgawes verskyn. Op 10 Maart is ses berigte in dieselfde koerant gepubliseer (B 74-B 79). Op 22 Maart was daar drie berigte (B 105-B 107). Op 28 Julie het *Beeld* twee berigte laat verskyn (B 125 en B 126). Op 31 Julie was daar een artikel en twee berigte (B 128-B 130). Op 11 Augustus ook twee berigte (B 135 en B 136). Op 15 Augustus is ook twee berigte en 'n artikel gepubliseer (B 138-B 140), op 24 Augustus 'n berig en 'n artikel (B 142 en B 143) en op 8 September was daar 'n artikel en twee berigte (B 146-B 148), op 21 Oktober twee berigte (B 158 en B 159), op 31 Oktober 'n berig en 'n artikel (B 161 en B 162). Ook op 10 November het twee berigte verskyn (B 164 en B 165). Ten slotte was daar op 29 November twee berigte (B 168 en B 169).

Die hoë konsentrasie van ses berigte op 10 Maart is veroorsaak deur die bekendstelling van die Wiehahn-rapport, waarin voorstelle vir die nuwe dobbelwet gedoen is.

In 1995 was daar 307 uitgawes van *Beeld*. Dit beteken dat in meer as een uit drie van al die uitgawes aandag aan hierdie tema gegee is.

### *3.3.3.2 Prioriteit*

Altesame 37 van die items het in *Sake-Beeld* verskyn (bladsynommers met SB-toevoeging). Ook was daar 'n berig in *Kalender*. Agttien items is geplaas op een van die voorblaaie, waarvan vier op die voorblad van die hoofkoerant. Die ander veertien was op *Sake-Beeld* se voorblad.

Die aantal items bewys dat die onderwerp 'n hoë prioriteit geniet het. Die feit dat meer as een derde van al die items in *Sake-Beeld* geplaas is, bewys dat die koerant dobbelary ook gesien het as 'n (belangrike) ekonomiese ontwikkeling. (Kyk tabel 3.7 vir die oorsig met die relevante gegewens oor die items.)

Tabel 3.7 Datum, soort, bladsynommer, omvang en opskrifgrootte van *Beeld* se items oor dobbelary in 1995

| Kode | Datum | Soort | Bladsy | Omvang berigte* | Omvang artikels | Opskrifte berigte | Opskrifte artikels |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B 65 | 5 Januarie | berig | 11 | kort | | klein | |
| B 66 | 7 Januarie | berig | 3 | kort | | klein | |
| B 67 | 13 Januarie | berig | SB1 | kort | | klein | |
| B 68 | 30 Januarie | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 69 | 14 Februarie | berig | K3 | kort | | klein | |
| B 70 | 3 Maart | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 71 | 6 Maart | berig | SB1 | kort | | klein | |
| B 72 | 6 Maart | berig | 5 | lank | | groot | |
| B 73 | 7 Maart | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 74 | 10 Maart | berig | 1 | lank | | groot | |
| B 75 | 10 Maart | berig | SB1 | lank | | klein | |
| B 76 | 10 Maart | berig | SB1 | lank | | klein | |
| B 77 | 10 Maart | berig | 7 | kort | | klein | |
| B 78 | 10 Maart | berig | 7 | kort | | klein | |
| B 79 | 10 Maart | berig | 7 | kort | | klein | |
| B 80 | 11 Maart | berig | 1 | kort | | groot | |
| B 81 | 13 Maart | komm. | 6 | | kort | | klein |
| B 82 | 14 Maart | berig | SB14 | kort | | klein | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B 83 | 15 Maart | berig | 8 | lank | | groot | |
| B 84 | 20 Maart | berig | 9 | kort | | klein | |
| B 85 | 22 Maart | berig | 11 | kort | | klein | |
| B 86 | 23 Maart | berig | 8 | kort | | klein | |
| B 87 | 24 Maart | berig | 16 | kort | | klein | |
| B 88 | 27 Maart | berig | 5 | kort | | klein | |
| B 89 | 28 Maart | berig | SB1 | kort | | klein | |
| B 90 | 30 Maart | berig | 5 | kort | | klein | |
| B 91 | 1 April | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 92 | 4 April | berig | 8 | kort | | klein | |
| B 93 | 5 April | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 94 | 13 April | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 95 | 17 April | berig | SB1 | lank | | klein | |
| B 96 | 19 April | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 97 | 24 April | berig | SB2 | kort | | klein | |
| B 98 | 4 Mei | berig | SB7 | kort | | klein | |
| B 99 | 6 Mei | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 100 | 9 Mei | berig | SB14 | lank | | klein | |
| B 101 | 18 Mei | berig | SB5 | kort | | klein | |
| B 102 | 19 Mei | artikel | SB3 | | kort | | klein |
| B 103 | 19 Mei | berig | 11 | kort | | klein | |
| B 104 | 20 Mei | berig | SB10 | kort | | klein | |
| B 105 | 22 Mei | berig | SB1 | kort | | klein | |
| B 106 | 22 Mei | berig | SB4 | kort | | klein | |
| B 107 | 22 Mei | berig | SB4 | kort | | klein | |
| B 108 | 24 Mei | berig | SB2 | lank | | klein | |
| B 109 | 25 Mei | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 110 | 30 Mei | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 111 | 1 Junie | berig | 12 | kort | | klein | |
| B 112 | 14 Junie | berig | 7 | kort | | klein | |
| B 113 | 15 Junie | berig | 16 | kort | | klein | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B 114 | 21 Junie | berig | SB2 | lank | | klein | |
| B 115 | 22 Junie | berig | 14 | kort | | klein | |
| B 116 | 30 Junie | berig | SB8 | lank | | klein | |
| B 117 | 4 Julie | berig | SB5 | lank | | klein | |
| B 118 | 5 Julie | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 119 | 6 Julie | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 120 | 7 Julie | berig | 5 | kort | | klein | |
| B 121 | 11 Julie | berig | SB1 | lank | | groot | |
| B 122 | 19 Julie | berig | SB4 | kort | | klein | |
| B 123 | 20 Julie | artikel | SB1 | | kort | | klein |
| B 124 | 24 Julie | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 125 | 28 Julie | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 126 | 28 Julie | berig | SB7 | lank | | groot | |
| B 127 | 29 Julie | berig | 4 | lank | | groot | |
| B 128 | 31 Julie | artikel | SB1 | | kort | | klein |
| B 129 | 31 Julie | berig | 1 | kort | | klein | |
| B 130 | 31 Julie | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 131 | 3 Augustus | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 132 | 4 Augustus | berig | 6 | kort | | groot | |
| B 133 | 7 Augustus | berig | 13 | kort | | klein | |
| B 134 | 10 Augustus | berig | SB1 | lank | | groot | |
| B 135 | 11 Augustus | berig | SB1 | kort | | klein | |
| B 136 | 11 Augustus | berig | 5 | kort | | klein | |
| B 137 | 14 Augustus | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 138 | 15 Augustus | berig | SB5 | lank | | klein | |
| B 139 | 15 Augustus | berig | 7 | lank | | groot | |
| B 140 | 15 Augustus | artikel | SB8 | | kort | | klein |
| B 141 | 21 Augustus | berig | SB2 | kort | | klein | |
| B 142 | 24 Augustus | artikel | SB3 | | kort | | klein |
| B 143 | 24 Augustus | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 144 | 25 Augustus | berig | 5 | kort | | klein | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B 145 | 1 September | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 146 | 8 September | artikel | SB7 | | kort | | klein |
| B 147 | 8 September | berig | 9 | kort | | groot | |
| B 148 | 8 September | berig | 10 | lank | | klein | |
| B 149 | 12 September | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 150 | 14 September | berig | 2 | kort | | groot | |
| B 151 | 22 September | berig | 12 | kort | | groot | |
| B 152 | 27 September | berig | SB1 | lank | | groot | |
| B 153 | 28 September | berig | SB2 | lank | | groot | |
| B 154 | 2 Oktober | berig | 2 | kort | | groot | |
| B 155 | 10 Oktober | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 156 | 19 Oktober | berig | SB4 | kort | | klein | |
| B 157 | 20 Oktober | berig | SB1 | lank | | groot | |
| B 158 | 21 Oktober | artikel | 1 | | kort | | klein |
| B 159 | 21 Oktober | artikel | 4 | | kort | | klein |
| B 160 | 30 Oktober | berig | 3 | kort | | klein | |
| B 161 | 31 Oktober | berig | 6 | kort | | klein | |
| B 162 | 31 Oktober | artikel | SB16 | | kort | | klein |
| B 163 | 1 November | berig | 10 | kort | | klein | |
| B 164 | 10 November | berig | 7 | lank | | groot | |
| B 165 | 10 November | berig | 7 | kort | | klein | |
| B 166 | 16 November | artikel | 13 | | kort | | klein |
| B 167 | 28 November | berig | 5 | kort | | klein | |
| B 168 | 29 November | berig | 2 | kort | | klein | |
| B 169 | 29 November | berig | 14 | kort | | klein | |
| B 170 | 7 Desember | berig | 4 | kort | | klein | |
| B 171 | 14 Desember | berig | 14 | kort | | klein | |
| B 172 | 23 Desember | berig | 10 | kort | | klein | |

* Die omvang van berigte en artikels, sowel as die grootte van opskrifte is kontekstueel bepaal deur die gemiddeldes vas te stel. Wat onder die gemiddelde is, word beskou as kort of klein, bo die gemiddelde as lank of groot.

### *3.3.3.3 Algemene beskrywing en analise van berigte, artikels en kommentaar*

In die 108 items oor dobbelary was daar 'n baie hoë interne samehang. Daar was 81 berigte

en artikels oor die nuwe dobbelwet wat aan die maak was en die voorbereidings wat die Raad op Dobbelary en Loterye onder leiding van prof. Nic Wiehahn gedoen het (81, N=108). Die ander 27 items het 'n groot verskeidenheid onderwerpe behandel, waaronder polisie-optrede teen onwettige dobbelplekke (B 93, B 103, B 119, B 120, B 136, B 151, B 161, B 163, B 170 en B 172) en groot winste van dobbelaars (B 158, B 160, B 88 en B 66) 'n prominente plek ingeneem het (27, N=108).

Daar was heelwat berigte wat die wedloop om lisensies sentraal gestel het (B 65, B 67, B 75, B 101, B 105, B 106, B 114, B 117, B 121, B 129 en B 152-11, N=108). Slegs 'n beperkte aantal van 23 lisensies kon uitgereik word, omdat Sun International reeds sewentien van die veertig casino's in die gewese TBVC-state gehad het, waar dobbelary alreeds langer wettig was. Verskeie berigte oor Suid-Afrikaanse dobbelondernemings, wat sakekontak gesoek het met buitelandse maatskappye, is ook geplaas (B 85, B 98, B 156 en B 157-4, N=108). Enkele oorsese bedrywe het die Suid-Afrikaanse mark gesien as 'n goeie wegspringplek vir dobbelondernemings in die res van Afrika.

*Beeld* het die gebeurtenisse rondom die verwagte nuwe dobbelera baie noukeurig dopgehou. Daar was verskeie berigte en artikels oor die gang van sake, byvoorbeeld die berig oor die duisende werkers van Sun International in die Vrystaat wat deur rampspoed in die gesig gestaar sou word indien lisensies aan mededingers toegeken word (B 67). Dié bedryf het dit ook aan die Vrystaatse wetgewer gesê. Groter Hermanus aan die Kaapse Suidkus is gekies as een van drie uitsoekgebiede om 'n casino-oord van R100 miljoen te ontwikkel (B 71). Volgens 'n ander berig sou Midrand waarskynlik Gauteng se belangrikste dobbelplek word (B 73). Daar was ook ander berigte oor toekomsplanne vir die dobbelwêreld in Suid-Afrika (B 82, B 95, B 115, B 116, B 117, B 122, B 131, B 152 en B 153-9, N=108).

Ses opeenvolgende berigte is geskryf oor die finale verslag van die Raad op Dobbelary en Loterye (B 74-B 79-6, N=108). Daarin is uitgespel wat in die verslag staan (B 74), asook dat streng beheer op alle vorme van dobbelary voorgestel word (B 78). So moes daar 'n ouderdomsbeperk tot agttien jaar geld op dobbelaars en is 'n verbod op advertensies vir dobbelary by skole en in jeugtydskrifte voorgestel. Ook moes die opleiding van casinowerkers gereguleer word. Lisensies sou net gegee moet word aan aansoekers wat hulle verbind het tot "swart ekonomiese bemagtiging" in aandeelhouding en bestuur. Wiehahn self het die wettiging van dobbelary "'n dramatiese verandering" genoem nadat dit eeue lank in Suid-Afrika verbied was. Volgens Wiehahn kan die staat miljarde rande uit dobbelary verdien, wat gebruik kan word vir die ontwikkeling van infrastruktuur en die opheffing van agtergeblewenes, kortom die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP). *Beeld* het dadelik ná die bekendstelling van die finale verslag reaksies op dié verslag gepubliseer (B 75). Van die ses berigte oor die verslag se bekendstelling het een berig op die voorblad verskyn (B 74) en twee op *Sake-Beeld* se voorblad (B 75 en B 76).

Dadelik ná die bekendstelling van die Wiehahn-verslag het verskeie provinsies daarvan werk begin maak om hul eie dobbelrade in te stel. Dit het aandag geniet in vyf berigte (B 84, B 101, B 164, B 165, B 171-5, N=108). So is daar gelyktydig aksie onderneem in Noordwes, Gauteng en Mpumalanga. Dié nuwe provinsiale rade moes die lisensies uitreik. In KwaZulu-Natal was daar nog 'n dispuut met die sentrale regering oor die vraag of die provinsiale owerheid nou ook self mag bepaal hoeveel lisensies toegeken mag word. Die provinsie het gemeen dat hulle dit self mag doen, terwyl die sentrale owerheid die kwessie

anders beskou het (B 125 en B 130).

Nadat die Wiehahn-raad sy finale verslag ingedien het, het dit geblyk dat die hele probleem nog nie opgelos was nie. Die kwessie van hondewedrenne was aanvanklik nie deel van die opdrag van die raad nie, met die gevolg dat die toekoms van dié wedrenne steeds onduidelik was (B 86 en B 96). Daar was egter baie verdeeldheid oor honderesies, omdat party mense dit as dieremishandeling beskou(B 92, vergelyk B 127, B 134 en B 148).

*Beeld* het ook verskeie onderhoude gevoer met sakekonsultante wat advies gee oor die hantering van die dobbelondernemings (B 100; B 102 en B 123-3, N=108). In een onderhoud was daar 'n dringende oproep dat onwettige dobbelbedrywe gesluit moet word (B 102). In ander onderhoude is die verwagting uitgespreek dat die dobbelbedryf groot inkomste vir die provinsies kan genereer, al moet dit ook weer nie oorskat word nie (B 100 en B 123). Die verwagting is uitgespreek dat die potensiële bruto inkomste van die dobbelbedryf sowat R3 miljard per jaar was. Die belastinginkomste vir die owerheid sou dan sowat R450 miljoen per jaar wees (B 123).

Dit blyk dus dat *Beeld* heelwat moeite gedoen het om die gehoor in te lig oor die nuwe wetgewing oor dobbelary en watter planne verskeie maatskappye daarmee gehad het. Veral die sake- en ekonomiese kante van die kwessie is noukeurig en uitgebreid uitgespel. 37 items is in *Sake-Beeld* geplaas (37, N=108). Van al die items in *Sake-Beeld* het veertien op die voorblad verskyn (14, N=37). Gegee die joernalistiek se oriëntasiefunksie kan die breë aandag aan 'n "dramatiese verandering", soos Wiehahn dit genoem het, as positief beskou word.

In die enigste redaksionele kommentaar wat *Beeld* in 1995 oor die kwessie van dobbelary geskryf het (B 81-1, N=108), volg die koerant die standpunt van Wiehahn en die minister vir algemene sake, Chris Fismer. Hulle het die standpunt ingeneem dat dobbelary gewettig moet word, maar dat dit wel onder streng beheer geplaas moet word. *Beeld* se kommentaar steun hierdie siening. "'n Aanbeveling dat die regering streng beheer moet hê, is te verwelkom", is geskryf. Die groot finansiële voordeel van dobbelary was die belangrikste argument in hierdie kommentaar. "Winste uit hierdie bedrywe kan groter belastinginkomste vir die staat verseker. Eienaars van die huidige sowat 2 500 onwettige casino's steek op die oomblik al die geld in hul eie sakke." Die koerant was dus enersyds ten gunste van die wettiging van dobbelary, maar het andersyds tog gedink dit behoort onder streng beheer te wees. Hierdie siening word as 'n gekwalifiseerde pro-siening getipeer (die kriteria vir hierdie klassifikasie is uiygebreid in 1.8.2.2.2 bespreek).

In die kommentaar is ook melding gemaak van kerke wat teen die wettiging van dobbelary gekant was. "Kerke wat so lank daarin geslaag het om regerings onder die oortuiging te hou dat dobbelary en loterye verbied moet word omdat dit sonde is, ontbeer dus nou waardevolle hulp in hul stryd. Hulle sal nou groter oortuigingswerk onder hul miljoene lidmate moet doen." Daar was twee berigte waarin verslag gedoen is oor kerklike vergaderings wat besluite oor dobbelary geneem het (2, N=108). Uit die eerste berig het dit geblyk dat die Nederduitsch Hervormde Kerk dobbelary as sodanig nie as 'n probleem beskou nie, mits dit goed bestuur word (B 118). In die tweede berig het die NG Kerk se Oos-Transvaalse Sinode die vraag gestel of die kerk wel dobbelgelde vir barmhartigheidswerk moet aanvaar (B 143). Die standpunt is egter nie verder toegelig nie. In die kommentaar is gepraat van die "miljoene lidmate" wat die kerke het, waarskynlik meer as

die getal dobbelaars in Suid-Afrika. Dit is daarom vreemd dat wel onderhoude gevoer is met woordvoerders van dobbelmaatskappye, terwyl belangrike organisasies met "miljoene lidmate" nie substansiële ruimte gekry het om hul standpunte te stel nie. Dit behoort tot die normale joernalistieke werkwyse binne 'n demokratiese orde dat die seleksie van standpunte wat aandag kry op 'n gebalanseerde wyse gebeur.

Die uitgebreide aandag aan konsepwetgewing , het die skadukant dat min aandag gegee is aan hulle wat teen die wettiging van dobbelary was of wat nie groot planne gehad het om dobbeloorde te bou nie. In al 117 aanhalings was daar 37 waarin 'n pro-siening na vore gekom het, agttien met 'n gekwalifiseerde pro-siening en ses waarin 'n kontra-siening deurgegee is. In 56 aanhalings ontbreek 'n eksplisiete mening oor dobbelary. Die pro-siening het dus die meeste ruimte gekry.

'n Goeie voorbeeld van 'n pro-siening is die sitaat van 'n woordvoerder van die Midrandse stadsraad (B 73): "Ons is baie opgewonde oor die komende ontwikkelings. Dit sal Midrand 'n toeriste-attraksie maak en die gebied 'n ekonomiese inspuiting gee."

'n Ander pro-standpunt is ingeneem deur Russen Stevens, uitvoerende hoof van Three Cities Hotels (B 102). Volgens hom moet die wetgewing vinnig deurgevoer word. "Tyd is van die uiterste belang. (...) As daar boonop probleme is oor die wetstoepassing in die casino-bedryf, sal die land gebrandmerk word as 'n mini-mark sonder die potensiaal om 'n supermark te word. (...) Elke groot stad in Australië het reeds 'n casino of beplan een. Dit lok sowat 6 miljoen toeriste per jaar uit Asië."

Ook John Moleketi, LUR vir finansies in Gauteng, het 'n positiewe siening op dobbelary oorgedra en hoë verwagtings vir sy eie provinsie gehad (B 121). "Peilings wys dat tot 46 persent van alle dobbelinkomste in Gauteng bestee sal word. Die Nasionale Raad op Dobbelary en Loterye het aanbeveel dat Gauteng tot 15 casino-lisensies sal kan hou, maar ons gaan heelwat minder toestaan. (...) Ons glo dat die moontlike inkomste wat die bedryf kan genereer en die toerisme-ontwikkeling en die werkskepping wat dit inhou, van dobbelary 'n noodsaaklike bedryf maak ondanks sekere probleme."

Hierdie drie standpunte kan almal gesien word as pro-sienings, omdat nadruklik op die finansiële gewin gewys is. Moleketi noem dobbelary selfs ""n noodsaaklike bedryf". In amper alle aanhalings waarin 'n pro-siening oorgedra is, het die finansiële voordeel van dobbelary sentraal gestaan.

'n Gekwalifiseerde pro-standpunt is ingeneem deur die Nederduitsch Hervormde Kerk (B 118). Die Algemene Vergadering van dié kerk meen dobbelary is nie in teenspraak met die Christelike teologie van die voorsienigheid nie. "Die vergadering bevestig sy geloof dat daar geen ander god as die God van die Bybel is nie. (...) Daar is dus geen afgod of noodlot wat kansspel bepaal nie. Kansspel is die resultaat daarvan om op 'n wiskundige manier 'n kans te neem. Daar kan dus geen beswaar wees teen kansspel as sodanig nie." Die kerk het egter gewaarsku teen "praktyke wat teen-produktief werk, maatskaplike probleme skep, gierigheid en ander euwels bevorder en oneerbaar is". Die kerk het hom eksplisiet ten gunste daarvan verklaar dat die gemeenskap se wense in die toestaan van dobbellisensies gerespekteer word. Dit is 'n gekwalifiseerde pro-siening, omdat enersyds gesê is dobbelary is nie 'n (teologiese) probleem nie, maar andersyds gewaarsku is teen die verslawende effek daarvan en "ander euwels".

'n Volgende voorbeeld van 'n gekwalifiseerde pro-siening het na vore gekom in 'n berig waarin die minister vir algemene sake, Chris Fismer, gewaarsku het teen vorme van onwettige dobbelary (B 129). "Hulle maak 'n groot fout as hulle meen hulle sal daarmee kan voortgaan. Ons is bereid om alles binne die raamwerk van die Grondwet te doen ten einde te voorkom dat die naam van ons nuwe dobbelstelsel op enige wyse geskaad word. Die streng toepassing van streng regulasies is die enigste manier om dit te doen." Dit word as 'n gekwalifiseerde pro-siening gekenskets, omdat Fismer aan die een kant voorstander is van die wettiging van dobbelary, maar aan die ander kant die dobbelwêreld onder streng beheer wil plaas om te voorkom dat die nuwe regulasies negatiewe gevolge vir die samelewing sal hê.

'n Goeie voorbeeld van 'n kontra-siening het na vore gekom in 'n berig oor die nasionale lotery in Brittanje, wat ná 'n halwe jaar reeds "tot 'n nasionale nagmerrie" ontaard het (B 112). Die Britse koerant *The Guardian* het in 'n artikel geskryf: "God het 'n nuwe hel geskep: om die boerpot in die nasionale lotery te wen. Jou gesinslewe kan verkrummel en jy kan die teiken word van openbare bespotting." Dit kan as 'n kontra-siening beskou word, omdat gewys is op die negatiewe maatskaplike en sosiale gevolge van dobbelary.

'n Ander voorbeeld van 'n kontra-siening is weerspieël in 'n berig oor 'n buitegewone vergadering van die noordwestelike metropolitaanse substruktuur van Johannesburg (B 115). Die ACDP-woordvoerder Janice Dodkins het daarin gewaarsku dat dobbelary een van die grootste oorsake van kinderverwaarlosing en die verbrokkeling van die gesinslewe is. "Dobbelary kan 'n groot sosio-ekonomiese probleem word wat net soveel probleme as dwelmmiddels en alkohol kan veroorsaak. Dobbelary gaan nie werkgeleenthede daarstel nie. Die werklose mense sal steeds sonder werk wees. Misdaad neem geweldig toe in gebiede waar dobbelhuise gevestig word." Ook dit is 'n kontra-siening, omdat gewys is op die negatiewe gevolge van dobbelary.

Die verhouding tussen 37 pro-sienings en agttien gekwalifiseerde pro-standpunte teenoor ses kontra-menings kan nie as ewewigtige en oriënterende joernalistiek beskou word nie. Die teenstanders het in die joernalistieke hantering van die onderwerp heeltemal die onderspit gedelf. Gegewe die joernalistiek se oriëntasiefunksie behoort alle relevante standpunte (gebalanseerd) aangebied te word, sodat die diversiteit van die samelewing weerspieël word.

Die onewewigtigheid kan daarmee te make hê dat *Beeld* veral aandag gegee het aan die politieke en ekonomiese aspekte van dobbelary. In dié kringe was die algemene gevoel nogal positief ten opsigte van die wettiging van dobbelary. *Beeld* se aandag was eensydig gerig op die inhoud van die Wiehahn-verslag en watter direkte gevolg dit vir die dobbelwêreld sou hê. Daar is byvoorbeeld in verskeie berigte melding gemaak van planne wat ondernemers en plaaslike owerhede gehad het om dobbeloorde op te rig (B 67, B 71 en B 73-3, N=108) en die vordering wat provinsies maak om gereed te wees vir die nuwe dobbelera (B 84, B 101, B 164, B 165 en B 171-5, N=108). In al dié items is belowe dat dobbelary ekonomiese voorspoed sou bring. Die indirekte gevolge van die wettiging van dobbelary het skaars aandag gekry. Daar was enkele sitate waarin gewys is op die negatiewe gevolge (in B 115 en B 143), maar die koerant het nie selfstandig nadere ondersoek daarna gedoen nie. Van die opmerkings dat dobbelary die rykes net ryker en die armes net armer maak (in B 69 en B 166), is kennis geneem, maar dit het nie aanleiding

gegee tot verdere joernalistieke ondersoek nie. Wel was daar twee items oor die "nasionale nagmerrie" en "nuwe hel" wat die lotery in Brittanje veroorsaak het (B 112 en B 166 — 2, N=108). Welsynsorganisasies sukkel in dié land nog om fondse te kry. Bowendien was daar sterk aanwysings dat lotery net die geld van die armes na die rykes toe verskuif, in plaas van andersom. Ook vir Suid-Afrika berus die positiewe verwagtings daarop dat die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) by dobbelary baat sou vind. Hierdie twee berigte oor Brittanje is nie opgevolg deur ander berigte oor die vraag of dieselfde situasie moontlik ook in Suid-Afrika sou kon ontstaan nie. As dit oor die wettiging van dobbelary gegaan het, het *Beeld* net optimisme weerspieël; pessimisme is geïgnoreer. Dit lyk 'n eensydige wyse van beriggewing waarin nie 'n eerlike geheelbeeld gegee word nie.

Eensydige aandag op die politieke en ekonomiese aspekte impliseer dat die etiese fasette en die sosiale gevolge van dobbelary nouliks aan die orde gekom het. Tog is dit essensiële komponente van die werklikheid, wat nie geïgnoreer mag word deur 'n koerant wat binne 'n demokrasie 'n geheelbeeld van die wêreld wil gee nie.

Bowendien dui die wyse waarop *Beeld* die kwessie van dobbelary gehanteer het op 'n onkritiese manier van joernalistiek bedryf. Opvallend was dat Wiehahn en Fismer baie sterk die noodsaak van streng beheer benadruk het, terwyl Wiehahn die ontwerper van die nuwe beleid was en Fismer die uitvoerder. As dobbelary nie deur goeie regulasies beheer word nie, gaan dit baie negatiewe implikasies hê, het hulle herhaaldelik gesê, hoewel hulle voorstanders van die wettiging van dobbelary was. Die woordvoerders van die dobbelbedryf wat aan die woord gekom het, was lank nie so krities soos Wiehahn en Fismer nie. Tog is dié woordvoerders nie gekonfronteer met die meer versigtige benadering van Wiehahn en Fismer nie. Daar is bloot aangeneem dat dobbelary "miljarde kan genereer", terwyl uit *Beeld* se eie berigte oor Brittanje geblyk het dat dit nie vanselfsprekend is nie. Ook sou *Beeld* Wiehahn en Fismer kon gekonfronteer het met die vraag of dit wel verstandig is om dobbelary te wettig as hulle die gevare daarvan so duidelik insien. Dit is egter nie gedoen nie. Dit is die koerant se taak én vryheid om 'n waghond te wees en nie alles aan te neem wat gesê word nie. By so 'n belangrike kwessie soos dobbelary, waarin miljarde rande omgaan en diep in die gemeenskap ingryp, sou 'n meer kritiese pers nie 'n oorbodige luukse gewees het nie.

Die groot klem in al die items oor dobbelary het geval op die weergee van die feite. In 96 items het dit sentraal gestaan (96, N=108). Slegs twaalf items kan as 'meningsvormend' beskou word (12, N=108). Dit kan as 'n normale verdeling vir 'n dagblad gesien word, omdat dit nie 'n opinietydskrif is nie, maar veronderstel is om primêr inligting te gee.

Onder die meningsvormende items val eerstens die redaksionele kommentaar (B 81), wat in die eerste plek die funksie het om die gehoor te beïnvloed en om die koerant se eie standpunt te stel. Binne dieselfde kategorie val ook die enkele onderhoude wat gevoer is met woordvoerders van dobbelondernemings of sakekonsultante (B 100, B 102, B 104, B 123, B 128, B 142 en B 162). Dit word as meningsvormend beskou, omdat dit in die onderhoude steeds gegaan het om die reëling van die nuwe dobbelera, wat uitgestyg het bo die vlak van deurgee van bloot feitelike inligting. Ook die twee items oor Brittanje (B 112 en B 166) en die 'ooggetuieverslag' van 'n dobbelplek (B 140) is as meningsvormend gekenmerk, omdat die inligting en menings wat daarin gegee is, meer was as feitelike inligting en gerig was op die vorm van 'n gebalanseerde mening oor die verskynsel.

Dit is egter nêrens gevind dat *Beeld* opsetlik moeite gedoen het om die leser se mening oor dobbelary te prikkel nie. In die meningsvormende items waarin onderhoude weergegee is, is eensydig uitgegaan van die aanname dat dobbelary onder streng beheer groot finansiële voordeel kan oplewer. Dit lyk asof die enkele kritiese stem wat die koerant deurgegee het, toevallig op die koerant se pad gekoml het en dat *Beeld* nooit die bewuste voorneme gehad het om lesers te prikkel om na te dink oor dobbelary nie. Gegewe die joernalistiek se oriëntasiefunksie, behoort dit egter wel gedoen word.

*Beeld* het twee keer in sy items oor dobbelary aandag gegee aan 'n eksplisiete Christelike siening op die kwessie. Die eerste keer was dit ten gunste van dobbelary in die berig oor die Nederduitsch Hervormde Kerk (B 118). Die tweede keer het dit gebeur in die berig oor die NG Kerk in Oos-Transvaal (B 143). Dit blyk dus dat die verwagting wat uitgespreek is in 3.2.2 dat die Christelike stem op die een of ander wyse na vore sou kom, wel bevestig is, hoewel nie in dié mate wat verwag kon word nie. Die ander verwagting dat *Beeld* allerlei aspekte van dobbelary aan die orde sou stel, is nie bevestig nie. Die aandag was eensydig toegespits op die politieke en ekonomiese kante van die saak, terwyl die sosiale en etiese aspekte nie (of nouliks) substansieel aan die orde gestel is nie.

*Beeld* se adjunk-redakteur, Tim du Plessis, sê sy koerant is baie liberaal en verdraagsaam teenoor dobbelary (Du Plessis, 1997). "Die staat kan nie daaroor besluit nie. Wel erken ons die negatiewe kante van dobbelary en die sosiale implikasies wat dobbelverslawing kan hê." Dit is inderdaad nie gevind dat *Beeld* 'n verbod op dobbelary bepleit het nie. Andersyds is egter ook nie gevind dat hierdie koerant in die periode wat ondersoek is substansiële aandag gegee het aan die negatiewe kante van dobbelary en die sosiale implikasies wat dobbelverslawing kan hê nie.

Volgens Du Plessis (1997) het die samestelling van *Beeld* se gehoor, waaronder baie Christene is, min invloed op die joernalistieke benadering. Daar is wel aandag gegee aan Christelike standpunte, maar dit is net behandel aan die rand van die gebeure. Dit het nie 'n integrale komponent van die beriggewing gevorm nie.

Kommentaarartikels is daar om standpunte te stel en lesers (doelbewus) te beïnvloed (Du Plessis, 1997). "Ons bou saam aan 'n openbare mening. Bewuste beïnvloeding daarin is baie belangrik. Die beïnvloeding is sowel gerig op burgers as op die regering." Inderdaad is sowel standpunt gestel as geprobeer om die leser te beïnvloed. Die mening wat in die kommentaar uitgespreek is, was ook in lyn met die algemene tendens in die beriggewing. Dit is egter nie gevind dat *Beeld* bewuste pogings aangewend het om die regering se standpunt oor dobbelary te beïnvloed nie, nie in die kommentaar nie en nie in ander items nie. Die standpunt van die verantwoordelike minister het selfs die koers aangedui waarop die kommentaarskrywer sy standpunt gerig het.

***3.3.3.4 Toetsing aan die teoretiese stellings***

In hierdie subhoofstuk word die navorsingsresultate getoets aan die teoretiese stellings rakende die oriëntasiefunksie wat in subhoofstuk 2.6 aangebied is. Alle stellings word afsonderlik bespreek.

**Teoretiese stelling 1**

Volgens die joernalistieke oriëntasiefunksie is die pers veronderstel om aktief en bewuste die insig in wêreldgebeure te bevorder, sodat die lesers in hul verskeie verhoudinge tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie op 'n goeie wyse

vervul word, kan van 'n oriënterende persoonsbehartiging gepraat word:

In *Beeld* se hantering van dobbelary het dit veral gegaan om die gee van insig in die nuwe wet en hoe die dobbelbedryf daarop inspeel. Daar is nie gevind dat *Beeld* dit belangrik gevind het om die lesers te laat nadink oor die effekte van dobbelary op die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Die gekose aanpak het dus nie die leser se algemene insig in dobbelary en kwessies wat daarmee verband sterk bevorder nie.

**Teoretiese stelling 2**
Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel geen onderwerp wat vir die joernalis verbode terrein is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat al die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word.

Daar is nie voorbeelde gevind waaruit blyk dat hierdie reël nie nagevolg is nie. Maar dit impliseer nie dat die stelling bewuste onderskryf is nie.

**Teoretiese stelling 3**
As 'n koerant die oriëntasiefunksie op 'n goeie wyse hanteer, kan hy 'n suksesvolle venster op die wêreld wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die totaalprentjie aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied word.

Balans het in die standpunte wat deurgegee is grootliks ontbreek. Voorstanders het meer as ses keer soveel aandag geniet as die teenstanders van die wettiging van dobbelary. Die wyse waarop *Beeld* dobbelary gehanteer het, was daarom nie ewewigtig nie.

**Teoretiese stelling 4**
Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. Nuusseleksie kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te beïnvloed. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die konteks van feite na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie.

In die seleksie het die politieke en ekonomiese aspekte voorrang gekry bo ander kante van die dobbeltema. Die aandag was eensydig gerig op die Wiehahn-verslag en die dobbelwêreld. Ander aspekte, soos die etiese en sosiale kante van die saak, of invloedryke organisasies, soos die kerke, het min of geen aandag gekry nie. Dit is 'n groot tekortkoming.

**Teoretiese stelling 5**
In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n plek vir die 'slegte'. Maar die slegte word nie *om* die slegte of die sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor.

Daar is geen voorbeelde waarin die grense wat dié stelling stel, oorskry is nie.

***3.3.3.5 Samevatting en konklusies***
*Beeld* het in 1995 108 keer die tema van dobbelary aangespreek. In al hierdie items is 117 sitate gevind. Van hierdie 117 kan 37 as pro-sienings geïnterpreteer word. Die gekwalifiseerde pro-siening is agttien keer deurgegee. In ses gevalle het *Beeld* stem gegee aan 'n kontra-siening.

(Sien tabel 3.8 vir die oorsig.)

Tabel 3.8 Oorsig inhoud sitate in *Beeld* se items oor items in 1995

| | |
|---|---|
| Totale aantal sitate | 117 |
| Pro-menings | 37 |
| Gekwalifiseerde pro-menings | 18 |
| Kontra-menings | 6 |
| Sitate sonder mening | 56 |

In die publikasiereeks oor dobbelary was daar 96 wat 'n sterk klem gelê het op die deurgee van feitelike gegewens, terwyl twaalf ander items 'n meer meningsvormende karakter gehad het. (Kyk tabel 3.9 vir die oorsig.)

Tabel 3.9 Tipe items in *Beeld* oor dobbelary in 1995.

| | |
|---|---|
| Meningsvormend | 12 |
| Feitelik | 96 |

*Beeld* het sy gehoor goed georiënteer rondom die veranderings wat Suid-Afrika ten opsigte van dobbelary deurgemaak het. Daar is duidelik gestel wat die ou wetgewing ingehou het en watter veranderings beplan is. Ook was daar sprake van goeie oriëntasie ten opsigte van die dobbelbedryf se planne en aksies met die oog op die nuwe dobbeltoekoms. Daar is dus insig verkry in die politieke en ekonomiese aspekte van dobbelary.

Daar was egter sprake van 'n minder bevredigende oriëntasie ten opsigte van seker ander aspekte van dobbelary, soos die sosiale implikasies en die etiese aspekte daarvan. Hierdie kante van dobbelsaak is joernalistiek amper geïgnoreer. Ook het die koerant nie geprobeer om die leser te prikkel om na te dink oor dobbelary in Suid-Afrika nie. Tewens was daar 'n slegte balans in die menings wat deurgegee is. In sekere opsigte het 'n onkritiese joernalistiek na vore gekom. Gevolglik kan gesê word dat daar sprake was van 'n selektiewe oriëntasie ten opsigte van dobbelary in die rigting van die optimistiese siening.

In die beskrywing van al dié aspekte het ook die eie aard van 'n dagblad na vore gekom, omdat van 'n dagblad verwag word om 'n algemene beeld van die werklikheid te gee en om hom nie te beperk tot sekere aspekte daarvan nie. Nie een keer is gevind dat 'n spesifieke standpunt geïgnoreer is of dat net een mening weergegee is nie. Vanuit die joernalistieke oriëntasiefunksie kan dit alles as positief beskou word.

## 3.4 SLOT

Oor al drie onderwerpe het dit duidelik geword dat die wetgewing aan die verander was en wat die veranderinge ingehou het. Ook het dit na vore gekom wat die konteks van dié veranderinge was, naamlik die waterskeiding van die politieke hervorminge wat in Suid-Afrika deurgevoer is. In 'n groot aantal van die items is ook gefokus op die inhoud van die nuwe wette, veral oor aborsie en dobbelary. Dié wette was in 1995 die onderwerp van politieke en maatskaplike bespreking. Die wette rakende homoseksualiteit is reeds vroeër gewysig, maar ook hierin het dit duidelik geword dat Suid-

Afrika op belangrike punte verander het.

Die gebalanseerdste vorm van oriëntasie is gevind by aborsie, hoewel daar ook sekere gebreke geïdentifiseer is. Daar was 'n perfekte balans tussen die getal pro- en kontrasienings wat deurgegee is. Ook het *Beeld* rondom aborsie substansiële aandag gegee aan meningsvormende items, waarin sekere argumente fundamenteel bespreek is. Dit het baie duidelik geword wat die prinsipiële verskille tussen voor- en teenstanders is. Uit die hantering van die onderwerp blyk ook dat die koerant dit as 'n belangrike kwessie vir Suid-Afrika erken het. Deurdat 'n groot verskeidenheid menings weergegee is, is aktiewe meningsvorming by die gehoor optimaal geprikkel.

In Hoofstuk 1 (1.2.2 en 1.2.3; vergelyk 3.2.2) is die verwagting uitgespreek dat *Beeld* stem sou gee aan 'n ekspliete Christelike siening oor die drie eties sensitiewe onderwerpe. Dit het geblyk dat die koerant dit wel in 'n mate gedoen het. Die moontlikheid dat *Beeld* die gehoor volledig in pas met die Christelike siening sou oriënteer, is egter nie bevestig nie.

Die standpunte van *Beeld* se adjunk-redakteur (Du Plessis, 1997) het by elke onderwerp 'n nuttige funksie gehad by die interpretasie van die gegewens wat gevind is. Dit het wel enkele kere geblyk dat sy standpunte nie ooreengekom het met die feite nie. So het Du Plessis gesê dat die koerant nie sê homoseksualiteit is reg of verkeerd nie. Tog het die koerant verskeie kere eensydig op 'n positiewe wyse daaroor in agtergrondartikels geskryf.

Die feit dat die beste vorm van joernalistieke oriëntasie gevind is by aborsie, kan moontlik gedeeltelik verklaar word uit die interne samehang van die items. By homoseksualiteit is gekonstateer dat daar nouliks sprake van interne samehang was. Daar is ook die mins suksesvolle hantering van die oriëntasiefunksie bespeur. Ook die items oor dobbelary het 'n baie hoë interne samehang vertoon, maar tog nie so hoog as by aborsie nie. Daarby kom dat die selektiwiteit in die oriëntasie rondom dobbelary baie sterker was as by aborsie. Daar kan dus veronderstel word dat 'n hoë interne samehang 'n bevorderende effek het op die hantering van die oriëntasiefunksie. Dieselfde kan gestel word vir 'n breë spektrum van aspekte wat in die joernalistiek betrek word.

# HOOFSTUK 4. BESKRYWING EN ANALISE VAN BERIGGEWING EN KOMMENTAAR IN *RAPPORT*

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsvrae aangaande die Sondagblad *Rapport* aan die orde gestel. Eerstens word kortliks gekyk na die verskynsel Sondagkoerante, waarna 'n historiese oorsig gegee word van die ontstaan en groei van *Rapport*. Daarna word die beriggewing en kommentaar in *Rapport* oor homoseksualiteit, aborsie en dobbelary in 1995 beskryf en geanaliseer.

## 4.2 SONDAGJOERNALISTIEK

### 4.2.1 Algemene gegewens: Sondagkoerante

Sondagkoerante dateer uit 1791, toe die *London Observer* vir die eerste keer in Engeland verskyn het. In Amerika was daar in die Rewolusieperiode in die 1860's net op insidentele basis koerante op Sondag. Hierin is belangrike nuus gepubliseer wat, so is geglo, nie tot Maandag kon wag nie. Vanweë godsdienstige besware teen die vermeende ontheiliging van die Sondag, het dit lank geneem voordat Sondagkoerante ook in die VSA 'n vaste staanplek kon kry (Kobre, 1969: 154-155; 360; 400; Boyce, 1978: 41).

In baie gevalle het Sondagkoerante 'n sensasionele karakter gehad. Dit was ook die geval in Brittanje. Ondanks 'n verbod tot 1850 om op Sondag koerante te (ver)koop, is dit tog gedoen en het hierdie uitgawes ewe goeie oplaes gehad as weekedisies. Dié koerante het veral in die stedelike gebiede ontstaan. Hierdie naweekpers het hom sterk gerig op kriminaliteit en skandale. Polities het dit meestal gepleit vir hervorminge. Die leserskring het in 'n groot mate bestaan uit nie-Christelike werkers (Boyce, 1978: 41; 44; 48; 123; Bertrand, 1969: 16; Lee, 1976: 125; 218). In die periode ná die Amerikaanse Burgeroorlog het die Sondagpers daar meer gewild begin raak. In 1880 was daar reeds 252 titels op Sondag. Ook daar het dit 'n sensasionele karakter gehad (Kobre, 1969: 383-385; 557; Lang, 1967: 38).

### 4.2.2 Historiese gegewens: *Rapport*

Die Sondagblad *Rapport* het ontstaan uit die samesmelting van *Die Beeld* en *Dagbreek*. Hierdie twee publikasies het behoort aan twee verskillende uitgewers: Nasionale Pers en Afrikaanse Pers. In Oktober 1970 is die eerste gesprekke gevoer om die twee koerante, wat 'n bitter sirkulasiestryd gevoer het, saam te voeg. Beide koerante het swaar verliese weens die mededinging gely. Nadat ooreenstemming bereik is, is bepaal dat die nuwe koerant die naam *Rapport* sou kry. 'n Nuwe maatskappy, Rapport-Uitgewers, is gestig met gelyke aandeelhouding. Willem J. Wepener, redakteur van *Die Beeld*, het die eerste redakteur van *Rapport* geword (Scholtz, 1992a: 254-255).

*Rapport* was dadelik 'n groot sukses. Van die eerste uitgawe (op 29 November 1970) is 400 000 eksemplare verkoop. Daarna het die sirkulasie begin styg, sodat die eerste geouditeerde sirkulasiesyfer vir 'n tydperk van ses maande (Januarie-Junie 1971) 444 524 was, destyds ongehoord vir 'n Afrikaanse publikasie. Die jaar later het *Rapport* die grootste koerant in die land geword, deur die 500 000-kerf te bereik en die *Sunday Times* verby te steek (Scholtz, 1992a: 256). In die laaste helfte van 1995 en die eerste helfte van 1996 het die gemiddelde verkoop op ruim 390 000 gelê (*Rapport*,

1996). Onder die redakteurskap van Izak de Villiers, wat ook in die periode van die navorsing aan die bewind was, het *Rapport* se sirkulasie in 'n mate herstel en begin 1997 het dit op vlak by die 400 000 gestaan.

In die politiek het *Rapport* in breë trekke die Nasionale Party gesteun, veral wanneer die party in 'n verligte (of meer lberale) rigting beweeg het. Tog het die koerant meermale die gramskap van Nasionale politici op die hals gehaal. Anders as die dagblaaie van die Nasionale Pers het *Rapport* 'n groter afstand van die regeringsparty gehandhaaf. Die koerant het byvoorbeeld vanaf die begin jare tagtig 'n groter politieke seggenskap vir gekleurdes en swartes bepleit, lank voordat dit deur die NP aanvaar is (Scholtz, 1992a: 261; 268-269; 273-274).

In die jare ná die 1994-verkiesing het *Rapport* al hoe meer 'n kritiese stem teen die ANC-oorheerste regering laat hoor en Afrikaanssprekendes se belange — veral taalregte — gepropageer. Dit het *Rapport* die etiket van 'regsgesind' op die hals gehaal, hoewel dit nie heeltemal juis is nie (vergelyk Froneman, 1997).

Die inhoud van *Rapport* wyk nie in wese af van die mees algemene patroon van Sondagkoerante in Brittanje en Amerika nie en bied dieselfde gemengde inhoud aan. Dit blyk dat as die inligting op 'n ligte wyse aangebied word, dit 'n positiewe invloed op die sirkulasiesyfers het (Davis, 1983: 42). Anders gestel: populistiese blaaie kom meer voor as ernstige blaaie, hoewel dit ook vir 'n Sondagkoerant moontlik is om laasgenoemde inslag te hê (vgl. Froneman, 1998:18; 37-44). In Rapport se geval moet hy die totale Afrikaanse leserspublike dien, wat eintlik 'n inklusiewe, populistiese benadering veronderstel.

Volgens adjunk-redakteur Chris Karsten is *Rapport* meer krities oor dobbelary as oor homoseksualiteit en aborsie. Dobbelary word deur die koerant afgewys. "Daarom sal ons nie maklik berigte plaas oor mense wat groot winste met dobbelary gemaak het nie." Ten opsigte van homoseksualiteit en aborsie sou die koerant minder terughoudend wees (Karsten, 1997).

Met betrekking tot etiese onderwerpe kan vanuit die voorgaande nie veronderstel word dat *Rapport* 'n ander joernalistieke benadering sal volg as 'n dagblad soos *Beeld* nie. Die teikengroep is — soos by 'n dagblad — die algemene publiek wat die betrokke taal kan lees.

**4.3 EMPIRIESE GEGEWENS**

In hierdie subhoofstuk word die empiriese gegewens oor die joernalistieke oriëntasie deur *Rapport* oor die drie etiese kwessies bespreek. Eers word ingegaan op homoseksualiteit, daarna aborsie en laastens dobbelary.

By al die onderwerpe word die vier aandagspunte apart begandel, naamlik frekwensie, prioriteit, sitaat-analise en redaksionele kommentaar. In tabelle word die datum, soort, bladsynommer, die omvang en die grootte van opskrifte weergegee. Samevattings van al die gepubliseerde items kan gevind word in Addendum 2. Alle items word as 'meningsvormend' of 'feitelik' geklassifiseer. In hierdie hoofstuk word die metode gevolg soos beskryf in subhoofstuk 1.8 en by die analise word gebruik gemaak van die onderhoud wat met 'n senior adjunk-redakteur van *Rapport* gevoer is (Karsten, 1997; opgeneem in

Bylae 2).

Daar word apart aandag aan die teoretiese stellings (uit subhoofstuk 2.6) gegee. Vir elke stelling word bepaal hoe dié aspek van die oriëntasiefunksie na vore gekom het in die joernalistieke hantering van die drie onderwerpe.

### 4.3.1 Homoseksualiteit

#### *4.3.1.1 Frekwensie*

*Rapport* het in 1995 nege maal geskryf oor die onderwerp homoseksualiteit (N=9). Onder hierdie nege items was daar sewe nuusberigte en twee artikels waarin meer in diepte op die kwessie gefokus is. Geen redaksionele kommentaar is oor homoseksualiteit gelewer nie. Twee maal het twee items verskyn in dieselfde uitgawes (27 Augustus: R 4 en R 5, en 1 Oktober: R 6 en R 7).

In 1995 was daar 52 uitgawes van *Rapport* (*Rapport*, 1996). Dit beteken dat hierdie koerant gemiddeld in amper een uit ses uitgawes 'n item oor homoseksualiteit bevat het.

#### *4.3.1.2 Prioriteit*

Die gebeure rondom homoseksualiteit was vir *Rapport* nie een keer nuuswaardig genoeg om dit op die voorblad te plaas nie. In sewe van die nege gevalle is die berig of artikel tussen bladsy 2 en bladsy 7 geplaas. In twee ander gevalle het dit gestaan in die tweede gedeelte van die koerant, naamlik die agtergronddeel. Vier items was lank en vyf was kort (in terme van die gemiddeldes: vergelyk 1.8.2.2.2b).

Die verspreiding van die items is opvallend. Van Januarie tot Mei het net een (klein) beriggie verskyn; in Augustus het binne drie weke drie items verskyn en in Oktober was daar drie berigte. Die meeste items is daarom nogal in 'n kort tydsbestek gepubliseer.

(In Tabel 4.1 word die relevante gegewens oor die publikasie weergegee.)

Tabel 4.1 Datum, soort, bladsynommer, omvang en opskrifgrootte van *Rapport* se items oor homoseksualiteit in 1995

| Kode | Datum | Soort | Bladsy | Omvang berigte* | Omvang artikels | Opskrifte berigte | Opskrifte artikels |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R 1 | 15 Januarie | berig | 6 | kort | | klein | |
| R 2 | 21 Mei | berig | 6 | kort | | klein | |
| R 3 | 6 Augustus | artikel | 25 | | kort | | klein |
| R 4 | 27 Augustus | berig | 2 | kort | | klein | |
| R 5 | 27 Augustus | berig | 6 | kort | | klein | |
| R 6 | 1 Oktober | berig | 7 | lank | | klein | |
| R 7 | 1 Oktober | artikel | 36 | | lank | | klein |
| R 8 | 29 Oktober | berig | 7 | lank | | groot | |
| R 9 | 12 November | berig | 3 | lank | | groot | |

* Die omvang van berigte en artikels, sowel as die grootte van opskrifte is kontekstueel bepaal deur die

gemiddeldes vas te stel. Wat onder die gemiddelde is, word beskou as kort of klein, bo die gemiddelde as lank of groot (kyk 1.8.2.2.2b).

### *4.3.1.3 Algemene beskrywing en analise van berigte en artikels*

Die nege items oor homoseksualiteit in *Rapport* het talle aspekte behels. Die meeste berigte en artikels het gebeure bespreek wat heeltemal los staan van die feite wat in ander items aandag gekry het (6, N=9). Die eerste berig was oor navorsing wat gedoen is oor die verband wat moontlik bestaan tussen die keuse van speelgoed in die kinderjare en volwasse seksuele oriëntasie (R 1). 'n Ander berig het gegaan oor 'n studenteraadsvoorsitter wat na bewering kollegas seksueel teister (R 2). Ook die problematiek van seksuele verwysings in die musiek waarna jeugdiges luister, het aan die orde gekom (R 3). Twee berigte het die oopvlek bespreek van 'n plek waar skoolseuns homoseksueel misbruik is (R 8 en R 9). Ook was daar 'n bespreking van 'n boek oor homoseksualiteit (R 7). Dit wys enersyds die wye verskeidenheid van aspekte wat met homoseksualiteit te doen het. Aan die anderkant beteken dit dat die interne samehang van al die items heel laag is.

In die weergawe van standpunte was daar 'n goeie ewewig. Die pro-siening het vier keer neerslag gevind en die kontra-siening drie keer. In drie sitate het 'n mening ontbreek. Die positiewe siening het dus die meeste aandag gekry, hoewel die verskil minimaal was (kyk vir die kriteria vir die klassifisering die uitgebreide bespreking onder 1.8.2.2.2).

Sowel by die pro- as by die kontra-standpunte is nooit verwys na 'n Christelike idee nie. Dat is ietwat vreemd in die lig van die verwagtings (vergelyk 1.2.2 en 1.2.3), dat daar moontlik wel aandag aan die Christelike sienings bestee sou word of dat die gehoor selfs in pas daarmee georiënteer sou word. Op hierdie punt is die verwagte bevindings dus nie bevestig nie.

Die kontra-standpunt is verskeie kere beredeneer vanuit die persoonlike gevoel (2, N=9). So, byvoorbeeld, het die voorsitter van die studenteraad op die satelietkampus van die Potchefstroomse Universiteit op Vanderbijlpark 'n (potensieel) homoseksuale ervaring met sy kollega van die Universiteit van Port Elizabeth (UPE) gehad. Die studentevoorsitter van UPE het na bewering probeer om hom te verlei tot homoseksuele gedrag. "Ons het almal saam gekuier en ek en St. Claire (die UPE-studentevoorsitter, EvV) het lekker gesels. Later het sy houding my egter begin pla en ek het bekommerd geraak. (...) Ek dink hy het 'n probleem en sal so gou moontlik daarna moet kyk" (R 2).

Die Zimbabwiese president, Robert Mugabe, het amper dieselfde argumente gebruik: "Hulle moet steeds aan my bewys dat hulle swanger kan raak. Ek sal homoseksuele en lesbiërs nooit goedkeur nie aangesien hulle ons normale lewenswyse wil versteur. Hulle is 'n skande vir hul gemeenskap en vir die hele wêreld" (R 4).

Die pro-standpunt is op 'n ander wyse beredeneer. Daar was, byvoorbeeld, 'n aanhaling van 'n Pick 'n Pay-woordvoerder wat sê ouers moet self besluit of hul kinders na musiek mag luister met eksplisiete verwysings na die seksuele. "In die nuwe bedeling berus die beheer by ouers. Ons verkoop miljoene cd's en kassette en kan nie alles nagaan nie. Ouers moet self toesien dat hul kinders nie na sulke musiek luister nie" (R 3).

Dieselfde vryheidsgedagte is gehanteer by die toeligting dat gays en lesbiërs in terme van die tussentyde Grondwet by die nuwe Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) mag werk.

Hulle kry "volle regte en diskriminasie word teen hulle nie geduld nie. (...) Die SAPD is verbind tot gelyke, doeltreffende en toeganklike diens aan alle gay en lesbiese mense" (R 6).

Deurdat verskillende standpunte weergegee is, is die diversiteit van die samelewing geïllustreer. Daardeur was dit insiggewend vir die publiek ten opsigte van homoseksualiteit. Dit is egter opvallend dat by die weergee van standpunte nie 'n enkele keer verwys was na 'n samehangende etiese denkraamwerk nie. Wel is verwys na persoonlike smaak oor seksualiteit (R 2) of na die nuwe Suid-Afrika met sy klem op menseregte (R 6). Ook die mening van Mugabe is nie uitgediep nie. Hoewel hy 'n belangrike man is en sy uitings oor homoseksualiteit (ook in internasionale verband) baie publisiteit gekry het, is nie toegelig vanuit watter lewens- en wêreldbeskouing hy hierdie uitsprake gedoen het nie. Dit is daarom 'n vraag of die nadenke oor 'n kwessie soos homoseksualiteit maksimaal bevorder is. Deurdat die konteks van sy uitsprake ontbreek het, was dit ook vir die leser moeilik om hom met Mugabe te identifiseer al dan nie, waardeur die koerant in hierdie opsig nie as 'n suksesvolle venster op die wêreld gefunksioneer het nie.

Dieselfde probleem het verskyn in die bespreking van Danie Botha se prosadebuut, *Die Soft Rock Klub* (R 7). Die boek is 'n "belangrike toevoeging tot die gay-literatuur en tot die Afrikaanse letterkunde in die geheel" genoem. Dit is dus met oop arms ontvang. Ook die "gesprek met God", wat as laaste verhaal in die boek staan, is positief waardeer, omdat dit "die verband tussen die religieuse en die erotiese opnuut bevestig". Tog het in hierdie boekbespreking elke verwysing na 'n etiese opvatting oor homoseksualiteit ontbreek. So 'n verwysing hoef nie onvanpas te wees as 'n mens praat oor die "verband tussen die religieuse en die erotiese" nie. Die resensie wek die indruk dat dit uitgaan van 'n implisiete instemming met homoseksualiteit.

'n Artikel oor musiek met eksplisiete verwysings na seks (R 3), het bewys dat die algehele persvryheid onder die tussentydse grondwet ook pornografie moontlik gemaak het. Uit die berig oor die SAPD-gays wat getroud is (R 6), kom na vore dat dit in die 'ou' Suid-Afrika nie moontlik sou gewees het nie. Die publieke aanvaarding van homoseksualiteit het verander. Dié berig was daarom oriënterend ten opsigte van die maatskaplike deurwerking van die politieke hervormings.

Dieselfde oriëntasie ten opsigte van die veranderings het voorgekom in die berig oor twee gay-polisiemans wat getroud is (R 6). Die berig het eers in Oktober verskyn, terwyl die troue reeds in Mei plaasgevind het. Nadat op 'n ironiese wyse berig is dat dit in die polisiekantoor nogal vir heftige diskussie gesorg het, het die berig verder vertel wat die amptelike beleid nou by die SAPD en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) is. Vroeër is dit deur departementele regulasies verbied. Dié inligting was aktueel en oriënterend en het die leser laat sien in watter samelewing hy lewe en wat aan die verander is. Die joernalis het sy berig begin met 'n interessante gebeurtenis en het homself nie bekommer oor die vraag of dit 'ou nuus' was of nie. Ondanks die ongewone komposisie, was dit daarom wel 'n oriënterende, insiggewende berig.

*Rapport* het in sy hantering van homoseksualiteit nie daarin geslaag heeltemal weg te bly van 'n sensasionele aanpak van die onderwerp nie. Die berig oor die beweerde seksuele teistering deur die UPE-studenteraadsvoorsitter (R 2) is gepubliseer voordat 'n amptelike klag teen dié student ingedien is. In die berig self is gesê dat dit 'n saak van studente bly solank daar nie 'n klag is nie, maar die berig het dit in elk geval wel 'n openbare kwessie

gemaak. Twee studente is aangehaal wat onaangename ervarings met dié voorsitter gehad het. In die item was daar nie 'n terughoudendheid ten opsigte van die deurgee van die naam van die betrokke studenteleier nie. Hy is egter nie na sy siening van die gebeure gevra nie. Die seleksie van aangehaalde persone was dus nie ewewigtig nie, en getuig van eensydige joernalistiek. Dit wek die indruk dat nie die bestryding van seksuele teistering vooropgestel is nie, maar dat dit om 'n vermaaklike storie gegaan het waarin die 'slegte' om die slegte aangebied is. Wat die navorser egter by nabaat nie weet nie, is of die betrokke persoon beskikbaar was vir kommentaar nie. Indien nie, moes die berig dit egter gemeld het. Hoewel hier dus nie van deeglike oriëntasie gepraat kan word nie, is 'n totaal afwysende oordeel eweneens problematies.

Ook 'n berig wat gehandel het oor die oopvlekking van 'n homoseksuele ontmoetingsplek aan die Krokodilrivier in Mpumalanga (R 5), het 'n sensasionele suggestie gehad. Die berig het 'n uitgebreide en ironiese beskrywing bevat van wat gebeur het en hoe dié plekkie ontdek is. Geen insig in die planne van die polisie is egter gegee nie. Ook is nie gesê op watter gronde die polisie gemagtig was om in te gryp nie. Die enigste oriënterende werking van hierdie berig was daarom dat daar iets soos homoseksuele afspraakplekke in Suid-Afrika bestaan. Dit lyk egter of die primêre doel van hierdie item was om die leser te vermaak met nuus oor gays wat hul geheime plekkie kwytgeraak het en nie om te oriënteer nie. Dit kom naby aan die 'slegte' om die slegte.

Daar was ook twee berigte oor 'n ander skandaal, maar dit word op 'n ander wyse gehanteer as die Krokodilrivierplekkie. Daar was sprake van gruwelike seksuele misbruik van seuntjies in 'n rykmansvilla by Loch Vaal (R 8 en R 9-2, N=9), maar die berig het nie die detail beskryf van wat gebeur het nie. Dit was beperk tot die basiese feite en dit kan daarom nie as sensasie beskou word nie. Die tweede berig (R 9) was 'n opvolgstorie, waarin nuwe feite gegee is. Daarin was egter ook 'n kort beskrywing van hoe 'n selfmoord gepleeg is. Dit sou beter gewees het om dit daar uit te laat, omdat detail oor misdade, en seker oor selfmoorde, moontlik nuwe misdade kan bevorder (vergelyk 2.5.3).

Onder *Rapport* se items oor homoseksualiteit was ses 'feitelik' (R 1, R 2, R 4, R 5, R 8 en R 9-6, N=9) en drie 'meningsvormend' (R 3, R 6 en R 7- 3, N=9). In die meningsvormende items is klem gelê op die ontwikkel van 'n opinie. Die eerste artikel het gegaan oor die musiek waarna kinders luister en wat eksplisiete seksuele woorde bevat (R 3). Eers is die probleem beskrywe en die verleentheid wat ouers kan hê as hul kinders hierdie tipe musiek speel. Daarna is weergegee wat die tussentydse Grondwet oor persvryheid sê en watter konsekwensies dit vir hierdie onderwerp het. Twee musiekverkopers het hul siening gegee. In die geheel bevorder dié tipe artikels meer die nadenke oor die kwessies as 'feitelike' berigte.

In die tweede meningsvormende berig het dit gegaan oor die vraag of gay-polisiemense wat getroud is, binne die diens kon bly werk (R 6). Dié berig het 'n feitelike troue in die SAPD beskrywe en twee woordvoerders aangehaal oor hoe die SAPD en SANW die kwessie hanteer. Omdat dit nadenke duidelik behoort te bevorder het, kan dit as 'n meningsvormende item gesien word.

Ook die boekresensie oor *Die Soft Rock Klub* het 'n meningsvormende funksie verrig (R 7). Dit het eers 'n opsomming gegee van wat die boek bied; daarna 'n beoordeling. Hierdie bespreking het daarom ook meer as net 'n feitelike funksie.

In 'n onderhoud het *Rapport* se adjunk-redakteur, Chris Karsten, gesê dié koerant stel met betrekking tot eties sensitiewe onderwerpe altyd voor- en teenstanders aan die woord (Karsten, 1997; Bylae 2)[1]. Uit die gegewens kom na vore dat daar inderdaad voor- en teenstanders aangehaal is. Dit gebeur ook ewewigtig.

Karsten (1997) het ook aangedui dat dit, volgens hom, sensasie is "as berigte aangedik word met onwaarhede". In hierdie studie word egter uitgegaan van 'n definisie van sensasie as inligting wat net met die oog op skok en vermaak aangebied word en nie ter wille van insig of oriëntasie nie. Of *Rapport* volgens Karsten se definisie sensasioneel was, is onmoontlik om met stelligheid te bepaal. Daar is egter wel, volgens die definisie wat in hierdie studie gehanteer word, soms klaarblyklik sensasioneel deur *Rapport* berig (vergelyk subhoofstuk 2.4.1). Die lastige vraag bly of die aard van die stof nie soms reeds 'n berig 'sensasiosioneel' maak nie. Dit verskoon 'n koerant egter nie om met opset te skok nie.

Die Sondagpers kyk gewoonlik nie net na die feite van gebeurtenisse nie, maar meer na die agtergrond en ontplooiing van nuusgebeure. "'n Dagblad berig oor 'n moord met feite. 'n Weekblad probeer dit meer vanuit die sosiale implikasies beskryf. Ons publiseer die omstandighede en die wye strekking van die gebeure. 'n Dagblad is belangrik vir die nuus. Maar ons probeer die motivering en implikasies vir die nuus vind," aldus Karsten (1997).

Dit is egter nie altyd in *Rapport* se hantering van homoseksualiteit gevind nie. Daar was inderdaad enkele stories wat sekere sosiale implikasies beskryf het en meer agter die nuus gekyk het. Vroeër is al daarop gewys dat maar min ingegaan is op etiese denkraamwerke. Daarin is dus 'n gebrek aan inligting oor die "motivering" van standpunte, soos by Mugabe. Wat die "sosiale implikasies" aangaan, lyk dit eerder of dit te min aan die orde gekom het. In die twee berigte oor die seksuele misbruik van skoolseuns (R 8 en R 9) is daar nie op die sosiale gevolge of omstandighede ingegaan nie, hoewel dit moontlik funksioneel sou gewees het. Dieselfde geld vir die storie oor die UPE-studenteraadsvoorsitter, wie se naam in die koerant gestaan het, maar wat nie die kans gekry het sy kan te stel nie.

### *4.3.1.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*

In hierdie subhoofstuk word die navorsingsresultate getoets aan die teoretiese stellings rakende die oriëntasiefunksie, wat in subhoofstuk 2.6 aangebied is. Alle stellings word afsonderlik bespreek.

#### Teoretiese stelling 1

Volgens die joernalistieke oriëntasiefunksie is die pers veronderstel om insig in wêreldgebeure aktief en bewus te bevorder, sodat die lesers in hul onderskeie verhoudinge tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie nagekom word, kan van oriënterende persoonsbehartiging gepraat word.

Omdat *Rapport* in sy items oor homoseksualiteit 'n groot verskeidenheid aspekte aan

---

[1] Daar is op 18 Februarie 1997 ook 'n onderhoud met die *Rapport*-joernalis mnr. Johan Kruger gevoer. Die gegewens wat daarin na vore kom, kan party keer as baie meer behulpsaam beskou word by die interpretasie van die empiriese gegewens as wat Karsten sê. Kruger sê: "Daar is drie s'e wat ons moet volg wil ons 'n sukses van die koerant maak: sport, sensasie en seks. (...) Die nutsaspek tel vir ons nie." Op die meeste punte staan Kruger se uitsprake haaks op dit wat Karsten sê. Omdat Karsten egter 'n meer senior posisie in die redaksie beklee, is gekies om sy siening te gebruik. In die praktyk kan Kruger se benadering egter wel neerslag vind.

die orde gestel het, was dit wel insiggewend. Tog is die lesers nie besonder gestimuleer om oor die kwessie na te dink nie, omdat dit nie altyd duidelik was vanuit watter agtergrond die standpunte gestel het nie. Wel het in die beriggewing duidelik na vore gekom dat die publieke aanvaarding van homoseksualiteit verander het, wat die insig verdiep het.

**Teoretiese stelling 2**
Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel geen onderwerp wat vir die joernalis verbode terrein is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word.

Omdat seksualiteit deel van God se skepping is, mag dit beskryf word. Dit is duidelik dat *Rapport* nie sy uitgangspunt geneem het in die tradisionele Christelike siening oor homoseksualiteit nie, waarin heteroseksualiteit die norm is en homoseksualiteit as onnatuurlik en verwerplik beskou word (kyk 1.3.2.1). Uit *Rapport* se berigte en artikels blyk nêrens dat homoseksualiteit as 'n afwyking van die norm gesien word nie.

**Teoretiese stelling 3**
As 'n koerant sy oriëntasiefunksie op 'n goeie wyse vervul, kan hy 'n suksesvolle venster op die wêreld wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die totaalprentjie aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied te word.

In die weergawe van die standpunte was daar 'n goeie balans. Die diversiteit van die samelewing is daardeur gereflekteer.

**Teoretiese stelling 4**
Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. Nuusseleksie kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te beïnvloed. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die konteks van die feite na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie.

Die seleksie van aangehaalde persone het een keer 'n pynlike gebrek getoon, toe geskryf is oor iemand wat van homoseksuele neigings beskuldig word, maar wat self nie na sy siening op die saak gevra is nie, hoewel sy naam voluit genoem is. Hierdie fout moet vanuit die joernalistieke etiek as absoluut onaanvaarbaar beskou word. Verder het die etiese aspek van homoseksualiteit nêrens selfstandige aandag geniet nie.

**Teoretiese stelling 5**
In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n plek vir die 'slegte'. Maar die slegte word nie *om* die slegte of die sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor.

*Rapport* het verskeie kere op 'n effens sensasionele wyse die onderwerp van homoseksualiteit benader en die indruk gewek dat nie die oriëntasie nie, maar die vermaak van die leser vooropgestel is. Ook was daar 'n beskrywing van 'n selfmoord, wat (op goeie wetenskaplike gronde — kyk 2.5.3) nie as 'n bydrae tot oriëntasie beskou kan word nie.

#### *4.3.1.5 Samevatting en konklusies*
*Rapport* het in 1995 in nege items oor diverse aspekte van homoseksualiteit geplaas en vanuit vele invalshoeke bespreek. Dit het duidelik geword dat homoseksualiteit baie aspekte het.

*Rapport* het in sy joernalistieke hantering van homoseksualiteit die gehoor *op sekere punte* deeglik georiënteer. Die onderwerp is vanuit verskeie invalshoeke benader, wat in 'n sekere mate 'n weerspieëling is van hoe dit in die samelewing funksioneer. Daarnaas het baie sterk na vore gekom dat die publieke aanvaarding van homoseksualiteit deur die politieke hervormings verskuif het na meer openheid. In beperkte sin het die oriëntasiefunksie daarom goed gefunksioneer.

*Rapport* het egter *nie altyd* sy lesers na behore georiënteer nie. Sommige punte het te min aan die orde gekom het. Die etiese aspekte van homoseksualiteit is byvoorbeeld nie 'n enkele keer pertinent bespreek nie; dit is net sydelings aangeraak in die artikel oor seksuele toespelings in musiek (R 3). Tweedens is daar enkele kere 'n sensasionele vorm van beriggewing geïdentifiseer.

Die gebrek aan interne samehang is moontlik veroorsaak deur die afwesigheid van 'n oorheersende probleem of vraagstuk in die samelewing wat rigting kan gee aan die joernalistieke hantering van die onderwerp. Homoseksualiteit was in 1995 in Suid-Afrika nie 'n onderwerp van groot maatskaplike of politieke diskussie nie, waardeur daar net berig is oor sekere insidente wat nie 'n verband met ander insidente gehad het nie.

In die sitate is drie keer 'n kontra-opvatting gereflekteer. In die berigte en artikels het daar vier pro-sienings verskyn. Drie keer was daar in die sitate nie 'n mening oor homoseksualiteit nie. Dit is opvallend dat by die kontra-standpunte verskeie kere op die persoonlike gevoel gesteun is, terwyl mense wat die pro-standpunt ingeneem het, dit meer vanuit die demokratiese vryheidsgedagte beargumenteer het.

(Kyk tabel 4.2 vir die oorsig van sitate.)

Tabel 4.2 Oorsig inhoud sitate in *Rapport* se items oor homoseksualiteit in 1995

| | |
|---|---|
| Totale aantal sitate | 10 |
| Pro-menings | 4 |
| Kontra-menings | 3 |
| Sitate sonder mening | 3 |

*Rapport* se nege publikasies oor homoseksualiteit kan verdeel word in drie wat 'n meningsvormende karakter gehad het en ses wat meer feitelik van aard was. (Kyk tabel 4.3 vir die oorsig.)

Tabel 4.3 Tipe items in *Rapport* oor homoseksualiteit in 1995.

| | |
|---|---|
| Meningsvormend | 3 |
| Feitelik | 6 |
| | |

Konkluderend kan gesê word dat *Rapport* die joernalistieke oriëntasiefunksie op sekere punte op 'n goeie wyse gehanteer het. Die verskeidenheid van menings wat deurgegee is, dui op ewewigtigheid. Dieselfde geld vir die verdeling tussen feitelike en meningsvormende

items. In sekere opsigte het *Rapport* met betrekking tot die hantering van homoseksualiteit ook gebreke getoon. So is daar enkele kere spore van 'n sensasionele joernalistieke houding gevind en het die etiese bespreking van die verskynsel nie aandag geniet nie.

### 4.3.2 Aborsie

#### *4.3.2.1 Frekwensie*

*Rapport* het in 1995 nege items oor aborsie gepubliseer (N=9). Hieronder was ses berigte en drie artikels. *Rapport* het in dié periode nie redaksionele kommentaar op hierdie onderwerp gelewer nie. Twee items het in dieselfde uitgawe verskyn (7 Mei: R 12 en R 13). Vier items (twee berigte en twee artikels) het op dieselfde dag verskyn (20 Augustus: R 15 - R 18).

Die frekwensiesyfers dui aan dat *Rapport* gemiddeld in amper een uit ses uitgawes 'n item oor aborsie bevat het. Die verhouding is dus dieselfde as dié met betrekking tot homoseksualiteit.

#### *4.3.2.2 Prioriteit*

*Rapport* het in die ondersoekperiode nie een keer 'n aborsieberig op die voorblad geplaas nie. Sewe items het tussen bladsy 2 en 13 verskyn. Een artikel het op bladsy 22 gestaan. Daar lyk asof *Rapport* die onderwerp aborsie as taamlik belangrik geag het, maar tog nie 'n hoë prioriteit daaraan gegee het nie.

Geen redaksionele kommentaar het oor aborsie verskyn nie. Wel was daar 'n onderhoud met 'n Nederlandse aborsiedokter wat in Klerksdorp 'n praktyk begin het (R 11). Ook is 'n oorsig van menings van verskillende bekende vroue gepubliseer (R 17).

Die verspreiding van al die items was nie gelykmatig oor die hele jaar nie. Die eerste item is eers einde Maart gepubliseer en die laaste reeds einde Augustus. Die laaste vier items het bowendien in dieselfde uitgawe van die koerant gestaan. (Kyk tabel 4.4 vir die oorsig van die relevante gegewens.)

Tabel 4.4 Datum, soort, bladsynommer, omvang en opskrifgrootte van *Rapport* se items oor aborsie in 1995

| Kode | Datum | Soort | Bladsy | Omvang berigte* | Omvang artikels | Opskrifte berigte | Opskrifte artikels |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R 10 | 26 Maart | berig | 3 | lank | | klein | |
| R 11 | 30 April | artikel | 5 | | lank | | groot |
| R 12 | 7 Mei | berig | 2 | kort | | klein | |
| R 13 | 7 Mei | berig | 6 | lank | | groot | |
| R 14 | 4 Junie | berig | 5 | lank | | groot | |
| R 15 | 20 Augustus | berig | 3 | lank | | groot | |
| R 16 | 20 Augustus | berig | 13 | lank | | groot | |
| R 17 | 20 Augustus | artikel | 13 | | lank | | klein |
| R 18 | 20 Augustus | artikel | 22 | | lank | | groot |

* Die omvang van berigte en artikels, sowel as die grootte van opskrifte is kontekstueel bepaal deur die

gemiddeldes vas te stel. Wat onder die gemiddelde is, word beskou as kort of klein, bo die gemiddelde as lank of groot.

### *4.3.2.3 Algemene beskrywing en analise van berigte en artikels*

Van die nege items oor aborsie het vier gegaan oor die nuwe wetgewing rakende aborsie (4, N=9). In hierdie items is nie in die eerste plek verslag gedoen nie, maar eerder sienings van bekende of belangrike persone onder die aandag gebring. Van die ander vyf items was daar twee 'stelle' van twee wat dieselfde onderwerp bespreek het (4, N=9). Die interne samehang ontbreek daarom nie heeltemal in die aborsie-reeks nie, maar is ook nie baie sterk nie.

Twee berigte het die hofgeding beskryf van 'n ongetroude ma wat R800 000 van 'n ginekoloog geëis het omdat 'n aborsie onsuksesvol uitgevoer is (R 10 en R 12- 2, N=9). Die ma moes nou die kind gaan onderhou en kon nie werk nie. Sy het egter die saak verloor. Daar was ook twee items wat gegaan het oor 'n Nederlandse dokter wat probeer het om in Kierksdorp die heel eerste amptelike aborsiekliniek van die land te begin (R 11 en R 13-2, N=9). Dit het egter teenkanting uitgelok. In die eerste item was daar 'n onderhoud met dié dokter (R 11). In die tweede item is berig dat die arts in hegtenis geneem is (R 13). Die laaste berig wat nie die kwessie van die nuwe wet bespreek het nie, meld 'n moordkwessie op 'n bruin plaasmeisie (R 14-1, N=9). Die boer is daarvan verdink dat hy eerstens die meissie swanger gemaak het, daarna 'n aborsie vir haar wou reël, en toe dit nie gewerk het nie, haar vermoor het. Die berig was 'n hofsaakverslag.

In die items oor die nuwe aborsiewet het *Rapport* sterk klem gelê op die weergee van menings. Hoe die wet presies sou gaan lyk, is minder sterk benadruk. Dit het begin met die sienings van beswaarde medici weer te gee, wat gevind het dat hul voorleggings deur die parlementêre ad hoc-komitee geïgnoreer is (R 15). Daarin is vier teenstanders van die wet aangehaal, insluitende drie medici.

Piet Muller het in sy rubriek, Flitslig, geskrywe die aborsie-vraagstuk is so oud soos die Christendom (R 16). In die rubriek het hy 'n kort oorsig gegee van hoe die kerk se siening oor aborsie ontwikkel het. Volgens Muller was dié standpunt deur die eeue beslis nie konstant nie. Die artikel het waarskynlik bewuste besinning oor aborsie bevorder. Ook is hierin erken dat dit die Skepper is wat die lewe gee. 'n Finale standpunt het egter ontbreek.

In dieselfde uitgawe as genoemde rubriek, het 'n oorsig verskyn waarin bekende vroue hul menings oor aborsie op aanvraag gegee het (R 17). Die artikel was bloot 'n opsomming van name en menings, maar dit kon wel die insig in die etiese aspekte van die kwessie bevorder het. In die laaste berig is die meeste ruimte afgestaan aan die ANC-parlementslid Gregory Rockman, wat 'n konserwatiewe siening op aborsie gehad het (R 18). Hy het gedink Suid-Afrika moes eers 'n referendum hou voordat die parlement kon besluit oor aborsie op aanvraag.

In die verhouding tussen standpunte wat weergegee is, blyk daar 'n groot verskil tussen die pro en die kontra te wees. Elf sitate het 'n standpunt teen aborsie op aanvraag bepleit en in sewe is 'n pro-siening ingeneem. Dit is die vraag of die leser hierdeur beïnvloed is, wat volgens die adjunk-redakteur (Karsten, 1997) nie behoort te gebeur nie. Aan die ander kant is ook met hierdie verdeling van standpunte die diversiteit van die samelewing weerspieël, waardeur dit as insiggewend en oriënterend beskou kan word (vergelyk vir 'n uitgebreide

bespreking van die kriteria vir die klassifikasie 1.8.2.2.2).

Dat in nege items 25 sitate voorkom (18 daarvan bevat 'n eksplisiete mening), is nogal hoog en die gevolg van twee items waarin 'n groot aantal persone hul mening oor aborsie gee. In R 15 is vier sienings weergegee, in R 17 selfs tien.

Die kontra-siening is verskeie kere beredeneer vanuit die oortuiging dat lewe by konsepsie begin en dat die ongebore vrug daarom nie afgedryf mag word nie. Dit is byvoorbeeld die siening van dr. Johan Smith van die organisasie Dokters vir Lewe (R 15): "Geen persoon mag op 'n arbitrêre wyse, soos nou gebeur, van sy lewe ontneem word nie. Dit moet in gedagte gehou word dat ons standpunt suiwer wetenskaplik is en niks met emosie te make het nie."

Een keer is 'n beroep gedoen op die feit dat God menslike lewe skep. "Ons het niks teen die dokter (die Nederlandse aborsiedokter in Klerksdorp, EvV) persoonlik nie, maar wel teen dit wat hy beplan. Ons is in die hande van 'n lewende God en ons wil nie die genade van die Here oor ons land verloor nie" (R 11).

Ander kere is die swangerskap gesien as 'n gevolg van die feit dat vroue hul verantwoordelikheid nie aanvaar nie. "Aborsies in spesiale omstandighede is seker geregverdig, soos ná verkragtings, maar aborsie-op-aanvraag is niks minder nie as 'n goedkoop uitweg vir vroue wat te papbroekig is om vir hul eie doen en late verantwoordelikheid te aanvaar," het Shareen Swart gesê (R 17).

In die meeste sitate wat die pro-siening bevat, is 'n baie sterk klem gelê op die regte van die vrou om oor haar eie liggaam te beskik. "Ek hoop dat diegene wat die nuwe wet maak, slegs vroue se belange op die hart dra, nie die standpunte van sedebewakers nie. Ja, die vrou moet self kan kies, en nie die dokter, die dominee of die parlementslid nie," het Dalene Matthee gedink (R 17).

Dit is opvallend dat alle standpunte ruimte gekry het om argumente te opper ten gunste van hulle siening. Dit het nouliks voorgekom dat net die standpunt deurgegee is sonder dat die onderliggende motivering daarby opgeneem is. Dit geld sowel vir die pro- as vir die kontra-sienings.

In die items is verskeie kere kritiek op die ANC se standpunt gelewer. Dié party, wat met die regering en die parlementêre komitee geïdentifiseer is, het van alle kante kritiek ontvang. Slegs in een berig is twee ANC-woordvoerders aangehaal (R 18-1, N=9), waarvan die eerste met skerp kritiek op sy eie party die meeste ruimte gekry het. Nie een keer het die party egter die kans gekry om die ANC se eie (pro-)aborsiestandpunt toe te lig nie. Dit kan wees dat die koerant nie saamgestem het met die party se standpunt nie, maar dit is tog die party wat die politieke toue in die hande het. Dié party se stellingname is daarom baie relevant. Bowendien kan 'n koerant hom nooit beperk tot die deurgee van die eie standpunt nie.

Ook kom na vore dat daar 'n sterk nadruk gelê is op die belangrike etiese aspekte van aborsie en minder op die mediese en sosiale kante daarvan. In ses berigte het die morele punt aandag geniet, hoewel dit nie altyd die hoofonderwerp was nie (R 11, R 13, R 15, R 16, R 17 en R 18- 6, N=9). Die mediese aspek het net aan die orde gekom in die artikel

waarin medici kla dat hul sienings geïgnoreer word, maar die belangrikste punt in dié item was die etiese gevolgtrekkings wat hulle uit die "harde mediese feite" gemaak het (R 15 — 1, N=9). Die sosiale aspek is nie eintlik aan die orde gestel nie. Dit is daarom 'n vraag of die totaalprentjie wel in alle opsigte gegee is.

Feite en die joernalis se interpretasie daarvan is nie altyd uit mekaar gehou nie. In die berig waarin die sienings van medici weergegee is (R 15), konstateer die joernalis dat die nuwe regering nie konsekwent is nie. "Die doodstraf in Suid-Afrika is amptelik afgeskaf, maar dit lyk na 'n uitgemaakte saak dat aborsie-op-aanvraag gewettig kan word." Die "emosionele feministiese pleidooie" het meer gewig gekry as "harde mediese feite". Die werksaamhede van die komitee is daarom ook "blote oëverblindery". Ook in die onderhoud met die Nederlandse aborsiedokter is die mening van die joernalis duidelik (R 11). Daar is gemeld dat "'n jong oorloggie" om die dokter se kop losgebars het. "Wanneer hy vertel waarmee hy besig is, weet jy waarom", skryf die joernalis. Hoewel die skeiding tussen nuus en en die joernalis se interpreterende kommentaar 'n normale uitgangspunt in die professionele joernalistiek is, het *Rapport* dit hier nie heeltemal gevolg nie. Dit is in stryd met *Rapport* se formele standpunt (Karsten, 1997).

"In berigte gee ons natuurlik nie ons eie mening nie," sê Karsten (1997). "Maar ons laat wel voorstanders en teenstanders van byvoorbeeld aborsie aan die woord. Maar ons probeer nie die lesers beïnvloed nie. Die leser kan op basis van die inligting wat hy in ons koerant kry, self besluit wat hy wil dink." Daar het inderdaad voor- en teenstanders van aborsie aan die woord gekom. Tog ontstaan die indruk dat daar pogings aangewend is om die leser se besinning te beïnvloed buite die normale redaksionele kommentaar. Twee keer is gevind dat in die begin van items die mening van die joernalis na vore gekom het. Dit gaan dus in teen wat Karsten as beleid voorgehou het.

Die algemene reël was, aldus die adjunk-redakteur, dat *Rapport* die Christelike stem oor etiese temas 'n belangrike plek gee, hoewel nie probeer word om die Christelike stem af te dwing nie (Karsten, 1997). In die items oor aborsie is drie keer verwys na die siening dat God die lewe skep (R 11, R 16 en R 18-3, N=9). Ook agter verskeie ander aanhalings kan 'n Christelike siening veronderstel word. Dit bewys dat *Rapport* die Christelike stem wel 'n belangrike plek in sy koerant gegee het, soos reeds veronderstel en verwag is in 1.2.3 en 1.7.3.

Volgens Karsten skryf 'n Sondagkoerant meer oor die agtergrond van gebeure as oor die gebeure self. "'n Dagblad berig oor 'n moord met feite. 'n Weekblad probeer dit meer vanuit die sosiale implikasies beskryf. Ons publiseer die omstandighede en die wye strekking van die gebeure. 'n Dagblad is belangrik vir die nuus. Maar ons probeer die motivering en implikasies vir die nuus vind" (Karsten, 1997). Hierdie woorde word egter nie bevestig deur die feitelike items oor aborsie nie. Net die onderhoud met die Nederlandse aborsiedokter (R 11) voldoen moontlik aan hierdie standaard. Die meeste items beskryf net die gebeure of die menings, maar spel nie die "sosiale implikasies" daarvan uit nie (6, N=9). Motiverings word net gegee by standpunte, nie by beriggewing oor gebeure nie. Ook word daar nouliks oor agterstraataborsies gepraat, hoewel dit vir baie burgers en politici een van die belangrikste redes was waarom aborsie gewettig moes word. Dit is dus 'n vraag of die totaalprentjie in alle opsigte weergegee is.

In die beskrywing van die algemene voorkoms van 'n Sondagkoerant vroeër in hierdie

hoofstuk (4.2.1) is gestel dat hierdie koerante — histories gesproke — meestal 'n sensasionele karakter (gehad) het. In die hantering van die aborsie-tema in *Rapport* is dit egter nie bevestig nie. Dit is ook nie gevind dat daar moeite gedoen is om die gebeure en menings rond aborsie ekstra lughartig te beskryf nie. Dit is wel so dat *Rapport* verskeie kere afgewyk het van die weergee van die feitelike gebeure en hom gerig het op die deurgee van menings. Die opsommings met standpunte is partykeer eerder saai as "maklik leesbaar". Volgens Karsten (1997) sou 'n Sondagblad die feite meer verteerbaar (*entertaining*) benader. "Dit moet makliker leesbaar wees. Nie net statistiek nie, maar menslike gesigte agter syfers. Dit lees beter." Dit lyk asof *Rapport* dit met betrekking tot aborsie nie gedoen het nie.

*Rapport* het opvallend genoeg geen redaksionele kommentaar oor aborsie geplaas nie, hoewel dit tog 'n belangrike kwessie in Suid-Afrika was, nie in die minste onder Afrikaanssprekende Christene nie, wat 'n groot teikengroep van *Rapport* is. Bowendien kan vanuit die hantering die indruk ontstaan dat *Rapport* self 'n teenstander van aborsie op aanvraag is, omdat die kontra-siening meer ruimte gekry het as die pro-standpunt en in die gevalle waar die feite en die kommentaar deurmekaar loop, die kontra-siening na vore gekom het. Tog ontbreek 'n duidelike kommentaar van die redakteur, waaruit kan blyk wat sy mening is. "Die kommentaar is veral daar om duidelikheid te stel wat die koerant se eie standpunt is. Die leser moet bewus daarvan raak wat die koerant se siening is" (Karsten, 1997). Nou kan die leser net vermoed wat die koerant dink, maar hy kry dit nie duidelik in 'n kommentaar nie. Daarby is die kommentaar juis die middel by uitstek om meningsvorming te stimuleer.

*Rapport* het deur die deurgee van uiteenlopende menings 'n sterk klem gelê op meningsvorming. Die verskeidenheid van standpunte wat na vore gekom het, toon ook die diversiteit van die samelewing aan. Vanuit die joernalistieke oriëntasiefunksie gesien is dit 'n pluspunt, hoewel dit 'n vraag is of die balans tussen die (maatskaplike en politieke) belangrikheid van die standpunte ook gereflekteer is.

Vyf van die nege items oor aborsie kan as meningsvormend beskou word (5, N=9). Die ander vier het hulle tot die weergee van feite beperk (4, N=9). So was daar in die berigte oor die hofsaak van die ma wat skadevergoeding van 'n ginekoloog wou hê (R 10 en R 12) geen eksplisiet meningsvormende elemente nie. Dieselfde geld vir die berig oor die Nederlandse aborsiedokter wat in hegtenis geneem is (R 13) en vir die berig oor die hofsaak oor die moord op die bruin meisie (R 14). In die ander items lê die klem wel op die meningsvorming. Dit geld eerstens vir die artikels wat net menings na vore bring (R 15, R 17, R 18), vir die onderhoud met die aborsiedokter en die reaksie van 'n teenstander (R 11) en laastens vir die rubriek Flitslig van Piet Muller (R 16).

#### *4.3.2.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*

In hierdie subhoofstuk word die navorsingsresultate getoets aan die teoretiese stellings rakende die oriëntasiefunksie, wat in subhoofstuk 2.6 aangebied is. Alle stellings word afsonderlik bespreek.

### Teoretiese stelling 1

Volgens die joernalistieke oriëntasiefunksie is die pers veronderstel om insig in wêreldgebeure aktief en bewus te bevorder, sodat die lesers in hul onderskeie verhoudinge tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie nagekom word, kan van oriënterende persoonsbehartiging gepraat word.

In *Rapport* se behandeling van abortsie het die nadruk (moontlik onbewus) op meningsvorming geval. Dit is veral gedoen deur die aanhaal van standpunte van bekende Suid-Afrikaners. In die aanhalings is telkens ruimte gebied vir argumente wat die siening ondersteun. Op hierdie wyse is insig gebied en is die leser geprikkel om 'n selfstandige oordeel te vorm. Tewens is duidelik gemaak dat die nuwe aborsie-wetgewing gesien moet word as deel van die program van die nuwe regering in SA.

**Teoretiese stelling 2**

Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel geen onderwerp wat vir die joernalis verbode terrein is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word.

*Rapport* het in sy items oor aborsie binne die grense van hierdie stelling gebly.

**Teoretiese stelling 3**

As 'n koerant sy oriëntasiefunksie op 'n goeie wyse vervul, kan hy 'n suksesvolle venster op die wêreld wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die totaalprentjie aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied te word.

Die verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse samelewing ten opsigte van aborsie is uitdruklik weerspieël in die standpunte wat aangehaal is. Wel het die balans in die standpunte nie optimaal na vore gekom nie, omdat die pro-standpunte net twee derdes van die getal kontra-aanhalings uitmaak.

**Teoretiese stelling 4**

Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. Nuusseleksie kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te beïnvloed. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die konteks van die feite na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie.

In die seleksie van persone en organisasies wat geselekteer is om na die standpunt te vra, het die ANC uitgeval, hoewel dit die land se grootste party is. Dié party het sterk kritiek gekry, maar is nie gevra (om sy argumente vir) sy pro-aborsie-standpunt te stel nie. Dit is 'n wesenlike leemte. Ook was die beriggewing sterk gefokus op die etiese aspekte, waardeur die mediese en sosiale aspekte (amper) nie aandag geniet het nie. Ook die ontbreek van 'n direkte beskrywing van die omstandighede waarin agterstraat-aborsies plaasvind, is 'n gebrek. *Rapport* het dus ten opsigte van die die items oor aborsie in 1995 nie 'n ewewigtigte seleksie toegepas nie.

**Teoretiese stelling 5**

In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n plek vir die 'slegte'. Maar die slegte word nie *om* die slegte of die sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor.

Daar is in *Rapport* se items oor aborsie nie voorbeelde gevind waaruit blyk dat hierdie grens oorskry is nie.

#### *4.3.2.5 Samevatting en konklusies*

*Rapport* het in 1995 in nege items die kwessie van aborsie behandel. Die onderwerp is uit verskeie invalshoeke benader. Die meeste items het die nuwe aborsiewet van Suid-Afrika as onderwerp gehad. Dit het duidelik geword dat die hervormings op dié gebied kom as

gevolg van die algehele politieke hervormings wat in die vroeg negentigs begin het.

Daar kan gestel word dat die onderwerp aborsie in die algemeen op 'n oriënterende wyse gehanteer is. Verskillende aspekte en standpunte met betrekking tot die tema is beskryf, en dit het duidelik geword dat die wetgewing aan die verander is en wat die wysigings behels. Aktiewe meningsvorming is deur *Rapport* bevorder. Daar is egter ook verskeie leemtes gevind. So kon die sosiale konteks van (agterstraat)aborsies meer uitgebreid aan die orde gestel gewees het. Dit het nie duidelik geword hoekom die regering eintlik die wette wou verander nie. Hoewel daar baie skerp kritiek op die ANC gelewer is, het dié party nie die ruimte gekry om begrip vir sy standpunt te wek nie. In die lig van die joernalistieke oriëntasiefunksie was dit nie 'n sterk vertoning nie. Ook is die reël van "skeiding tussen nuus en kommentaar" nie altyd gehandhaaf nie. Dit het ook enkele kere geblyk dat die koerant se gestelde beleid verskil van die werklike hantering.

In *Rapport* se aborsiereeks is daar in totaal 25 direkte en indirekte sitate gevind. Daar was elf sitate waarin 'n kontra-standpunt ingeneem is. Daar was sewe pro-standpunte. In sewe gevalle was daar sitate waarin nie 'n mening oor aborsie uitgespreek is nie. (Kyk tabel 4.5 vir die besonderhede.)

Tabel 4.5 Oorsig inhoud sitate in *Rapport* se items oor aborsie in 1995

| | |
|---|---|
| Totale aantal sitate | 25 |
| Kontra-menings | 11 |
| Pro-menings | 7 |
| Sitate sonder mening | 7 |

*Rapport* se items oor aborsie kan onderverdeel word in vyf items wat 'n meningsvormende karakter gehad het en vier wat meer feitelik van aard was. (Kyk tabel 4.6 vir die oorsig.)

Tabel 4.6 Tipe items in *Rapport* oor aborsie in 1995

| | |
|---|---|
| Meningsvormend | 5 |
| Feitelik | 4 |

*Rapport* het daarin geslaag om die gehoor op 'n goeie wyse te oriënteer rondom die aborsietema. Die klem is gelê op meningsvorming deur die deurgee van baie menings en aktiewe besinning oor die onderwerp is geprikkel. Verskillende opponerende menings is aan die orde gestel. Hoewel die verhoudings nie heeltemal in balans was nie, het dit wel die 'gesprek' tussen standpunte moontlik gemaak. Die Christelike siening het sterk aandag geniet, wat ooreenkom met die verwagtings wat uitgespreek is. Die mediese en sosiale aspekte het egter min tot geen aandag gekry nie. Die nadruk is gelê op die etiese kante van die saak. Ook is daar herhaaldelik kritiek op die ANC se standpunte gelewer, sonder om dié party self aan die woord te stel om sy posisie te verdedig.

### 4.3.3 Dobbelary

#### *4.3.3.1 Frekwensie*

*Rapport* het in 1995 dertien keer geskryf oor die verskynsel dobbelary (N=13). Hieronder is

nege berigte, drie artikels en een redaksionele kommentaar. Vyf items (drie berigte, een artikel en 'n kommentaar) is in dieselfde uitgawe op 12 Maart gepubliseer (R 20 - R 24). Twee items het in die uitgawe van 23 April (R 26 en R 27) voorgekom. *Rapport* het dertien items oor dobbelary in 52 uitgawes gepubliseer — dus gemiddeld een elke vier uitgawes.

#### *4.3.3.2 Prioriteit*

Die heel eerste item oor dobbelary het op die voorblad verskyn. Die ander berigte, artikels en die kommentaar het verspreid deur die koerant gestaan, tussen bladsy 2 en 20. Vier items is in *Sake-Rapport* gepubliseer: 'n bylae met nuus oor die ekonomiese sake (bladsynommer in die tabel aangedui met toevoeging SR). Twee berigte het op die voorblad van *Sake-Rapport* gestaan. (Tabel 4.7 gee die besonderhede oor die items.)

Tabel 4.7 Datum, soort, bladsynommer, omvang en opskrifgrootte van *Rapport* se items oor dobbelary in 1995

| Kode | Datum | Soort | Bladsy | Omvang berigte* | Omvang artikels | Opskrifte berigte | Opskrifte artikels |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R 19 | 26 Februarie | berig | 1-2 | lank | | klein | |
| R 20 | 12 Maart | berig | 4 | kort | | groot | |
| R 21 | 12 Maart | berig | 6 | kort | | klein | |
| R 22 | 12 Maart | artikel | 6 | | kort | | groot |
| R 23 | 12 Maart | berig | 11 | kort | | klein | |
| R 24 | 12 Maart | komm. | 20 | | (kort) | | (kl.) |
| R 25 | 16 April | berig | 2 | kort | | klein | |
| R 26 | 23 April | artikel | 12 | | kort | | groot |
| R 27 | 23 April | berig | SR1 | lank | | groot | |
| R 28 | 21 Mei | artikel | 8 | | kort | | groot |
| R 29 | 18 Junie | berig | SR1 | lank | | klein | |
| R 30 | 2 Julie | berig | SR4 | lank | | groot | |
| R 31 | 15 Oktober | berig | SR3 | kort | | klein | |

* Die omvang van berigte en artikels, sowel as die grootte van opskrifte is kontekstueel bepaal deur die gemiddeldes vas te stel. Wat onder die gemiddelde is, word beskou as kort of klein, bo die gemiddelde as lank of groot.

#### *4.3.3.3 Algemene beskrywing en analise van berigte, artikels en kommentaar*

*Rapport* het verskeie aspekte van die dobbelary-verskynsel in Suid-Afrika behandel. Van die dertien items was daar in elk geval ses wat direk oor die voorgestelde nuwe wetgewing gehandel het (6, N=13). Van die res het die meeste 'n indirekte verbinding daarmee, byvoorbeeld as dit gegaan het oor maatreëls wat 'n groot dobbelsaak vir die toekoms getref het. Dit het die interne samehang in die dobbelaryreeks verhoog.

Enkele berigte het die vordering met die opstel van die nuwe wetgewing beskryf en watter probleme daarby op die tafel gekom het (R 19, R 21, R 23, R 27 en R 29-5, N=13). Winnie

Mandela, toe nog adjunkminister, het die twee 'dobbelkonings', Omar Sharif en Sol Kerzner, betrek (R 21). In die berig is ook die vermoede uitgespreek dat mevrou Mandela moontlik persoonlike belange in die dobbelbedryf gehad het. In die berig is verskeie kere gebruik gemaak van inligting wat op "hoë vlak" verkry is, maar naamloos deurgegee moes word.

Ook die onenigheid oor die toekenning van lisensies het aandag geniet (R 21 en R 27-2, N=13). Suid-Afrika wou in totaal landwyd veertig lisensies toestaan. Daar was reeds sewentien dobbelplekke van Sun International in die gewese tuislande; die orige 23 was potensieel problematies. Verskeie dobbelondernemings het ook kontak gesoek met buitelandse vennote om gesamentlik 'n plek op die mark in te neem. Die berigte wat heel spesifiek op die sake-aspek van die dobbelbedryf gefokus het, het in *Sake-Rapport* gestaan (R 27, R 29, R 30 en R 31-4, N=13).

Ook was daar 'n berig waarin gemeld is dat die moord op prof. Johan Heyns niks met sy afwysende standpunt oor (die wettiging van) dobbelary te doen had nie (R 20-1, N=13). Daar was gerugte dat 'n dobbelsindikaat sou saamgesweer het teen hierdie NG teoloog, maar die polisie het nie bewyse daarvoor gevind nie.

Die etiese aspek van dobbelary het nadruklik aandag geniet in 'n lang artikel met 'n groot opskrif en twee sub-opskrifte (R 22-1, N=13). Daarin het twee afwysende standpunte na vore gekom. Ook is daarin gesê dat 'n spesifieke casino naby Pretoria dieselfde getal Afrikaans- as Engelssprekende besoekers kry.

'n Lang artikel oor die staatslotery in Groot-Brittanje het gemeld dat ernstige bedenkinge in dié land teen hierdie wyse van vermaak toeneem (R 26-1, N=13). Daar is minder miljoenêrs "gebore" as wat verwag is, maar daar is wel reeds 'n selfmoord gepleeg na aanleiding van 'n teleurstelling. Die howe is voorts gekonfronteer met dispute oor wengeld.

In die items is sewentien (direkte en indirekte) sitate gevind. Van hulle het vier 'n pro-dobbelary-siening bevat en twee 'n gekwalifiseerde pro-siening. In twee is 'n kontra-standpunt weergegee en in twee ander 'n gekwalifiseerde kontra-standpunt. In sewe sitate het nie 'n spesifieke siening na vore gekom nie. Pro-sienings het dus altesame ses keer voorgekom en die kontra-gedagtes vier keer (die kriteria vir die klassifikasie is uitgebreid in 1.8.2.2.2 bespreek). Dat in die meerderheid van die aanhalings 'n pro-siening geïdentifiseer kan word, is opvallend omdat in die redaksionele kommentaar 'n gekwalifiseerde kontra-siening ingeneem is. *Rapport* het dus nie sy eie terughoudendheid teenoor dobbelary weerspieël in die seleksie van aangehaalde persone en menings nie.

'n Onomwonde kontra-siening is gereflekteer deur dr. Frits Gaum, redakteur van *Die Kerkbode* en skriba van die algemene sinode van die NG Kerk (R 22). Hy het gevrees dat deur dobbelary die rykes nog ryker en die armes nog armer sal word. "Verliese weens dobbelary kan rampspoedige gevolge hê vir casino-gangers en hul gesinne. Jongmense moet geleer word om nie hul hoop op casino's of enige ander soort dobbelary te vestig nie." Lidmate is aangeraai om nie aan dobbelary deel te neem nie. "Casino's kan lei tot allerlei maatskaplike euwels en 'n nadelige effek hê op die arbeid, op die mens se verhouding tot God, die samelewing en die huisgesin", het Gaum aangevoer.

Die kontra-posisie is ook ingeneem deur Ian Brown, dosent in sielkunde aan die

Universiteit van Glasgow in Brittanje (R 26). "Ons het in ander dele van die wêreld, in die Amerikas en in Spanje, gesien wat gebeur. Die lotery laat mense heeltemal hul greep op die werklikheid verloor. (...) Dit skep 'n valse droomwêreld en dit verlam die mense omdat hulle manna uit die hemel verwag."

'n Gekwalifiseerde kontra-standpunt is ingeneem deur die charismatiese kerkleier, past. Ray McCauley van Randburg (R 22). Eintlik is hy 'n teenstander van die wettiging van dobbelary. "Maar noudat casino's deel van die wetgewing word, is dit die mindere van twee euwels. Wanneer dobbelary eers gevestig is, moet dit baie streng beheer word. Indien toegelaat word dat 'n deel van die winste na armes en minderbevoorregtes gaan, is dit goed." McCauley was dus eintlik 'n teenstander, maar omdat die wetgewing alreeds aan die verander was, het hy maar die beste van die slegste gekies. Daarom kan dit as 'n gekwalifiseerde kontra-siening bestempel word.

'n Pro-standpunt is ingeneem deur Hannes Wilkinson, wat meer as 'n miljoen rand in 'n casino gewen het (R 25). "Ek het met slegs R50 begin dobbel en dobbel gewoonlik nooit meer as dit nie. Dit was aan die einde van die R50 dat die gelukstoot my getref het. Ek was eers kalm tot ek die tjek die volgende dag inbetaal het. Toe het alles my eers begin tref." Dit is 'n pro-siening, omdat dobbelary hier op 'n optimistiese wyse as 'n wenbron voorgestel is.

'n Ander pro-mening is deur Ian Young, casino-direkteur van Global Resorts SA, uitgespreek (R 27). "Die plaaslike casino-bedryf staan op die vooraand van 'n uiters opwindende tyd met die uitreiking van lisensies wat teen die einde van vanjaar sal plaasvind. Veral die toetrede van nuwe spelers in dié mark in mededinging met Sun International, nadat dié groep die monopolie vir so lank gehad het, is 'n groot uitdaging." In hierdie aanhaling is 'n optimistiese gees oor dobbelary gereflekteer, wat uit niks anders as 'n positiewe kyk op dobbelary kan voortkom nie.

'n Gekwalifiseerde pro-standpunt is ingeneem deur die minister vir algemene dienste, Chris Fismer (R 29). Hy wou die beheer van die dobbelbesighede skerp hou. "Dit beteken ook dat ons internasionale skelm of onetiese dobbelbedrywe uit die land moet weer om te verseker dat van die wêreld se voorste eerlike dobbelondernemings hier kom sake doen. Die uitlanders wil daarnaas verseker wees dat die bedryf hulle goeie mededingingsgeleenthede bied en hulle nie met 'n monopolie te doen gaan kry nie." Fismer was 'n voorstander van die wettiging van dobbelary. Hy het die wettiging daarvan ook gesien as 'n geleentheid om buitelandse kapitaal te lok. Maar tog wou hy streng beheer oor die dobbelbedryf hê, omdat hy bewus was van moontlik skade deur dobbelary. Daarom kan dit as 'n gekwalifiseerde pro-siening beskou word.

Die balans tussen pro- en kontra-sienings (ses teen vier) was nie heeltemal ewewigtig nie. Opvallend is dat positiewe sienings net in die berigte in *Sake-Rapport* na vore gekom het en die kritiese beskouers net in die ander items. Woordvoerders van die dobbelbedryf is ook nie gekonfronteer met die kritiese opmerkings van Gaum en McCauley (R 22) of die ervaringsfeite rondom die loterygebeure in Groot-Brittanje (R 26) nie. Die berigte het eensydig verwys na die "uiters opwindende tyd" (R 27) wat vir die dobbelbedryf voorlê. Die 'dobbelkonings' het die kans gekry om die pad vorentoe met 'bemarkingspraatjies' te betree, wat 'n dobbelbevorderende werking kan hê. Fismer het wel gesê dat dobbelary sekere "negatiewe sosio-maatskaplike gevolge" kan hê (R 29), maar wat dit konkreet beteken, is klaarblyklik nie gevra nie. Die kritiese sienings is oorgelaat aan die etici, maar

dit is nie wat ewewigtige joernalistiek behoort te wees nie. Almal se siening (van die dobbelkoning tot die etikus) moet krities werspieël word. Eers dan kan sprake daarvan wees dat die argumente teenmekaar opgeweeg word en die gehoor geprikkel word om na te dink oor die maatskaplike werklikheid.

Dit is ook 'n interessante vraag vir 'n joernalis of die toestande in Brittanje, wat skaars vyf maande lank 'n staatslotery had (R 26), ook vir Suid-Afrika verontrustend kan wees. 'n Britse minister het gesê geskenke vir kankernavorsing het gedaal nadat dobbelkrapkaarte op die mark gekom het. Verkopers van kaarte het gesê dit word 'n "obsessie by mense" noudat omtrent die helfte van die Engelse gemiddeld elkeen R15 'n week aan die lotery spandeer. Net die maatskappy wat die lotery gehanteer het, was in sy skik. Dit blyk nêrens uit *Rapport* se dobbel-items dat hierdie verskynsels hulle ook konkreet in Suid-Afrika kan voordoen nie. Wel is 'n voorbeeld genoem van iemand wat meer as 'n miljoen rand gewen het (R 25). Daar is nie joernalistieke aandag gegee aan voorbeelde van mense wat duisende rande verloor het nie, hoewel Gaum gesê het daar is voorbeelde van hulle (R 22). Die totaalprentjie van die verwagtings van die "uiters opwindende tyd" (R 27) is dus nie gegee nie.

Andersyds kan gevra word hoekom Gaum en McCauley nie gekonfronteer is met die (moontlike) feite dat dobbelary swartes ekonomies gaan bemagtig en dat dit buitelandse investerings kan trek, wat die Suid-Afrikaanse ekonomie kan bevorder nie. Of die moontlikheid dat die voordele vir die breë samelewing groter is as die nadele op mikro-vlak, met Gaum bespreek is, blyk dit nie uit die artikel nie. Hoewel hierdie artikel 'n goeie poging tot meningsvorming was, is die aangehaalde persone tog taamlik onkrities benader, wat die nadenke oor sekere aspekte nie sterk bevorder het nie. Hierdie feite kan tewens daarop wys dat daar ten opsigte van die hantering van dobbelary 'n verskil was tussen die joernalistieke benadering van die joernaliste wat vir *Sake-Rapport* werk en dié wat vir die hoofkoerant skryf. Die aspekte wat in die hoofkoerant aan die orde gestel is, het heeltemal verskil van die fasette wat in *Sake-Rapport* na vore gekom het.

Die verhouding van ses pro-sienings tot vier kontra's is sterk daardeur beïnvloed dat die dobbelondernemings self baie aandag gekry het. In drie berigte, waarvan twee lank was, het *Sake-Rapport* aandag gegee aan die interne voorbereidings by Global Resorts SA (R 27, R 30 en R 31-3, N=13). Die eerste van hierdie drie items het gegaan oor die samewerking van GRSA met 'n Amerikaanse casinogroep, Century Casinos (R 27). Die voorsitter van die Amerikaanse vennoot het selfs 'n doktorsgraad in casinobestuur gehad. Daar is berig dat die maatskappy nege van die veertig lisensies wat landwyd oor Suid-Afrika uitgereik gaan word, wou bekom.

Die finale samestelling van die bestuur by GRSA is in 'n volgende berig belig (R 30): Die bedryf het ook 'n lisensie toegeken gekry; 'n nuwe bestuurslid was swart, wat heeltemal "in GRSA se styl" pas, aldus Ernie Joubert, besturende direkteur. "So laat ons reg geskied aan ons strewe na sinryke swart ekonomiese bemagtiging in Suid-Afrika." Swart ekonomiese bemagtiging was een van die doelstellings wat die regering gehad het by die wettiging van dobbelary. 'n Derde berig oor GRSA het gemeld dat die maatskappy 'n kontrak aangegaan het vir die oprig van 'n vermaaklikheidskompleks in Botswana (R 31).

Dit is nie net opvallend dat daar baie aandag aan die interne dobbelbedryf gegee is nie, maar ook dat hierdie aandag net op een maatskappy, Global Resorts SA, toegespits is. Watter

buitelandse vennote het die Suid-Afrikaanse monopolis, Sun International, byvoorbeeld, gehad en in watter mate is in ander Suid-Afrikaanse dobbelhuise gewerk aan "swart ekonomiese bemagtiging"? Hierdie vrae het nie nie na vore gekom nie.

Hoewel die woordvoerders van die dobbelbedryf self op 'n minder kritiese wyse benader is, het die 'ooggetuieverslag' vanuit 'n casino wel 'n effe kritiese ondertoon gehad (R 28). Hieruit het geblyk dat Suid-Afrika se dobbelmasjiene die laagste wenkans van die wêreld bied: in die meeste gevalle nie meer as 1 uit 35 nie. By perdewedrenne is dit sowat 1 uit 5. "Die kanse om in een van Suid-Afrika se casino's 'n vinnige paar rand te maak, is skraal. En in baie gevalle is selfs die wenners steeds aan die verloorkant." Daar is ook kunsies bespreek wat casinowerkers gebruik om die wenkans te verminder. Dit is egter 'n geheimsinnige storie, want dié truuks is die geheim van die casinowerker, wat 'n eed van geheimhouding afgelê het. Wel is daarop gewys dat casinowerkers speelskyfies kan laat verdwyn sonder dat die speler dit agterkom. Hierdie artikel het slegs enkele fasette van die risiko's van dobbelary geopper, maar dit was duidelik nie dobbelbevorderend nie. Die leser moes daarvan bewus geraak het dat hy "verneuk" kan word, soos die artikel sê. Dit kon ook die nadenke oor dobbelary bevorder het en was daarom insiggewend.

In die redaksionele kommentaar is die wettiging van dobbelary, ondanks 'n "oop gemoed", met groot versigtigheid benader (R 24). 'n Waarskuwing is gepas, het die skrywer gemeen, want "uitgesonder Monaco, wat buitendien die speelplek van die rykes is, het geen land ter wêreld hom nog tot sosiale opheffing of voorspoed gedobbel nie. Inteendeel, wanneer 'n ongebreidelde dobbelgees 'n land beetpak, dui dit dikwels nie slegs op morele verval nie, maar ook op ekonomiese agteruitgang". Daar behoort daarom ook 'n "streng beheer van die staat" te wees. Geestelike leiers word opgeroep "op 'n verantwoordelike wyse ewewigtig hieroor standpunt" in te neem tot "die morele welsyn van die ganse land". Enersyds is dus raakgesien dat dobbelary nie die welvaart van 'n land noodwendig bevorder nie; andersyds is gekonstateer dat die nuwe wetgewing reeds op die tafel was en dat net streng beheer die saak kan red.

In die kommentaar is enkele punte geïdentifiseer wat nie in die ander items na vore gekom het nie. Daar is — buiten die artikel oor Brittanje — nêrens inligting gegee oor die gang van sake in ander lande (Monaco ingesluit) nie. Die morele verval wat dobbelary moontlik kan meebring, het net in een artikel aandag gekry (R 22), maar daarin is die *menings* nie met *feite* geïllustreer nie. Dat dobbelary geassosieer word met ekonomiese agteruitgang, blyk glad nie uit *Rapport* se items nie. Die indruk is juis dat 'n mens geld kan maak (R 25) en dat dit vir "swart ekonomiese bemagtiging" kon sorg (R 30). Dit is duidelik dat die kommentaar die gehoor op 'n ander wyse georiënteer het as die res van die items oor dobbelary. Die interne joernalistieke konsistensie by *Rapport* ontbreek op hierdie punt. Dit is opvallend dat die redakteur sy mening gevorm het op grond van argumente wat nie in sy koerant na vore gekom het nie en dat die argumente wat in die joernalistieke items wel genoem is, geïgnoreer is in die redaksionele kommentaar. Wel is hierdie kommentaar 'n goeie voorbeeld van hoe die meningsvorming op 'n prikkelende wyse bevorder kan word, naamlik deur af te wyk van die konvensionele, heersende sienings.

Volgens Karsten (1997) is die redaksionele kommentaar bedoel om "duidelik te stel wat die koerant se eie standpunt is. Die leser moet bewus raak van die koerant se siening. Die tweede funksie is om sekere sake 'n verder te voer as wat in nuusberigte gebeur. 'n Kommentaar probeer die breër implikasies van gebeurtenisse uitwys." Dit is baie

duidelik dat enkele aspekte in die kommentaar "'n bietjie verder gevoer" is as wat in die berigte gedoen is. Daar is gewys op die breër implikasies van gebeurtenisse. Ook het duidelik geword wat die koerant se standpunt is. Maar op dié punt het juis onduidelikheid ontstaan oor die joernalistieke konsekwentheid.

Die verskil in benadering tussen die redaksionele kommentaar en die ander items wat gevind is, is deur Karsten teengespreek. Daar kan nie 'n kloof wees nie, sê hy. "Die redakteur weet wat in sy redaksie aangaan. Hy druk self ook 'n stempel op sy redaksie. Dus dink ek nie daar kan 'n groot verskil in benadering ontstaan nie" (Karsten, 1997). Die karakter van die argumente en aspekte wat in die kommentaar en in die ander items na vore gekom het, verskil egter sterk van mekaar. Daar is dus wel 'n groot verskil in benadering.

Karsten sê ook dat *Rapport*, gelet op die karakter van die gehoor, belangrike redaksionele ruimte gee vir die standpunte van belangrike kerkmanne. "Maar ons probeer nie die Christelike stem afdwing nie" (Karsten, 1997). Dit is inderdaad gevind dat twee belangrike kerkmanne (Gaum en McCauley, R 22) aangehaal is om hul siening oor te dra; andersyds is nie die indruk gewek dat *Rapport* geprobeer het die Christelike stem af te dwing nie.

*Rapport* het meer probleme met dobbelary as met homoseksualiteit en aborsie, aldus Karsten. "Oor dobbelary is ons meer krities as oor homoseksualiteit en aborsie. Ons dink nie dobbelary is goed nie. Daarom sal ons nie maklik berigte plaas oor mense wat groot winste met dobbelary gemaak het nie. Ons gee wel feitelike informasie, byvoorbeelde op ons perdewedrenbladsy. Maar ook daar maak ons nie 'n ophef van nie. Dis 'n blote diens wat ons lewer. As ons dié diens nie sou lewer nie, sou dit 'n gaping in ons koerant beteken" (Karsten, 1997).

Dit is egter 'n vraag of *Rapport* in 1995 kritieser was oor dobbelary as oor aborsie en homoseksualiteit. In ses sitate was daar 'n pro-siening aan die woord teenoor vier met 'n kontra-mening. In verskeie items, veral die waarin dobbelmaatskappye self na vore gekom het, is 'n baie optimistiese prentjie van Suid-Afrika se dobbeltoekoms geskets, sonder dat die teenargumente bespreek is. Dit lei nie tot die konklusie nie dat hierdie koerant dink "dobbelary is nie goed nie". By homoseksualiteit is vier pro-sienings gevind, teenoor drie kontra's. Dit beteken dat dobbelary in verhouding meer positief benader is as homoseksualiteit. By aborsie was daar elf teen-standpunte, teenoor sewe wat ten gunste daarvan was, wat dus die nadruk op die kontra-siening laat val het. Ook is gevind dat wel melding gemaak is van 'n persoon wat 'n groot wins deur dobbelary gemaak het (R 25). Selfs 'n foto van die man met sy tjek was daarby. Die feite strook op hierdie punt nie met wat in die onderhoud gesê is nie.

Die opmerking van Karsten (1997) dat 'n Sondagblad soos *Rapport* meer op die sosiale implikasies, die omstandighede en die wye strekking konsentreer, is ook nie met betrekking tot die dobbelaryreeks heeltemal bevestig nie. In die meeste gevalle is die items beperk tot die feite. "Menslike gesigte agter die syfers" of breër perspektiewe het meer dikwels ontbreek.

Van die dertien items was vier meningsvormend (4, N=13) en nege feitelik (9, N=13). In die meningsvormende berigte is daar aandag bestee aan die etiese (R 22) of maatskaplike (R 24 en R 26) aspekte van die dobbelarywettiging of is 'n casino onbetrokke (R 28) beskrywe. In die ander items is die klem op die deurgee van feitelike inligting geplaas. Dit

beteken dat *Rapport* met vier meningsvormende items waarskynlik daarin geslaag het om (bewus of onbewus) nadenke oor wêreldgebeure, in die besonder dobbelary, te bevorder.

#### *4.3.3.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*

In hierdie subhoofstuk word die navorsingsresultate getoets aan die teoretiese stellings rakende die oriëntasiefunksie wat in subhoofstuk 2.6 aangebied is. Alle stellings word afsonderlik bespreek.

**Teoretiese stelling 1**

Volgens die joernalistieke oriëntasiefunksie is die pers veronderstel om insig in wêreldgebeure aktief en bewus die insig in die wêreldgebeure te bevorder, sodat die lesers in hul onderskeie verhoudinge tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie nagekom word, kan van oriënterende persoonsbehartiging gepraat word.

*Rapport* het klaarblyklik insig in die dobbelkwessie bevorder. Die nadruk is veral op die ekonomiese sy geplaas, soos die voornemens van die dobbelmaatskappye. Tewens is aandag gegee aan die negatiewe impak wat die nuwe wette op die samelewing kan hê. Daarmee is die lesers geprikkel om na te dink. Wel was daar enkele blyke van 'n onkritiese joernalistieke houding ten opsigte van die owerheid en die dobbelwêreld.

**Teoretiese stelling 2**

Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel geen onderwerp wat vir die joernalis verbode terrein is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word.

Daar is nie voorbeelde gevind dat *Rapport* die grense wat hierdie stelling voorhou, oorskry het nie.

**Teoretiese stelling 3**

As 'n koerant sy oriëntasiefunksie op 'n goeie wyse vervul, kan hy 'n suksesvolle venster op die wêreld wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die totaalprentjie aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied te word.

Die verdeling tussen voor- en teenstanders van die wettiging van dobbelary was nie in ewewig nie. Pro-sienings het die helfte meer aandag gekry as kontra-standpunte. Omdat beide standpunte tog aandag geniet het, beteken dit dat die diversiteit van die samelewing tog gereflekteer is.

**Teoretiese stelling 4**

Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. Nuusseleksie kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te beïnvloed. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die konteks van die feite na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie.

*Rapport* het oneweredige aandag gegee aan dobbelondernemings en dan nog aan een spesifieke maatskappy. Die bedrywe wat aandag geniet het, is nie met die nodige sorg gekies nie. Ook gebruik die skrywer van die redaksionele kommentaar uitsluitend ander argumente as wat in sy eie koerant na vore gekom het. Dit, en ander gegewens, dui daarop dat daar nie konsekwente nuusseleksie was nie. As *Rapport* dit wel gehad sou het, sou die items minder willekeurig voorgekom het.

**Teoretiese stelling 5**

In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n plek vir die 'slegte'. Maar die slegte word nie *om* die slegte of die

sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor.

Daar is nie voorbeelde van sensasionele beriggewing gevind nie.

### *4.3.3.5 Samevatting en konklusies*

Daar kan gesê word dat *Rapport* gepoog het om die gehoor te oriënteer rondom verskeie aspekte van dobbelary: die etiese, maatskaplike en die ekonomiese. Onewewigtig veel aandag is aan die ekonomiese gegee — boonop nog aan een spesifieke dobbelmaatskappy, wat onkrities gehanteer is. Deur *Sake-Rapport* is die dobbelbedryf bevorder, hoewel dit volgens die onderhoud met die adjunk-redakteur, nie so behoort te gewees het nie. Ook het dit na vore gekom dat daar met betrekking tot die joernalistieke hantering van dobbelary 'n verskil in benadering bestaan tussen die hoofkoerant en *Sake-Rapport*. Daar blyk dat 'kruisbestuiwing' nie plaasgevind het tussen die argumente en aspekte wat in die verskillende dele van die koerant na vore gekom het nie. Die mooi prentjie van dobbelary staan in *Sake-Rapport;* die meer pessimistiese beeld word in die hoofkoerant geskets. In die redaksionele kommentaar is die mening klaarblyklik gevorm op grond van argumente wat selfs nie op 'n ander plek in die koerant genoem is nie, wat as 'n wesenlike oorsig aangeteken moet word..

Gelet op die verskeidenheid van aspekte en standpunte wat na vore gekom het, kan gestel word dat die koerant daarin geslaag het om die gehoor in 'n mate oor dobbelary te oriënteer. Daar is egter heelwat gebreke gevind. Dit blyk dat dit veral ontbreek het aan 'n integrale joernalistieke benadering van die onderwerp. In die sakebylae is die morele kwessies nie belig nie, hoewel die ekonomiese gebeure tog nie 'n geïsoleerde wêreld behoort te wees nie. In die redaksionele kommentaar kom weer 'n heel ander benadering en feite na vore as in die res van die items. Die gebrek aan 'n integrale benadering is nog vreemder omdat die items self 'n hoë interne samehang vertoon.

In die berigte, artikels en kommentaar oor dobbelary het daar sewentien aanhalings verskyn. In sewe van hulle kom nie 'n mening oor dobbelary voor nie. Twee sitate bevat 'n duidelike kontra-siening. Vier keer is daar 'n pro-siening gereflekteer. Twee keer was daar 'n gekwalifiseerde kontra-siening, en twee keer 'n gekwalifiseerde pro-siening. (Kyk tabel 4.8 vir die oorsig.)

Tabel 4.8 Oorsig inhoud sitate in *Rapport* se items oor dobbelary in 1995

| | |
|---|---|
| Totale aantal sitate | 17 |
| Pro-menings | 4 |
| Kontra-menings | 2 |
| Gekwalifiseerde kontra-menings | 2 |
| Gekwalifiseerde pro-menings | 2 |
| Sitate sonder mening | 7 |

*Rapport* se items oor dobbelary kan onderverdeel word in vier van 'n meningsvormende karakter en nege wat meer feitelik van aard was. (Kyk tabel 4.9 vir die oorsig.)

Tabel 4.9 Tipe items in *Rapport* oor dobbelary in 1995.

| | |
|---|---|
| Meningsvormend | 4 |
| Feitelik | 9 |

*Rapport* het daarin geslaag om die gehoor in 'n mate oor die tema dobbelary te oriënteer. Daar is verskeie aspekte aan die orde gestel en ook is verskeie sienings gereflekteer. In die sienings wat deurgegee is, het die nadruk geval op die positiewe siening op dobbelary. Daar was eensydige aandag aan een spesifieke dobbel. Ook het dit ontbreek aan samehangende, integrale behandeling van die onderwerp. In die hoofkoerant is daar baie minder positief oor die dobbeltoekoms geskrywe as in die *Sake-Rapport*, wat net optimistiese sienings weergegee het. In die redaksionele kommentaar word 'n mening gevorm op grond van argumente wat in die res van die items ontbreek. Daar het, in die geheel gesien, 'n ander prentjie na vore gekom wat uit die onderhoud met die adjunk-redakteur verwag kon word..

## 4.4 SLOT

Rapport het deur sy beriggewing dit baie duidelik gemaak dat daar groot veranderings plaasgevind het rondom die wetgewing rakende die drie etiese sensitiewe kwessies wat hier aan die orde is. In 'n groot deel van die items oor aborsie en dobbelary is primêr gefokus op die nuwe wetgewing, omdat dit op dié stadium bespreek was. Die wetgewing rakende homoseksualiteit was reeds verander, maar ook daar het dit sterk na vore gekom dat die 'nuwe' Suid-Afrika op hierdie punt ander norme hanteer as die 'ou' SA.

Binne die drie reekse wat ondersoek is, is die beste vorm van joernalistieke oriëntasie gevind by aborsie, hoewel ook hier sekere minpunte geïdentifiseer kan word. Daar was 'n sterk nadruk op die meningsvorming, wat vanuit die oogpunt van die oriëntasiefunksie positief beoordeel kan word, omdat aborsie vir Suid-Afrika in politieke, godsdienstige, mediese en sosiale opsig as 'n belangrike kwessie beskou kan word. Deurdat baie menings weergegee is, is die gehoor maksimaal geprikkel om na te dink oor hierdie onderwerp.

In Hoofstuk 1 (1.2.3 en 1.7.3) is die verwagting uitgespreek dat *Rapport* 'n belangrike plek sou gee aan die deurgee van Christelike standpunte oor hierdie drie onderwerpe. Hierdie verwagting het reg geblyk by aborsie en dobbelary. In die homoseksualiteit-items het die Christelike etiese siening oor hierdie saak egter nie aandag geniet nie.

In die algemeen is dit nie gevind dat *Rapport* se joernalistieke hantering van hierdie onderwerpe 'n sterk afwyking vertoon met 'n koerant soos Beeld nie. Daar is gevind dat *Rapport* enkele kere "maklik leesbare" items gepubliseer het, maar dit sou ook in 'n dagblad gestaan kon het. Ook is daar enkele sensasionele items oor homoseksualiteit gevind, maar ook hierby bly 'n vraag of dit nie in 'n dagblad gepubliseer gewees sou kon het nie. Dieselfde geld vir die hoë gehalte aan agtergrondstories wat rond aborsie verskyn het. In hierdie spesifieke navorsing is dus nie gevind dat daar 'n belangrike verskil tussen 'n *Rapport* en 'n dagblad soos *Beeld* bestaan nie.

# HOOFSTUK 5. BESKRYWING EN ANALISE VAN BERIGGEWING EN KOMMENTAAR IN *DIE KERKBODE*

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsvrae aangaande die kerkblad *Die Kerkbode* aan die orde gestel. Eerstens word ingegaan op die algemene verskynsel van kerklike joernalistiek. Daarna volg 'n behandeling van *Die Kerkbode* se geskiedenis. Vervolgens word die beriggewing en kommentaar in *Die Kerbode* oor homoseksualiteit, aborsie en dobbelary in 1995 beskrywe, geanaliseer en beoordeel.

## 5.2 KERKLIKE JOERNALISTIEK

### 5.2.1 Algemene gegewens: kerklike joernalistiek

In die kerklike pers word deurgaans 'n ander joernalistieke benadering gevolg as in die kommersiële massamedia. 'n Kerkblad is gebind aan 'n organisasie wat op baie lewensterreine eksplisiete standpunte het. As die kerklike pers wel 'n sekere vorm van joernalistieke onafhanklikheid het, is dit van 'n ander aard as dié van die kommersiële massamedia. 'n Kerkblad praat gewoonlik vanuit 'n kerklike, teologiese of Christelike perspektief. Dit maak dat die kerklike joernalistiek nie so 'n breë opdrag as 'n dagblad het nie (vergelyk ook Gaum, 1984: 9vv; Gaum, 1997[1]).

Volgens Gaum is daar nie 'n wesensverskil tussen algemene en kerklike joernalistiek nie. Alle vorme van joernalistiek maak deel uit van God se koninkryk. Dus roep God sy koningskap ook uit oor alle soorte joernalistiek. Die norme en verantwoording is dus dieselfde. Slegs die vorm verskil. Daarom is die toon ook anders. In beide gevalle gaan dit om die weergee van korrekte aktuele feite, interpretasie en kommentaar. Vir 'n kerkblad geld dieselfde joernalistieke norme en standaarde as by enige ander joernalistieke produk (Gaum, 1984: 18; 181; Gaum, 1997).

Tog kan daar maklik spanning ontstaan. Die kerk behoort 'n spieël van die sakrale, die heilige en reine te wees. Die pers is in die werklikheid meestal spieël van die gebroke werklikheid en sodoende meestal ook 'n refleksie van die profane. Kerklike joernalistiek kan om hierdie rede maklik in 'n identiteitskrisis beland (vergelyk De Klerk, 1982: 7).

Kerklike joernalistiek is deurgaans veral gerig op die rapportering en interpretasie van 'n spesifieke kerk se nuus. Dit is primêr bedoel vir sy eie lidmate, maar buitestanders kan ook daarvan kennis neem. Aktualiteit is net so belangrik as in die algemene joernalistiek. Die tweede prioriteit daarvan is meningvorming en die gee van agtergrondinligting (Gaum, 1984: 20-21; 187).

'n Kerklike nuusblad van gereformeerde karakter kan, volgens Gaum (1984: 20; 185), nooit teen 'verandering' in die sin van 'hervorming' wees nie. Die kerk behoort nooit vrede met die ***status quo*** te hê nie, omdat ons in 'n gebroke werklikheid leef. Daarom praat die kerk ook onophoudelik van bekering. Dit is 'n taak van 'n kerklike publikasie om hervorming in kerk en samelewing te bevorder. Alleen op hierdie wyse kan die reformatoriese gedagte van voortdurende hervorming en vernuwing (***ecclessia reformata semper reformanda est***) tot uiting kom.

---

[1] Die probleem by die behandeling van kerklike joernalistiek vanuit 'n massakommunikasie-oogpunt is dat die enigste literatuur wat hieroor beskikbaar is, die M-verhandeling van dr. F. M. Gaum uit 1984 is. Gaum is tans ook redakteur van *Die Kerkbode* en is daarom genader vir 'n onderhoud. Die massakommunikatiewe aspekte van kerklike joernalistiek het tot op hede nog te min aandag gekry.

Die joernalistieke onafhanklikheid van die kerklike pers bestaan alleen in gebondenheid aan die kerk se idees. Die versamel van inligting en interpretasie van die nuus en die gee van kommentaar behoort, volgens Gaum (1984: 21) te geskied in lojaliteit aan die kerk.

In troebel tye kan 'n kerklike blad help leiding gee met ontwikkelinge wat in die kerk plaasvind. Die blad kan 'n betroubare stem wees waarna die lidmate met aandag en plesier kan luister. Volgens Gaum gebeur dit wanneer die meningvormende artikels gelowig, gebalanseerd, eerlik, goed deurdag en met die Christelike liefde geskryf word (Gaum, 1984: 183).

**5.2.2 Historiese oorsig: *Die Kerkbode***

*Die Gereformeerde Kerkbode* het op 13 Januarie 1849 vir die eerste keer verskyn. Abraham Fauré was die redakteur wat die blad elke tweede week deur 'n private onderneming uitgegee het. Skrifuitleg en teologiese vraagstukke was die belangrikste bestanddele van dié koerant, maar daar was ook ruimte vir diskussie (Gaum, 1984: 26).

Fauré het reeds vroeër 'n koerant uitgegee. Vanaf die jare twintig tot 1843 het hy leiding gegee aan *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift*. Hieruit het later ander godsdienstige tydskrifte ontstaan, soos *Die Honingby* en, in 1849, *Die Kerkbode*. Fauré was 'n belangrike man in die NG Kerk van dié dae (De Kock, 1983: 37).

Die naam van *Die Gereformeerde Kerkbode* verander in 1879 na *De Christen*. Ds. Andrew Murray jr. het in daardie stadium saam met andere die blad uitgegee. In 1884 neem die sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die blad oor en verander die naam opnuut. Dit word *De Kerkbode*. Die enigste verdere verandering in die naam volg in 1932, toe die lidwoord verafrikaans. Die sinode benoem die saakgelastigde van die Kaapse NG Kerk outomaties tot redakteur van dié blad. Joernalistieke gehalte was dus nie die hoogste prioriteit nie. In 1910 vind 'n samesmelting met ander kerkblaaie plaas toe *Die Fakkel* in die Vrystaat en *De Vereeniging* in Transvaal in *De Kerkbode* opgaan (Gaum, 1984: 26-27).

In 1960 het dr. Andries P. Treurnicht die redakteur van die blad geword. Hy was ook assessor van die Kaapse en die Algemene Sinode. Vir sommige was hy 'n gewaardeerde redakteur met groot gesag (Gaum, 1984: 30), maar vir ander was sy standpunte — veral politieke standpunte — hoogs aanvegbaar. Treurnicht word in 1967 opgevolg deur dr. W. J. G. Lubbe, wat hom soms skerp teen die regering se standpunte uitlaat. Toe die regering in 1969 nie-blankes in buitelandse sportspanne toegelaat het om Suid-Afrika te besoek, het Lubbe krities sy wenkbroue gelig. "Dit lyk asof daar tans rede is vir ons kerk om op (hierdie) punt die toets van regverdigheid aan te lê. Is (so 'n beleid) regverdig teenoor ons nie-blanke landgenote?" het hy geskrywe (Gaum, 1984: 31). Daardeur het Lubbe hom en *Die Kerkbode* nogmaals aan die kant van apartheid geskaar (Froneman, 1998b).

Na die omstrede redakteurskappe van Treurnicht en Lubbe is ds. G. S. J. Möller as redakteur aangestel. Hy het nie sy twee onmiddelike voorgangers se politieke aktivisme gedeel nie, maar het "op 'n versigtig-konserwatiewe wyse die status quo probeer handhaaf. In 'n tyd van groot druk op die NG Kerk om te verander, het Möller onverstoorbaar voortgegaan" (Froneman, 1998b). In 1986 is Möller deur dr. F. M. Gaum opgevolg. Die ondersoek in hierdie verhandeling dek uitgawes van *Die Kerkbode* onder Gaum se redakteurskap.

Volgens Gaum is aktualiteit tans belangrik vir *Die Kerkbode*. Die inligting moet vars wees. Ook probeer die blad die gebeure van verskillende kante te belig. Dit is vanselfsprekend dat almal in 'n groot kerk nie dieselfde oor sake dink nie. Daarom word daar publisiteit gegee aan verskillende, van mekaar afwykende denkrigtings binne en buite die NG Kerk (Gaum, 1984: 75-76; Gaum, 1997).

'n Ander taak van *Die Kerkbode* is om agtergrondinligting te gee oor gewigtige ontwikkelinge wat in die kerk plaasvind. Die leser behoort 'n geheelbeeld van 'n saak te kan vorm. 'n Ander kritiese punt is die aanmoediging van die hervorming van kerk en samelewing. Die kerkblad moet ook bereid wees om binne die kerk dit wat verkeerd en sondig is, aan te dui. Kerklike publikasies het ook 'n opvoedende taak. Die blad moet 'n bydrae lewer sodat die gelowiges in die geloof kan groei en toegerus kan word vir hulle diens. Dit kan byvoorbeeld deur die publikasie van preke, rubrieke met Bybel- en geloofsvrae of rubrieke oor Bybelstudie gedoen word (Gaum, 1984: 79-81).

Onafhanklikheid in hoofartikels is volgens Gaum moontlik. Die blad behoort wel lojaal te wees aan die NG Kerk. Die blad sal in lyn met die kerklike denke moet bly indien dit reg wil laat geskied aan die vertrouensposisie waarin die kerk dit geplaas het. Tog is dit moontlik om in redaksionele kommentare van die kerk se mening te verskil (Gaum, 1984: 83; Gaum, 1997).

Prof. J. A. Heyns het enigsins anders hieroor gevoel en gepleit vir onafhanklikheid van kerkblaaie in die algemeen en *Die Kerkbode* in die besonder. Hy het die kerkblad as sowel 'n spieël as 'n venster beskou. In die eerste plek moes dit 'n weerspieëling van die kerklike lewe wees. Daarmee saam kan die kerkblad 'n korreksie op die kerklike lewe teweegbring. In die belang van die kerk kan amptelike opvattings bevraagteken en gekritiseer word. Bo die solidariteit met die kerk behoort 'n redaksie immers aan die Skrif gehoorsaam te wees. So 'n venster kan nuwe perspektiewe op die werklikheid bied (Heyns, 1989: 2).

In die jare rondom 1995 het daar by die publikasies van die NG Kerk nogal baie veranderings plaasgevind. Die gevolg daarvan vir *Die Kerkbode* was dat dit vanaf 1995 nie meer per pos aan die intekenare gestuur is nie, maar dat dit by die gemeentes afgelewer word. Dit het die oplaag laat groei. Begin 1997 was die sirkulasie reeds 53 000 (Gaum, 1997). In 1995 was die oplae van *Die Kerkbode* egter nog maar 15 000 (*Die Kerkbode*, 1996).

Uit hierdie gegewens is dit vanselfsprekend dat 'n kerklike publikasie meer ruimte vir etiese en morele kwessies as algemene publikasies het. Wanneer 'n kerkblad oor aktuele kwessies met morele aspekte skryf, sal hierdie morele punte makliker die botoon in die verslaggewing kry as in 'n algemene publikasie. 'n Koerant met 'n universele nuusaanbod kan hom nie sonder probleme uitsluitend op etiese aspekte rig nie. Dit is sy taak om die gehoor breër in te lig. 'n Kerklike publikasie kan dit wel doen. Dit word in 'n sekere mate selfs van hom verwag. Daarmee saam word daar nie van 'n kerkblad in dieselfde mate as van 'n algemene publikasie verwag om die diversiteit van die samelewing te reflekteer nie. Gaum (1997) praat ook van oriëntasie "ten opsigte van die kerk se standpunt". Die kerk se eie standpunt sal in elk geval primêr figureer. Hierdie twee oorwegings is belangrik by die analise van *Die Kerkbode* se hantering van drie eties sensitiewe temas.

**5.3 EMPIRIESE GEGEWENS**

In hierdie subhoofstuk word die empiriese gegewens oor die joernalistieke oriëntasie deur *Die Kerkbode* oor die drie etiese kwessies weergegee en geïnterpreteer. Die volgorde van die

onderwerpe is: eerstens homoseksualiteit, daarna aborsie en laastens dobbelary.

By al die onderwerpe word gelet op frekwensie, prioriteit, die aangehaalde sitate en die aard van die redaksionele kommentaar. Alle berigte en artikels word ook as 'meningsvormend' of 'feitelik' geklassifiseer. Die joernalistieke hantering word beskryf en geanaliseer. Daarby word gebruik gemaak van die onderhoud wat gevoer is met *Die Kerkbode* se redakteur (Gaum, 1997; opgeneem in Bylae 3). In tabelle word die datum, soort, bladsynommer, omvang en grootte van die opskrif vermeld. In Addendum 3 word samevattings van al die gepubliseerde items gegee. In hierdie hoofstuk word die metode gevolg soos beskryf in subhoofstuk 1.8.

Daar word aparte aandag aan die teoretiese stellings (uit subhoofstuk 2.6) gegee. Vir elke stelling word bepaal hoe dié aspek van die oriëntasiefunksie na vore gekom het in die joernalistieke hantering van die drie onderwerpe.

### 5.3.1 Homoseksualiteit

#### *5.3.1.1 Frekwensie*

In 1995 het *Die Kerkbode* net een item oor homoseksualiteit gepubliseer (N=1), 'n artikel waarin die probleme van Christen-gays in die gemeente bespreek is.

*Die Kerkbode* het in 1995 veertig keer verskyn (*Die Kerkbode*, 1996). Die frekwensie van die onderwerp 'homoseksualiteit' was dus slegs een uit veertig.

#### *5.3.1.2 Prioriteit*

Die artikel oor homoseksualiteit het verskyn op bladsy 9, 'n bladsy waarop 'n aktuele onderwerp, wat belangrik vir die Christelike lewe is, in diepte behandel word. Op die voorblad is daar 'n verwysing na hierdie artikel.

Die feit dat daar in veertig uitgawes net een keer aandag aan homoseksualiteit gegee is, dui aan dat hierdie tema geensins 'n hoë prioriteit geniet het nie. Die uitgebreide behandeling van die onderwerp op dié spesifieke bladsy dui wel daarop dat dit tog as 'n belangrike tema vir die kerklike lewe gesien word. (In tabel 5.1 word die relevante gegewens oor hierdie artikel gegee.)

Tabel 5.1 Datum, soort, bladsynommer, omvang en opskrifgrootte van *Die Kerbode* se item oor homoseksualiteit in 1995

| Kode | Datum | Soort | Bladsy | Omvang artikel* | Grootte opskrif |
|---|---|---|---|---|---|
| K 1 | 28 Julie | artikel | 9 | lank | groot |

* Die omvang van berigte en artikels, sowel as die grootte van opskrifte is kontekstueel bepaal deur die gemiddeldes vas te stel. Wat onder die gemiddelde is, word beskou as kort of klein, bo die gemiddelde as lank of groot (kyk 1.8.2.2.2b).

#### *5.3.1.3 Algemene beskrywing en analise van artikel*

Die artikel oor homoseksualiteit het duidelik 'n meningsvormende karakter. Dit is geskryf vanuit die uitgangspunt dat baie kerkmense hul homoseksuele mede-lidmate verwerp in plaas daarvan om dié mense met deernis te ontvang (K 1-1, N=1). Hoewel die skrywer dus begrip wil wek vir gay-Christene, is die uitgangspunt tog dat homoseksuele seks, net soos heteroseksuele omgang buite die huwelik, deur die Bybel verbied word. Volgens dié artikel is dit op grond van die Heilige Skrif nie moontlik dat homoseksuele mense met mekaar trou mag nie. Die eksegetiese vraag na die Bybel se uitsprake oor homoseksualiteit word buite beskouing gelaat. Volgens die strekking van die artikel beteken dit egter nie noodwendig dat Christene hulle homoseksuele

medemense mag verag nie. Die doel van dié artikel is nie om uit te vind of homoseksualiteit reg is nie, maar eerder om 'n antwoord te vind op die vraag oor hoe Christene met geloofsgenote wat gay is, moet omgaan.

Hierdie artikel is klaarblyklik nie gepubliseer na aanleiding van een of ander aktuele gebeurtenis nie. Daar is in elk geval nie verwys na enige resente nuus wat nadenke oor homoseksualiteit beïnvloed het nie. Die rede was dalk bloot dat *Die Kerkbode* besinning wou bevorder oor hoe om met homoseksuele Christene om te gaan.

Die probleme van homoseksuele kerklidmate is menslik en lewendig beskryf. In die artikel is duidelik gemaak voor watter probleme hierdie Christene te staan kan kom. Daar is ook soms eksplisiete vergelykings getref met verleidings of sondes van heteroseksuele lidmate, wat die artikel nie net toeganklik vir homoseksuele mense gemaak het nie.

In die artikel is net prominente NG Kerk-mense aangehaal. Hulle is ook aangehaal op grond van hul betrokkenheid by dié kerk. Sielkundiges, sosioloë of ander wetenskaplikes wat moontlik ook lig op hierdie kwessie sou kon werp, is nie aangehaal nie. Blykbaar het *Die Kerkbode* hierdie kwessie as 'n binnekerklike aangeleentheid beskou, waarby vernaamlik teologiese en pastorale argumente tel.

Opvallend in die sitate van persone wat aangehaal is, is die pastorale toon daarvan. Die nadruk is nie gelê op die feit dat homoseksualiteit sonde is nie, alhoewel dit die kerk se standpunt is en ook so gestel is. Die klem is daarop gelê dat dit nie goed is om geloofsgenote met 'n ander geaardheid nie meer as Christene te behandel nie, en dat die een sonde nie erger as die ander is nie.

'n NG predikant, dr. Willie Potgieter, is aan die een kant 'n eksplisiete teenstander van die homoseksuele praktyk, maar meen die homoseksuele lidmaat soos 'n normale Christen behandel moet word. Daar kan nie onderskeid tussen verskillende soorte sondes gemaak word nie. "Daar is in beginsel geen verskil tussen die sonde van die getroude man wat op die strand lê en seksueel fantaseer oor 'n mooi meisie wat verby kom en dié van 'n ander man wat seksuele gedagtes kry oor 'n man wat by hom verby loop nie. Christus weeg nie sonde op 'n skaal nie en sekere sondes het nie méér van sy bloed nodig vir vergifnis nie." Potgieter vra begrip vir dié gemeentes wat homoseksuele laat deelneem aan kerklike aktiwiteite. Die bedryf van homoseksualiteit wys hy egter af. Daarom kan sy standpunt as 'kontra' beskou word (kyk 1.8.2.2.2 vir die kriteria vir die klassifikasie van menings).

Die mening van 'n homoseksuele kategeet van die NG Kerk, Danie Botha, is ook gevra. In dié artikel het Botha dit duidelik gemaak dat hy teen die bedryf van homoseksuele praktyk is, maar vra hy erkenning vir dié lidmate wat 'n "worstelstryd" met God voer oor hierdie kwessie. Dit bly egter duister of hy self 'n 'praktiserende' homoseksueel is. Hy het wel 'n boek geskryf oor homoseksuele wat hul geaardheid uitleef, wat die indruk kan wek dat hy dit self ook doen. Sy standpunt blyk egter kontra te wees.

Dr. Willie Botha is namens die Algemene Sinode se Kommisie vir Leer en Aktuele Sake aangehaal. Hierin herhaal hy die amptelike kerklike standpunt, naamlik dat die homoseksuele praktyk nie in ooreenstemming met God se wil is nie. Andersyds het hy beklemtoon dat homoseksuele mense met deernis benader moet word, sodat hulle kan tuisvoel in die kerk. Ondanks die pastorale toon van dr. Botha, is sy standpunt tog kontra.

In hierdie artikel was daar dus drie sitate wat 'n kontra-strekking gehad het. Die afwysing van

homoseksuele gedrag is egter nie dominant nie. Oorheersend is die pastorale invalshoek dat homoseksuele Christene "met deernis" in die gemeente benader moet word.

Hierdie artikel het die probleme probeer weerspieël wat homoseksuele Christene in die gemeente kan ondervind. Op insiggewende wyse is ook duidelik gemaak wat die kerk se siening daarvan is. Binne die doelstellings van 'n kerkblad en die spesifieke item kan dit as 'n vorm van goeie joernalistieke oriëntasie beskou word, omdat dit die nadenke oor die onderwerp bevorder.[2]

Die menings wat in hierdie artikel weerspieël is, kom presies ooreen met die amptelike standpunt van die NG Kerk (soos uiteengesit in 1.3.3.1.1). Daarin is gesê dat homoseksualiteit 'n afwykende vorm van seksualiteit is, maar dat homoseksuele lidmate nie op grond van hul geaardheid van die gemeenskap van die heiliges uitgesluit mag word nie. Dit is presies die standpunt wat in hierdie artikel na vore gekom het. *Die Kerkbode* het dus nie standpunte gepubliseer wat nie met die kerk s'n ooreenstem nie.

Dit is nie 'n probleem dat die onderwerp homoseksualiteit gekies is om uitgebreid te beskryf nie, hoewel die NG Kerk se amptelike standpunt teen homoseksualiteit is. Seksualiteit kan beskou word as 'n goeie gawe wat God gegee het en kan in die joernalistiek gehanteer word. Op dié terrein kom ook probleme voor, maar daar kan in die kerk plek daarvoor gemaak word om dit te bespreek. Die toets daarvoor is dat dit oriënterend en nie-sensasioneel aangebied moet word.

*Die Kerkbode* se redakteur sê dat hierdie koerant hom ten doel stel om "die leser te oriënteer ten opsigte van die kerk se standpunt" (Gaum, 1997). Vanuit die feite wat in die hantering van homoseksualiteit gevind is, kan die uitspraak bevestig word. In hierdie item is die kerk se pad nie verlaat nie, maar is dit juis noukeurig gevolg en aangegee hoe dit in die praktyk toegepas moet word. Ook sê die redakteur: "In die deurgee van standpunte is ek baie oop. (...) Almal moet hul standpunt kan stel, as dit ten minste saaklik en Christelik gestel word." Later sê hy dat die "oop gesprek gestimuleer moet word" (Gaum, 1997). In hierdie artikel is daar egter nie afwykende menings (van mense binne of van buite die kerk) gepubliseer nie. Dit is dus duidelik dat *Die Kerkbode* in die hantering van homoseksualiteit nie sy volle joernalistieke vryheid gebruik het nie. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die feitelike hantering van die onderwerp met die doelstellings wat *Die Kerkbode* ooreengestem het (vergelyk Gaum, 1997).

#### *5.3.1.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*

In hierdie subhoofstuk word die navorsingsresultate getoets aan die teoretiese stellings rakende die oriëntasiefunksie, wat in subhoofstuk 2.6 aangebied is. Alle stellings word afsonderlik bespreek.

**Teoretiese stelling 1**

**Volgens die joernalistieke oriëntasiefunksie is die pers veronderstel om insig in wêreldgebeure aktief en bewus te bevorder, sodat die lesers in hul verskeie verhoudinge tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie nagekom word, kan van 'n oriënterende persoonsbehartiging gepraat word.**

*Die Kerkbode* het in die een artikel op 'n goeie wyse insig gegee in die probleme wat

[2] By die beoordeling van die hantering van die joernalistieke oriëntasiefunksie ten opsigte van homoseksualiteit in *Die Kerkbode* moet 'n kanttekening gemaak word met betrekking tot die onderwerp. Die tema homoseksualiteit was in 1995 nie 'n belangrike aktuele maatskaplike en politieke onderwerp waaroor nuwe wetgewing verskyn het nie, soos wel die geval is by aborsie en dobbelary. Wat in *Die Kerkbode* gedoen is, was 'n bespreking van 'n kwessie wat net binne die kerk (in elk geval binne die NG Kerk) aktueel was en vanuit dié spesifieke agtergrond gehanteer is. Die konteks van hierdie onderwerp in *Die Kerkbode* het daarom heeltemal verskil van die agtergrond waarteen *Beeld* en *Rapport* dit geplaas het. Dit het gevolge vir die werking van die oriëntasiefunksie.

sommige kerklidmate het. Dit het 'n meningsvormende karakter, waardeur die nadenke deur die lesers aktief bevorder is.

**Teoretiese stelling 2**
Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel geen onderwerp wat vir die joernalis verbode terrein is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word.

*Die Kerkbode* het in die artikel oor homoseksualiteit 'n goeie voorbeeld gelewer van hoe die joernalistiek kan omgaan met 'n deel van die goeie skepping wat deur die sonde aangetas is, soos die NG Kerk homoseksualiteit sien. Ook blyk uit die artikel 'n groot eerlikheid oor die bestaan van homoseksuele lidmate.

**Teoretiese stelling 3**
As 'n koerant sy oriëntasiefunksie op 'n goeie wyse vervul, kan hy 'n suksesvolle venster op die wêreld wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die totaalprentjie aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied te word:

Vanuit sy eie aard as 'n kerklike publikasie het *Die Kerkbode* daarvoor gekies om net lidmate van die NG Kerk aan te haal. Tussen die verskillende persone wat gesiteer is, was daar nie 'n verskil in standpunt nie. Wel het hulle vanuit 'n ander agtergrond kommentaar gelewer. Veral die mening van 'n homoseksuele lidmaat was verrykend. Tog sou die byvoeg van meer standpunte groter ewewig geskep het.

**Teoretiese stelling 4**
Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. Nuusseleksie kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te beïnvloed. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die konteks van die feite na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie.

Die artikel is bewus op so 'n wyse geskryf dat dit ook vir 'n heteroseksueel voldoende konteks bevat om dit te kan verstaan. Bowendien is nie daarvoor gekies om eensydig vanuit die NG standpunt met die beskuldigende vinger na die homoseksueel te wys nie. Ook die heteroseksuele lidmate is op hul verantwoordelikheid aangespreek. Binne die doelstellings van die artikel en die kerklike publikasie kan dit daarom as 'n voorbeeld van goeie joernalistiek geld.

**Teoretiese stelling 5**
In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n plek vir die 'slegte'. Maar die slegte word nie *om* die slegte of die sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor.

Daar is nie voorbeelde gevind dat *Die Kerkbode* die kwessie van homoseksualiteit op sensasionele wyse beskryf het nie.

***5.3.1.5 Samevatting en konklusie***
*Die Kerkbode* het in 1995 net een, sterk meningsvormende artikel oor homoseksualiteit geskryf. Hoewel die tema dus nie 'n baie hoë prioriteit gekry het nie, is dit 'n groot artikel, wat as een van dié uitgawe se belangrikstes beskou kan word. Dié items handel oor die vraag hoe homoseksuele kerklidmate deur ander lidmate benader moet word en of hulle binne die gemeente kan funksioneer. In hierdie artikel is aanhalings van drie mense gebruik wat as teenstanders van homoseksualiteit beskou kan word. (Kyk tabel 5.2 en 5.3 vir die oorsig.)

Tabel 5.2 Oorsig inhoud sitate in *Die Kerkbode* se items oor homoseksualiteit in 1995

| | |
|---|---|
| Totale aantal sitate | 3 |
| Kontra-menings | 3 |

Tabel 5.3 Tipe items in *Die Kerkbode* oor homoseksualiteit in 1995

| | |
|---|---|
| Meningsvormend | 1 |
| Feitelik | 0 |
| | |

Die problematiek is binne die raamwerk van die spesifieke aard van die kerkblad en die standpunt van die NG Kerk op so 'n wyse bespreek dat dit as 'n goeie vorm van joernalistieke oriëntasie beskou kan word, waarby die aard van die kerkblad en van die spesifieke artikel in ag geneem moet word. Die hantering beantwoord ook aan die doelstellings wat in die onderhoud met die redakteur (Gaum, 1997) na vore gekom het.

### 5.3.2 Aborsie

#### *5.3.2.1 Frekwensie*

*Die Kerkbode* het in 1995 vier items oor aborsie gepubliseer (N=4). Daar is drie berigte oor die kerk se gedagtes oor die nuwe wetgewing en daar is een bydrae van die redakteur Frits Gaum in die rubriek Vuurhoutjie. Dié vuurhoutjie het in dieselfde uitgawe op 18 Augustus verskyn as 'n berig (K 3 en K 4). 'n Redaksionele kommentaar oor hierdie kwessie is nie in *Die Kerkbode* geskryf nie.

In 1995 was daar veertig uitgawes van *Die Kerkbode*. Dit beteken dat daar gemiddeld in een uit tien afleweringe aandag aan aborsie gegee is. Die vier items het binne 'n tydgleuf van drie en 'n halwe maand verskyn.

#### *5.3.2.2 Prioriteit*

Die berigte oor aborsie het nogal 'n hoë prioriteit geniet. Al drie berigte het op die voorblad verskyn; een selfs as openingstuk. Die rubriekbydrae is op bladsy 7 geplaas. (In tabel 5.4 word die besonderhede van die publikasies weergegee.)

Tabel 5.4 Datum, soort, bladsynommer, omvang en opskrifgrootte van *Die Kerkbode* se items oor aborsie in 1995

| Kode | Datum | Soort | Bladsy | Omvang berigte* | Omvang artikels | Opskrifte berigte | Opskrifte artikels |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K 2 | 9 Junie | berig | 1 | kort | | groot | |
| K 3 | 18 Augustus | berig | 1 | lank | | groot | |
| K 4 | 18 Augustus | artikel | 7 | | kort | | klein |
| K 5 | 29 September | berig | 1 | lank | | klein | |

* Die omvang van berigte en artikels, sowel as die grootte van opskrifte is kontekstueel bepaal deur die gemiddeldes vas te stel. Wat onder die gemiddelde is, word beskou as kort of klein, bo die gemiddelde as lank of groot.

#### *5.3.2.3 Algemene beskrywing en analise van berigte en artikel*

In die berigte oor aborsie het *Die Kerkbode* sy eie aard as 'n kerkblad getoon, hoewel dit aan die ander kant 'n joernalistieke pad gevolg het. Die opskrifte bo die berigte en die inleidende

paragrawe het nie noodwendig die 'nuus' gereflekteer nie, maar eerder 'n belangrike standpunt weergegee.

Die eerste berig se opskrif het byvoorbeeld gemeld dat "aborsie g'n oplossing is nie" en die inleiende paragraaf het gelui dat ongebore en gebore menslike lewe kwalitatief dieselfde is (K 2). Die opskrif bo die tweede berig het gemeld dat die kommissie se "aanbevelings erg skok" en die inleidende paragraaf het herhaal dat daar nie 'n onderskeid tussen ongebore en gebore lewe gemaak kan word nie (K 3). Die derde berig se opskrif het gesê dat "aborsie niks anders as moord" is nie en die inleidende paragraaf het dit net herhaal (K 5). In dié drie berigte is dus twee keer dieselfde feit (of mening) in die opskrif en die eerste paragraaf as die belangrikste feit deurgegee, hoewel dit na die eerste berig nie meer "nuus" kon wees nie. Hier blyk 'n duidelike verskil tussen die "normale" joernalistieke aanpak en die kerklike.

Die drie berigte verskyn wel ná 'n periode wat baie belangrik was met betrekking tot nuwe wetgewing rakende aborsie. In die artikel word agtergrondgegewens weergegee wat die aktuele ontwikkelings raak. In die aborsie-reeks volg *Die Kerkbode* dus duidelik die normale joernalistieke 'reël' van aktualiteit. Dit stem ooreen met die opmerking wat *Die Kerkbode* se redakteur, naamlik dat vir sy publikasie dieselfde joernalistieke norme en standaarde geld as vir enige ander joernalistieke produk en dat aktualiteit belangrik is (Gaum, 1997).

Soos verwag kon word, het *Die Kerkbode* in die joernalistieke hantering van die nuwe aborsiewetgewing veral die nadruk op die etiese punte gelê. Daarin is altyd 'n kerklike, teologiese of godsdienstige perspektief weergegee, soos die redakteur ook sê (Gaum, 1997). Die maatskaplike aspek van aborsie is sydelings aan die orde gestel in die agtergrondartikel en in die rubriek Vuurhoutjie (K 4 -1, N=4).

In die berigte is daar uitgebreid ingegaan op die bemoeienis wat die NG Kerk met die Parlementêre Kommissie op Vrugafdrywing en Sterilisasie gemaak het. Eerstens is verslag gedoen van die voorlegging wat die NG Kerk self aan dié kommissie gedoen het (K 2). Daarin is 'n eksplisiete kontra-standpunt teenoor aborsie bepleit en die bestaande aborsiewet verdedig. Die volgende berig het die kerk se ontsteltenis oor die aanbevelings (wettiging van aborsie op aanvraag tot veertien weke swangerskap) van dié komitee openbaar en het verskeie reaksies op die aanbevelings gegee (K 3). Die laaste berig het 'n weergawe van die standpunt (kontra aborsie op aanvraag) gebied wat die drie Afrikaanse 'susterkerke' in die Wes-Kaapse Raad vir Kerklike Samewerking ingeneem het (K 5).

In die aborsie-items is daar, anders as by homoseksualiteit, verder gekyk as net die NG Kerk. Standpunte is weergegee van mense wat nie tot dié spesifieke kerk behoort nie, soos etici van die ander 'susterkerke' en die Verenigende Gereformeerde Kerk, woordvoerders van die Nasionale Party en die Demokratiese Party, die groep Christians for Truth en die voorsitter van die organisasie Pro-Lewe. Dit het 'n breër spektrum van agtergronde en menings verteenwoordig.

Van die twaalf sitate was agt kontra aborsie op aanvraag. In een sitaat was daar 'n gekwalifiseerde kontra-standpunt. Een sitaat het 'n pro-siening onderskryf. Twee het nie 'n mening bevat nie (vergelyk vir die uitgebreide bespreking van die kriteria vir die klassifikasie 1.8.2.2.2).

By die weergee van die meeste kontra-menings is uitgebreide ruimte aan die argumentasie van hierdie standpunt gegee. Daar is uitgegaan van die siening dat God die menslike lewe skep. Dit is tewens as onmoontlik beskou om 'n skeiding te maak tussen ongebore en gebore lewe. Die gevolgtrekking wat uit dié oorwegings gemaak is, is dat aborsie op aanvraag nie goedgekeur

mag word nie. Verder is twyfel uitgespreek of die wettiging van aborsie op aanvraag 'n werklike oplossing vir die land se bevolkingsprobleme is. "Aborsie was nie die oplossing vir enige probleem in die lande waar dit ingestel is nie. Uitbuiting van vroue neem steeds daar toe, moraliteit verswak verder, en die verbrokkeling van huwelike en die gesinslewe gaan voort. Aborsie is slegs 'n behandeling van die simptoom", het prof. Danie du Toit van die Universiteit van Stellenbosch gesê, wat namens die NG Kerk die voorlegging gedoen het (K 2).

Dr. Pieter Fourie van die Verenigende Gereformeerde Kerk, wat 'n gekwaliseerd-kontra-idee oor aborsie gestel het, het beweer dat die kwessie te ingewikkeld is om te vinnig eensydig pro-keuse of pro-lewe te besluit (K 3). "As aborsie as sodanig verwerplik is, sou vroeggebore babas ook begrawe moes word, want 'n mens het dan gesterf. Dit word egter nie gedoen nie. Om egter te sê 'n vrou het 'n vrye keuse om aborsie te laat uitvoer, is eties totaal verwerplik. Die pa van die ongebore kind en die mediese personeel is ook betrokke. Selfs al is 'n mens dus 'pro-keuse' ingestel, is baie belanghebbendes betrokke by die besluit oor 'n aborsie. Die wet moet hiervoor voorsiening maak, anders is aborsie totaal onaanvaarbaar." Fourie is dus 'n teenstander van wettiging van aborsie op aanvraag. Hy het die vrye keuse afgewys. Maar tog het hy gedink dat sekere aanpassings gemaak moet word. Sy standpunt kan daarom as kontra beskou word, maar op 'n ander manier as byvoorbeeld die NG Kerk se siening.

Die pro-siening is deur die Demokratiese Party ingeneem (K 3). Dié politieke groepering meen vrugafdrywing moet gewettig word tot twaalf weke van swangerskap. Ná die twaalf-weke-periode moet streng reëls geld en is aborsie net moontlik in uitsonderingsgevalle, soos verkragting. Argumente van hierdie standpunt is nie weergegee nie.

In die standpunte wat gepubliseer is, het *Die Kerkbode* 'n baie sterk voorkeur gegee aan die kontra-aborsie-siening, wat ook die NG Kerk se standpunt is (soos weergegee in 1.3.3.1.2). Vanuit dié kerkblad se doelstelling om die lidmate in te lig oor die kerk se posisie in maatskaplike vraagstukke, is dit verklaarbaar. Tog is die kolomme nie heeltemal gesluit vir sienings wat afwyk van die kerk s'n nie, want daar is ook 'n pro-aborsie-mening weergegee. Dit beteken dat, hoewel in 'n minimale mate, die diversiteit van standpunte oor die kwessies in die samelewing gereflekteer is en die lesers meer insig in die problematiek gekry het. Dit is wel 'n vraag of die pro-siening, soos dit byvoorbeeld deur die DP aangehang word, nie meer ruimte kon gekry het om die standpunt te beredeneer nie. Met betrekking tot die kontra-siening was die argumente oorvloedig aanwesig. Met betrekking tot die pro-standpunt is net die standpunt gegee, maar nie die oorwegings daaragter nie. In die geheel is veral die spesifieke posisie van die NG Kerk in die ontwikkelinge duidelik gemaak (vergelyk ook Gaum, 1997).

Die argument wat meestal gebruik is om aborsie op aanvraag te wettig, is die te hoë bevolkingsaanwas onder arm mense. Hierdie inwoners van die land het nie die geld om 'n medies-verantwoorde aborsie te ondergaan nie en vlug daarom na iemand wat 'n sogenaamde agterstraataborsie uitvoer. *Die Kerkbode* stip hierdie punt nie duidelik aan nie, waardeur die (maatskaplike en mediese) konteks van die nuwe voorstelle vir die leser nie outomaties duidelik word nie.

In die rubriek Vuurhoutjie is erken dat Suid-Afrika 'n "verantwoordelike Christelik-aanvaarbare geboortereëlingsplan broodnodig" het (K 4). Du Toit meen die statistiek oor agterstraataborsies is nie betroubaar nie, maar gee nie 'n toeligting oor wat daarmee fout is nie (K 2). Die probleem is nie verder bespreek nie. Dit is begryplik dat 'n kerkblad vernaamlik 'n oog het vir die etiese aspekte van die politieke gebeure, maar as die etiese 'n maatskaplike agtergrond het, behoort dié konteks ook bespreek te word. As die konteks deur die owerhede op 'n gemanipuleerde wyse aangebied word, soos Du Toit beweer, behoort dit ook tot die joernalistieke take van 'n kerkblad

om dit te openbaar. Doen die kerkblad dit nie, kan daar maklik kontekslose inligting ontstaan en word nie die totaalprentjie gegee nie.

Die genoemde rubriek het 'n duidelike meningsvormende karakter (1, N=4). Dit geld ook vir die drie berigte (3, N=4). Hoewel berigte in die joernalistiek gewoonlik die nadruk op die deurgee van feitemateriaal lê, is dit by *Die Kerkbode* anders. Die berigte gee veral menings weer, wat deur die leser oorweeg kan word. Op die amptelike prosedures van die parlementêre komitee of ander feitelike omstandighede, word amper nie ingegaan nie. Dit maak dat al vier items oor aborsie 'n meningsvormende karakter het.

*Die Kerkbode* het by die hantering van die onderwerp aborsie ook duidelik gemaak wat dit beteken om te probeer leiding te gee in 'n maatskaplike debat, wat volgens die redakteur ook een van die doelstellings is (Gaum, 1997). Die NG Kerk self het 'n voorlegging gedoen aan die parlementêre komitee en verswyg dus nie die standpunt nie. Die kerkblad van die NG Kerk gebruik hierdie voorlegging en ander gebeurtenisse op die pad na die nuwe wetgewing, om die lesers (lidmate) te wys wat die kerk se standpunt is. Dié mening word baie indringend weergegee (K 5: "Aborsie niks anders as moord") en kry ook die meeste ruimte in die kolomme. Die joernalistieke hantering van aborsie laat nouliks nog twyfel oor wat die redaksie van die blad as aanvaarbare menings beskou en wat nie. Ander menings word wel weergegee, maar net in so 'n mate dat dit nie die lesers laat wonder wat die koerant se eie standpunt is nie.

#### *5.3.2.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*

In hierdie subhoofstuk word die navorsingsresultate getoets aan die teoretiese stellings rakende die oriëntasiefunksie, wat in subhoofstuk 2.6 aangebied is. Alle stellings word afsonderlik bespreek.

**Teoretiese stelling 1**

Volgens die joernalistieke oriëntasiefunksie is die pers veronderstel om insig in wêreldgebeure aktief en bewus te bevorder, sodat die lesers in hul onderskeie verhoudinge tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie nagekom 'n goeie wyse vervul word, kan van oriënterende persoonsbehartiging gepraat word.

*Die Kerkbode* het daarin geslaag om die leser te oriënteer rondom die kerk se standpunt rakende aborsie. Ook is insig gegee in die mate waarin hierdie siening in die samelewing aanvaar word. Die klem het gelê op meningsvormende items, waardeur die leser geprikkel is om oor die kwessies na te dink.

**Teoretiese stelling 2**

Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel geen onderwerp wat vir die joernalis verbode terrein is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word.

Daar is nie voorbeelde gevind dat *Die Kerkbode* hom nie aan hierdie reël gehou het nie.

**Teoretiese stelling 3**

As 'n koerant sy oriëntasiefunksie op 'n goeie wyse vervul, kan hy 'n suksesvolle venster op die wêreld wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die totaalprentjie aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied te word.

*Die Kerkbode* het in sy weergawe van standpunte wel die verskeidenheid van die samelewing gereflekteer. Hoewel *Die Kerkbode* as 'n kerkblad hom (moontlik) minder as 'n algemene publikasie oor balans hoef te bekommer, sou 'n indringender konfrontasie van die NG Kerk se siening met die heersende liberale standpunt verrykend gewees het.

**Teoretiese stelling 4**

Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. Nuusseleksie kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te beïnvloed. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die konteks van die feite na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie.

*Die Kerkbode* het hom beperk tot die etiese aspekte van die nuwe aborsiewette, wat vanuit die aard van 'n kerkblad verstaanbaar is. Tog is dit 'n gebrek dat die maatskaplike agtergrond (agterstraataborsies, ensovoorts) net sydelings genoem is, maar nie uidruklik bespreek is nie. Die seleksiekriteria is hier nie op 'n goeie wyse toegepas nie.

**Teoretiese stelling 5**

In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n plek vir die 'slegte'. Maar die slegte word nie *om* die slegte of die sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor.

Daar is nie voorbeelde van sensasionele of ander smaaklose joernalistiek gevind nie.

***5.3.2.5 Samevatting en konklusies***

In al die berigte en artikels in *Die Kerkbode* oor aborsie was daar 'n oorheersende etiese element. Daar was een berig wat oor die voorlegging wat die NG Kerk aan die parlementêre komitee gehandel het. Hierin is die kerk se standpunt verwerk. Die tweede berig het reaksies op die komitee se aanbevelings gegee. Hierin is behalwe kerkmense ook politici aangehaal. Die rubriek Vuurhoutjie van die redakteur het dieselfde standpunt as die kerk s'n gereflekteer. In die laaste berig is die standpunt van die gesamentlike susterkerke weergegee, wat presies dieselfde as die NG Kerk s'n blyk te wees.

In die beriggewing en artikels oor aborsie het *Die Kerkbode* verskeie menings oor hierdie saak aangehaal. In totaal was daar twaalf sitate. Die kontra-sienings was met agt sitate in die meerderheid. Daar was ook een gekwalifiseerd-kontra- en een pro-siening. In twee sitate is nie 'n mening gevind nie. (Kyk tabel 5.5 vir die oorsig.)

Tabel 5.5 Oorsig inhoud sitate in *Die Kerkbode* se items oor aborsie in 1995

| | |
|---|---|
| Totale aantal sitate | 12 |
| Kontra-menings | 8 |
| Gekwalifiseerd-kontra-menings | 1 |
| Pro-menings | 1 |
| Sitate sonder mening | 2 |

Die vier publikasies oor aborsie in *Die Kerkbode* was almal meningsvormend. (Kyk tabel 5.6 vir die oorsig.)

Tabel 5. 6 Tipe items in *Die Kerkbode* oor aborsie in 1995

| | |
|---|---|
| Meningsvormend | 4 |
| Feitelik | 0 |

Aborsie is, binne die doelstelling van hierdie publikasie dat dit die leser moet oriënteer ten opsigte van die kerk se standpunt, deur *Die Kerkbode* in die algemeen op 'n goeie wyse

gehanteer. Dit gee insig in die debat wat aan die gang was en watter menings daarin voorrang gekry het. Die standpunt van die NG Kerk is baie sterk beklemtoon. By die pro-standpunt het die argumentasie telkens ontbreek. Ook is dit 'n gebrek dat die maatskaplike konteks van die nuwe wetgewing net sydelings aan die orde gekom het, maar nie op 'n joernalistieke wyse apart gehanteer is nie. Dit sou die insig by die leser heelwat verdiep het.

### 5.3.3 Dobbelary

#### *5.3.3.1 Frekwensie*

*Die Kerkbode* het in 1995 drie keer oor dobbelary geskryf (N=3). Hierdie drie items was almal berigte. Geen redaksionele kommentare of ander artikels is gevind nie. Twee berigte het in dieselfde uitgawe (1 September) van dié blad gestaan (K 7 en K 8).

In 1995 was daar veertig uitgawes van *Die Kerkbode*. Dit beteken dat dié blad in een uit dertien uitgawes oor dobbelary geskryf het. Die drie items is gepubliseer binne 'n periode van ses maande.

#### *5.3.3.2 Prioriteit*

Die eerste berig oor dobbelary is die openingstuk van die voorblad (K 6). Hierdie spesifieke item het dus vir die redaksie van *Die Kerkbode* 'n hoë prioriteit gehad. Die twee ander berigte het op bladsy 4 en op bladsy 6 verskyn (K 7 en K 8). Dit lyk asof die onderwerp dus tog wel 'n redelike prioriteit gehad het.

Al drie items oor dobbelary is berigte. Artikels of redaksionele kommentare oor hierdie kwessie het nie verskyn nie. (Tabel 5.7 gee die besonderhede van *Die Kerkbode* se berigte oor dobbelary.)

Tabel 5.7 Datum, soort, bladsynommer, omvang en opskrifgrootte van *Die Kerkbode* se items oor dobbelary in 1995

| Kode | Datum | Soort | Bladsy | Omvang berigte* | Opskrifte berigte |
|---|---|---|---|---|---|
| K 6 | 3 Maart | berig | 1 | kort | groot |
| K 7 | 1 September | berig | 4 | kort | klein |
| K 8 | 1 September | berig | 6 | lank | klein |

* Die omvang van berigte en artikels, sowel as die grootte van opskrifte is kontekstueel bepaal deur die gemiddeldes vas te stel. Wat onder die gemiddelde is, word beskou as kort of klein, bo die gemiddelde as lank of groot.

#### *5.3.3.3 Algemene beskrywing en analise van berigte*

Ook in die dobbelary-items gee *Die Kerkbode* insig in sy posisie ten opsigte van die nuwe wetgewing wat voorgestel word. Net soos by homoseksualiteit en aborsie val die klem op die etiese element. Dit is in ooreenstemming met die toeligting op *Die Kerkbode* se joernalistieke aard deur die redakteur, wat gesê het dat hierdie koerant altyd praat vanuit 'n kerklike, teologiese of Christelike perspektief (Gaum, 1997).

Die NG Kerk is sterk gekant teen die wettiging van dobbelhuise. Die kerk het daarom ook by hierdie kwessie al moontlike protes-prosedures gebruik wat die owerheid bied, om te voorkom dat casino's 'n wettige plek in die Suid-Afrikaanse samelewing kry en 'n nasionale lotery in die lewe geroep word.

Die drie berigte oor dobbelary is nogal verskillend van karakter. Die eerste berig het gemeld dat

die kerk alles moontlik gedoen het teen 'n liberale dobbelwet (K 6). Vervolgens is daar verskeie standpunte van kerklike meningsleiers gegee. Die tweede berig was net een paragraaf lank en het net 'n aankondiging bevat (K 7). Die derde berig het 'n uitgebreide weergawe van die besluit van die NG sinode van Oos-Transvaal gegee (K 8).

In berigte is twee mense aangehaal wat nie aan die NG Kerk behoort nie. Een daarvan is die woordvoerder van minister Chris Fismer, wat net feitelike inligting gegee het. Dr. Pieter Fourie van die Verenigende Gereformeerde Kerk het gesê hy wil nie voorskriftelik wees nie. Die ander aanhalings was van 'n NG woordvoerder.

In die drie sitate waarin menings verwerk is, is net kontra-standpunte ingeneem. In die kontra-standpunte is benadruk dat werk die normale, deur God ingestelde manier van geld verdien is. Die Christen behoort ook nie te vertrou op blinde noodlot nie, omdat hy weet dat God alles in sy voorsienigheid beheer. Dit kan ook nadelige effekte op die arbeid, die mens se verhouding tot God, die samelewing en die huisgesin hê. "Die kerk moet nou sy lidmate oproep om nie aan die dobbelpraktyke deel te neem nie. Die kerk moet lidmate opnuut wys op die rampspoedige gevolge wat verliese weens dobbelary vir hulle en hulle gesinne kan hê en ook op die feit dat daar minder as 15 persent van alle loterygeld aan welsyn geskenk word. Jong mense en kinders moet ook geleer word dat hulle nie hulle hoop hierop kan vestig nie", het dr. Wille Botha, predikant in diens van die Algemene Sinode, in 'n aanhaling gesê (K 6) (vergelyk vir die bespreking van die kriteria vir die klassifikasie van menings 1.8.2.2.2).

*Die Kerkbode* het hom by die joernalistieke hantering van dobbelary eensydig gerig op die deurgee van die NG Kerk se kontra-standpunt (soos gewys in 1.3.3.1.3). By die kwessie van aborsie is wel ander sienings deurgegee. Dit is opvallend dat dit by dobbelary ontbreek, omdat dit — anders as aborsie — vanuit die Christelike etiek nie as 'n kwessie van 'lewe of dood' gesien kan word nie. Dit is selfs waarskynlik dat daar binne die NG Kerk 'n verskeidenheid van menings oor hierdie onderwerp bestaan. Dit is egter wel duidelik dat die res van die Suid-Afrikaanse samelewing nogal anders oor dobbelary dink as die standpunt van die NG Kerk, blykens die groot belangstelling vir dobbelplekke.[3] Dit is egter nie duidelik uit *Die Kerkbode* se hantering van hierdie onderwerp nie. Daar is nie insig gegee in die verskeidenheid van standpunte en die verhoudings daartussen nie. Die vraag is of dit nie voortkom vanuit 'n eng opvatting oor *Die Kerkbode* se plek en taak nie. Dit sou meer insiggewend gewees het as ander menings ook weerspieël is.

Volgens die redakteur behoort dit tot die doelstelling van *Die Kerkbode* om die leser te oriënteer ten opsigte van die kerk se standpunt. Daarby is egter ook aangegee dat menings wat aangehaal word, nie net van kerklike woordvoerders of NG lidmate hoef te kom nie. Dit is selfs noodsaaklik geag om standpunte weer te gee wat nie die kerk s'n is nie, omdat die "oop gesprek gestimuleer moet word" (Gaum, 1997). Hierdie vorm van gesprek is egter nie gestimuleer deur die wyse waarop *Die Kerkbode* die onderwerp dobbelary gehanteer het nie.

Die (historiese) konteks van hierdie tema is ook nie ingevul nie. Dobbelary en lotery is al tydens die ou bedeling in die gewese tuislande gewettig. Daar is baie mense wat spesiaal in hierdie gebiede gaan dobbel het. Daar is ook onwettige dobbelhuise in gebiede waar dit eintlik verbied is. Daar is dus groot druk op die regering om orde te skep in 'n situasie wat eintlik teen die wet is, maar wat moeilik te bekamp is. Dit is verstaanbaar dat *Die Kerkbode* hom spesifiek rig op die etiese aspekte van hierdie onderwerp, maar die blad was nie maksimaal oriënterend met betrekking tot die maatskaplike kante van hierdie saak nie.

---

[3]Vergelyk Addendum 1 en 2 vir samevattings van die 'dobbelberigte' uit *Beeld* en *Rapport*.

Twee berigte oor dobbelary kan as meningsvormend beskou word. In die eerste berig is kortliks gemeld wat die NG Kerk gedoen het om die liberalisering van dobbelary te voorkom en verder is die berig gebruik om menings deur te gee. Die ander berig het die klem daarop gelê om die lesers te oortuig van die kontra-dobbelary-standpunt. Die berig met die kort weergawe van die Oos-Transvaalse sinode se besluit, het 'n meer feitelike strekking gehad. Hierdie verhouding van items oor die onderwerp toon aan dat die kerkblad wil hê dat die lesers nadink oor hierdie onderwerp, wat vanuit die oriëntasiefunksie as 'n goeie doelstelling beoordeel kan word.

### *5.3.3.4 Toetsing aan die teoretiese stellings*

In hierdie subhoofstuk word die navorsingsresultate getoets aan die teoretiese stellings rakende die oriëntasiefunksie, wat in subhoofstuk 2.6 aangebied is. Alle stellings word afsonderlik bespreek.

**Teoretiese stelling 1**

Volgens die joernalistieke oriëntasiefunksie is die pers veronderstel om insig in wêreldgebeure aktief en bewus te bevorder, sodat die lesers in hul onderskeie verhoudinge tot hul bestemming kan kom. 'n Belangrike instrument daarvoor is die prikkel om na te dink oor wêreldgebeure. As dié funksie nagekom word, kan van oriënterende persoonsbehartiging gepraat word.

*Die Kerkbode* het dit vir sy lesers baie duidelik gemaak wat die kerk se standpunt oor dobbelary was. Dit was daarom insiggewend en oriënterend. Deur die groot klem op meningsvormende items is ook selfstandige nadenke oor die kwessie bevorder.

**Teoretiese stelling 2**

Vanuit die grondoortuiging dat God die hele skepping gemaak het, is daar in beginsel geen onderwerp wat vir die joernalis verbode terrein is nie. Hy sal egter in gedagte moet hou dat die goeie wat God geskape het, ook vermink kan word.

Daar is nie voorbeelde gevind dat *Die Kerkbode* teen hierdie reël 'gesondig' het nie.

**Teoretiese stelling 3**

As 'n koerant sy oriëntasiefunksie op 'n goeie wyse vervul, kan hy 'n suksesvolle venster op die wêreld wees. Om dié doel te bereik, moet die pers die totaalprentjie aanbied. By die gee van die geheelbeeld behoort tewens alle relevante standpunte (op 'n gebalanseerde wyse) aangebied te word.

In die sitate het *Die Kerkbode* net kontra-menings deurgegee, wat tog as onewewigtig beskou moet word. Hoewel die NG Kerk baie uitgesproke is in sy oordeel oor dobbelary, bestaan daaroor ook onder Christelike etici verskeie menings. Die oriëntasie vind op hierdie wyse eensydig plaas.

**Teoretiese stelling 4**

Die seleksie van feite behoort tot die hart van die joernalistiek. Nuusseleksie kan gebruik word as 'n instrument om die publieke mening te beïnvloed. Een van die kritiese punte in nuusseleksie is dat die konteks van die feite na vore moet kom. Nuuswaardes word bepaal deur die belangrikheid van feite, beskou vanuit 'n spesifieke joernalistieke verwysingsraamwerk. Dit maak seleksie 'n etiese kwessie.

Daar is veral gefokus op die etiese kante van die dobbelsaak. Die (historiese) konteks van die nuwe wette (die wettigheid van dobbelary in die gewese TBVC-state) het nie na vore gekom nie, hoewel selfs etiese argumente nie 'n maatskaplike omstandigheid kan verander nie. Die eensydige fokus op die etiese was daarom selektief.

**Teoretiese stelling 5**

In 'n oriënterende joernalistiek is daar 'n plek vir die 'slegte'. Maar die slegte word nie *om* die slegte of die sensasie aangebied nie. Detail van misdade behoort daarom soveel as moontlik weggelaat te word. Die primêre oogmerk is die oriëntasie van die gehoor.

*Die Kerkbode* het in sy behandeling van dobbelary heeltemal binne die grense van hierdie stelling gebly.

***5.3.3.5 Samevatting en konklusies***

Die drie berigte oor dobbelary in *Die Kerkbode* het almal oor die etiese aspekte van hierdie verskynsel gegaan. Die eerste berig het gehandel oor dit wat die NG Kerk gedoen het om die nuwe dobbelwet te keer, op grond van die kerk se siening van die etiese aspekte van dobbelary en lotery. Die tweede berig het kortliks gemeld dat die Oos-Transvaalse sinode van dié kerk die owerheid gewaarsku het teen die nuwe wetgewing. Die derde berig het 'n oorsig van argumente gebied wat dié sinode beweeg het om dié standpunt in te neem. In amper al die berigte is net op die etiese aspekte ingegaan.

In die drie berigte is vyf sitate gevind. Daaronder is twee aanhalings waarin nie 'n standpunt weergegee is nie. In die oorblywende sitate is daar 'n kontra-posisie gereflekteer. (Kyk tabel 5.8 vir die oorsig.)

Tabel 5.8 Oorsig inhoud sitate in *Die Kerkbode* se items oor dobbelary in 1995

| | |
|---|---|
| Totale aantal sitate | 5 |
| Kontra-menings | 3 |
| Sitate sonder mening | 2 |

Die drie publikasies in *Die Kerkbode* oor dobbelary kan onderskei word in twee meningsvormende en een feitelike publikasie. (Kyk tabel 5.9 vir die oorsig.)

Tabel 5.9 Tipe items in *Die Kerkbode* oor dobbelary in 1995

| | |
|---|---|
| Meningsvormend | 2 |
| Feitelik | 1 |

Daar kan gesê word dat *Die Kerkbode* in die hantering van die onderwerp dobbelary die leser op 'n goeie wyse georiënteer het ten opsigte van die NG Kerk se standpunt, maar nie ten opsigte van die wyer strekking van die onderwerp nie. In die berigte word net menings gereflekteer wat presies ooreenstem met die NG Kerk se amptelike siening. Dit is duidelik dat daar in die samelewing ook ander menings voorkom, want anders sou daar nie wetgewing voorgestel word om dobbelary te wettig nie. Dié sienings word egter nie aangehaal nie, waardeur die "oop gesprek" (Gaum, 1997) nie gestimuleer nie, maar geblokkeer is. Ook het die maatskaplike en historiese konteks buite die sigveld gebly, waardeur insig nie ten beste geskep is nie.

**5.4 SLOT**

Uit die bespreking en beoordeling van die hantering van die joernalistieke oriëntasiefunksie het dit geblyk dat *Die Kerkbode* dit in verskeie opsigte goed gedoen het. Daar is telkens insig gegee in die standpunte wat die NG Kerk, wat *Die Kerkbode* verteenwoordig, behels. Die posisie wat die kerk met betrekking tot die nuwe wetgewing rakende aborsie en dobbelary het, is ook duidelik gemaak.

Die ander kant daarvan is dat die kerk se standpunt in twee gevalle (aborsie en veral dobbelary) in so 'n mate voorrang gekry het, dat dit die oriëntasie ten opsigte van ander menings beperk het.

By hierdie twee onderwerpe het ook die gee van insig in die historiese en maatskaplike konteks van hierdie temas ontbreek.

Die beste vorm van oriëntasie is by homoseksualiteit gevind. Op 'n warm en menslike wyse is insig gegee in die probleme waarmee homoseksuele kerklidmate worstel en watter probleme hulle in die gemeente ondervind. By die hantering van homoseksualiteit gaan dit egter om 'n bespreking van die binnekerklike aktualiteit wat hierdie onderwerp het en nie oor die probleme wat in die algemeen (binne en buite die kerk) met betrekking tot homoseksualiteit leef nie.

In die meeste gevalle is daar nie 'n groot verskil gevind tussen die feitelike gegewens uit *Die Kerkbode* en wat die redakteur van hierdie kerkblad in die onderhoud (Gaum, 1997; weergegee in Bylae 3) sê nie. Wel is dit so dat sommige punte in die empiriese gegewens minder sterk na vore kom as wat die onderhoud sou laat verwag het. Dit blyk telkens dat daar inderdaad 'n optimale oriëntasie ten opsigte van die kerk se standpunt was. Die kerk se pad is so ver as moontlik daarin geloop, soos in die onderhoud aangegee is. Daar was ook 'n openheid ten opsigte van standpunte wat nie die kerk s'n is nie.

Enkele punte van kritiek kan egter ook aangestip word. In die onderhoud is dit gesuggereer dat daar 'n baie sterk openheid vir ander sienings is omdat dit noodsaaklik is dat die oop gesprek gestimuleer moet word. Met betrekking tot die onderwerpe homoseksualiteit, aborsie en dobbelary het duidelik geword dat hierdie joernalistieke vryheid wat *Die Kerkbode* het, nie veel gebruik is nie. Net oor aborsie is twee afwykende sienings gevind. Een daarvan was 'n genuanseerde vorm van die NG Kerk se eie standpunt. Ook was daar 'n pro-aborsie-siening, maar die standpunt is net genoem sonder dat enige toeligtende argumente daarby gegee is. Met betrekking tot albei ander onderwerpe is net die NG Kerk se standpunt gereflekteer.

In die onderhoud is ook gesê dat *Die Kerkbode* "natuurlik primêr inligtingverskaffer" is. Vanuit die empiriese gegewens met betrekking tot die items wat ondersoek is, blyk egter dat dit sterk genuanseer moet word. Daar is ruimte aan inligting afgestaan, maar ook by die inligting was daar 'n sterk klem op meningsvorming. Dit het gevolge vir die interpretasie van 'n ander deel van die onderhoud, naamlik waarin gesê is dat *Die Kerkbode* se produkte aan dieselfde joernalistieke norme en standaarde getoets moet word as enige ander joernalistieke produk, veral met betrekking tot die skeiding van feite en kommentaar. Dit is inderdaad gevind dat feite en kommentaar nie gemeng word nie. Maar andersyds geld wel dat in amper al die items wat ondersoek is, die klem op meningsvorming en nie net op die deurgee van inligting gelê is.

# HOOFSTUK 6: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

*Beeld*, *Rapport* en *Die Kerkbode* het in 1995 elk op hul eie wyse aandag gegee aan homoseksualiteit, aborsie en dobbelary. In hierdie studie is dit telkens beskryf, geanaliseer en beoordeel vanuit die teoretiese aanname dat die pers se oriëntasiefunksie een van die kernpunte van die joernalistiek is. Hier word volstaan met 'n kort verantwoording, enkele samevattende opmerkings, tien gevolgtrekkings en 'n paar aanbevelings oor moontlike verdere studie.

## 6.2 VERANTWOORDING

Die hoofdoel van die studie was om na te vors hoe drie koerante 'n aantal eties senstiewe onderwerpe gehanteer het. Soos breedvoerig in die beskrywende hoofstukke aangetoon is, was die hantering deur die betrokke koerante andersoortig en van wisselende gehalte. Die gebruikmaking van 'n aantal teoretiese stellings wat in Hoofstuk 2 geformuleer is, het gehelp om die analise gestruktureerd te kon doen.

Tog was dit, soos wat dikwels in 'n kwalitatiewe studie gebeur, soms problematies om standhoudende kategorieë daar te stel en toe te pas. Die klassifikasie van items is egter met sorg gedoen en in 'n aantal enkelvoudige frekwensietabelle weergegee. Ongelukkig kan dit die indruk laat dat die studie alte swaar leun op die "statistieke", wat nie die geval is nie. Die kwalitatiewe beskrywing van die items se inhoud en frekwensie moet in sy geheel beskou word.

## 6.3 SAMEVATTENDE OPMERKINGS

'n Kernstandpunt, wat deurgaans ter sprake gebring is, is die noodsaak vir etiese joernalistiek om gebalanseerd en volledig te rapporteer, te interpreteer en kommentaar te lewer. Vandaar die klem wat geplaas is op die balans tussen die verskillende standpunte. Daarmee is egter nie gesuggereer dat etiese joernalistiek slegs om 'n kunsmatige balans tussen opponerende standpunte is nie. Die soeke na waarheid en 'n eties verantwoorde joernalistiek behels sekerlik meer as dit, soos onder meer in die teoretiese stellings verwoord is.

Dit gaan dus steeds ook om sake soos die bevordering van insig in die sake van die dag; die strewe na volledige beriggewing oor alle temas; die strewe om 'n totaalprentjie aan die leser voor te hou; die skets van 'n volledige konteks; en die aandag skenk aan ook die slegte, maar dan nie ter wille van die slegte nie.

## 6.4 SPESIFIEKE GEVOLGTREKKINGS

### 6.4.1 Gevolgtrekking 1

Al drie koerante het insig gegee in die veranderinge wat ten opsigte van die drie etiese kwessies plaasgevind het. Met betrekking tot aborsie en dobbelary het die wetswysigings oorheers. Die gehoor is hiermee in staat gestel om homself te oriënteer in die dinamiek van die nuwe Suid-Afrika. Daardeur is voldoen aan die basiese vereistes wat vanuit die raamwerk van die joernalistieke oriëntasiefunksie gestel kan word.

### 6.4.2 Gevolgtrekking 2

Die joernalistieke hantering van hierdie onderwerpe was daarom ook in hoë mate 'n beskrywing van die veranderinge. In die lig van die definisie van 'nuus' as 'n beskrywing van die verandering van die bestaande orde, is dit ook maklik verstaanbaar.

### 6.4.3 Gevolgtrekking 3

Uit die navorsingsgegewens oor *Die Kerkbode* het dit sterk na vore gekom dat die hantering van die joernalistieke oriëntasiefunksie makliker is as 'n publikasie slegs 'n beperkte joernalistieke taak het. Die primêre opdrag van 'n kerkblad is om die gehoor te oriënteer ten opsigte van die kerk se standpunte. Om dié opdrag te vervul, is baie makliker as om die gehoor te oriënteer ten opsigte van die hele samelewing en alle standpunte.

### 6.4.4 Gevolgtrekking 4

Dit het ook geblyk dat 'n dagblad in die versoeking kom om hom (ook by belangrike onderwerpe soos aborsie en dobbelary) te laat lei deur inligting wat buite-om die koerant se nuuskantoor aangebied word. Dit kan lei tot 'n groot hoeveelheid klein beriggies wat almal detail van die groot verhaal gee. In agtergrondartikels kan wel 'n vollediger prentjie geskilder word, maar dit blyk dat dit maklik agterweë bly.

### 6.4.5 Gevolgtrekking 5

Uit hierdie navorsing het sterk na vore gekom dat die oriëntasiefunksie beter gehanteer is as die interne samehang tussen al die items hoër was. In dié gevalle is ook meer agtergrond gegee en is meer aspekte van dieselfde saak aan die orde gestel. Daar is dus rede om die gevolgtrekking te maak dat 'n hoë interne samehang van items oor dieselfde kwessie (dit wil sê: 'n konsekwente joernalistieke lyn) die juiste hantering van die oriëntasiefunksie bevorder.

### 6.4.6 Gevolgtrekking 6

Minder stellig kan daaraan toegevoeg word dat 'n hoër interne samehang veral gesien kan word wanneer daar 'n belangrike maatskaplike en politieke onderwerp aan die orde gestel word, wat die samelewing nogal in beroering bring. Die gronde vir hierdie veronderstelling is dat homoseksualiteit nie as so 'n belangrike kwessie gesien is as dobbelary en aborsie nie. Dit het die juiste hantering van die oriëntasiefunksie nie ten goede gekom nie.

### 6.4.7 Gevolgtrekking 7

Die grootste probleem met die vervul van die oriëntasiefunksie is dat die totale prentjie nie altyd gegee is nie. Daar was verskeie kere sprake van selektiwiteit. Ook is nie altyd voldoende insig in die konteks van gebeurtenisse gegee nie. Die tweede grootste probleem was in die volledigheid en gebalanseerdheid waarmee standpunte weergegee is (teoretiese stelling 3). Die ander groot probleme was ten opsigte van die keuse van feite en persone wat aangehaal is (teoretiese stelling 4), die prikkel om na te dink oor die wêreldgebeure (teoretiese stelling 1)en dat nie die slegte om die slegte aangebied mag word nie (teoretiese stelling 5).

### 6.4.8 Gevolgtrekking 8

Daar is inderdaad gevind dat die koerante gereeld verwys het na Christelike

standpunte. Maar slegs van *Die Kerkbode* kan gesê word dat dit heeltemal in lyn met 'n Christelike benadering was.

**6.4.9 Gevolgtrekking 9**

Dit is bewys dat die inbring van kwantitatiewe gegewens in 'n kwalitatiewe ondersoek kan lei tot 'n groter kwalitatiewe begrip van die terrein wat nagevors is. Die frekwensie waarin items oor die onderwerpe verskyn het, is suksesvol gebruik as aanwysing watter prioriteit die onderwerp gehad het. Dieselfde geld vir die verhouding tussen berigte, artikels en redaksionele kommentare.

**6.4.10 Gevolgtrekking 10**

Dit het geblyk dat dit moontlik is empiriese navorsing te doen vanuit 'n eksplisiete Christelik teoretiese raamwerk. In die teoretiese raamwerk rakende die oriëntasiefunksie (en dus ook in die teoretiese stellings) is uitgegaan van 'n Christelike siening op die joernalistiek. Dié raamwerk is vervolgens gebruik by die analise.

## 6.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

**6.5.1 Aanbeveling 1**

In hierdie studie is ondersoek ingestel na kwessies wat (in Suid-Afrika) voorwerpe van ingrypende veranderinge was. Vanuit die definisie van 'nuus' as 'n weergawe van verandering van die bestaande orde, wat algemeen toegepas word, sou dit dus nie moontlik wees om ondersoek in te stel na die hantering van die joernalistieke oriëntasiefunksie rondom 'n onderwerp wat nié in verandering is nie. Dit is wel aan te beveel dat 'n uitdruklike vergelykende studie gedoen word na die hantering van die oriëntasiefunksie ten opsigte van onderwerpe wat op onderling verskillende wyse in verandering is, om vas te stel of daar ooreenkomste en verskille is. Dit kan tewens uit 'n multi- of internasionale perspektief gedoen word.

**6.5.2 Aanbeveling 2**

Dit verdien aanbeveling om in 'n opvolgstudie van die joernalistieke oriëntasiefunksie uit te gaan van 'n vergelykende opset met publikasies wat dieselfde joernalistieke aard het.

**6.5.3 Aanbeveling 3**

Omdat uit hierdie studie geblyk het dat die oriëntasiefunksie by *Die Kerkbode* baie anders funksioneer as by *Beeld* en *Rapport*, kan dit nuttig wees om in 'n volgende studie spesifiek ondersoek in te stel na publikasies met 'n beperkte joernalistieke opdrag. In die metode en teorie kan daarvoor spesifieke voorsiening gemaak word en kan die navorsingsresultate van hierdie studie verdiskonteer word.

**6.5.4 Aanbeveling 4**

Die gevolgtrekking dat 'n hoë interne samehang van items 'n gunstige effek op die juiste hantering van die oriëntasiefunksie het, kan nader ondersoek word. Dit kan gedoen word in 'n vergelykende studie waarin een onderwerp 'n hoë belangrikheid het en 'n ander onderwerp nie. Op hierdie wyse kan bepaal word in watter mate die interne samehang en die belang van die onderwerp (on)afhanklik van mekaar is.

**6.5.5 Aanbeveling 5**

Dit verdien aanbeveling om dieper ondersoek in te stel na watter positiewe waarde die

Christelike (etiese) beginsels konkreet vir die joernalistiek kan hê. Dit kan vervolgens weer gebruik word in empiriese navorsing.

**6.6 SLOT**

Die doel van hierdie studie was om vanuit 'n eksplisiete Christelike idee 'n bydrae tot die studie van joernalistiek binne die kommunikasiewetenskap te lewer. Die studie het bevestig dat dit moontlik is om vanuit 'n normatiewe siening op die joernalistieke empiriese navorsing te doen.

Die studie het voorts die noodsaak onderstreep van 'n interdissiplinêre benadering van die kommunikasiewetenskap. Sonder die integrerende gebruikmaking van kommunikasiewetenskaplike, teologiese, filosofiese en etiese gedagtes sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie. Die kommunikasiewetenskap kan homself dus nie isoleer van ander wetenskappe sonder om homself tekort te doen nie.

## BRONNELYS

### Koerante

Alle uitgawes van *Beeld*, *Rapport* en *Die Kerkbode* in die tydperk 1 Januarie 1995 tot 31 Desember 1995.

### Boeke, tydskrifartikels, akademiese verhandelings en ander geskrifte


ALANT, C. J. 1972. *'n Sosiologiese studie van die betrokkenheid van lidmate by die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria: Private uitgawe.

ANDERSEN, Kenneth E. 1991. A history of communication ethics. In: Karen Joy Greenberg (red.). *Conversation on communication ethics*. Norwood: Ablex.

AUFENANGER, Jörg. 1985. *Filosofie*. Utrecht: Het Spectrum.

AUGUSTINUS, Aurelius. [1965]. *Belijdenissen*. Utrecht-Antwerpen: Het Spectrum. (Vertaling vanuit Latyn in Nederlands deur A. Sizoo.)

BASCHWITZ, K. 1949. *De krant door alle tijden*. Amsterdam: Uitgeverij Keesing.

BAVINCK, J. H. 1946. *De mensch en zijn wereld*. Baarn: Bosch en Keuning.

*Besluitebundel van die 61ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. 1986. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk.

*Besluitebundel van die 63ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. 1992. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk.

*Besluitebundel van die 64ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. 1995. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk.

BERGER, Arthur Asa. 1991. *Media research techniques*. Londen: Sage.

BERTRAND, Claude-Jean. 1969. *The British press: an historical survey*. Parys: OCDL.

BEUKES, W. D. (red.). 1992. *Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers 1948-1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

BISSCHOP, R. 1991.Krant en 'eigen' kerkelijke identiteit. In: B. van der Ros (red.). *Het christelijk dagblad in de samenleving: roeping en opdracht*. Leiden: J. J. Groen en Zn. Bladsy 13-25.

BOHLE, Robert B. 1986. Negativism as news selection predictor. In: *Journalism Quarterly*. 63(4): 789-796.

BOTES, H. J. 1997. Dobbelary - 'n ondersoek van naby. In: *Konteks*. 8(3): 2-3.

BOVENTER, Herman. 1984. *Ethik des Journalismus*. Kontstanz: Universitätsverlag Konstanz.

BOYCE, George, James Curran en Paulin Wingate. 1978. *Newspaper history from the seventeenth century to the present day*. Londen: Constable.

CALVYN, Johannes. 1559. [1984]. *Institusie van die Christelike godsdiens*. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds. (Vertaling vanuit Latyn in Afrikaans deur H. W. Simpson.)

CAMERON, Edwin. 1993. Sexual orientation and the constitution: a test case for human rights. In: *The South African Law Journal*. 110(2): 450-472.

CAREY, James W. 1989. *Communication as culture: essays on media and society*. Boston: Routledge.

CHRISTIANS, Clifford G., Kim B. Rozoll, & Mark Fackler. 1983. *Media ethics: cases and moral reasoning.* New York: Longman.

CHRISTIANS, Clifford G., & James W. Carey. 1989. The logic and aims of qualitative research. In: Guido H. Stempel III en Bruce H. Westley. *Research methods in mass communication, second edition.* New Jersey: Prentice Hall. Bladsy 354-374.

CRAWFORD, Nelson Antrim. 1969. [1924]. *The ethics of journalism.* New York: Greenwood.

CRONIN, Kieran. 1992. *Rights and Christian ethics.* Cambridge: Cambridge University Press.

DA COSTA, Alcino Louis. 1980. *News values and principles of cross-cultural communication.* Paris: UN Educational, Scientifical and Cultural Organization.

DANIEL, Clifton. 1965. Responsibility of the reporter and editor. In: Louis M. Lyons, *Reporting the news: selections from Nieman Report.* Cambridge: Harvard University Press. Bladsy 116-121.

DAY, Louis A. 1991. *Ethics in media communications: cases and controversies.* Belmont: Wadsworth.

DAVIS, Heloïse. 1983. *Die politieke en joernalistieke impak van die Sondagkoerant Die Beeld, 1965 tot 1970.* Ongepubliseerde M-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

DE BEER, A. S. 1977. *Nuus en nuuswaardigheid.* Johannesburg: De Jong.

DE BEER, A. S. 1980. Qualitative research in journalism - friend or foe? In: *Communicare.* 1(1): 10 -23.

DE BEER, A. S. (red.). 1982. *Joernalistiek vandag.* Kaapstad: Tafelberg.

DE BEER, A. S. (red.). 1993. *Mass media for the nineties: the South African handbook of mass communication.* Pretoria: Van Schaik.

DE BEER, Arnold S. & Johannes D. Froneman. 1994. The quest for media ethics: an introduction. In: *Ecquid Novi.* 15(1): 3-25

DE BEER, A. S. 1996. *Demokrasie en die media: voorwaardes en geleenthede in die 'nuwe' Suid-Afrika.* Ongepubliseerde Studium Generale aan die Evangelische School voor Journalistiek en Voorlichting, Ede, Nederland. 28 februari 1996.

DE BEER, A. S. & E. Steyn. 1996. Media policy development: some trends in post-communist societies and post-apartheid South Africa. In: *Ecquid Novi.* 17(2): 212-245.

DE BRUIN, Philip. 1995. Geskiet, geskel en gebom. In: *Beeld.* Jubileumuitgawe by 21 jaar bestaan. 15 September 1995. Bladsy 6.

DE BRUYN, P. J. 1993. *The ten commandments.* Midrand: Varia.

DE KLERK, W. A.. 1975. *The puritans in Africa: a story in Afrikanerdom.* Londen: Rex Collings.

DE KLERK, W. J. 1982. Kerk en koerant: riglyne en raakpunte. In: *Die Kerkbode.* 29 September 1982. 134(13): 7.

DE KLERK, W. J. 1991. *FW de Klerk: die man en sy tyd.* Kaapstad: Tafelberg.

DE KOCK, Wessel. 1983. *'n Wyse van spreke: die ontstaan van die pers in Suid-Afrika.* Kaapstad: Saayman en Weber.

*Demografiese Statistieke.* 1995. Pretoria: Sentrale Statistiekdiens.

DEVOLDER, N. 1952. *De ethiek van de pers.* Leuven: Leuvense Universiteits Uitgaven.

DE VRIES, J. P. 1979. Normen voor journalistiek. In: *Bijbel en wetenschap.* 4(24): 13-22.

DE WET, Johan. 1995. Die begin was maar moeilik. In: *Beeld.* Jubileumuitgawe by 21 jaar bestaan. 15 September 1995. Bladsy 4.

*Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.* Aangeneem op 8 Mei 1996 en gewysig op 11 Oktober 1996 deur die Grondwetlike Vergadering. Wet 108 van 1996.

DIEMER, E. 1984. Van vrijheid en verantwoordelijkheid. In: *Bijbel en Wetenschap.* 9(70).

DOMMISSE, Ebbe. 1993. Vryheid van pers voorvereiste vir toerekenbare regering. In: *Die Burger*. 17 Maart 1993. Bladsy 17.

DOUMA, J. 1984. *Verantwoord handelen: inleiding in de christelijke ethiek.* Kampen: Van den Berg.

DOWRY, J. J. 1996. *'n Teologies-etiese beoordeling van geweld in televisienuus.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

DU PLESSIS, Lourens M. 1990. Jurisprudential reflections on the status of unborn life. In: *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg*. 1990(1): 44-59.

DU PLESSIS, Tim. 1995. Ankerrol in die politiek. In: *Beeld.* Jubileumuitgawe by 21 jaar bestaan. 15 September 1995. Bladsy 24.

DU TOIT, A. P. T. (red.). 1994. *Suid-Afrikaanse Statistieke*. Pretoria: Sentrale Statistiekdiens.

FAURÉ, Cornelia. 1988. *Die morderne Suid-Afrikaanse koerante: omgewingsfaktore en ontwikkelingstendense.* Ongepubliseerde M-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

FINK, Conrad C. 1988. *Media ethics: in the newsroom and beyond.* New York: McGraw-Hill.

FLIGHT, Sander & Juan Felix. 1995. Het ene issue is het andere niet. In: Kees Brants en Philip van Praag jr. (red.). *Verkoop van de politiek: de verkiezingscampagne van 1994.* Amsterdam: Het Spinhuis. Bladsy 96-110.

FRONEMAN, Johannes & Arrie de Beer. 1993. Media ethics. In: A. S. de Beer (red.). *Mass media for the nineties: the South African handbook of mass communication.* Pretoria: Van Schaik. Bladsy 249-268.

FRONEMAN, Johannes. 1994. Die gebrek aan 'n ingeligte, lewendige debat oor media-etiek. In: *Ecquid Novi.* 15(1): 123-128.

FRONEMAN, Johannes D. & Arnold S. de Beer. 1994. Oproep tot natievorming in een 'nieuw' Zuid-Afrika: de rol van de Afrikaanse pers. In: *Communicatie.* 24(1): 1-16.

FRONEMAN, J. D. 1995. *Die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente, 1902-1948.* Ongepubliseerde proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

FRONEMAN, J. D. 1996a. Outlines of a Christian model for journalism. Ongepubliseerde lesing. Syndey: Conference Changing the Christian Mind.

FRONEMAN, J. D. 1996b. *Die noodsaak van kundige, kritiese mediagebruik.* IRS-studiestuk 344. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies. Bladsy 1-15.

FRONEMAN, J. D. 1997. Mediatransformasie dek die tafel vir 'n nuwe joernalistiek. In: *Literator*. 18(3): 199-220.

FRONEMAN, J.D. 1998. 'n ABC en XYZ van joernalitiek. Potchefstroom. Privaat uitgegee.

GAUM, F. M. 1984. 'n Ondersoek na die eise vir geslaagde kerklike joernalistiek met spesiale verwysing na ses Suid-Afrikaanse en vier buitelandse kerklike en godsdienstige blaaie. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

GEISLER, Norman L. 1989. *Christian ethics: options and issues.* Grand Rapids: Baker Book House.

GOLDING, Peter & Philip Elliot. 1979. *Making the news.* Londen: Longman.

GOUDZWAARD, Bob. 1984. *Idols of our time*. Sioux Center: Dordt College Press. (Vertaling in Engels vanuit Nederlands.)

GREEF, Minrie. sj. Inleiding tot kwalitatiewe navorsing. Ongepubliseerde lesing. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

HACHTEN, William A. & Brian Beil. 1985. Bad news of no news?: covering Africa, 1965-1982. In: *Journalism Quarterly.* 62(3): 626-630.

HARRIS, J. & S. Stanley. 1965. 1992. *The complete reporter.* New York: MacMillan.

*Handelinge van die 39ste Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* 1976. Potchefstroom: Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika.

*Handelinge van die 41ste Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* 1982. Potchefstroom: Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika.

*Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* 1982. Pretoria: NG Kerk.

*Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* 1986. Pretoria: NG Kerk.

*Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* 1994. Pretoria: NG Kerk.

HEYNS, J. A. 1982. *Teologiese etiek:* deel 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J. A. 1986. *Teologiese etiek:* deel 2. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J. A. 1986. *Dogmatiek.* Goodwood: NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J. A. 1989. 'n Spieël en 'n venster. In: *Die Kerkbode.* 27 Januarie 1989. 141(3): 2.

HIEBERT, Ray Eldon, Donals F. Ungurait & Thomas W. Bohn. 1988. *Mass media: an introduction to modern communication.* New York: Longman.

HOLSTI, Ole R. 1969. *Content analysis for the social sciences and humanities.* Londen: Addison-Wesley Publishing Company.

*Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke*, 1997. Pretoria: Tydskriftemaatskappy van die Ned Geref Kerk.

JANSE VAN RENSBURG, Heila (red.). 1995. *South African Yearbook 1995.* second edition. Pretoria: South African Communication Service.

JASKA, James A. & Michael S. Pritchard. 1988. *Communication ethics: methods of analysis.* Belmont: Wadsworth.

JENSEN, Klaus Bruhn & Nicholas W. Jankowski. 1993. *A handbook of qualitative methodologies for mass communication research.* Londen: Routledge.

JOHANNESEN, Richard L. 1975. *Ethics in human communication.* Columbus: Bell & Howell Company.

JURGENSEN, Karen & Philip Meyer. 1992. After journalism. In: *Journalism Quarterly.* 69(2): 266-272.

KNEVEL, A.G. 1991. *De wereld in huis: het christelijk gezin en televisie.* Kampen: Kok Voorhoeve.

KOBRE, Sidney. 1969. *Development of American journalism.* Dubuque (Iowa): Wm. C. Brown Company Publishers.

KOCH, Tom. 1990. *The news as myth: fact and context in journalism.* New York: Greenwoods.

KRAEMER, H. 1957. *Communicatie: een tijdvraag.* 's-Gravenhage: Boekencentrum.

KÜHN, Willie. 1995. Vir die nuwe geslag - nou meer as ooit tevore. In: *Beeld.* Jubileumuitgawe by 21 jaar bestaan. 15 September 1995. Bladsy 2.

LANG, A. R. 1967. *Schreiben für den Tag: der Journalist und sein Arbeitsbereich.* Düsseldorf: Schwann.

LEE, Alan J. 1976. *The origins of the popular press in England 1855-1914.* Londen: Croom Helm.

LIND, Craig. 1995. Sexual orientation, familly law and the transitional constitution. In: *The South African Law Journal.* 112(2) 481-502.

LOCK, G. E. 1993. Normatieve politicologie. In: J. van Deth. *Handboek politicologie*. Assen: Van Gorcum. Bladsy 123-153.

LOWERY, Shearon A. & Melvin L. de Fleur. 1988. *Milestones in mass communication research: media effects: second edition*. New York: Longman.

LYONS, Louis M. (red.). 1965. *Reporting the news: selections from Nieman Report.* Cambridge: Harvard University Press.

MASA, Ilja. 1994. *Kwalitatief onderzoek.* Amsterdam: Boom.

MAC ARTHUR, J. 1991. *Deadline Sunday: a life in the week of* The Sunday Times. Londen: Hodder and Stoughton.

MBENNAH, Emmanuel D. 1996. Abortion: a thelogico-ethical adjudication of the practice and the bases of supporting and opposing arguments. Ongepubliseerde referaat vir Bybelse studies. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

McLUHAN, Marshall. 1970. *Stroomversnelling: de mens in het elektronisch tijdperk.* Hilversum: Paul Brand.

McQUAIL, Denis. 1988. *Mass communication theory: an introduction*, second edition. Londen: Sage.

MEINDERS, Paul. 1996. Vaders zonder verwachting. In: *Koers.* 27(12): 32-33.

MERRILL, John C. 1985. Is ethical journalism simply objective reporting? In: *Journalism Quarterly.* 62(2): 391-393.

MERRILL, John C. 1989. *The dialectic in journalism: towards a responsible use of press freedom.* Baton Rouge: Louisiana State University Press.

MIRALDI, Robert. 1990. *Muckraking and objectivity: journalism's colliding traditions.* Westport: Greenwood Press.

MISCHKE, Carl. 1995. Big law - little wrong: discrimination on the basis of sexual orientation and the new South African constitutional order. In: *Codicillus.* 36(1): 33-42.

OBERMAN, Heiko A. 1988. *De erfenis van Calvijn: grootheid en grenzen.* Kampen: Kok.

OBONYO, L. 1996. *Rethinking news values.* IRS-studiestuk 344. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies. Bladsy 15-27.

OOSTHUIZEN, Lucas M. 1987. *Media policy and ethics.* Kaapstad: Juta & Co.

OSBORN, ANDREW R. 1940. *Christian ethics.* Londen: Oxford University Press.

OUWENEEL, W. J. 1989. De mens als religieus wezen. In: *Philosophia Reformata.* 54(1): 44-64.

PETERSON, Theodore. 1956. The social responsibility theory. In: Fred S. Siebert *et al. Four theories of the press.* Urbana: University of Illinois Press. Bladsy 73-103.

POSTMAN, Neil. 1986. *Wij amuseren ons kapot: de geestdodende werking van de beeldbuis.* Houten: Het Wereldvenster.

RAWLS, John. 1971. *A theory of justice*. Oxford: Oxford University Press.

REDDY, Govin. 1994. Ethics and society: the particular needs of media practitioners in South Africa. In: *Ecquid Novi.* 15(1): 135-139.

RIVERS, William L., Wilbur Schramm & Clifford G. Christians. 1980. *Responsibility in mass communication: third edition.* New York: Harper & Row.

SARKIN-HUGHES, Jeremy. 1993. A perspective on abortion legislation in South Africa's bill of rights era. In: *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse reg.* (56): 83-94.

SCHLESINGER, Philip. 1990. Rethinking the sociology of journalism: source strategies and the limits of media-centrism. In: Marjorie Ferguson (red.). *Public communication: the new imperatives: future directions for media research.* Londen: Sage. Bladsy 61-83.

SCHOENMAKER, Helene. 1988. *Tijdschriften maken.* Groningen: Wolters-Noordhoff.

SCHOLTZ, H .J. 1984. *Die verantwoordelikheidsbeskouing van Johannesburgse joernaliste: 'n prinsipieel-empiriese ondersoek.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

SCHOLTZ, J. J. J. 1992a. Rapport. In: W. D. Beukes (red.). *Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers 1948-1990.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Bladsy 254-276.

SCHOLTZ, J. J. J. 1992b. Sirkulasiestryd. In: W. D. Beukes (red.). *Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers 1948-1990.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Bladsy 290-301.

SCHOLTZ, J. J. J., Tim du Plessis & A. S. de Beer. *Beeld.* In: W. D. Beukes (red.). *Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers 1948-1990.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Bladsy 302-326.

SCHUURMAN, E. 1996. *On the strategy of a Christian political party.* Ongepubliseerde referaat 12 Julie 1996. Potchefstroom: Conference Christianity and Democracy in South Africa.

STEMPEL III, Guido H. & Bruce H. Westley. 1989. *Research methods in mass communication: second edition.* New Jersey: Prentice-Hall.

SERFONTEIN, L. M. 1995. *Die beeld van die ANC soos gereflekteer in* Beeld *en* The Star *vanaf 1989 tot 1993.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

SIEBERT, Fred S., Theodore Peterson & Wilbur Schramm. 1956. *Four theories of the press.* Urbana: University of Illinois Press.

SMEDES, Lewis B. 1983. *Mere morality: what God expects from ordinary people.* Grand Rapids: William B. Eerdmans.

SMITH, Mary John. 1988. *Contemporary communication research methods.* Belmont: Wadsword.

SNIJDERS, M. L. 1993. *De voorspellende journalist.* Amsterdam: Cramwinckel.

SNYMAN, P. G. 1971. *Pers en leser: 'n prinsipiële voorstudie tot die persetiek.* Potchefstroom: Pro Rege.

SNYMAN, P. G. 1985. Die etiek van openbare kommunikasie. In: *Communicatio.* 11(1): 9-23.

SNYMAN, P. G. 1990. Die etiek van die joernalistiek. In: *Ecquid Novi.* 11(1): 44-73.

STACKS, D. W. & J. E. Hocking. 1992. *Essentials of communication research.* New York: Harper Collins.

STAPPERS, J. G. (red.). 1982. *Massacommunicatie en samenleving.* Assen: Van Gorcum.

STAPPERS, J. G. 1983. *Massacommunicatie: een inleiding.* Amsterdam: De Arbeiderspers.

STAPPERS, J. G. *et al.* 1990. *De werking van de massamedia: een overzicht van inzichten.* Amsterdam: De Arbeiderspers.

STEVENSON, Victor (red.). 1984. *Atlas van de Europese talen: geschiedenis en ontwikkeling.* Utrecht-Antwerpen: Het Spectrum.

STEWART, Kenneth. 1943. *News is what we make it.* Boston: Routledge.

STEYN, E. F. 1995. *Suid-Afrikaanse mediadekking van die 1992 Olimpiese Spele: 'n kwalitatiewe ondersoek.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universitiet vir CHO.

STOKER, H. G. 1967. *Oorsprong en rigting:* band 1. Kaapstad: Tafelberg.

STRAUSS, S. A. 1995. Abortion law reform. In: *The South African Law Journal.* 112(1): 195-196.

STRECKFUSS, Richard. 1990. Objectivity in journalism: a search and a reassessment. In: *Journalism Quarterly.* 67(4): 973-983.

VAN CUILENBURG, J. J. 1993. De maatschappelijke informatievoorziening. In: J. van Deth (red.). *Handboek politicologie.* Assen: Van Gorcum. Bladsy 308-328.

VAN DEN BRINK, Tijs A. 1993. *Van geest tot letter: een onderzoek naar de wijze waarop* NRC Handelsblad *en de* Volkskrant *omgaan met nieuws over geestelijk leven.* Ongepubliseerde afstudeerskripsie. Amersfoort: Evangelische School voor Journalistiek.

VAN DER GRAAF, J. 1991. Krant, kerk en samenleving. In: B. van der Ros. *Het christelijk dagblad in de samenleving: roeping en opdracht.* Leiden: J. J. Groen en Zn. Bladsy 47-61.

VAN DER ROS, B. (red.). 1991. *Het christelijk dagblad in de samenleving: roeping en opdracht.* Leiden: J.J. Groen en Zn.

VAN DER ROS, B. (red.). 1993. *Geschiedenis van de christelijke dagbladpers in Nederland.* Kampen: Kok.

VAN DER WALT, B. J. 1997. *Afrosenstries of Eurosentries?: ons roeping in 'n multikulturele Suid-Afrika.* Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

VAN DER WALT, S. J. 1989. *Die roeping van die kerk ten opsigte van etiese vraagstukke in die samelewing met toespitsing op uitsprake van sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* Ongepubliseerde doktorsgraadproefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

VAN DER WESTHUIZEN, Christie. 1996. Grondwet laat gays toe om om hul regte te veg. In: *Beeld.* 25 Mei 1996: 4.

VAN DEVENTER, Hennie. 1995. Pyn en koste was enorm. In: *Beeld.* Jubileumuitgawe by 21 jaar bestaan. 15 September 1995. Bladsy 12-13.

VAN GENDEREN J. & W. H. Velema. 1992. *Beknopte gereformeerde dogmatiek.* Kampen: Kok.

VAN GESSEL, Han. 1990. *De Volkskrant: een beeld van een dagblad.* Amsterdam: De Volkskrant.

VAN MARLE, Karin. 1995. Rights as relationship - abortion. In: *SA Publiekreg.* 10(1): 167-173.

VAN VELZEN, N. C. 1991. De krant als massa-medium. In: B. van der Ros. *Het christelijk dagblad in onze samenleving.* Leiden: J. J. Groen en Zn. Bladsy 126-138.

VAN VLASTUIN, Evert. 1992. Uitgesproken grondslag geen belemmering voor ambachtelijkheid. In: *NieuwspoortNieuws.* 30(7): 15-17.

VAN VLASTUIN, Evert. 1994. *„Toen liet ik mij de vraag stellen": een oriënterende studie naar het gewicht van het publicitaire aspect bij politieke afwegingen.* Ongepubliseerde afstudeerskripsie. Amersfoort (Nederland): Evangelische School voor Journalistiek.

VAN VLASTUIN, Evert. 1996a. „Heidelberg is poëzie geworden". Onderhoud met dr. L. Wierenga. In: *Koers.* 27(9): 16-19.

VAN VLASTUIN, Evert. 1996b. „Tijd is toch maar een toevallig ding". Onderhoud met prof. dr. A. Th. van Deursen. In: *Koers.* 27(13): 18-23.

VAN VLASTUIN, Evert. 1997a. „Ons moet voortdurend inklusief dink". Onderhoud met gewese Staatspresident F. W. de Klerk. In: *Koers.* 28(1): 8-12.

VAN VLASTUIN, Evert. 1997b. "We vertelden u een leugen". Onderhoud met ds. Zacharias Mokgoebo. In: *Koers.* 28(14): 28-31.

VAN VLASTUIN, Evert. 1997c. Regering Zuid-Afrika verlangt patriottische pers: 'zonneschijn-journalistiek' en werkelijkheid. In: *NieuwspoortNieuws.* 35(6): 3-4.

VAN WYK, J. H. 1980. *Die etiek van kans: 'n teologies-etiese besinning oor veral dobbelary, lotery en kansspeletjies.* IBC-studiestuk 152. Potchefstroom: Instituut vir die Bevordering van Calvinisme.

VEENSTRA, Charles. 1994. A Christian view on ethics and communication. In: *Ecquid Novi.* 15(1): 71-85.

VELEMA, W. H. 1979. Apologetiek-Evangelie-Massamedia. In: *Bijbel en Wetenschap.* 4(25): 13-21.

VELEMA, W. H.. 1984a. Massamedia: hun functie in een plurale samenleving. In: *Bijbel en Wetenschap.* 9(70): 5-10.

VELEMA, W. H. 1984b. Massamedia: ethische aspecten van het produceren en consumeren. In: *Bijbel en Wetenschap.* 9(72): 4-10.

VELEMA, W. H. 1990. *Oriëntatie in de christelijke ethiek.* 's-Gravenhage: Boekencentrum.

VELEMA, W. H.. 1991. Krant en ethiek. In: B. van der Ros. *Het christelijk dagblad in de samenleving: roeping en opdracht.* Leiden: J. J. Groen en Zn. Bladsy 109-125.

VERSLUYS, N. J. D. 1936. *Journalistiek en wetenschap.* Amsterdam: H. J. Paris.

VILJOEN, Frans. 1993. Verligting of verlustiging: regshervorming in 'n tyd van vigs. In: *The South African Law Journal.* 110(1): 100-114.

VOGELAAR, D. Krant en onderwijs. In: B. van der Ros. *Het christelijk dagblad in de samenleving: roeping en opdracht.* Leiden: J. J. Groen en Zn. Bladsy 139-149.

VOSLOO, Ton. 1995. Op Beeld se sukses kon Naspers 'n kragpunt in die Noorde bou. In: *Beeld.* Jubileumuitgawe by 21 jaar bestaan. 15 September 1995. Bladsy 3.

WEPENER, W. J. 1995. Beeld se suksesresep. In: *Beeld.* Jubileumuitgawe by 21 jaar bestaan. 15 September 1995. Bladsy 9.

WIEHAHN, Nic E. 1996. *Dobbelary.* Ongepubliseerde reeks radiopraatjies oor dobbelary vir SABC se Afrikaans Stereo. Junie-Julie 1996.

WIESE, Tobie. 1996. Moraal verander, maar seks bly sonde. In: *Insig.* Januarie 1996. Bladsy 12-13.

WITTEVEEN, Willem. 1992. *Het theater van de politiek.* Amsterdam: Amber.

WOLFSON, Lewis W. 1985. *The untapped power of the press: explaining government to the people.* New York: Praeger.

**Persoonlike onderhoude**

DU PLESSIS, Tim. 1997. Persoonlike onderhoud , 25 Februarie 1997. Notas in besit van outeur.

GAUM, F. M. 1997. Persoonlike onderhoud, 17 Februarie 1997. Notas in besit van outeur.

KARSTEN, C.H. 1997. Persoonlike onderhoud, 25 Februarie 1997. Notas in besit van outeur.

FRONEMAN, J. D. 1998b. Persoonlike onderhoud, 9 September 1998. Notas in besit van outeur.

**ADDENDUM 1. Opsomming van berigte, artikels en kommentare in *Beeld***

**Homoseksualiteit: B 1 - B 30**

**B 1:**

Sweedse mans mag met mekaar trou. Op 2 Januarie is daar in Stockholm twee gay-pare getroud. Die voorsitter van die Sweedse vereniging vir gelyke regte is opgetoë oor hierdie besluit. Swede is na Denemarke en Noorweë die derde land wat amptelike bande tussen mense van dieselfde geslag wettig. Tobias Wikstroem, president van die Sweedse vereniging vir gelyke regte, noem die nuwe moontlikheid in Swede dat homoseksuele pare mag trou "'n oorwinning, 'n wonderlike erkenning van homoseksuele".

**B 2:**

Kinderspeelgoed is 'n goeie indikator van die kind se latere seksuele voorkeur. Navorsing in Toronto (Kanada) het dit uitgewys. Seuntjies wat dogterspeelgoed verkies en omgekeer, is volgens 'n Kanadese studie geneig om in hul latere lewe lesbies of homoseksueel te raak. Die bevindinge is gegrond op onderhoude met sowat 25 000 volwassenes wat ondervra is oor die speelgoed wat hulle as kind verkies het. Ook 41 ander studies van die afgelope jare is betrek. Bowendien het 'n span Amerikaanse wetenskaplikes klaarblyklik in 1993 'n gene-patroon geïdentifiseer wat glo tot homoseksualiteit lei.

**B 3:**

Die Britse dramaturg John Osborne het in die jare vyftig 'n geheime gay-minnaar gehad. Osborne is in die einde van 1994 dood. Osborne het homoseksualiteit altyd in die openbaar afgekeur. Hierdie verhouding het glo tien jaar aangehou. Daarnaas is Osborne nog vyf keer met 'n vrou getroud. Die vriend uit die jare vyftig, Anthony Creighton, sê in die berig dat dit 'n goeie, gelukkige en blywende liefdesverhouding was. Hy dink dat sy voormalige vriend 'n bietjie skynheilig was deur in die openbaar verhoudings tussen mans af te keur. Creighton sê in 'n aanhaling "dit was 'n liefdesverhouding. 'n Goeie, gelukkige, ondersteunende en blywende verhouding". In reaksie op die sitaat van Osborne self wat in die openbaar gesê het dat hy geseën is met "God se twee grootste geskenke om Engels en heteroseksueel gebore te word", sê die vriend: "Ek dink John was skynheilig. Dit was hy wat met my 'n homoseksuele verhouding gehad het."

**B 4:**

Die African Christian Democratic Party (ACDP) het homoseksualiteit afgekeur. Die party sê dit in sy voorstelle aan die Grondwetlike Vergadering wat die Handves vir Menseregte behandel. Hierdie party noem dit 'n "lewenswyse en 'n subkultuur soos rampokkery". Hy vra hoe een subkultuur beskerm kan word, maar 'n ander uitgesluit word. Dié party beredeneer sy standpunt vanuit die Bybel.

**B 5:**

By die benoeming van lede van die Hooggeregshof is seksuele oriëntasie nie ter sake nie. So sê die nuwe regter Edwin Cameron, 'n selferkende gay-man wat benoem is in die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof, in 'n kort onderhoud. Ook as homoseksueel kan hy sy verpligtinge nakom. Hy sal hom beywer om die reg te bevorder en nie voorrang aan regte vir homoseksuele te gee nie. Die voordeel is volgens hom dat sy geaardheid hom 'n spesifieke insig in die verskynsel van diskriminasie gee. Hy vergelyk gay-wees met vrou- of swart-wees. In die sitate gee Cameron 'n toeligting op sy standpunt. "My seksuele oriëntasie is goed bekend en is uitdruklik bespreek tydens my onderhoud met die Regterlike Dienstekommissie (RDK) in Oktober 1994. Na my mening is my seksuele oriëntasie nie ter sake by my bevoegdheid om my pligte as voorsitter van die kommissie na Krygkortransaksies uit te voer nie, of om my eed as regter na te kom nie." In 'n indirekte sitaat sê hy nog dat "sy homoseksualiteit hom 'n spesifieke insig gee in diskriminasie; dat die nuwe Grondwet beskerming verleen teen diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie; en dat hy in dieselfde posisie is as 'n vrou, 'n swartmens of enigiemand wat voorheen diskriminasie ervaar het."

**B 6:**

*Beeld* het in 'n berig gemeld dat twee biskoppe van die Anglikaanse Kerk in Brittanje toegegee het hulle is homoseksueel. Hulle het dit gedoen onder druk van 'n militante homoseksuele groep Outrage!, wat aan die geestelikes briewe gestuur het. Die leier van die groep, Peter Tatchell, is baie tevrede met die resultaat. Dit het die werklikheid in dié kerk ontmasker. Die feit dat nie elke priester lewe volgens die amptelike standpunt van dié kerk nie, word as die "skynheiligheid" van dié kerk beskou. In sitate sê dié groep Outrage! se leier, Peter Tatchell: "Ons het nooit gedink ons sal so vinnig slaag met ons veldtog nie. Ons taktiek het die skynheiligheid en homovrese van die Anglikaanse Kerk blootgelê."

**B 7:**
Die kapel op die kampus van die Universiteit van Pretoria mag nie gebruik word deur 'n kerk vir gays nie. Die kapel word wel gebruik deur die Rooms-Katolieke Kerk en die NG Kerk. Ook Moslems mag hier dienste hou. Studentedekaan prof. Flip van der Watt sê die weiering vir die gay-kerk het niks te doen met die feit dat hulle homoseksueel is nie. Die gebruik van dié kapel word slegs toegestaan as dit vanuit studentegeledere versoek word. Volgens die pastoor van die charismatiese gay-groep, wat weggebreek het van die Reformerende Kerk, 'n gevestigde gay-kerk in Pretoria, is dit egter nie net studente wat die kapel gebruik nie. Volgens hom wil die universiteit moeilikheid op die kampus voorkom. Ook sou daar baie UP-studente wees wat behoefte aan 'n gay-kerk het. Van der Watt antwoord dat die universiteit 'n versoek van studente op grond van die nuwe Grondwet se menseregtehandves sal moet goedkeur. Prof. Flip van der Watt sê in indirekte aanhalings alle studentekerke kan die kampuskapel gebruik. Die versoek van die gay-kerk kom egter nie vanuit studentegeledere nie. Die pastoor van die charismatiese gay-kerk ontken dit dat die kampuskapel net deur studente gebruik word. Die sekretaris van dié gay-kerk glo die weiering van die UP het gekom om moeilikheid op die kampus te voorkom. Tog sou daar onder studente 'n groot behoefte aan so 'n kerk wees. Van der Watt sal 'n versoek deur studente op grond van die nuwe grondwet moet goedkeur, sê hy.

**B 8:**
'n Groot persentasie studente op kampusse is oënskynlik homoseksueel. Die presiese omvang is egter nie bekend nie, omdat die gevoel nog steeds is dat die klimaat nog nie ryp is om te sê jy is homoseksueel nie. *Beeld* het oor hierdie tema 'n blitsopname gedoen. Homoseksualiteit sou volgens dié ondersoek al sterker na vore kom. Byvoorbeeld op die Universiteit van Pretoria, waar homoseksuele studente laat blyk het hulle wil die organisasie Gala (Gay and Lesbian Association) stig. Ook ander aanwysings dui daarop dat daar baie homoseksuele studente is. Hierdie berig bevat net 'n aanhaling van 'n woordvoerder van 'n charismatiese kerk in Pretoria, wat sê dat hy baie met gay-studente te doen kry. Minstens tien persent van studente wat hom besoek, is homoseksueel. "Die syfer is veral hoog op die Tukkie-kampus." 'n Ander predikant sê hy kry baie met homoseksuele te doen, en gee hulle raad.

**B 9:**
'n Volgende berig oor homoseksualiteit op die Pretoria-kampus meld daar is groot ongelukkigheid onder lidmate van die Deo-Gloria-Familiekerk, 'n charismatiese gay-kerk in Pretoria, omdat UP se studentededaan geïmpliseer het dié kerk se lidmate is "ongewenste elemente van Pretoria-Wes". Die studentedekaan, prof. Flip van der Watt, het eers geweier dat die gay-gemeente die UP se kapel kan gebruik. Hy het egter gesê indien die aansoek van gay-studente sou kom, sou hy dit moes goedkeur. 'n Gay-organisasie op die kampus het toe namens dié kerk die versoek geplaas. Van der Watt sou toe volgens die studentekoerant *Die Perdeby* geantwoord het hy wil nie "'n klomp mense uit Pretoria-Wes hê wat op die kampus ronddwaal nie". Die meerderheid van dié kerk se lidmate is ook nie studente nie, het hy gesê. Die pastoor van die Deo-Gloria-kerk sê die kerk se lidmate kom eerder uit plekke soos Waterkloof. Maar prof. Van der Watt het nie die reg om te sê hulle is ongewenste elemente nie. Van der Watt wil niks toevoeg aan wat reeds in *Die Perdeby* staan nie. Daar is veertig kerkgroepe op die kampus en nie elkeen kan volledig tevrede gestel word nie. Die gay-kerk wil nie 'n program begin om UP-gay-studente op te sweep nie, omdat dit 'n kerkgroep is, en nie 'n militante groep nie. Van der Watt sou in die studentekoerant *Die Perdeby* gesê het die homo-kerk se lidmate is "ongewenste elemente van Pretoria-Wes". Pastor Sue Welman van die Deo-Gloriakerk sê "hy het geen reg om te impliseer ons is ongewenste elemente nie". In dié berig sê Van der Watt hy bly staan by wat hy gesê het in *Die Perdeby* en is verder "nie lus vir nonsens nie, ek het nie tyd vir sulke goed nie". Welman laat weet sy kerk is nie lus om op die kampus 'n groot aksie te begin om gay-studente op te sweep nie. "Ons wil nie militant wees nie."

**B 10:**
In die *Kalender*-bylae ontken die aktrise Nicole Kidman dat haar man, die rolprentster Tom Cruise, homoseksueel is en meen die gerugte word versprei omdat hy iemand is oor wie 'n mens kan fantaseer. Sy sê sy wil haar totale finansiële vermoë verwed dat dié storie nie waar is nie. Gerugte dat Cruise gay is, het begin toeneem nadat hy die rol van 'n homoseksuele vampier gespeel het in die rolprent *Interview with a Vampire*.

In die sitate sê Kidman "ek is bereid om al die geld wat ek nog gemaak het én dit wat hy al verdien het te verwed op die feit dat hy nie 'n minnares of gay-minnaar of 'n gay-lewe het nie". Hulle is albei heteroseksueel, maar het baie homoseksuele vriende en sal nie bang wees "om die rol van 'n gay in 'n rolprent te speel nie, maar ek neem erg aanstoot as mense sê ons het 'n gerieflikheidshuwelik".

**B 11:**
Die veteraangroep wat Boston (VSA) se St. Patricksdagparade organiseer, het gesê dit was 'n oorwinning vir vryheid van spraak en gesinswaardes toe die hooggeregshof hulle toegelaat het om homoseksuele en lesbiërs te verbied om saam te stap in dié parade. Die organisasie van homoseksuele het egter geantwoord sy lede word ontneem van hul regmatige plek in die Ierse familie. Die St. Patricksdag is van Ierse oorsprong. Die hooggeregshof sê die parade is 'n private geleentheid en simboliese teken van vryheid van spraak en daarom het dié groep die reg om te besluit watter groepe en boodskappe ingesluit moet word. In besluite van laer howe is gesê dat die parade 'n openbare gebeurtenis was wat nie 'n spesifieke boodskap het nie. Daarom behoort dit onderworpe te wees aan die wet van die deelstaat wat diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie verbied. 'n Woordvoerder van die veteraangroep sê hy is bly oor die hooggeregshof se besluit. In 'n indirekte sitaat sê die veteraangroep dié uitspraak "was 'n oorwinning vir die reg van die vrye woord en gesinswaardes toe die hooggeregshof hulle toegelaat het om homoseksuele en lesbiërs dit te verbied" om in die optog saam te trek. In 'n direkte aanhaling sê veteraan John Hurley "dit was altyd 'n gesinsdag. Die hooggeregshof het die wysheid gehad om dit in te sien, selfs al het die howe in Massachusetts dit nie gehad nie. Dit was 'n groot oorwinning in Suid-Boston en 'n groot oorwinning vir die hele land".
Die gay-klub antwoord egter dat hulle van hul "regmatige plek in die Ierse familie" ontneem word.

**B 12:**
*Beeld* het ook aandag gegee aan Danie Botha se prosadebuut ,*Die Soft Rock Klub*. Daar is 'n beskrywing van dié bundel se inhoud en 'n kort onderhoud. Dié boek is 'n kortverhaalbundel wat gaan oor homoseksualiteit. Botha is onder meer Sondagskoolonderwyser in die NG Kerk. Die verhale handel oor "die verlange na 'n lyf, na iemand om lief te hê", oor 'n "eenkant plaasseun wat vir homself 'n kaal man van klei maak", oor "'n jong vereensaamde wat in die stad se skemer holtes van vreemdelinglywe se warmte beleef" en ander sulke situasies. Die stories is almal outobiografies. Die Christelike agtergrond van die skrywer blyk duidelik uit sy verhaal *'n Hooglied*, wat in dié artikel uitgebreid gesiteer word. "Kan ek God forseer, omkoop om geluk aan my te gee? Geluk? Wat beteken geluk vir my? Om 'n vriend te hê. Om seksuele genot saam met hom te ervaar. (...) Laat my geduldig glo dat God geluk na my sal stuur." In die sitate waarin Botha self sprekend ingevoer word, gee hy insig in sy persoonlike gevoelens omtrent dié boek. "Daar was 'n tyd toe ek my homoseksualiteit weggesteek het en bang was dat dit ontdek sou word. Ek het egter al hoe meer begin uitkom, en deesdae is dit nie meer vir my 'n risiko nie. Ek is nou emosioneel ryper. (...) My antwoord op beskuldigings dat ek net oor die minder aangename deel van die gay-lewe skryf, is dat ek nog nooit 'n vaste verhouding gehad het nie. Daar is baie gays wat na 'n vaste vriend smag."

**B 13:**
Ook is daar 'n bespreking van Botha se boek. Die skrywer van die resensie konstateer dat Afrikaans die laaste paar jaar "meer loslyf geword het as ooit tevore. Erotiese literatuur beleef 'n ongekende bloeitydperk". Ook "die 'vreemde liefde' is hoeka nie meer vreemd nie". In die resensie word gesê dat Botha genadeloos die intiemste van sy private lewe uitflap. Hy openbaar 'n doelbewuste ekshibisionisme. Maar daar is ook tegelykertyd 'n beswaar, want die skrywer se privaat lewe "skyn tè veel deur die kondoomdun fiksionele karakters". Volgens die resensent is daar 'n probleem met Botha se geloofwaardigheid. Deur telkens te beklemtoon, sê Botha "in Breytenbach se woord: Kyk, ek is skadeloos, wees my tog genadig". Tog ontbreek daar diepte in die verhale. In literêre opsig is daar nogal 'n gebrek in die dié bundel. Botha ontkom naamlik nie aan die gevaar van tema-uitputting nie, die kwessie dat daar te lank en te veel op een snaar getokkel word.

**B 14:**
*Beeld* het berig oor die Suid-Afrikaanse gay-protes teen Zimbabwe se president Robert Mugabe. Dié staatshoof het homoseksuele en menseregteorganisasies se bloed laat kook met neerhalende aanmerkings oor homoseksuele. Eerder die maand het hy gesê homoseksuele is 'n skande vir die gemeenskap en die wêreld en wil 'n vreemde kultuur na Zimbabwe bring. Hulle verdien daarom geen regte hoegenaamd nie. By sy aankoms op die Johannesburgs Internasionale Lughawe het hy egter die tweehonderd protesterende Suid-Afrikaanse gays vermy. Die protesteerders sê egter dat Mugabe tydens sy besoek aan Suid-Afrika nie aan

hulle sal ontkom nie. In dié berig word net vertel wat gebeur het. 'n Inhoudelike weergawe van albei standpunte ontbreek. Die president word aangehaal in 'n indirekte sitaat, waarin hy sê dat Zimbabwe "nie homoseksualiteit sal steun nie" en dat hy "gereed is vir protesaksies in Suid-Afrika".
Kevin Botha, organiseerder van die demonstrasie, sê in dié berig president Mugabe "sal nie aan hul optrede ontsnap nie". Minister Alfred Nzo van Buitelandse Sake word in 'n indirekte sitaat aangehaal, waarin hy sê "Suid-Afrika is 'n demokratiese land en sal nie teen betogers teen president Mugabe optree nie".

**B 15:**
'n Volgende berig meld dat die homoseksuele voortgegaan het met hul protes teen Mugabe. Verdere gebeurtenisse meld die berig egter nie. Daar is nog twee paragrawe wat herhaal wat al in die vroeëre berig gestaan het. Opnuut word die uitspraak van Mugabe aangehaal, waarin hy sê "homoseksuele is 'n 'skande' vir die gemeenskap en verdien geen regte nie".

**B 16:**
Daar is 'n derde artikel oor Danie Botha se gay-prosa. In hierdie artikel word 'n kritiese en soms siniese toon oor Botha se boek aangeslaan. Hy sê, volgens die skrywer, te opsigtelik dat hy homself nie aan homoseksuele dade skuldig maak nie. Daardeur glo die leser nie meer aan sy onskuld nie. Die skrywer noem Botha herhaaldelik ook sielig, omdat hy so baie selfkoesterende medelye met homself het. Hy is onseker en dit tas ook die kwaliteit van sy verhale aan. 'n Skrywer behoort egter vreesloos sy terrein te betree, veral as daar taboes deurbreek moet word. Dat Botha verskeie kere gesê het dat hy ook onderwyser in 'n NG-Sondagskool is, irriteer die skrywer van dié artikel: "En in elke onderhoud moet ons verneem: ek is 'n Sondagskoolmeneer." Hy herinner ook sinies aan die onderhoud wat *Beeld* met Botha gehad het: "Hierin verneem ons meneer is 'n Sondagskoolonnie." Tewens haal hy aan uit die onderhoud in *De Kat*: "Daarin verneem ons dat hy selfs van tyd tot tyd 'n rubriek, 'Stilhouplek', in *Die Kerkbode* hanteer. Hy vermoed dat hy kritiek uit die kerklike kringe gaan kry. En as Sondagskoolmeneer probeer hy die kinders leer om nie vir gays te lag nie." Juis die feit dat Botha nie skaam is om te sê hy hou Sondagskool nie, werk negatief vir hom uit: "Dit is juis die vermelding van die Sondagskoolmeneer-aspek wat soos 'n skadeloosstelling moet funksioneer, maar presies die teenoorgestelde effek het." Verder word daar gepraat van "die naked I" , "sò 'n bangbroek", "sy mannemoed" en "die narcisme en selfkoestering, die onvermoë om die self interessanter voor te stel". Van die positiewe effek van dié boek is die skrywer nie oortuig nie: "Botha wil die kerk leer dat homoseksuele ook gelowige mense kan wees, maar deur sy onderhoude kry hy presies die teenoorgestelde reg. Skryf jou boek en basta. Laat ander mense die literêre waarde raaksien."

**B 17:**
In 'n lang berig word gemeld dat Suid-Afrikaanse vroue wat die wêreldforum vir vroue in Huairou (China) bygewoon het, gekla het dat hulle deur die Chinese geheime polisie dopgehou word. Die polisie sou hulle afgeneem het, gesprekke afgeluister en op geskrifte beslag gelê het. 'n Vrou noem dit "totaal onaanvaarbaar". Daar is ook Chinese vroue wat bang is om hul seksuele oriëntasie bekend te maak, uit vrees vir teistering deur die polisie. Onder Chinese is daar ook baie gerugte dat die forum bygewoon is deur gays en prostitute wat nie sal skroom om hul klere in die openbaar uit te trek nie. In dié berig word 'n verontwaardigde Suid-Afrikaanse besoeker aangehaal. "Ons is baie verdraagsaam. Daar word gedurig op ons tone getrap asof ons nie die reg het om hier te wees nie." Sy pleit vir die ruimte dat lesbiese vroue geleentheid kry om hul siening op menseregte te verdedig. Die direkteur van die International Gay and Lesbian Human Rights Commission sê die polisie het beslag gelê op Chinese geskrifte oor die internasionale vroulike gay-beweging. "As die teistering voortgaan, sal ons nie stilbly nie. Ons is sterker as hulle." Sy sê dis nie waar dat "baie mense wat die forum bywoon gay is òf prostitute wat nie sal skroom om hul klere in die openbaar uit te trek" nie. 'n Woordvoerder van die Thaise Anjaree Lesbian Group bevestig in dié berig "dat die polisie se waarneming van die gay-verteenwoordigers hulle belemmer om hul werk doeltreffend uit te voer".

**B 18:**
In 'n resensie word aandag gegee aan 'n boek waarin homoseksualiteit een van die temas is. In die beskrywing van die boek oorheers egter die onderwerp van verkragting, wat in dié boek as 'n politieke metafoor funksioneer. Daar word net gesê dat in hierdie boek ook oor homoseksualiteit gepraat word, maar op watter wyse dit tot uitdrukking kom, word nie gesê nie.

**B 19:**

*Beeld* berig oor 'n toespraak wat 'n lesbiese Suid-Afrikaanse vrou uit Suid-Afrika op die VN se wêreldkonferensie vir vroue gelewer het. Sy het in Beijing (China) vertel van die vreugde en pyn wat sy in haar geboorteplek Soweto ervaar het. Sy sê die nuwe, interim-grondwet van haar land waarborg die regte van gay-vrouens. In die meeste lande het lesbiese vroue dit egter baie moeiliker. Haar toespraak is hartlik ontvang en diplomate het gesê haar teenwoordigheid weerspieël die nuwe Suid-Afrika. Diplomate sê ook dis die eerste keer dat 'n selferkende lesbiese vrou 'n VN-konferensie toespreek. Hierdie vrou word uitgebreid gesiteer. "Ongelukkig word gay-vroue van oor die wêreld steeds daagliks aan geweld, teistering en diskriminasie blootgestel. Vroue wat ander vroue liefhet, word afgedank by hul werk, in huwelike gedwing, aangerand en vermoor in hul huise en op straat en hul kinders word deur die howe van hulle weggeneem." Sy sê "sommige vroue pleeg selfmoord as gevolg van die isolasie en stigma wat hulle in hul families, kerke en in hul groter gemeenskap ervaar".

**B 20:**

Volgens 'n berig het Aeneas Chigwedere, 'n lid van die Zimbabwiese parlement, voorgestel dat homoseksuele in kwarantyn geplaas word sodat hulle nie die res van die nasie 'besmet' nie. Hy blyk 'n ondersteuner van sy president, Robert Mugabe, te wees. 'n Kollega het gekonstateer daar is selfs parlementslede wat homoseksueel is. 'n Ander parlementslid het voorgestel dat dié saak in skole bespreek moet word sodat kinders oor die 'euwels' van dié praktyk onderrig kan word. In 'n direkte sitaat kom dié parlementslid aan die woord. "Soos pasiënte met tuberkulose behoort hulle afgesonderd in hospitale gehou te word totdat hulle behandel kan word."

**B 21:**

'n Berig in *Kalender* meld dat 'n nuwe biografie oor Piotr Iljitsj Tsjaikofski die teorie ondersteun dat dié komponis selfmoord gepleeg het omdat die klimaat in die negentiende-eeuse Rusland anti-gay was. Cholera is altyd as amptelike doodsoorsaak gesien. Nadat ontdek is dat hy homoseksueel is, sou hy arseen gedrink het. 'n Ander Tsjaikofski-kenner erken die homoseksualiteit, maar aanvaar nie die selfmoord-teorie nie. Skrywer Anthony Holden van die boek *Tchaikovsky* sê in dié berig: "Hy wou nie hê sy lojale gehoor of die geskiedskrywers moes weet hy is gay nie." Die rede vir Tsjaikofski se vrees was dat homoseksualiteit in die negentiende eeu onwettig was. "Die reël was: moenie uitgevang word nie. Hy is deur die oom van 'n Russiese edelman 'ontdek'." 'n Ander Tsjaikofski-kenner, Alexander Poznanski, sê dis "bloot gerugte en skinder". Die teorie dat dié komponis ongelukkig was oor sy homoseksualiteit is sedert die jare sewentig deur talle Britse joernaliste opgeneem, vir die eenvoudige rede dat "die Engelse behep is met die gay-saamswering-aanname sedert Oscar Wilde", sê Pozanski.

**B 22:**

In 'n lang berig doen *Beeld* verslag van seksuele misbruik van byna swaksinnige seuntjies van veertien jaar. 'n Johannesburgse miljoenêr en andere homoseksueles en pedofiele het dit glo gedoen in 'n hoog omheinde rykmanspaleis langs die Vaalrivier. Die polisie het foto's van dié seuns gevind. Hulle is afgeneem met ereksies terwyl volwasse mans sodomie met hulle pleeg. Hierdie kinders het 'n ondernormale intelligensie ('n IK van 75 tot 98) gehad of was net bokant die grensgraad van swaksinnigheid. Hulle het spesiale skole besoek.

**B 23:**

Amerikaanse wetenskaplikes het die teorie dat oorerwingsfaktore sekere mans vatbaar maak vir homoseksualiteit, bevestig. Volgens nuwe getuienis wat aan die lig gekom het sedert die eerste soortgelyke bevindinge in 1993, wil dit nou voorkom asof genetiese materiaal op een segment van die X-chromosoom die waarskynlikheid van homoseksualiteit in mans, maar nie vroue nie, beïnvloed. Dié chromosoom bepaal 'n mens se geslag. DNS-analise is gedoen op tientalle pare homoseksuele broers. Daar is bevind dat daar dikwels 'n besondere patroon op hul X-chromosome voorkom. Heteroseksuele broers van dieselfde gesin het gewoonlik nie dieselfde chromosoomkenmerk nie. Hierdie ontdekking sou nuwe perspektiewe vir dié soort van navorsing kan bied. Die hoofwetenskaplike wat hierdie navorsing gelei het, sê dat 'n element in 'n streek van die chromosoom minstens een geen bevat wat veroorsaak dat 'n man homoseksueel of heteroseksueel word. "Die volgende stap is om die betrokke geen of gene te identifiseer" en te probeer bepaal watter chemiese prosesse aan die werk is.

**B 24:**

In *Kalender* het *Beeld* in 'n berig 'n aankondiging geplaas dat die bekroonde Amerikaanse lesbiese komediant Robin Tyler optree in die Théâtre Rendezvous van die Staatsteater. Tyler is na bewering die eerste gay-komediant in Amerika wat op die verhoog oop kaarte gespeel het oor haar homoseksualiteit. Sy is ook 'n bekende kampvegter vir gay-regte.

**B 25:**

In 'n ander artikel in *Kalender* word ingegaan op die kwessie van tiener-gays. Vir hulle is daar nie 'n ondersteuningsdiens wat kan help nie. Hulle durf nie daarvoor uit te kom nie, sodat hul emosionele lewe ongebalanseerd raak. Tog is daar duisende tieners wat so leef. Hulle bly in 'n redelik konserwatiewe omgewing of hulle kan dit net nie verduur om dalk die pyn aan hul ouers te verskaf deur te bieg oor hul seksuele voorkeur nie. Volgens 'n privaatsielkundige, wat anoniem aangehaal word, kan dit groot emosionele skade berokken. In Amerika skyn wel algemeen ondersteuning vir gay-kinders beskikbaar te wees. Op 'n gay- en lesbiër-fliekfees in Rosebank is daarom ook 'n aantal rolprente vertoon wat tiener-homoseksualiteit uitbeeld en waarin tieners uitkom vir hul geaardheid. Die privaatsielkundige sê dat "iemand wat heeltyd rondloop met die 'geheim' dat hy homoseksueel is, nie op alle vlakke ten volle leef nie. As jy een deel van jou wese moet onderdruk, gaan jou emosionele lewe gewis ongebalanseerd wees. As 'n tiener werklik nie weet hoe om 'uit' te kom nie, moet hy met iemand gaan praat wat hom kan help; 'n sielkundige, 'n dominee of iemand wat homoseksuele hulpdienste aanbied." Sy sê verder "ongelukkig is daar altyd mense in die gemeenskap wat nie kan aanvaar dat sommiges 'n ander lewenswyse verkies nie. Mense is steeds geneig om ander te etiketteer." Die organiseerder van die gay- en lesbiër-filmfees in Rosebank sê in Amerika kom ondersteuningsdienste vir jong mense algemeen voor. "Tieners probeer seks uit. Dis 'n feit wat nie ontken kan word nie. Dit is deesdae uiters belangrik om veilige seks te hê, maar wanneer jy worstel met jou eie identiteit, is veiligheidsmaatreëls minder belangrik." 'n Navorser van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) sê dis heeltemal normaal om homoseksuele seks te beproef, selfs al is jy heteroseksueel. "Tieners beproef dikwels homoseksuele seks, omdat hulle 'n groep wat 'n alternatiewe lewenswyse uitleef, interessant vind."

**B 26:**

In 'n berig word enkele dae later 'n oorsig gegee van watter rolprente op dié gay- en lesbiër-fliekfees vertoon sal word. Daar is splinternuwe flieks, maar ook rolprente uit die jare twintig. Die temas is onder meer die dilemma van gay-tieners en die hoë selfmoordsyfer onder hulle. Lesbiese identiteit en die diskriminasie jeens vroue, gay- en lesbiese dilemmas vir swart mense en vigs kom ook onder die loep. Daar is ook 'n paneelbespreking oor die geskiedenis, politiek en kultuur van die gay- en lesbiër-beweging in die VSA.

**B 27:**

Die begin van dié rolprentfees het talle briewe en oproepe van ontstelde Pretorianers na Ster-Kinekor, die maatskappy wat dié fees reël, tot gevolg gehad. In tagtig briewe het baie skrywers dié rolprente "ongoddelik en satanisties" of "nadelig vir kinders" en "pornografies" genoem. Veral skole en kerke het gereageer en die briewe het 'n sterk Christelike inslag, waarin ook aanhalings voorkom uit Bybelboeke soos Romeine en Levitikus. In Durban en Kaapstad is dié fees twee keer gehou sonder dat daar klagtes was. Ook uit Johannesburg was daar nie klagtes oor die fees in Rosebank nie. Dié fees word onder meer ondersteun deur die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, die Franse Instituut, die Britse Raad en die Europese Unie. 'n Woordvoerder van die feeskomitee word aangehaal. "Al die rolprente dra 'n ouderdomperk van agttien. Kinders word nie toegelaat in die teaters nie. Al die rolprente is deur die sensuurraad goedgekeur, dus is dit nie pornografies nie." Van die United Christian Action-organisaie word 'n faks aangehaal, waarin gesê word dat hierdie fliekfees nie aanvaarbaar is vir die Pretoria-gemeenskap nie. "Weens die sterk Christelike invloed hier, beskou ons gemeenskap homoseksuele praktyke as onnatuurlik, ongesond en strydig met God se wil. Dit is 'n bedreiging vir die gesin en daarom vir die samelewing." Die organiseerder van dié fees glo dis 'n religieuse minderheid wat protesteer. "Solank vryheid van spraak heers, kan hulle protesteer. Dit is hul reg, net soos dit ons reg is om 'n rolprentfees te hou." 'n Woordvoerder van Ster-Kinekor meen die herrie is ironies. Rolprente soos *Priest* en *The Sum of Us*, wat ook 'n gay-tema het, het nie negatiewe reaksies uitgelok nie. "*Priest* het reeds meer as R1,1 miljoen by die loket verdien en die eksplisiete sekstoneel tussen twee mans is nie uitgesny vir Suid-Afrikaanse gehore nie. Ons het briewe van kerke en instansies ontvang wat die rolprent gaan gebruik vir voorligting."

**B 28:**
President Mugabe van Zimbabwe het in Maastricht (Nederland) bewys sy standpunt oor homoseksualiteit het nie verander nie. Hierdie lewenswyse het geen bestaansreg in sy land nie en dit is finaal, het hy gesê. Mugabe het dié uitsprake opnuut gedoen aan afgevaardigdes van die Wêreldwye Koalisie vir Afrika wat in dié Nederlandse stad gehou is. Sy opmerkings het gevolg op 'n voorval waar sowat vyftig betogers hom met plakkate ingewag het buite die regeringshuis. Van die betogers het plakkate vasgehou wat gelui het: 'Gaan huis toe Mugabe, gay-regte is menseregte.' In 'n indirekte sitaat sê Mugabe "homoseksualiteit het geen bestaansreg in Zimbabwe nie en dit is finaal". "Ons eie tradisie en kultuur in Afrika laat dit nie toe nie. Ons sal voortgaan om met hulle (homoseksuele) in Afrika te verskil." Verder sê hy: "'n Man is 'n man en 'n vrou 'n vrou. Ons word deur samelewings wat van beter moet weet, vertel dat mans ander mans in vroue kan verander."

**B 29:**
In New York (VSA) is daar 'n skool net vir homoseksuele en lesbiese kinders, sê 'n artikel. In dié artikel was 'n onderhoud met 'n Amerikaanse rolprentmaker en aktivis vir die regte van homoseksuele, Catherine Saalfield. Sy sê dié Harvey Milkskool is die laaste moontlikheid vir dié kinders. Die doel is nie om hul van die samelewing af te sonder nie. Baie van die leerlinge is deur hul ouers en skole verwerp en die selfmoordsyfer onder hulle is baie hoog. Dertig persent van alle selfmoorde onder jeugdiges kom onder homoseksuele tieners voor, sê sy. Op dié skool kan hulle vryelik oor hul seksuele oriëntasie praat. Die doel is dat hulle voorberei word op 'n lewe in 'n heteroseksuele maatskappy. Dit beteken daarom ook nie dat seks by al dié kinders die belangrikste gespreksonderwerp is nie. In die sitate verdedig Saalfield die ruimte wat gay-kinders moet hê om goed te kan funksioneer. "Mense verskil geweldig. Of jy nou heteroseksueel of homoseksueel is, jy word al van jongs af bewus van jou voorkeure. Net soos in die heteroseksuele gemeenskap is daar homoseksuele jongmense wat promisku is en ander wat minder promisku en selfs selibaat is."

**B 30:**
In 'n lang resensie word aandag gegee aan die boek *Wat sag is vergaan* van Johann de Lange. In dié boek het die seksuele motiewe 'n belangrike plek. Maar ook natuurgedigte kom voor in hierdie bundel. Die gay-gedigte is volgens die skrywer van die bespreking 'n opstapeling van indrukke. Baiekeer wys dit 'n neerdrukkende beeld van "die uiteenlopende seksuele gedragspatrone wat by jong seuns waar te neem is". Daar is egter ook die gedig 'Coke en sodomie', "waarin die 'post-vigs-generasie', soos hulle hulself noem, hulle eise en verwagtings byna manifesgewys aanbied en so 'n bewuste patroon tot stand bring." Dié resensie is baie beskrywend van aard. In 'n kort slotparagraaf gee die skrywer sy oordeel oor dié bundel. Die waarde van die boek lê "eerder in die 'kunsgedigte' en die deernisvolle portrette as wat dit in die erotiese gedigte geleë is; eerder in die objektiewe, besinnende gedigte as in die werk van 'n meer subjektiewe en/of belydende aard."

**Aborsie: B 31 - B 64**
**B 31:**
Van Suid-Afrikaanse dokters is sowat 65 persent ten gunste van 'n verslapping van aborsiewette of aborsie op aanvraag voor, het die Mediese Vereniging van Suid-Afrika (MVSA) in 'n opname bevind. Die MVSA het 'n meningspeiling onder byna 1500 dokters gedoen. Dokters wat 'n verslapping in wetgewing voorstaan, meen vroue het die reg om self oor hul liggame te besluit. Aborsie moet ook toegelaat word in gevalle waar vroue swanger raak weens mislukte kontrasepsie. Dokters wat ten gunste is van die vryheid van keuse oor aborsie sê dit sal agterstraat-aborsies beheer en kan as vorm van kontrasepsie dien. Die meeste dokters is van mening dat die land se aborsiewette verouderd is. 'n Derde van die dokters wat aan dié peiling deelgeneem het, meen dié wette het geen verandering nodig nie. Volgens hulle is aborsie 'n duur en ondoeltreffende vorm van kontrasepsie. Aborsie op aanvraag kan ook seksuele losbandigheid en die verspreiding van vigs bevorder, het dié groep gesê. Byna almal was dit eens dat dokters kan kies of hulle 'n aborsie wil uitvoer, al dan nie. Die Federale Kongres van die Nasionale Party het gesê die NP het besluit om nie van sy vorige standpunt teen aborsie af te wyk nie. Die party is steeds teen aborsie op aanvraag gekant. Die party meen egter dat aborsie toelaatbaar is in sekere gevalle waar byvoorbeeld die kind of ma se geestelike of fisieke gesondheid in gevaar is, of in gevalle van verkragting of waar die geestelike vermoë van die ouer bevraagteken word.

**B 32:**
Die Nasionale Party se Vroue-aksie in Gauteng vra voorkomende optrede teen aborsie en seksonderrig op skool. Die Vroue-aksie sê in 'n verklaring hulle ondersteun die bestaande wet oor aborsie, maar 'n "volstruis-benadering" tot die werklikhede is onaanvaarbaar. Familielede en die gemeenskap moet meer begrip en ondersteuning aan swanger tieners toon. Die Vroue vra parlementslede om die leiding te neem met die skepping van ondersteuningstelsels vir slagoffers van gesinsgeweld en diegene wat daardeur geraak word. Die NP-vroue gaan die aanbevelings ook voorlê aan die NP se beleidmakende liggaam.

**B 33:**
Op Menseregtedag gaan mense oral in die land 'n "lewensketting" vorm om beswaar te maak teen die liberalisering van aborsie. Die organisasie Christians for Truth (CFT) organiseer dié protesoptrede in samewerking met verskeie verenigings en kerke. Volgens 'n woordvoerder, Bernadette Saunders, van die CFT is daar enkele jare gelede met dié vorm van protes in Amerika begin. Daar word gehoop dat duisende mense in Suid-Afrika ook betrokke sal raak. Sy sê op 21 Maart gaan rye mense met plakkate in stede en dorpe langs die paaie staan. Hul boodskap sal wees dat aborsie babamoord is. In Durban beplan meer as 1000 mense al hul steun aan die lewensketting. In plekke soos Pretoria, Johannesburg en Kaapstad is die belangstelling ook groot en "honderde mense sal saamstaan teen die euwel van aborsie".

**B 34:**
Dit is nie gewaarborg dat aborsies altyd slaag nie, so blyk uit 'n lang berig. 'n Jong, ongehude ma, mej. Lindsay Chalk, wat sowat R800 000 van 'n ginekoloog, dr. John Ridley Fassler, eis nadat 'n wettige aborsie in 1991 misluk het, het in die Randse Hooggeregshof getuig die dokter het nooit gesê sy moet vir opvolgondersoeke terugkom nie. Sy beweer die dokter het nie hul mondelinge ooreenkoms nagekom om 'n wettige aborsie op haar uit te voer nie. Sy eis die bedrag vir onderhoud vir haar driejarige dogtertjie. Voorts is die geld vir kompensasie van verlies van verdienste. Die ginekoloog staan die eis teen. Die vrou het getuig dat sy emosioneel en sielkundig nie 'n kind kon hanteer nie. Sy het nooit van opvolgondersoeke geweet nie. "Ek het ná die aborsie geen kontak met dr. Fassler gehad nie. Ek het nie gedink dit is nodig nie. As hy sou gesê het daar is 'n moontlikheid dat die aborsie kon misluk, sou ek wou weet of daar 'n seker manier is om die swangerskap te stop. Anders sou ek 'n ander dokter gaan spreek het", sê sy. Dr. Fassler sê dat hy gewoonlik 'n maand ná die aborsie die pasiënt weer sien. Juffrou Chalk het egter die afsprake gekanselleer. "Ek was geskok toe haar huisdokter my in Oktober 1991 vertel het sy is steeds swanger. Ek het dit nooit oorweeg of gedink dat die aborsie sou misluk nie. Mej. Chalk en haar pa het my in Desember 1991 kom sien. Hulle het genoem dat 'n vorm van vergoeding deur my in orde sou wees. Ek het aan hulle verduidelik dat ek dit nie kan doen nie. Ek het wel ingestem om gratis mediese sorg tot aan die einde van die swangerskap te gee. Ek het ook aangebied om te help met 'n eis teen my versekeraars", getuig hy.

**B 35:**
'n Belangrike rede waarom die Bybel nie van aborsie praat nie, is dat vroue in dié konteks nie 'n stem gehad het nie, sê prof. Christina Landman in haar rubriek "Godsdiens Aktueel" op die Hoofartikel-bladsy in *Beeld*. Tog was daar volgens prof. Landman waarskynlik in Bybelse tye wel "'n sterk behoefte aan aborsie". Die plek van die vrou het egter verander en daarom "spreek hulle hul wel oor aborsie uit". Sy gee 'n oorsig van standpunte onder vroulike teoloë oor aborsie. "Vroueteoloë besef dat dit vir geen mens maklik is om op aborsie te besluit nie en bepleit dat godsdienstige mense mekaar geestelik moet ondersteun wanneer so 'n besluit ter sprake is", sê sy. "Wanneer mense die reg het om op aborsie te besluit, maak dit die morele opvoeding van mense nog noodsaakliker. "Pro-choice" beteken méér morele opvoeding." Dieselfde mense wat praat oor die regte van die fetus, praat "verbasend min oor die regte van kinders, die nie-geaborteerdes". Dit geld egter ook vir die feministe. "Die rede hiervoor is waarskynlik die volgende: feministe het aanvanklik kinders as deel van hulle eie onderdrukking beleef", dink Landman. "Maar dit het nou tyd geword vir 'n ander soort vroueteologie, een wat kind-vriendelik is en waarin vroue die regte wat hulle vir hulself verkry het, in diens stel van dié van kinders. (...) Tot nou toe het feministe, en veral vroueteoloë, hul plig teenoor kinderregte versaak. Hulle het vroue bemagtig om indringende besluite oor aborsie te neem; self het hulle nie opgekom vir die regte van die nie-geaborteerdes nie." Haar konklusie is dat elkeen wat haar kind nie aborteer nie, daarmee sekere pligte op haar lê. "Om te besluit om nie te aborteer nie, beteken om te besluit vir kinderregte, vir 'n fisies kleiner mens se reg om nie geboelie te word nie. Daar is 'n behoefte aan en 'n plek vir aborsie in die samelewing. Die tyd is egter nou ryp dat ons wegbeweeg van die gesprek oor aborsie na die regte van die kind wat nie geaborteer is nie."

**B 36:**
Die komitee wat aangestel is om aborsie en sterilisasie te ondersoek, het meer as 300 en die Departement van Gesondheid sowat 6 000 briewe gekry en voorstelle van die publiek ontvang oor dié saak. Die voorsitter van dié komitee, dr. A. Nkomo, sê in 'n verklaring die komitee wag nog geskrewe voorleggings van die publiek in voor 28 April 1995. Hy versoek mense om so ver moontlik nie mondelinge voorleggings te maak nie weens die min tyd.

**B 37:**
'n Jong vrou het in die hof van Thabamoopo verskyn op aanklag van onwettige vrugafdrywying. Mev. Onnicah Mashabela (22) van Lebowakgomo word daarvan beskuldig dat sy muti gedrink het om 'n fetus van vyf maande af te dryf. Die polisie het 'n fetus in 'n blik uit 'n vlak graf in die tuin van 'n buurman opgegrawe.

**B 38:**
Die eis van mej. L. Chalk, wat in 'n hofsaak R800 000 eis van 'n ginekoloog oor 'n aborsie wat nie geslaag het nie, is afgewys. Die regter het bevind sy was nie eerlik in haar getuienis nie. Bowendien het sy hoofsaaklik haar eie ellende veroorsaak omdat sy nie vir opvolgbesoeke na die ginekoloog gegaan het nie. Daarnaas het sy valslik ontken dat sy ná die aborsie aan ene dr. Koll gesê het sy wou die kind toe behou. Dr. Fassler, die ginekoloog, kan nie die skuld daarvoor kry nie. "Dit was haar eie besluit om nie 'n opvolgprosedure te ondergaan by dieselfde dokter nie. Daarvoor kan hy nie aanspreeklik gehou word nie", sê die regter. Chalk het na afloop van die sitting gesê sy het verwag om die saak te verloor omdat pasiënte onder die huidige reg geen kans het om so'n saak teen 'n dokter te wen nie. "Dit is weer eens 'n bewys dat pasiënte in Suid-Afrika geen mag het om 'n mediese praktisyn te dagvaar as hy sy werk verbrou nie."

**B 39:**
"As ek die appèlsaak wen, sal ek die geld vir welsyn skenk, want dit gaan nie vir my oor rand en sent nie. Dit gaan daaroor dat pasiënte in dié land absoluut magteloos staan teenoor medici wat foute maak en mekaar dan verdedig en beskerm", sê 'n steeds onthutste mej. Chalk in 'n onderhoud met *Vroue-Beeld*. Die saak is wat haar betref nog glad nie afgehandel nie. Sy sê sy is moeg daarvoor dat pasiënte magteloos is om iets te doen aan dokters wat nie aan hul verwagtinge voldoen nie. In daardie storie vertel sy wat volgens haar gebeur het toe die mislukte aborsie op haar uitgevoer is. Sy is veral bitter oor die aanname wat in die hof gemaak is, dat sy self besluit het om haar kind te hou en dus geen eis het nie. "Ek het besluit om nie met die aborsie voort te gaan nie, op aanbeveling van die dokter wat ek toe by die Sandton-Kliniek gaan sien het. Hy het gesê dit sou gevaarlik wees en dat hy nie sy personeel wil blootstel nie. Ek en my pa het dr. Fassler voor Amy se geboorte gaan sien en hy het heel vriendelik na ons verhaal geluister. Ek het aanvanklik R800 000 van sy versekering geëis omdat dit is wat my mediese koste en die verlies aan inkomste beloop het. 'n Paar maande later is ons meegedeel dat hy ons nie 'n sent gaan betaal nie, omdat die operasie se sukses nie gewaarborg was nie. Dit is toe dat ek besluit het om regstappe te neem." Sy sê sy het betaal vir 'n diens wat nie gelewer is nie. "Ek het betaal vir 'n aborsie, maar dit is nooit gedoen nie. Nou sit ek met die reuse rekeninge en die dokters het skotvry daarvan afgekom." Chalk het vir die appèl die hulp van die ANC se Vroueliga en 'n komitee wat deur die ANC gestig is om pasiënte met eise teen dokters te help, ingeroep.

**B 40:**
'n Konsepwet om aborsie op versoek te wettig, is sonder teenkanting of noemenswaardige kritiek aangehoor deur lede van die ad-hoc-komitee oor aborsie en sterilisasie. In die eerste openbare voorleggings aan dié komitee het die Abortion Rights Action Group (Arag) sy eie wetsontwerp voorgelê. Dié wetsontwerp op keusevryheid vir aborsie word gesteun deur die Women's Health Project, Black Sash, Wits se Sentrum vir Toegepaste Regstudie en Rape Crisis. Dr. Marj Dyer, president van Arag, sê die huidige beperkende wet kon in twintig jaar nie daarin slaag om aborsies te beperk nie. Die "slegte wet", wat van vroue misdadigers maak en tot duisende agterstraataborsies gelei het, moet geskrap word. Die hoofrede waarom hulle aborsie wil wettig, is ter wille van vroue se gesondheid, sê sy.

**B 41:**
Die aborsiewetsontwerp wat daarvoor voorsiening maak dat aborsie op versoek gewettig kan word, het gemengde reaksies by vroue-organisasies ontlok. Mev. Ester Wessels, president van Dames Aktueel, sê die organisasie maak ten sterkste beswaar teen dié wetsontwerp. "Die reg op lewe is die mees basiese mensereg en aborsie op aanvraag kom neer op niks minder nie as moord op die ongebore kind wat nie net onskuldig is nie, maar homself ook nie kan verdedig nie. Dames Aktueel vind dit bedenklik dat sulke wetgewing

oorweeg word, terwyl daar terselfdertyd 'n moratorium op die teregstelling van veroordeelde moordenaars geld, omdat hul reg op lewe erken word. Die voorgestelde wetgewing is ook in stryd met die gees van die Konvensie oor die Regte van die Kind van Unicef soos in 1994 deur die Departement van Gesondheid onderteken." Mev. Estelle Jordaan, van ATKV-Dames, is ten gunste daarvan dat voorkeur gegee word aan aksies om mense beter in te lig oor doeltreffende voorbehoeding in plaas van om aborsie op aanvraag te wettig. Mev. Pamela Smith, president van Jong Dames Dinamiek (JDD), sê dié organisasie onderskryf ook Christelike norme en waardes, maar is ook ten gunste daarvan dat vroue die reg moet hê om te kies. Ondanks die lede se gevoel in die algemeen om aborsie steeds teen te staan, is dit nodig dat daar ook realisties na probleme soos die bevolkingsontploffing gekyk word. Volgens haar is dit bekend dat tot 50 persent van alle swangerskappe in Suid-Afrika ongewens is. "Die JDD het empatie met baie vroue, soos dié in landelike gebiede waar hulle aan seksuele geweld blootgestel word en waar baie steeds nie 'n keuse oor gesinsbeplanning het nie. In die lig hiervan is dit nodig dat ons ook by verandering moet aanpas." Mev. Sandra Botha, direkteur van die Nasionale Vroue-koalisie, sê die koalisie verteenwoordig baie groepe en vroue met uiteenlopende standpunte oor aborsie. Derhalwe steun of verwerp hulle nie die konsepwet nie. "Ons standpunt wat in 'n handves van vroueregte uiteengesit is, erken vroue se reg om beheer oor hul liggame uit te oefen, wat die reg op besluite oor voortplanting insluit."

**B 42:**
Bekende persoonlikhede tree toe tot die hewige aborsiedebat, meld 'n kort berig. Onder bekendes wat hul saak gaan stel voor die parlementêre komitee, is Jane Raphaely, redakteur van Cosmopolitan en Femina, prof. Danie du Toit van die Stellenbosse Kweekskool, die anti-aborsie-kampvegters mnr. Clive en mevrou Glenys Newbury, en die Christen-seksterapeut dr. Angelo Grazioli. Ook die Forum van Godsdienstige Leiers, dr. Isak Burger van die AGS en die Swangerskap-krisissentrum in Natal gaan deelneem.

**B 43:**
'n Teologie-student van die Randse Afrikaanse Universiteit samel handtekeninge teen die wettiging van aborsie in. Volgens dié student, Colin Wright, is daar baie organisasies wat die verbod op aborsie steun. Geen volledige prentjie bestaan egter oor die standpunt van mense oor die land heen nie. "Deur moontlike wettiging van aborsie te ignoreer, word daar onregstreekse goedkeuring gegee aan die regering om sy plan van baba-massamoord van stapel te stuur," sê Wright. "Hoewel daar in sommige gevalle gesimpatiseer kan word, gooi dit nie alle deure oop vir enige owerheid om moord as 'n oplossing te gebruik nie." Sowat 6000 handtekeninge is reeds deur die Apostoliese Geloofsending ingesamel.

**B 44:**
Aborsie op versoek en 'n liberale aborsiewet hoort by sekulêre, Westerse gemeenskappe en nie in 'n land waar die meerderheid mense diep godsdienstig is nie, sê die NG Kerk. Prof. Danie du Toit van die Stellenbosse Kweekskool het voor die parlementêre ad-hoc-komitee 'n sterk pleidooi gelewer vir die onvoorwaardelike respek vir alle menslike lewe, waaronder die ongeborene, asook vir die beskerming van gesinswaardes. Indien aborsie toegelaat word en die voorgeboortelike lewe nie beskermwaardig is nie, word 'n tweedeklas-kategorie van menslike lewe geskep. "Daar is oor en oor bewys dat dit uiters gevaarlik is om 'n kategorie van menslike lewe te skep wat nie geregtig is op die volle beskerming van die reg nie, of dit Jode, swartmense, vroue, kinders of die ongeborene is." Volgens Du Toit is dit nie slim om van aborsie 'n feministiese kwessie te maak deur vroueregte gelyk te stel aan die reg op aborsie nie. Volgens hom sal "mans selfs begin om vroue nog meer uit te buit" indien aborsie op versoek toegelaat word.

**B 45:**
Ook ander kerke as die NG Kerk trek op om teen die wettiging van aborsie op versoek te protesteer. Met behulp van dooie fetusse in bottels, groot versoekskrifte en 'n versoek om 'n referendum daaroor is pleidooie tot die ad-hoc-komitee oor aborsie en sterilisasie gerig. Volgens dr. Isak Burger, president van die AGS, wat 650 000 lidmate het, sal wetgewing wat aborsie op versoek toelaat, beskou word as 'n groot inbreuk op die reg op geloof en godsdiens. Hy sê hy het reeds 30 803 briewe en 'n versoekskrif met 27 000 handtekeninge van beswaardes ontvang. Opnuut word prof. Danie du Toit van die NG Kerk aangehaal. Hy sê wettiging van aborsie is gevaarlik omdat dit 'n tweedeklas-menslike lewe skep, 'n siening wat tot groot nadeel van die hele gemeenskap strek. Die bioloog dr. Chris Warton van die United Christian Action wat sowat 4,5 miljoen Christene verteenwoordig, het voor die komitee fetusse in bottels gewys. Hy het ook verwys na die situasie in Amerika waar aborsies tienvoudig toegeneem het nadat dit in 1973 gewettig is. Net soos apartheid sal aborsies (deur sommige) as aanvaarbaar beskou word wanneer dit wettig is.

**B 46:**

Die ANC het 'n skynbaar dooie punt in sy geledere oor aborsie oorkom deur te verklaar dat 'n aparte hoofstuk in die voorgenome handves vir menseregte afgestaan word net aan vroueregte met spesifieke verwysing na die gesondheid van vroue. Dié hoofstuk sal daarop neerkom dat vroue self moet kan besluit oor hul eie gesondheid. Dié verklaring van die ANC het gevolg op 'n vuurwarm debat waarin die onderskeie politieke partye mekaar skerp aangeval het oor veral die reg op aborsie. Kader Asmal, minister van waterwese en bosbou en die ANC se hoofadviseur oor menseregte, het 'n bitter aanval uitgevoer op die huidige aborsiewet en die partye soos die ACDP en die Vryheidsfront wat dit steun. Hy sê die Wet op Aborsies en Sterilisasies van 1975 is "diskriminerend en anti-armes omdat daar elke jaar 200 000 onwettige aborsies in Suid-Afrika uitgevoer word en 20 000 vroue sterf as gevolg daarvan. Die oorgrote meerderheid van die vroue is swart." Hy sê aborsie is 'n geweldig sensitiewe saak wat binne die ANC vir 'n baie lewendige debat gesorg het. "Ons moet duidelik stel dat dit oor lewens gaan. Omdat ons reg nie 'n fetus as 'n lewe erken nie, is die gevoel dat vroue die mense om wie se gesondheid dit gaan self moet kan kies."

**B 47:**

Volgens die eerste werkdokument van die aborsiekomitee steun "'n duidelike meerderheid van die komitee die pro-keuse-argument en is ten gunste van liberalisering van die huidige wet". In die besprekingsdokument word aanbeveel dat die huidige beperkende Wet op Aborsie geskrap word om aborsie op versoek beskikbaar te stel. Volgens die aanbeveling moet 'n wetsontwerp van die aksiegroep vir aborsiehervorming (Arag) met wysigings ingestel word. Dit behels dat: aborsie op versoek beskikbaar is aan alle vroue tot op veertien weke van swangerskap; aborsie daarna, tot 24 weke, beskikbaar moet wees in "sekere breë, spesifieke omstandighede"; die vereiste dat twee dokters geraadpleeg word, geskrap moet word; 'n groter verskeidenheid gesondheidspersoneel toegelaat moet word om aborsies uit te voer om groter toegang te gee aan vroue in gebiede met min of geen dokters; en minderjariges nie hul ouers se toestemming nodig het vir aborsie nie, maar nie-voorskrywende berading wel verpligtend sal wees.

**B 48:**

Pastoor Ray McCauley van die Rhema-Bybelkerk spreek sy teleurstelling uit oor die besprekingsdokument waarin aanbeveel word dat aborsie op versoek gewettig word. "Dit is vir my moeilik om te glo dat hulle die sterk openbare mening kan teengaan", lui 'n verklaring deur McCauley. Hy is voorsitter van 'n interkerklike godsdienstige groep wat teen aborsie gekant is. Dié groep sal aanhou om die regering teen aborsie te probeer oorreed, sê hy. "As aborsie op versoek toegelaat word in provinsiale en staatsgesubsidieerde klinieke, kan belastingbetalers wat daarteen gekant is, besluit om hul belasting te weerhou," lui die verklaring.

**B 49:**

'n Werkdokument van 'n parlementêre aborsiekomitee met aanbevelings vir 'n liberale aborsiewet het onder skoot gekom van 'n NP-LP wat gesê het dat dit die pro-lewe-kamp stigmatiseer. Volgens mev. Sheila Camerer is daar veralgemenings in die verslag wat die "uitheemse" standpunte van enkele groepe toedig aan die hele pro-lewe-kamp, soos ook haar party. Daaronder is sienings dat "omdat aborsie sonde is", die huidige beperkende wet tot voordeel strek van die arm, swart, landelike vroue omdat dit hulle "verhinder om te sondig". Dit is omdat hulle nie maklike toegang tot wettige aborsies het nie. Camerer sê sy is verbaas en teleurgesteld dat die verslag 'n aanbeveling bevat met die bewoording "ons stel voor" nog voordat dit gedebatteer is. Dit is nie in ooreenstemming met die versoenende gees van al die komitees nie, soos oor die Waarheidskommissie, toe sowat 150 uur bestee is om die verskillende partye te akkommodeer.

**B 50:**

In die (eerste) kommentaar oor aborsie word gekonstateer dat die Suid-Afrikaners hulle gereed kan maak vir ongekende openbare emosie, nou at die parlementêre ad-hoc-komitee sy aanbevelings ingedien het. "Dit is feitlik onmoontlik om die aborsie-kwessie sonder emosie te debatteer. Dit sny heen oor al die gewone verdelings van ryk en arm, bevoorreg en verdruk en selfs wit teenoor swart. Dit sal raadsaam wees as al die partye besef dat goeie besluite op rede moet berus en nie op emosie nie. En bowenal: dat die belange van al die mense vooropgestel moet bly. Ook moet gewaak word teen 'n debat net binne die raamwerk van die eerste wêreld. Dan word dit bloot 'n etiese debat soos dié byvoorbeeld in Amerika. In Suid-Afrika moet die kwessie ook beoordeel word teen die agtergrond van die derdewêreld-omgewing waarin groot dele van die bevolking leef. Aborsie is ook deel van 'n ander debat, naamlik dié van moderniteit teenoor tradisionalisme." Volgens die kommentaarskrywer lyk dit taamlik seker dat Suid-Afrika "die voorbeeld van die moderne wêreld gaan volg met 'n liberaler aborsiebeleid". Daaroor sal egter nog baie debat volg. "Suid-

Afrikaners se bewese vermoë om mekaar te vind oor sake waaroor hulle sterk verskil, sal in die dae vorentoe tot die uiterste toe beproef word."

**B 51:**

Die parlementêre ad-hoc-komitee se voorstelle oor hoe 'n nuwe aborsie-wet daar moet uitsien, is met wyd uiteenlopende reaksie ontvang. Volgens dié komitee se voorsitter, dr. Abe Nkomo, sal aborsie op aanvraag die land se gesondheidsdienste nie 'n sent uit die sak jaag nie. "Dit sal per slot van rekening goedkoper wees as die mediese koste van vroue wat komplikasies ontwikkel het ná onwettige aborsies." Maar volgens dr. Nkomo sal wetgewing na aanleiding van sy komitee se voorstelle waarskynlik nie voor 1996 ingestel word nie, juis weens die lang proses wat 'n nuwe wet moet volg alvorens dit in die parlement ter tafel gelê word. Die komitee se voorstelle het inmiddels die "onvoorwaardelike steun" van die ANC gekry. Terwyl die SAKP, Cosatu, Sanco en heelparty nie-regeringsorganisasies, waaronder Young Women's Network, die Beplande Ouerskapvereniging en die National Progressive Primary Health Care Network, ook hul gewig agter dié aanbevelings gegooi het. "Die huidige aborsiewet dryf meer as 250 000 vroue jaarliks tot gevaarlike agterstraataborsies. In net een jaar lei dit ook tot die dood van minstens 425 vroue", voer dié partye en organisasies aan. Die amptelike syfer van vroue wat jaarliks weens agterstraataborsies doodgaan, is volgens mev. Emelda Boikanjo, voorsitter van die Womens Health Project, baie ver van die waarheid. "Ek sien amper weekliks hoe meisies, selfs so jonk as dertien jaar, in swart woonbuurte en arm, agtergeblewe gebiede doodgaan ná agterstraataborsies. Die dood van 'n jong vrou kan ook nie aan geld gemeet word nie", sê sy. Die komitee se benadering is in die oë van Boikanjo daarom "'n menslike, parktiese en goed beredeneerde benadering". "Ons verklaar ons beslis nie anti-lewe nie. Dit is eerder 'n werklike toewyding om 'n beter kwaliteit van lewe vir alle Suid-Afrikaners te verseker." Dr. Nkosazana Zuma, minister van gesondheid, moet nou die wetgewing voorberei na aanleiding van die aanbevelings. Sy sê elke vrou het die reg om self oor swangerskap te besluit. Dr. Isak Burger, president van die AGS, sê die voorstelle is 'n skreiende onreg teenoor Christene en die meeste ander gelowe in Suid-Afrika. Die Vryheidsfront het ook die voorstelle verwerp, omdat dit neerkom "op moord van onskuldige, weerlose, ongebore kinders".

**B 52:**

*Beeld* het ook 'n onderhoud opgeneem met 'n 28-jarige vrou "Sandra" ('n denkbeeldige naam) wat drie jaar vroeër 'n wettige aborsie ondergaan het. Sandra sê dit was "nie 'n vreeslik emosionele besluit nie. Ek het reeds 'n seuntjie gehad en was net nie in staat om vir nog 'n kind te sorg nie. Ek en my man het pas na Johannesburg verhuis en ons huwelik was nie baie standvastig nie. Ek het 'n nuwe werk gehad en het baie minder verdien as wat ek vandag kry. Die aborsie was moontlik omdat ek R2 000 by my werk kon leen om daarvoor te betaal. My man het my baie ondersteun en vandag weet ek ek het die regte besluit geneem. Ek het nie verwag ek sou swanger raak nie. Die voorbehoedmiddel het nie gewerk nie en ek was skielik in 'n doodloopstraat en sonder 'n ginekoloog se goedkeuring. Dit was meer as 'n maand later en ek het al begin wys. Ek is toe na 'n psigiater verwys wat gesê het ek is nie geestelik sterk genoeg om 'n kind te hê nie. Dit was 'n groot verligting, maar ek was kwaad omdat ek so 'n klomp geld moes opdok. Daar is baie trauma waardeur 'n mens moet gaan, want dit is 'n klomp mans by wie jy keer op keer moet gaan besoek aflê en enigeen van hulle kon maklik sê jy is nie reg om 'n aborsie te ondergaan nie. Daarmee saam was die frustrasie dat ek die R2 000 van my werk moes leen en my baas van die aborsie moes vertel voordat ek die geld kon vra. Die klimaat rondom aborsies was egter die ergste. Die idee dat dit eintlik onwettig is. Jy is selfs bang om daaroor oor die telefoon te praat. En dokters swyg. Die hele operasie laat jou soos 'n misdadiger voel, selfs al weet jy joune is wettig. Dae daarna het ek gedink: was dit nou wettig of nie? Die besluit is klaar moeilik, maar die stigma en kultuur van stilte maak dit nog moeiliker. Ek het die reg gehad om 'n keuse uit te oefen, maar die wet het die uitoefening van my keuse bemoeilik. Ander mense se realiteit word aan joune opgedwing."

**B 53:**

Op dieselfde dag as wat die onderhoud met "Sandra" verskyn het, publiseer *Beeld* 'n agtergrondartikel oor aborsie. Hierin word weer verskeie standpunte van kerke en organisasies weergegee. Die statistieke verskil geweldig oor die werklike aantal aborsies in Suid-Afrika. Dit wissel van 42 000 tot 200 000 per jaar. Die getal wettige aborsies is sowat 'n duisend per jaar. Terwyl die wet uit 1975, wat aborsie net in uitsonderingsgevalle toelaat, nog geld, is aborsie volgens hierdie artikel steeds sinoniem met taboe. Selfs dokters, ginekoloë, verpleegsters en maatskaplike werkers loop wye draaie om die onderwerp. Suid-Afrika is van die min lande met streng aborsiewetgewing. Rusland word wêreldwyd beskou as die land wat die meeste aborsies toelaat. Daar is aborsies twee keer meer as die getal geboortes. Kenners meen sowat 3,5 miljoen aborsies word jaarliks in Rusland uitgevoer. Die pro-lewe-drukgroepe, meestal kerkgroepe, Christen-

organisasies, 'n paar Rooms-Katolieke en Moslems glo dat lewe met bevrugting begin en dat aborsie dus "massa-babamoord" is. "Lewe voor en ná geboorte is dieselfde. Aborsie kom dus neer op die beëindiging van menslike lewe en kan nooit as iets anders beskou word nie", het die NG Kerk gesê. Ook dr. Claude Newbury, voorsitter van die Pro-Lewe-organisasie, vergelyk aborsie met die "groot slagting van die Jode. Selfs die Nazi's het mense nie op 'n pynlike manier vermoor nie. Tog word miljoene babas letterlik uit hul moeders se baarmoeders geskraap en gesuig op die afgryslikste manier. 'n Regering wat aborsie wettig, sal as 'n bose regering beskou word en ons sal ons daarvoor beywer om so 'n regering omver te werp", sê Newbury. "Jy kan 'n baba uit jou baarmoeder skraap, maar jy kan dit nie uit jou gedagtes skraap nie. Ek het nog nie een vrou ontmoet nie wat nie bitter spyt is omdat sy 'n aborsie ondergaan het nie." Mev. Barbara Klugman van die Women's Health Project sê: "Aborsie is 'n gesondheidsaak." Kerke en teenstanders van die liberalisering van die wet konsentreer volgens haar net op die etiek en die emosies daaraan verbonde. "'n Hedendaagse aborsie is nie duur nie en kan binne vyf minute veilig en eenvoudig uitgevoer word. Dit is selfs veiliger as om die lewe te skenk aan 'n baba." Die vrouetydskrif Cosmopolitan skryf dat "'n vrou se reg op beheer oor haar eie voortplanting 'n basiese mensereg is, soos die reg op waardigheid, privaatheid en godsdiensvryheid". Volgens die Jong Vroue-Netwerk word daar maandeliks driehonderd vroue in die Baragwanath-Hospitaal in Soweto behandel vir die komplikasies van agterstraataborsies. Baie van dié aborsies word met kombuisgereedskap uitgevoer. In die verslag van die parlementêre komitee steun "'n duidelike meerderheid van die komitee die pro-keuse-argument en is ten gunste van die liberalisering van die huidige wet". In dié verslag word aanbeveel dat die huidige beperkende Wet op Aborsie geskrap word om aborsie op versoek beskikbaar te stel aan alle vroue tot op veertien weke van swangerskap.

**B 54:**

In die Saterdagrubriek "Onder vier oë" het Philip de Bruin 'n onderhoud gevoer met dr. Johan Smith van die Tygerberg-Hospitaal, een van die land se voorste vegters teen aborsie. Aborsie op aanvraag is moord, sê hy. Van die oomblik dat bevrugting in die vrou se liggaam plaasvind, begin 'n nuwe lewe waaroor die vrou wat daardie lewe dra, geen sê meer het nie. Smith is ook 'n lid van die organisasie Dokters vir Lewe. "Die organisasie is in die lewe geroep om die feite van lewe te beklemtoon, met ander woorde wanneer lewe begin. Ons staan vir die regte van die kind, ook die ongebore kind. Ons gaan van die standpunt uit dat lewe by bevrugting begin en dat die reg van die kind gesien moet word as onafhanklik van dié van sy moeder. Ons glo dus dat die ongebore kind die reg op lewe het... Aborsie op aanvraag is geen antwoord vir die probleme van die land nie,, meen Smith. "'n Mens moet jou afvra waarom die owerheid aborsie op aanvraag wil instel. Is dit omdat hulle na die sogenaamde moederlike gesondheid, dit wil sê sterftes weens agterstraataborsies wil kyk, of omdat hulle wil toegee dat geboortebeperking gefaal het? Of gaan dit straks oor 'n verskuilde agenda, onder die vaandel van vroueregte? Ek sê nie dat vroue nie regte het nie. Ek dink trouens vroue is lank genoeg, veral in die swart gemeenskappe, deur mans onderdruk. Maar die vrou se regte kan nooit dié van die ongebore baba oorheers nie." Naas die mediese gedagte dat die lewe by die bevrugting begin, is Smith se anti-aborsie-standpunt ook ingegee deur sy Christelike geloof. "Ek glo ook soos ek glo omdat ek 'n Christen is. Ek dink die hele aborsievraagstuk moet benader word uit die hoek van wetenskaplike feite, 'n mens se godsdienstige agtergrond en die regsaspekte daaraan verbonde." Smith meen pro-aborsie-aanhangers ignoreer wetenskaplike feite. "Van die pro-aborsiegroepe lei die publiek om die bos met syfers wat hulle uitreik. Hulle neem alle miskrame en sê dit is moontlike aborsies, maar ons weet dat 10 tot 30 persent van alle swangerskappe in 'n spontane aborsie eindig. Dit is ook bekend dat 10 tot 15 persent van swangerskappe in 'n miskraam eindig wat aangebring is deur infeksie."

**B 55:**

Die Nasionale Party het die pous se hulp ingeroep om hulle te help om teen aborsie te stry. Dr. Willem Odendaal, NP-LP en woordvoerder oor gesondheid, doen in 'n verklaring 'n ernstige beroep op pous Johannes-Paulus II om die NP en ander wat daarteen gekant is, in hul stryd teen die wettiging van aborsie op aanvraag by te staan. Hy vra dat die pous tydens sy besoek aan Suid-Afrika die wat daarteen gekant is, aktief help om die regering te oorreed om nie aborsie op aanvraag te wettig nie. "Die pous se eie uitspraak dat die onvoorwaardelike respek vir die reg op lewe van enige mens, ook in die tydperk van bevrugting en geboorte, een van die pilare is waarop die samelewing berus, is in Suid-Afrika, wat daarna streef om 'n ware regstaat te vestig, van besondere betekenis." Die organisasie Young South Africans for Life sê in 'n verklaring meer as 2 000 Suid-Afrikaners het 'n versoekskrif tot die pous gerig dat hy moet verseker dat die staat sy verantwoordelikheid nakom om die lewe van alle Suid-Afrikaners, ook dié wat nog gebore moet word, te beskerm.

**B 56:**
Die Metodistekerk het hom uitgespreek ten gunste van wetgewing wat vroue 'n keuse sal gee om oor aborsie te besluit. Dié kerk sê hoewel hy glo aborsie is in enige stadium van swangerskap "onwenslik" en nie "in harmonie met die wil van God nie", behoort wetgewing vroue toe te laat om self te besluit. Die kerk sê hy het 'n belangrike rol om te speel in die voorsiening van berading in die verband, maar dit moenie veroordelend wees nie en moet vroue in staat stel om ingeligte besluite te neem wat gegrond is op Christelike beginsels. "Die berading moet spesifiek handel oor kwessies van skuld en vergifnis." Die Metodistekerk versoek politieke partye om hul lede toe te laat om op grond van hul gewete oor dié wetgewing te stem.

**B 57:**
Die Metodistekerk het sy standpunt verdedig dat vroue deur wetgewing toegelaat moet word om self oor aborsie op aanvraag te besluit, maar die kerk bly self teen aborsie gekant, meld 'n volgende berig. Dr. Stanley Mogoba, voorsittende biskop van die Metodistekerk, sê die besluit wat op die jaarvergadering van die kerk geneem is, is gedoen ná indringende debat. "Daar was uiteraard wyduiteenlopende menings, maar ons het bevind die kwessie oor aborsie is baie kompleks. Ons wou dit egter duidelik stel dat, weens die heiligheid van die lewe, moet geen kerk gesien word dat hy aborsie steun nie. Ons het egter ook bevind daar is geen eenstemmigheid onder teoloë en medici oor knelvrae soos wanneer lewe werklik begin nie. Die konferensie het gevoel dit moet duidelik gestel word dat 'ons nie in 'n perfekte wêreld lewe nie'. Die kerk moet nooit gesien word dat hy 'n standpunt inneem wat mense verwerp wat in so 'n ongelukkige posisie verkeer en berading nodig het nie. Ons benadering is dus, hoewel ons aborsie verwerp, dat ons bereid moet wees om medelewend en pastoraal te wees teenoor mense wat in sulke situasies is." Hierdie berig bevat 'n korreksie van die Metodistekerk se standpunt wat in die vorige berig gewys is. Die kerk bly teen aborsie, maar in sommige gevalle moet dit maar gedoen word.

**B 58:**
Die Anglikaanse Kerk staan op die punt om wetgewing te steun wat vroue in staat stel om self oor aborsie te besluit. Aartsbiskop Desmond Tutu het by die opening van die provinsiale sinodesitting op Kimberley 'n beroep op die Anglikaanse Kerk gedoen om "eerbied vir lewe" te herbevestig, maar terselfdertyd veranderinge aan die wet te steun wat aborsie "'n bietjie makliker sal maak om te kry". Tutu meen vroue se sieninge moet ernstig opgeneem word. "Ons moet misleidende slagspreuke soos 'aborsie op aanvraag' en 'aborsie is sonde' vermy. Ek dink nie diegene wat sulke slagspreuke voorstaan, sal dit gebruik as hul tienerdogters verkrag word en swanger raak nie. Ek hoop ons kan eerbied vir lewe herbevestig en tog bereid wees om 'n wet te hê wat aborsie 'n bietjie makliker verkrygbaar sal maak vir veral arm, ongeletterde vroue in die landelike gebiede en ook om die voorkoms van agterstraataborsies te bestry."

**B 59:**
In die rubriek "Onder vier oë" het Philip de Bruin ook gesels met dr. Marj Dyer, president van die Abortion Rights Action Group (Arag). Sy het reeds aborsies uitgevoer en sou dit weer doen, al stem sy saam dat lewe reeds begin wanneer 'n eiersel bevrug word. Sy raak emosioneel as sy vertel van die magteloosheid wat haar oorval omdat alle mense nie die wenslikheid van aborsie op aanvraag kan insien nie. Veral oor die geloof dat Afrikaanssprekendes in die algemeneen en lidmate van die NG Kerk in die besonder daarteen gekant is, is sy ontsteld. Haar ondervinding het haar anders geleer, sê sy. "Dit help die Afrikaanssprekende, NG gemeenskap niks om bloot te sê hulle is teen aborsies gekant nie. Ek weet hoe baie Afrikaanssprekendes bel my oor aborsies. Is dit nie tyd dat iemand in die Nasionale Party die *guts* het om vir adjunk-president F. W. de Klerk te sê dat hulle nie met die partybeleid teen aborsies saamstem nie. Ek sal baie graag wil weet wat die NP-vroue se ware siening oor die saak is." Die organisasie Arag is gestig in die jare sewentig, juis toe die ou aborsiewet deur die parlement aanvaar is. "Destyds het die meeste vroue nie geweet hulle het die reg om 'n mening uit te spreek nie. Die gevolg is dat 'n baie slegte wet op die wetboek geplaas is. Dit is nie tot voordeel van die vrou, die ongebore kind of die oorbevolkte samelewing nie." Dyer heg nie waarde aan die standpunt dat 'n ongebore kind wat doodgemaak word die slagoffer van sy ouers se onverskillige houding teenoor seks en voorbehoedmiddels is nie. "Dit is 'n baie simplistiese standpunt om in te neem. Seks is gewoonlik geen koue, beplande daad nie. Dit gebeur net. Hoekom moet 'n vrou vir die res van haar lewe daarvoor gestraf word? Tweedens is daar in Suid-Afrika die probleem met geletterdheid. Vir vroue wat nie eens kan lees of skryf nie, is die pil 'n baie moeilike voorbehoedmiddel om te gebruik. Nou moet dié arme vrou gestraf word juis omdat sy arm en ongeletterd is. Dit is gek." Dyer wil in die nuwe aborsiewetgewing sien "dat in die eerste veertien weke van 'n swangerskap die vrou toegelaat word om self te besluit of sy daarmee wil voortgaan of nie. Niemand moet aan haar voorskryf nie. Tussen 14 en 24 weke glo ek moet die

vrou met die hulp van haar dokter — let wel, net één dokter — dieselfde besluit kan neem. Bowendien word afwykings soos Down-sindroom gewoonlik eers ná sestien weke raakgesien. Dan moet die vrou met die hulp van haar dokter kan besluit of sy so 'n kind wil hê of nie."

**B 60:**
'n Jong vrou van Toekomsrus, Randfontein, het in die hof op Krugersdorp verskyn in verband met die verberging van geboorte. Die 22-jarige vrou is in die Paardekraal-hospitaal in hegtenis geneem. Die moontlikheid word ondersoek dat sy 'n misluke aborsie gehad het. Die dooie fetus is in 'n toilet gevind.

**B 61:**
Veertig tot vyftig miljoen meisies in Indië kan as "vermis" beskou word weens selektiewe aborsie en 'n hoër sterftesyfer onder vroulike suigelinge. Dié stelling word gemaak in 'n verslag van die VN se kinderfonds (Unicef). "In byna elke land ter wêreld is daar 105 vroue vir elke 100 mans. Indië is een van die min lande waar daar minder vroue as mans is, naamlik 93 vroue vir elke 100 mans", sê die verslag. "Dit weerspieël die ongelyke behandeling wat meisies teenoor seuns kry. Waar gesinne vroeër nie omgegee het wat die geslag van hul babas is nie, word seuns nou verkies. En die gevolg hiervan kan as 'moord' op die vroulike geslag beskou word. Indien voor geboorte vasgestel word dat die fetus vroulik is, word dit eenvoudig afgedryf. Andersins word vroulike suigelinge eenvoudig in so 'n mate verwaarloos dat hulle in die meeste gevalle gou sterf."

**B 62:**
*Beeld* het in twee artikels van gasskrywers probeer om al die argumente voor en teen aborsie te bespreek. Die eerste artikel is van prof. Adrio König, waarin dié hoogleraar in sistematiese teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika hom afvra of aborsie regtig moord genoem kan word. Die mense wat sê dat aborsie moord is, is egter nie konsekwent nie. As hulle moet kies tussen die lewe van die fetus en dié van die ma, kies almal die ma s'n en aanvaar dat aborsie wel geoorloof is. "Is moord dan in sekere omstandighede wel geoorloof? Of is aborsie nie moord nie?" Die prinsipe waarvan hierdie mense uitgaan, is dat die eiersel van die oomblik van bevrugting 'n mens is. "Dit is egter 'n vreemde gedagte, want ná 'n miskraam of 'n aborsie behandel ons nie regtig 'n fetus as 'n mens nie." König stem saam dat daar tussen bevrugting en geboorte geen duidelik aantoonbare oorgang van nie-mens na mens is nie. "Daar is dus nie 'n bepaalde tydstip waarop ons kan sê: nou het dit 'n mens geword nie. Op sigself is dit waar, maar die denkfout is dat die eiersel daarom van die begin af 'n mens is. Ons vergeet dan dat iets die potensiaal kan hê om iets anders te word en dan geleidelik tot iets anders kan ontwikkel sonder om van die begin al klaar daardie iets anders te wees. (...) Daarom is daar soveel probleme om te bepaal tot in watter stadium aborsie toelaatbaar behoort te wees. Maar dit help nie om probleme te probeer oplos deur hulle te ontken nie. Aborsie word juis om hierdie rede 'n dilemma genoem. 'n Dilemma is 'n probleem waarvan elke oplossing sy eie probleme skep. Mense wat aborsie moord noem, wil egter nie erken dat dit 'n dilemma is nie." Die ander argument wat König bespreek is dat die lewe heilig is omdat God lewe skep. Dit is egter nie 'n duidelike argument nie. "Om ons nou maar vir 'n oomblik van Bybelse taal te bedien, kan ons natuurlik sê dat God die eerste mense gemaak het. Maar sedertdien het mense self die vermoë om lewe voort te bring. En dit is vreeslik maklik om dit te doen. Twee jong mense kan dit doen sonder dat hulle eens besef wat hulle doen. En 'n sterk man kan dit aan 'n vrou opdwing buite én binne die huwelik. As mense lewe voortbring om totale onkunde, dalk in sondige hartstog, of 'n onbewaakte oomblik, sonder enige bedoeling om dit te doen, presies wat bedoel ons dan as ons sê God het hierdie lewe geskep? Ek weet nie. Moet die vrou (onkundige jong meisie of wie ook al) nou tot elke prys die kind in die wêreld bring? Is dit nie 'n totale gebrek aan respek vir lewe nie? As die vrou nie in staat is om vir die kind te sorg nie finansieel, fisiek, emosioneel, sosiaal is hy of sy gedoem om gebore te word as 'n weggooikind?" König bespreek ook die Bybelvers Jeremia 1 vers 5, waarin die skrywer sê dat die Here hom al geken het voordat hy nog in die moederskoot gevorm is. "Maar as 'n mens so 'n uitspraak enigsins in hierdie verband sou kon gebruik — wat ek sterk betwyfel — sou dit natuurlik eerder 'n argument teen voorbehoedmiddels wees! Daar word tot gepraat van voor die bevrugting. Dit is in elk geval nie duidelik waarom 'n fetus waarvan God vooraf al geweet het, gedoem moet wees om gebore te word as niemand bereid is om daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar nie. Daar is wel indirekte Bybelse uitsprake wat 'n mens kan help, byvoorbeeld dat die mens die beeld en verteenwoordiger van God is. Dit is 'n gedagte wat ook ter ondersteuning van menseregte gebruik word. Dit beteken dat mense die reg het op 'n menswaardige lewe en dat dit onverantwoordelik is om mense te dwing om kinders in die wêreld te bring wat geen kans op 'n menswaardige lewe het nie én wat ander se kans daarop bedreig. 'n Pro-lewe-standpunt stel ook lewenskwaliteit op prys en nie bloot op biologiese vegetering nie. Dit gaan my verstand te bowe dat mense wetlik en moreel verplig moet word om kinders in die wêreld te bring waarvoor hulle nie kans sien

nie, wat hulle soms nie eens besef het gaan kom nie en waarvoor hulle op geen manier kan sorg nie. My pro-lewe-oortuiging kan dit nie hanteer nie."

**B 63:**
Tien dae later reageer dr. Isak Burger, president van die AGS, op die stellingname van prof. Adrio König. Sy ervaring by die lees van König se artikel was dat hy vanuit die praktyk na die Skrif redeneer, in plek van andersom. Die artikel bevat 'n "situasie-etiek", die omstandighede word voorskriftelik vir die gedrag. "Ek het volle begrip vir die krisis en trauma wat 'n besluit tot aborsie kan voorafgaan en verstaan dat dit 'n yslike dilemma kan wees, maar uiteindelik is die vraag: Wat is die wil van God, en nie wat die mens die beste pas nie. God is die enigste outeur van lewe. Daarom is lewe heilig. Die feit dat soveel mense se verwekking onbeplan en selfs ongewens is, neem niks van hierdie feit weg nie. As ongewenste babas en kinders vir wie nie 'n behoorlike opvoeding gegee kan word nie dan vroegtydig geëlimineer kan word, wat van die honderdmiljoene wat reeds te midde van sulke omstandighede lewe? As daar enige konsekwentheid is, waarom moet hulle nie ook doodgemaak word nie? Wat is dan die verskil tussen gebore en ongebore mens? Al verskil is dat die een nog binne in die moeder en die een buite die moeder is. In die een geval word dit aborsie genoem en in die ander een moord. Die feit is dat dit in albei gevalle moord is. Daar moet tog gevra word wat die hoofdoel van die mens se lewe op aarde is. Is dit om 'n sekere mate van welvarendheid te bereik, genoeg te hê om te eet, 'n gelukkige gesinslewe te hê? Of is die hoofdoel van jou bestaan op aarde dat elke mens, ryk of arm, welkom of ongewens by geboorte, vrede moet maak met sy Skepper, versoen word met God en tot eer van die Here leef?" Burger kritiseer König se relativisme oor die vraag wanneer 'n fetus 'n mens word. "Is die mens nie meer as 'n liggaam nie? Wie kan sê dat die bevrugte eiersel wat reeds lewe, nie 'n gees het nie en nie reeds die beeld van God bevat nie en dus nie 'n mens is nie? (...) Feit is dat geen bevrugte menslike eiersel nog ooit in 'iets anders' ontwikkel het nie. Elkeen was van meet af aan 'n mens. Ja elke mens vandag was in 'n stadium 'n bevrugte eiersel'. Om te wil redeneer oor moontlike praktiese probleme soos miskrame, is haarklowery. Feit is, God gee lewe. By Hom is geen lewe 'n ongeluk nie."

**B 64:**
In die tweede kommentaar word gekonstateer dat Suid-Afrika al jare lank worstel met die vrae rondom aborsie. Uit die menings wat in die koerant verskyn het en die reaksies wat lesers daarop gegee het, blyk dat "albei kampe ewe sterk oor hul standpunt voel en veral oor die vraag: Wanneer begin lewe? Klaarblyklik sal niemand ooit daarin slaag om albei groepe tevrede te stel nie, maar in die nuwe Suid-Afrika is daar 'n instrument wat regsekerheid oor aborsie kan bring. Dié instrument is die Konstitusionele Hof. Aan die hand van die fundamentele regte van mense soos dit in die grondwet uiteengesit word, kan dié hof ten minste uitsluitsel gee oor die vraag of aborsie wettig is, al dan nie. Almal sal nie met die hof se bevinding saamstem nie, maar almal sal voordeel daaruit trek as vaste regsriglyne spoedig neergelê word."

**Dobbelary: B 65 - B 172**
**B 65:**
Die *Beeld*-items oor dobbelary begin met 'n kort berig oor die wedloop onder swart mededingers om lisensies vir loterye en casino's te bekom. Dié wedloop begin straf raak ná die samesnoering van kragte deur Games Africa en 'n konsortium, waarvan die naam nie bekend is nie, in 'n poging om beheer oor 'n staats- en sportlotery te verkry. Daar word berig dat nuwe wetgewing en riglyne betreffende dobbelary en lotery einde Januarie 1995 bekend behoort te wees.

**B 66:**
'n Vrou het verdwyn nadat sy R200 000 in die boerpot by die Amatola Sun gewen het. Die huisvrou van Oos-Londen, Ruby Naicker, het haar man en kinders verlaat en in die niet verdwyn. Aan die Gaming Gazette het sy gesê sy gaan haar wengeld gebruik om die verband op haar huis af te betaal, 'n paar rekeninge te vereffen en die res vir haar kinders te belê. 'n Polisiewoordvoerder sê dat navraag gedoen is by alle hospitale, lykhuise en polisiekantore in die omgewing, maar daar is niks gevind nie.

**B 67:**
Duisende werkers van Sun International in die Vrystaat en landwyd word deur rampspoed in die gesig gestaar as dobbellisensies aan mededingers naby aan bestaande casino's toegeken word. Die Thaba Nchu Sun-casino gaan sluit as die Vrystaat 'n lisensie aan 'n ander dobbelplek in dié omgewing toeken. In dié geval sal 2 320 mense hul werk verloor en 'n gebouekompleks met 'n vervangingswaarde van R150 miljoen sal onbenut wees. Dit het mnr. Peter Bacon, besturende direkteur van Sun International, in sy voorlegging aan die komitee vir finansies van die Vrystaatse Wetgewer gesê. In 'n indirekte sitaat sê hy die wetgewer

moet sensitief optree teenoor bestaande dobbeloorde. Die Vrystaat kan byvoorbeeld ook R10 miljoen se belasting per jaar verloor.

**B 68:**
Die wettiging van dobbelary in Suid-Afrika is 'n voldonge feit. Justisieminister Dullah Omar sal konsep-wetgewing daaroor indien. In 'n indirekte aanhaling sê prof. Nic Wiehahn, voorsitter van die Raad op Dobbelary en Loterye, dat die wettiging van dobbelary in sy aanbevelings vervat is. Ook sê Wiehahn: "Ons gaan nie afwyk van die aanbevelinge wat ons einde verlede jaar in ons voorlopige verslag aan Omar gedoen het ten opsigte van dobbelary en 'n staatslotery nie. Ons het aanbeveel dat daar 'n staatslotery moet wees en dat dobbelary gewettig moet word en dit word ook vervat in ons hoofverslag waarmee ek nou besig is."

**B 69:**
'n Berig uit *Kalender* meld dat Kevin Costner, wat die rol vertolk het van 'n soldaat wat simpatie met die Sioux-inboorlinge gehad het in die fliek *Dances With Wolves*, in Sioux Falls (Suid-Dakota) teenstand van tradisionele leiers kry oor 'n casinoprojek van R350 miljoen. Costner besit saam met sy broer Dan reeds een van 86 casino's in Deadwood sedert dobbelmasjiene in 1988 daar gewettig is. Die nuwe dobbeloord gaan na bewering bo die ander uittroon. Die Indiane wil egter verhoed dat Costner dit doen, omdat hulle dit beskou as konkurrensie. Mike Jandreau van die Lower Brule Sioux-stam sê: "Dit is weer die ou storie van die rykes wat ryker word en die armes armer. Die casino's is vir ons 'n manier om 'n inkomste te kry op 'n wyse wat nie andersins moontlik is nie. Dit is net 'n voortgesette, suiwer kapitalistiese, immorele manier om voort te gaan en die Indiane te misbruik."

**B 70:**
Die Raad op Loterye en Dobbelary gaan aanbeveel dat dobbelary in Suid-Afrika gewettig word. Streng beheer moet egter toegepas word, het dié kommissie se voorsitter, prof. Nic Wiehahn, gesê op die Premiersforum in Nelspruit. As daar nie streng beheer kom nie en noue samewerking tussen die nasionale en provinsiale regerings agterweë bly, sal dit slegte gevolge hê en die bedryf blootstel aan al die maatskaplike euwels waaroor ander lande kla waar te min beheer en samewerking was, sê Wiehahn. Volgens 'n persverklaring wat die Premiersforum uitgereik het, bepleit Wiehahn 'n konserwatiewe houding oor dobbelary.

**B 71:**
Groter Hermanus is deur 'n nuwe maatskappy gekies as een van drie uitsoekgebiede om 'n reuse casinooord van R100 miljoen te ontwikkel. Behalwe die casino wat alle soorte dobbelgeriewe sal hê, sal die oord 'n luukse hotel insluit, asook 'n 18-putjiegholfbaan met 'n klubhuis, winkels, restaurante, konferensiegeriewe en vermaaklikheidsgeriewe vir tieners. Die maatskappy agter hierdie projek is Global Resorts. Die ontwikkelingsdirekteur van hierdie maatskappy, Jef Forrer, het gesê Hermanus kan die "middelpunt van vermaak aan die Suidkus" wees as die oord daar opgerig word. Meer as 500 nuwe werkgeleenthede sal geskep word, asook "rykdom vir al die mense in die gebied". Forrer sê verder dat die dobbeloord op 'n nabygeleë dorp gebou sal word as die plaaslike bevolking teen sy bedryf gekant is.

**B 72:**
In 'n lang berig word gemeld wat *Beeld* "betroubaar verneem" het oor die inhoud van die finale verslag van die Raad op Dobbelary en Loterye. Die kwessie van beheer loop soos 'n goue draad deur dié verslag. Prof. Wiehahn, voorsitter van dié raad, beskou beheer as "gebiedend noodsaaklik". Daar moet voorkom word dat maatskaplike euwels soos drank- en dwelmmisbruik en prostitusie 'n vastrapplek kry in plekke waar gedobbel word. Staatslotery en wettige casino's is 'n voldonge feit as die regering die aanbevelings aanvaar. Krapkaartspeletjies gaan voortbestaan, maar onder baie strenger beheer as tot dusver. In die verslag kom ook die betaling van belasting deur houers van dobbel- en casinolisensies na vore.

**B 73:**
Midrand gaan waarskynlik dié dobbelplek van Gauteng word. 'n Kontrak vir die oprigting van 'n reuse-casino op dié plek is gister onderteken. Dit gaan een van die grootstes in Gauteng wees. Hierdie besluit volg op die aanbevelings in die Wiehahn-verslag. Aansoeke van voornemende ontwikkelaars van tot Oostenryk, Australië en Amerika is ontvang. Die ontwikkelaars sal na bewering 'n minimum van R120 miljoen per ontwikkeling moet belê voordat goedkeuring gegee sal word. 'n Woordvoerder van die Midrandse stadsraad het gesê die raad ondersteun dié besluit. "Ons is baie opgewonde oor die komende ontwikkelings. Dit sal

Midrand 'n toeriste-attraksie maak en die gebied 'n ekonomiese inspuiting gee." In 'n indirekte sitaat sê hy voorts dat daar minstens twee casino's vir Midrand beplan word.

**B 74:**
In ses berigte word aandag bestee aan die finale verslag van die Raad op Dobbelary en Loterye, waarvan prof. Nic Wiehahn die voorsitter is (B 74 - B 79). In 'n lang berig word uitgespel wat in die verslag staan van die Raad op Dobbelary en Loterye, wat nou openbaar gemaak is (B 74). Daar word streng beheer op alle vorme van dobbelary voorgestel. Die raad beveel aan dat veertig lisensies uitgereik word, waarby ingesluit is die bestaande sewentien lisensies. Dié lisensies moet net gegee word aan aansoekers wat hulle verbind tot swart bemagtiging in aandeelhouding en bestuur. Volgens Wiehahn is die wettiging van dobbelary na 'n verbod wat eeue lank gegeld het, 'n dramatiese verandering, so sê hy in 'n indirekte aanhaling. Deur die wettiging kan miljarde rande vir die staat verdien word wat gebruik kan word vir die ontwikkeling van infrastruktuur en die opheffing van agtergeblewenes. Die bedryf kan 'n omset van R20 miljard per jaar hê en werk bied aan sowat 100 maal 20 000 mense. Oor die nadele van dobbelary sê Wiehahn matigheid is die sleutelwoord. Drankwinkels kan nie verbied word omdat enkelinge hulle aan drank vergryp nie. Die raad se heel eerste aanbeveling in sy verslag is dat navorsing gedoen moet word oor die nadelige uitwerking van dobbelary op die gemeenskap. Hy stel daarom voor dat 'n instituut of kliniek vir die behandeling van dobbelsugtiges ingestel word. Ajunk-president Thabo Mbeki het gesê die regering sal die bevolking se sterk morele en godsdienstige oorwegings in ag moet neem as hy 'n besluit neem. Hy het ondernemers wat vir casinolisensies of die bedryf van die nasionale lotery wil tender, gevra om geduldig te wees.

**B 75:**
Die twee belangrikste vrae oor die toekoms van die dobbelbedryf is nie deur die Wiehahn-kommissie beantwoord nie, sê Delano Caras, uitvoerende hoof van Kessel Feinstein Consulting, in *Sake-Beeld*. Eerstens gaan dit om die plek waar die 23 nuwe casino's moet wees, veral in watter provinsies. Tweedens hoe hulle belas gaan word. Die raad het aanbeveel dat die sentrale regering sal besluit oor waar die casino's moet wees. Die sentrale regering sal net gewone belastings hef, maar die provinsiale regering kan bykomende belasting hef. Die kommissie het egter oor daardie punt geen aanbeveling gedoen nie. "Die kommissie het die vraag ontwyk. As 'n mens in ag neem dat hy reeds twee en 'n half jaar lank met sy ondersoek besig was, is dit teleurstellend. Teen dié tyd moes daar uitsluitsel daaroor gewees het," sê Caras. Die ontbreek van 'n aanbeveling oor belastings is "die tweede belangrike leemte in die verslag. 'n Voornemende casinoeienaar moet weet teen hoeveel ander casino's hy gaan meeding en hoeveel belasting hy gaan betaal." Mannie Hirsch , 'n direkteur van Omar Sharif World Wide Games in Suider-Afrika, sê die bepaling dat slegs veertig lisensies landwyd toegestaan word, is belaglik streng. "Aangesien sewentien van die veertig lisensies reeds toegestaan is, laat dit maar 23 oor, omtrent twee en 'n half per provinsie as dit gelykop verdeel sou word." Vir Hirsch is die voorgestelde beperkings in die aanbevelings te streng. Peter Bacon, besturende direkteur van Sun International, sê die rapport is 'n billike dokument. "Die beperking tot hoogstens veertig lisensies vir casino's is nie vir ons 'n probleem nie. Casino's is belangrike toeriste-attraksies by superoorde en daar is regverdiging vir 'n beperking op die aantal casino's. Ons eie voorlegging aan die Wiehahn-kommissie was dat dit beperk word tot tussen 25 en 30 casinolisensies." Raymond Parsons van die Ithuba Trust, wat werk met krapkaartspeletjies, sê hy is verheug oor die nuus dat Ithuba se bedrywighede kan voortgaan en die lisensies daarvoor uitgereik sal word. "Dit is egter belangrik dat bestaande krapkaartondernemings langs 'n staatslotery moet kan voortbestaan. Dit word wêreldwyd in die loterybedryf gedoen. Ithuba sal aanbevelings in dié verband maak."

**B 76:**
'n Duidelike verbintenis tot swart ekonomiese bemagtiging en tot die verskaffing van kulturele en gemeenskapsdienste behoort 'n voorwaarde te wees vir die toekenning van 23 nuwe casinolisensies. Dit is een van die aanbevelings van die Wiehahn-kommissie. Die bestaande sewentien casino's in die voormalige TBVC-state, wat almal in eiendom van Sun International is, moet opnuut aansoek doen om lisensies vir hul casino's. By nuwe aansoekers behoort voorkeur gegee te word aan aansoekers wie se casinogeriewe werkgeleenthede skep en toerisme bevorder. Casino-operateurs kan self besluit of hulle ander vermaak ook wil aanbied. Ook word voorgestel dat 'n Nasionale Raad op Dobbelary en Weddenskappe in die lewe geroep word wat tussen provinsies sal koördineer en vereistes kan vasstel vir die soort slotmasjiene wat gebruik word en die spele wat aangebied word. Voorkeur behoort volgens die verslag aan Suid-Afrikaanse aansoekers om casinolisensie gegee te word, maar buitelanders moet nie uitgesluit word nie. 'n Lisensie behoort nie oordraagbaar te wees nie en net op een plek te geld. As aandeelhouding in die maatskappy wat

die lisensie hou, met meer as 5 persent verander, behoort goedkeuring van die lisensie-owerheid verkry te word. 'n Lisensie sal vir 'n onbeperkte tyd geld solank die houer voldoen aan die wetlike vereistes.

**B 77:**
Provinsiale regerings sal heelwat inkomste kan verdien uit die dobbelbedryf as die aanbevelings van die Raad op Dobbelary en Loterye aanvaar word. Daar is aanbevelings oor verpligte belangsting en gelde wat aan provinsiale regerings betaal sal moet word. Die eerste belasting gaan oor die bruto-prysgeld van die casino teen 'n koers en belastingfrekwensie wat deur die provinsie bepaal sal word. Ook is daar lisensiegeld vir die casino, sowel as 'n bedrag vir elke masjien en tafel wat deur die casino gebruik word. Elke provinsie kan enige ander belasting of heffing instel. Provinisies kan 'n voorafbedrag of waarborg vra wanneer 'n lisensie toegeken word. Casino's en verwante dobbelbedrywe sal egter nie BTW hoef te betaal nie. Ook vir die dobbelaars is daar fiskale aanbevelings. Wenners sal nie belasting op hulle prysgeld hoef te betaal nie. Aan die ander kant word aanbeveel dat alle dobbelskuld as wettige skuld beskou moet word. Ander aanbevelings is dat politici nie betrokke mag raak by besluitneming of beheerliggame in die dobbelbedryf nie en dat die sentrale en provinsiale regering en parastatale liggame geen aandele of ander vorm van mag in die dobbelbedryf mag hê nie, behalwe in die nasionale staatslotery.

**B 78:**
'n Ouderdomsperk van agttien jaar op dobbelary, streng voorskrifte vir boekhouding en ouditering deur casino's en 'n verbod op advertensies vir dobbelary by skole en in jeugtydskrifte is van die beheermaatreëls wat die Raad op Dobbelary en Loterye voorstel. Die raad stel ook voor dat alle casinowerkers gelisensieer moet word en dat hul opleiding gereguleer moet word. Ook moet boekgehou word van die wins en uitbetalings op elke individuele masjien en 'n raad moet minimumstandaarde stel waaraan dobbelmasjiene moet voldoen. In 'n indirekte sitaat sê prof. Nic Wiehahn dit is belangrik dat wedders vertroue in die bedryf moet hou.

**B 79:**
Die perdewenbedryf moet nie voorkeurbehandeling in die nuwe dobbelbedeling kry nie, maar moet toegelaat word om op gelyke voet mee te ding om lisensies vir ander vorms van dobbelary, volgens die Raad op Dobbelary en Loterye. Terselfdertyd moet verdere ondersoek ingestel word na die wettiging van hondewedrenne voordat enige aanbeveling gemaak kan word. Die raad beveel voorts aan dat weddenskappe op ander kompetisies tussen diere, soos wedvlugte tussen duiwe, hondegevegte, haangevegte, padda-springery, volstruiswedrenne en vlooispringery, verbode bly. Wat perdewedrenne betref, wys die raad op die lang geskiedenis van die bedryf en sê dit verskaf direk en indirek werk aan sowat 80 000 mense. Weddenskappe van sowat R3,5 miljard word jaarliks gehanteer.

**B 80:**
Pogings is in die skryf van die Wiehahnraad se verslag aangewend om prof. Nic Wiehahn "om te haal" om aspekte van die verslag in die guns van sekere mense en instansies te skryf. "Dit is interessant as 'n mens weet wat agter die skerms aangegaan het. Daar is pogings aangewend om gunste en voorkeure te kry", sê Wiehahn in dié berig. "Aan my is gesê: 'Professor, kan jy nie ons ruggie krap nie, dan krap ons jou ruggie'." Wiehahn sê dit het geen rol gespeel in die skryf van die finale verslag of die konsepwetgewing nie. Wiehahn sê daar is spesiale aandag gegee aan die gewilde krapkaartspeletjies soos Ithuba en Viva, "want die hele volk sou seker in opstand gekom het as ons dié speletjies stopgesit het. Dit is altyd moeilik om vas te stel watter persentasie van die geld wat geïn word aangewend word vir die sogenaamde goeie doelstellinge. Ons wou hulle nie in die gevaar stel nie."

**B 81:**
In die enigste redaksionele kommentaar wat *Beeld* oor dobbelary geskryf het, word die aanbevelings van die Wiehahnkommissie verwelkom. As die aanbevelings aanvaar word, kan Suid-Afrikaners "vir die eerste keer op 'n wettige manier probeer geld maak terwyl hulle wéét daar is geen sekerheid oor wat met hul geld gaan gebeur nie". Aan die groot invloed van die kerke het nou 'n einde gekom, konstateer die skrywer. "Kerke wat so lank daarin geslaag het om regerings onder die oortuiging te hou dat dobbelary en loterye verbied moet word omdat dit sonde is, ontbeer dus nou waardevolle hulp in hul stryd. Hulle sal nou groter oortuigingswerk onder hul miljoene lidmate moet doen. Daar is maar min Suid-Afrikaners wat nog nie aan een of ander "onskuldige" vorm van lotery of dobbelary deelgeneem het nie. Florerende dobbelplekke in die gewese onafhanklike swart state is bewyse daarvan." In dié kommentaar word die aanbeveling gesteun dat nie alles in die dobbelwêreld toegestaan moet word nie. " 'n Aanbeveling dat die regering steng beheer moet

hê, is te verwelkom." Maar ook het die skrywer oog vir die voordele van dobbelary. "Winste uit hierdie bedrywe kan groter belastinginkomste vir die staat verseker. Eienaars van die huidige sowat 2 500 onwettige casino's steek op die oomblik al die geld in hul eie sakke." Die konklusie in die kommentaar is dat "almal wat tot nou toe gedwing is om talle vorms van lotery en dobbelary op belaglike wyse as wedstryde te vermom, vorentoe nie meer so skynheilig sal hoef te wees nie".

**B 82:**
Sterk druk van verskeie ontwikkelaars word op die Wes-Kaapse regering geplaas om moontlike casinoontwikkeling op die platteland te vestig en nie in die metropool nie. Leon Fortes van die Fortes King Hospitality Groep beplan om by Caledon 'n casino van R9 miljoen te ontwikkel. Volgens hom bring dit sowat 64 maal 20 400 nuwe permanente werkgeleenthede. Indien een casino egter in die Kaapse metropool gevestig word en plattelandse ontwikkeling afgeskaal word, sal daar slegs 18 keer 20 220 nuwe poste ontstaan. Hy haal navorsing aan uit die VSA waaruit blyk dat die hoeveelheid indirekte werkgeleenthede by 'n casinooord op die platteland aansienlik hoër is as by 'n metropoolse kompleks. Gordon Oliver, uitvoerende hoof van Captour, steun die siening dat casino's eerder op die platteland gevestig moet word. Hy sê Captour het hom verbind om die voordele van toerisme deur die provinsie te versprei.

**B 83:**
Die Suider-Afrikaanse sokkerster Bruce Grobbelaar is in Engeland saam met enkele vriende in hegtenis geneem. Al vier word ondervra in verband met beweerde konkelary met die uitslag van sokkerwedstryde. Onder dié vriende was ook 'n Maleisiese sakeman, Heng Suan Lim. Die inhegtenisneming van hierdie persoon dui volgens dié berig opnuut op die betrokkenheid van 'n Maleisiese dobbelsindikaat. Die betrokke sindikaat het na bewering sowat R17 miljoen uit Newcastle se oorwinning oor Liverpool "verdien". Die Britse koerant *The Sun* het berig dat Grobbelaar geld van dié sindikaat ontvang het om doele deur te laat. Hy sou sowat R228 000 gekry het om te verseker dat Liverpool 'n wedstryd teen Newcastle verloor.

**B 84:**
'n Raad op Dobbelary en Loterye sal binnekort in Noordwes ingestel word. Amie Venter, NP-LUR vir ekonomiese sake en toerisme, sê die raad vir Noordwes sal "so gou moontlik" ingestel word as die beleid op nasionale vlak dit bepaal. Hierdie raad moet mnr. Venter onder meer adviseer oor aansoeke om dobbellisensies. Noordwes kan nie dobbellisensies uitreik voor die raad ingestel is nie.

**B 85:**
Daar is groot belangstelling uit Hongkong in die hotelbedryf in Suid-Afrika. Hierdie belangstelling is spesifiek gerig op dobbel- en toerismemoontlikhede. Die Suid-Afrikaanse konsul-generaal, Michael Farr, is deur 'n groot maatskappy in Hongkong genader wat spesifiek in die konstruksie van hotels en in toerisme belang stel. Die gewone mark van die Hongkongse maatskappy is Chinese dobbelaars. "Daar is geweldig groot dobbelkoors onder Chinese. Een het tot 20 miljoen Amerikaanse dollars vir drie dae se dobbel by Sun City laat oorstuur", sê Farr. Dié maatskappy wag egter nog op sekere inligting om besluite te neem. "Behalwe belasting is lae produktiwiteit, hoë lone en hoë materiaalonkoste vir hulle probleme. En dan is hulle doodsbang vir die vakbonde. Hulle wou aanvanklik opsluit hul eie arbeidskrag voorsien, want hulle weet hul eie mense sal nie staak nie." Farr het ook die name van hotels in die mark vir die Hongkong-maatskappy gegee.

**B 86:**
Die toekoms van hondewedrenne gaan deur die Raad op Dobbelary en Loterye onder oë geneem word nadat dit aanvanklik nie deel van die raad se opdrag was nie. In 'n kort berig word gesê dat die raad aanvanklik net 'n paar voorleggings oor hondewedrenne ontvang het, omdat hy mense nie spesifiek genooi het om voorleggings daaroor te doen nie. Belangstellendes kry nog drie weke kans om voorleggings te doen oor kwessies soos die aanhou en opleiding van honde. 'n Adres word gegee waarheen dié voorleggings gestuur moet word.

**B 87:**
Die bou van dobbelhuise en die heropening van myne is hoog op die agenda van die provinsiale wetgewer van Noord-Transvaal. Woordvoerder Joe Mathebula van ekonomiese sake in Noord-Transvaal het op 'n vergadering met sakemanne gesê nuwe dobbelhuiswetgewing skep 'n geleentheid vir ekonomiese bedrywighede. Dobbelhuise sal werk skep en belastinginkomste vermeerder wat vir padbouprojekte en die verspreiding van water aangewend kan word. Mathebula het verder gesê toenemende werkloosheid het

daartoe bygedra dat die provinsie dit oorweeg om sekere myne te heropen. Dié stap sal egter nie lonend wees nie.

**B 88:**
'n Matriekleerling van 'n informele nedersetting het 'n kitsmiljoenêr geword deurdat sy meer as R1 miljoen by die Amatola Sun in Bisho gewen het, sê 'n berig van een paragraaf. Volgens 'n woordvoerder van Sun International was die 25-jarige vrou stomgeslaan. "Ons moes oor en oor vir haar verduidelik dat sy nou baie ryk is."

**B 89:**
Gauteng gaan 'n wet op dobbelary indien waarmee die lisensiëring van casino's en dobbelary beheer sal word. Daar is internasionaal en plaaslik groot belangstelling hierin en rekeningkundiges sien dit as 'n aansienlike bron van inkomste, sê Andrew Feinstein , voorsitter van Gauteng se staande komitee vir ekonomiese sake, in enkele indirekte aanhalings. Weddenskappe op sport wat in Desember 1994 ingestel is, het reeds 'n aansienlike omset gelewer wat ook met vrug as 'n bykomende inkomstebron aangewend kan word. Feinstein het goeie hoop dat weddenskappe op sport wel nog 'n aansienlike bydrae tot die provinsie se inkomste sal kan lewer, aangesien dit nog betreklik onverfyn en nie behoorlik uitgetrap is nie. Wanneer na Gauteng se begrote tekort gekyk word, moet ook inaggeneem word dat die provinsie 'n aansienlike inkomste behoort te kry uit die staatslotery wat later in 1995 beslag sal kry. Die provinsie moet sy deel van die koek opeis.

**B 90:**
Na jare van wik en weeg van regeringskant en onwettige streke van die bevolking se kant, kan Namibiërs nou na hartelus dobbel ná die opheffing van die dobbelwet. Sedert 1 Desember 1994 is die dobbelwet, wat soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse wet was, opgehef. Volgens die nuwe wetgewing word daar 'n duidelike onderskeid tussen 'n casino en 'n gelukspel getref, en daar moet afsonderlik aansoek gedoen word om lisensies daarvoor. 'n Eienaar van 'n casinolisensie mag nou speelmasjiene sowel as roelettafels tot sy gaste se beskikking stel. Die eienaar van 'n gelukspellisensie mag egter net masjiene op sy perseel toelaat. Sedert die verandering in die wetgewing is daar al honderde lisensie-aansoeke ontvang.

**B 91:**
Die Raad op Dobbelary en Loterye het besluit om te vra dat spesiale dobbelwetstoepassers in elke provinsie aangestel word, omdat die owerhede nie self die wette teen onwettige casino's toepas nie. Die raad het ook gesê hy is bekommerd oor die uitbreiding van sekere loterye, onder meer krapkaartspeletjies, wat afgeskaal moet word wanneer nuwe wetgewing oor loterye ingestel is. Op 'n vergadering van die raad is gepraat oor "die onstellende voortgesette bestaan van onwettige casino's in die land. Die raad meen 'n gereguleerde en gekontroleerde dobbelstelsel kan nie slaag teen 'n florerende onwettige dobbelbedryf nie", sê die raad. Die raad wil Sydney Mufamadi, Minister van Veiligheid en Sekuriteit, nader oor die aanstelling van vrederegters om die dobbelwette toe te pas en oortreders aan die kaak te stel.

**B 92:**
Prof. Nic Wiehahn het nooit besef dat honde soveel emosie by mense wakker kan maak nie. Hy het dit gesê na aanleiding van voorleggings oor honderesies wat aan die raad gedoen is. In die verslag wat die raad in Februarie aan die regering oorhandig het, is aanbeveel dat honderesies verder ondersoek moet word. Sedertdien het Wiehahn-hulle voorleggings oor hierdie kwessie ontvang en daaruit afgelei dat daar geweldige meningsverskil bestaan oor die vraag of honderesies gewettig moet word. Party mense dink dis dieremishandeling terwyl ander mense die teenoorgestelde dink. Die raad wil na die verkry van voorleggings van mondeling getuienisse 'n spesiale aanvulling op die verslag doen.

**B 93:**
Lede van die Polisie se moraliteitseenheid in Pretoria het beslag gelê op 25 dobbelmasjiene met 'n waarde van sowat R250 000 en R13 000 wat in die masjiene is. Dié optrede was nadat klagtes ontvang is oor onwettige dobbelary reg oorkant die rolprentteaters in die Sammy Marks-winkelkompleks in die middestad van Pretoria. Adjudant-offisier Naas Rademeyer van die eenheid het gesê hulle het eers seker gemaak die masjiene betaal geld uit voordat lede van die eenheid toegeslaan het. Volgens Rademeyer bepaal die Dobbelwet dat daar op geen perseel dobbelmasjiene aangehou mag word wat strydig is met wetsbepalings nie. Dit kom daarop neer dat geen geld of ruilmunte aan mense uitbetaal mag word nie. Die Polisie sal aanhou om die bestaande wette toe te pas totdat 'n nuwe wet geld. Michael Werner, regsverteenwoordiger

van die onderneming wat die masjiene besit, beweer die masjiene waarop die Polisie beslag gelê het, is loteryterminale en nie dobbelmasjiene nie. Hy gee toe die masjiene betaal geld uit, maar volgens hom samel die onderneming geld vir welsynswerk in.

**B 94:**
Wettige, gelisensieerde casino's, onder streng beheer, gaan in die Wes-Kaap opgerig word. Die plan is om die lisensies daarvoor teen einde 1995 toe te ken, het Hernus Kriel, Wes-Kaapse premier, in die wetgewer aangekondig. Kriel het gesê hy glo daar behoort nie meer as sewe casino's in die Wes-Kaap te wees omdat die provinsie "nie soos 'n Las Vegas moet word met 'n casino op elke hoek nie". Hy het voornemende eienaars gevra om hul aansoeke gereed te kry.

**B 95:**
Sakelui het die Wes-Kaapse premier Hernus Kriel se voorstel verwelkom dat die Wes-Kaap sy eie casino's moet kry, maar hulle het ook sekere voorwaardes gestel vir die inwerkingstelling daarvan. Die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) het die voorstel "in beginsel" ondersteun omdat dit bykomende werkgeleenthede en welvaart vir die provinsie kan skep. Volgens Choppie Vorster van die AHI moet mense uit die streek egter aangestel word by dié casino's en moet regstellende aksie toegepas word by die aanstellings, sê hy in 'n indirekte aanhaling. Daar moet geen twyfel oor die finansiële integriteit van voornemende casinoeienaars wees nie. Kobus Steyn van die Kaapse Sakekamer sê die oprigting van casino's kan tot groot kapitaalinvloei na die streek lei. Maar ook hy stel sekere voorwaardes. "Die Wes-Kaap se rol in die toerismebedryf moet ook deeglik in gedagte gehou word wanneer daar oor die ligging van die casino's besluit word. Die Wes-Kaap se toerisme-aantreklikhede is anders as byvoorbeeld Gauteng s'n en is meer op die natuur en die gepaardgaande ekotoerisme gerig. Goeie oordeel moet dus aan die dag gelê word dat die casino's versoen kan word met ander kultuur- en natuurgerigte toerisme-aktiwiteite", sê Steyn.
Die Kaapse Kamer van Handel en Nywerheid meen dat die sterk wedywering wat mag ontstaan tussen tenders vir casinoregte aangewend moet word om kapitaal in te samel vir die oprigting van 'n internasionale konferensiesentrum in Kaapstad. Volgens dié kamer se adjunk-direkteur, Colin Boyes, steun hulle die wetgewing om dobbelary te beheer en meen dat casino's swaar belas moet word ten einde so veel as moontlik inkomste vir die provinsie te verdien.

**B 96:**
Openbare voorleggings oor hondewedrenne het byna onophoudelik by die kantoor van die Raad op Dobbelary en Loterye ingestroom. "Die reaksie was uitstekend. Die spertyd het verstryk en ons maak vandag die laaste pos oop", sê die raad se voorsitter, prof. Nic Wiehahn. Uit die voorleggings oor onder meer die aanhou en opleiding van honde, hul welsyn by die beëindiging van hul loopbaan en die rol van veeartse, blyk dit dat sowat die helfte van die belangstellendes ten gunste van wedrenne is. Die raad het die toekoms van hondewedrenne weer onder oë begin neem nadat dit aanvanklik nie deel van sy opdrag was nie.

**B 97:**
Die private sektor in Swaziland het hom gevra om die verbod op casino's in Oos-Transvaal so lank moontlik in stand te hou, sê prof. Nic Wiehahn in *Sake-Beeld*. Die private sektor in dié land wil sowat R70 miljoen aan die Royal Swazi- en Pigg's Peak-casino's bestee. Dié sektor wil egter nie met sulke planne voortgaan as casino's binnekort ook in Oos-Transvaal gebou gaan word nie.

**B 98:**
'n Amerikaanse casinomaatskappy het ooreenkomste met "drie sterk kandidate" vir casinolisensies in Suid-Afrika aangegaan met die doel om vastrapplek in die plaaslike dobbelbedryf te kry. Century Casinos uit Denver, Colorado, het bekend gemaak dat hy ooreenkomste aangegaan het met verskeie Suid-Afrikaanse maatskappye. Die eerste van hulle is Global Resorts, die casinoarm van Rand Aksepbank, wat aansoek doen om landwyd casinolisensies te kry. Die tweede is Klub Mykonos, vir 'n lisensie by die Klub Mykonos-oord op Langebaan, en as derde Tom Shearer, wat aansoek doen vir 'n lisensie by die Ranch Hotel-oord digby Pietersburg in Noord-Transvaal. Volgens Peter Hoetzinger van Century Casinos het die groep reeds meer as honderd casino's vir twee groot Europese casino-organisasies in twintig lande ontwikkel en bedryf. Die maatskappy het "duisende werkgeleenthede" geskep vir ongeskoolde werkers en heelparty personeellede verder opgelei. Century Casinos het die afgelope ses maande uitgebreide marknavorsing in Suid-Afrika gedoen voordat hy besluit het om betrokke te raak by die casinolisensiëringsproses. "Die professionalisme en uithouvermoë van die Raad op Loterye en Dobbelary, sy voorsitter, prof. Nic Wiehahn, en die provinsies, om

'n goed gereguleerde bedryf op 'n hoogs internasionale peil te vestig, het ons oorgehaal om na Suid-Afrika te kom", sê Hoetzinger.

**B 99:**
Die Polisie sal dit voortaan uiters moeilik vind om eienaars van dobbelhuise te vervolg nadat 'n Kaapstadse landdros die grondwetlike geldigheid van Afdeling 6 van die Wet op Dobbelary bevraagteken het. Landdros P.S. Sauerman het in 'n saak waarin verskeie mense teregstaan op Dobbelwet-aanklagte, gesê die staat het oënskynlik staatgemaak op "sekere aannames van skuld" wat in die wet bestaan het. Hy het die beskuldigdes die geleentheid gegee om die saak na die Hooggeregshof te laat verwys en indien nodig ook na die Konstitusionele Hof.

**B 100:**
Provinsiale regerings het groot verwagtinge oor die inkomste wat hulle uit casinolisensies kan verdien. Daar sal wel groter samewerking tussen die verskillende provinsies moet wees om dié inkomstebron behoorlik te benut. Dit is die waarskuwing van Dean Wallaca, vennoot van die sakekonsultante Arthur Andersen. Wallace sê maatskappye sal waarskynlik vooraf groot bedrae vir sulke lisensies moet betaal, maar die maatskappye sal net bereid wees om dit te doen as die lewensvatbaarheid van hul projekte gewaarborg word. Dit beteken dat aansoekers waarskynlik sal eis dat daar vir 'n bepaalde tydperk geen ander casino in 'n radius van sestig tot honderd kilometer toegelaat moet word nie. Die probleem is nie dat die provinsie nie bereid sal wees om eksklusiwiteit in sy gebied te waarborg nie, maar dat so 'n casino onverwagse mededinging kan kry van 'n casino wat in 'n naburige provinsie opgerig word. "Dit is egter te betwyfel of ontwikkelaars bereid sal wees om werklike groot projekte aan te pak as hulle met strawwe mededinging van naburige provinsies te doen gaan kry. In gevalle waar provinsies nie 'n mate van eksklusiwiteit kan waarborg nie, sal die bedrae wat ontwikkelaars bereid is om vir lisensies te betaal, waarskynlik ook heelwat afneem", sê Wallace. Volgens hom is daar 'n duidelike behoefte daaraan dat die Raad op Dobbelary en Loterye duidelike riglyne voorskryf oor die hoeveelheid lisensies wat elke provinsie mag toeken en watter tipe lisensies dit mag wees. Hy meen egter nie dat die raad kan voorskryf waar sulke lisensies toegeken kan word nie. "Marktoestande sal bepaal waar die casino's uiteindelik gevestig sal word."

**B 101:**
'n Dobbelraad vir Gauteng sal teen Julie 1995 gereed wees, het die LUR vir Ekonomiese Sake, Jabu Moleketi ,in Johannesburg gesê. 'n Tenderraad gaan onder meer in werking gestel word om te verseker dat die toekenning van dobbellisensies 'n deursigtige proses is. Die LUR het beloof dat wetgewing om die bedrywighede van die dobbelraad in die provinsie te reël binne die volgende twee maande gereed sal wees.
In hierdie berig is daar net 'n indirekte aanhaling van die LUR. Die informasie wat in dié sitate gegee word, het ook te doen met die beter funksionering van die dobbelbedryf.

**B 102:**
Die regering moet die onwettige dobbelbedryf sluit, want buitelandse beleggers sal nie in die bedryf belang stel as wetgewing daaroor nie toegepas word nie, sê die uitvoerende hoof van Three Cities Hotels, Russen Stevens, in 'n onderhoud in *Sake-Beeld*. Hy het die regering op 'n konferensie oor die dobbelary- en vermaaklikheidsbedryf daarvan beskuldig dat hy nie die wil het om die huidige onwettige bedryf te sluit nie. "Ons sal geen grootskaalse invloei van kapitaal sien as die wette wat die dobbelbedryf moet reguleer, nie toegepas word nie." Daarbenewens moet die wettiging van dié bedryf so gou moontlik geskied. Die aankondiging van minister Chris Fismer dat die Dobbelraad eers in November 1995 ingestel sal gaan word, teen middel 1996 tenders vir 'n staatslotery sal vra en dit eers 'n jaar later sal begin opereer, stem hom onrustig, sê Stevens. "Tyd is van die uiterste belang. 'n Negatiewe persepsie het reeds ontstaan oor die aanbieding van die Wêreldbekertoernooi in Suid-Afrika. As daar boonop probleme is oor die wetstoepassing in die casinobedryf, sal die land gebrandmerk word as 'n minimark sonder die potensiaal om 'n supermark te word." Daarnaas moet daar sentrale beplanning in die bedryf wees. "Ons wil gesonde mededinging in die bedryf sien. Ons mag nie afbrekende mededinging toelaat nie." Die beplanning moet van die sentrale regering na die provinsiale owerhede oorgedra word. Die beplanning moet streng deur operasionele vraagstukke gedikteer word. Stevens sien oneindige voordele vir die toeristebedryf as geheel as casino's reg aangewend word. Dit sal bydra tot die opgradering van die infrastruktuur in stede waar die sentrale sakegebiede aan die verval is en nuwe ontwikkelings moontlik maak. "Elke groot stad in Australië het reeds 'n casino of beplan een. Dit lok sowat 6 miljoen toeriste per jaar uit Asië," sê hy.

**B 103:**
Die wipplankwedstryd tussen die eienaar van 'n onwettige casino in Pretoria en lede van Sanab se moraliteitseenheid het 'n wending geneem toe die polisie die dobbeltoerusting waarop Oktober 1994 beslag gelê is, teruggegee het. Daar is ook sprake van 'n siviele eis teen die polisie van tot R8,5 miljoen. Harry Vlavianos, eienaar van die Luckster's Casino, beoog om binnekort weer die casino te bedryf dalk nog voor die Wêreldbekertoernooi verby is. Kaptein Dup du Plessis van die moraliteitseenheid het egter gewaarsku sodra die casino sy deure heropen sal hulle binne 'n uur daar wees. "As ons vind dat die Dobbelwet oortree is, sal ons weer op die toerusting beslag lê en die saak weer in die hof draai." Volgens hulle regsverteenwoordiger, André Wilkens, oorweeg hulle 'n eis van sowat R8,5 miljoen teen die polisie, onder meer weens verlies aan inkomste.

**B 104:**
Belasting in die dobbelbedryf sal internasionaal mededingend moet wees omdat die bedryf moet meeding om internasionale toerisme, sê prof. Michael Katz, voorsitter van die regering se belastingadvieskommissie. Hy het gewys op die belastingkoerse in Amerika en Europa. In die Amerikaanse staat Nevada, waar die wêreld se dobbelhoofstad Las Vegas geleë is, is die koers sowat 6,25 persent van die basiese kontantinkomste by dobbeltafels. Omdat die dobbelbedryf meeding in die wêrelddorp om die internasionale toeris, sal hierdie syfers in aanmerking geneem moet word. Katz het egter ook slegte nuus vir die dobbelbedryf. Dit sal uiters moeilik wees om vrystelling van BTW of 'n BTW-nulkoers te regverdig in die lig van die Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram (HOP), het hy gesê voor die eerste konferensie oor die dobbelbedryf in Suid-Afrika in Johannesburg. 'n Ander opmerking wat Katz gemaak het is dat die dobbelbedryf nie oorbelas moet word nie. "Dit sal ook die onwettige dobbelary in die hand werk. Dobbelary moet egter vir die regering inkomste verdien. In oorsese lande word lisensiefooie en hernuwingsfooie betaal."

**B 105:**
Gauteng kan daarop reken om vyf casinolisensies te kry, sê Ernie Joubert, besturende direkteur van Global Resorts, wat meeding om 'n plek in die opkomende dobbelbedryf. Een van die casino's sal waarskynlik in die Johannesburgse middestad wees en die ander in buitewyke. 'n Herbeplande hotel in die Johannesburgse middestad asook persele in Nieu-Doornfontein en naby Parkstasie word as moontlike standplase oorweeg, sê Joubert. Die vyf casino's in Gauteng sal belasting van tussen R50 miljoen en R143 miljoen per jaar oplewer. Elkeen sal tussen R400 miljoen en R1,2 miljard kos, bereken teen die randwaarde in 1998 wanneer die projekte waarskynlik voltooi sal word. Die gesloer met die toestaan van lisensies kos die regering egter sowat R1 miljard per jaar net aan belasting teen 'n koers van 15 persent. Daarbenewens kan die nuwe bedryf sowat 40 000 werkgeleenthede in hotels en casino's skep sonder die inagneming van aanvullende werkgeleenthede in die boubedryf. Die ekonomie sal 'n inspuiting van sowat R10 miljard kry.

**B 106:**
In *Sake-Beeld* sê prof. Nic Wiehahn dat Suid-Afrika dalk tot 53 casino's kan kry pleks van die veertig wat in die Wiehahn-verslag aanbeveel word. Prof. Wiehahn wil die verhoging moontlik voorstel in 'n bykomende verslag wat aan die regering voorgelê gaan word. "Die gemiddelde syfer vir casinolisensies teenoor die bevolkingsyfer is sowat 885 000 inwoners per casino. Ons het een lisensie per een miljoen inwoners as maatstaf gebruik, maar sal moontlik meer lisensies aanbeveel in 'n bykomende verslag", sê Wiehahn. 'n Tweede bykomende verslag moet handel oor die getal casinolisensies wat aan elke provinsie toegeken moet word. Dit sal onder meer afhang van die inkomste van elke provinsie, die grootte van elke provinsie en die inkomste per kop.

**B 107:**
Aansoekers om casinolisensies sal met woord en daad moet bewys dat hulle verbind is tot swart ekonomiese bemagtiging en dat hulle eerbare mense van aansien is. Die sakekonsultant Delano Caras het by die eerste Suid-Afrikaanse konferensie oor die dobbelbedryf gesê die provinsiale owerhede sal seker moet maak dat ondernemers wat casinolisensies kry, die beloftes wat hulle in hul aansoek om die lisensies gedoen het, sal nakom. "Die owerheid sal die bewyse wil hê om later seker te maak dat die lisensiehouer die beloftes wil hê om later seker te maak dat die lisensiehouer die beloftes nakom wat gedoen is. Kopieë en 'n opsomming van al die kontrakte wat met die projek saamgaan, moet ook by die aansoek ingesluit word." Die aansoeker sal die verwagte grootte van sy lisensie moet skat. Omdat dit 'n nuwe bedryf is, sal hy nie weet waar sy mededingers geleë gaan wees nie. "Die aansoeker het heelwat geluk nodig." Ook sal hy moet duidelik maak

wat die uitwerking van sy lisensie op 'n gemeenskap is. "Die aansoeker sal die owerheid moet oortuig dat hy die gemeenskap op 'n doeltreffende wyse by die casino betrek."

**B 108:**

Die casino- en hotelgroep Sun International van Sol Kerzner gaan voort met die beplanning van sy eie dobbelhuis in Windhoek se middestad, ondanks die feit dat 'n aansoek vir die uitreiking van 'n casinolisensie nie op die rol verskyn vir die sitting van die casinoraad nie, berig *Sake-Beeld*, wat aanhaal uit die Windhoekse dagblad *Die Republikein*. Daar is verneem dat die beplande casino minstens een verdieping van die bestaande hotel Kalahari Sands sal bestaan. Dié hotel het vroeër 'n aansoek by die casinoraad ingedien vir 'n casinolisensie, maar die aansoek is later van die rol verwyder. Die enigste lisensie wat tot nou toe deur die raad goedgekeur is, is vir die Sakopmund-Hotel en vermaaklikheidsentrum van Stocks & Stocks in Namibië. Die Kalahari Sands, wat 'n volle filiaal van die Sun Internationalgroep is, het die gerugte as onwaar bestempel, aangesien verskeie opsies oorweeg word oor die deel van die hotel en die gebou waarin die casino gevestig gaan word. Volgens 'n direkteur, Dieter Volgts, is die aansoek vir die casinolisensie deur Kalahari Sands uitgestel en sal weer op die rol geplaas word op versoek van die hotelgroep. Verskeie moontlikhede word oorweeg.

**B 109:**

Australië se rykste man, die mediamagnaat Kerry Packer, het sowat R72 miljoen binne veertig minute in die kaartspel blackjack gewen in 'n Las Vegas-casino. Packer, een van die dobbelaars wat die grootste bedrae ter wêreld op die spel plaas, het die casino se blackjacklokaal tien dae gelede vir sy persoonlike gebruik gereserveer en sowat R900 000 op elke spel verwed.

**B 110:**

Die volgende ronde in 'n dobbelhuiseienaar se hardnekkige stryd om sake in Pretoria te doen, het begin. Mense kan weer kanse waag in 'n dobbelhuis, wat volgens die eienaar nie geld uitbetaal nie. Harry Vlavianos, eienaar van 'n casino in die Pretoriase middestad, meen hy oortree die Dobbelwet "op geen manier" nie. "Mense koop wel dobbelskyfies, maar ons betaal nie geld uit nie", sê hy. Die prys van dobbelskyfies sluit kos en drank in. "Voorheen het ons sertifikate aan mense gegee wanneer hulle hul skyfies ingee, maar ons doen dit nie meer nie. Die dobbelaars doen dit omdat hulle dit goed vind. Mense wat wil geld wen, sal na een van die ander casino's moet gaan", sê Vlavianos. Die polisie het in Oktober 1994 op sy dobbelhuis se toerusting beslag gelê. Die eienaar en twee kollega's is daarvan beskuldig dat hulle dobbelary in sy hotel bedryf het. Die saak teen hulle is teruggetrek omdat 'n sleutelgetuie van die polisie verdwyn het.

**B 111:**

Die vestiging van 'n casino en verwante geriewe van sowat R400 miljoen in Klerksdorp is in beginsel deur die stadsraad aanvaar. Dié besluit van die raad is onderworpe daaraan dat die ontwikkelaar op 'n deurlopende basis met die betrokke raadskomitees, insluitend die Heropbou-en-Ontwikkelingskomitee, samesprekings voer. Onderhandelings sal voorts met die ontwikkelaar gevoer word met die oog op die moontlike insluiting van die Klerksdorpse gholfbaan en die Faan Meintjies-natuurreservaat as deel van die ontwikkeling. Die ontwikkelaar het verlede week voorleggings oor die beplande casino aan die raad gemaak. Die raad gaan binnekort 'n afvaardiging na die regering van Noordwes stuur om oor dié provinsie se casinobeleid te praat.

**B 112:**

Brittanje se nasionale lotery, wat einde 1994 van stapel gestuur is, is besig om in 'n nasionale nagmerrie te ontaard. Die land se nuwe kitsmiljoenêrs word dikwels gedwing om weg te kruip vir mense wat haatveldtogte teen hulle voer of wat bedelbriewe aan hulle stuur. Skenkings aan kleiner welsynsorganisasies het aansienlik gedaal en ondersteuningsgroepe sê die aantal dobbelverslaafdes is besig om vinnig toe te neem. Meer as die helfte van die land se volwassenes koop elke week loterykaartjies. Die Britse koerant *The Guardian* het in 'n artikel geskryf: "God het 'n nuwe hel geskep om die boerpot in die nasionale lotery te wen. Jou gesinslewe kan verkrummel en jy kan die teiken word van openbare bespotting." Dit is presies wat gebeur het met die nuutste wenner, die sakeman Mark Gardiner. Hy het verlede week sowat R129 miljoen gewen, maar sy gewese vrou beskryf hom nou in die openbaar as 'n "tweegesig-skurk". Sy skoonma het gesê sy hoop hy drink hom dood. Een van die eerste wenners was 'n fabriekwerker wat sowat R100 miljoen gewen het. Hy moes verhuis en sy naam verander nadat stryery met familie en vriende onhoudbaar geword het. Talle politici en verskeie koerante het reeds gevra dat die prysgeld verlaag word. "Geeneen het soveel geld nodig of kan dit selfs op sinvolle wyse bestee nie", sê *Today* in 'n hoofartikel.

**B 113:**
Strenger stappe sal teen onwettige dobbelary ingestel word nadat die kabinet goedgekeur het dat die Nasionale Dobbelwetsontwerp en die Wetsontwerp op Loterye by die parlement ingedien word. Minister Chris Fismer van Algemene Dienste het ná die kabinetsvergadering gesê die regering is besorg oor die onaanvaarbaar hoë voorkoms van onwettige dobbelary. Saam met die ministers van Justisie en van Veiligheid en Sekuriteit oorweeg hy strenger stappe en 'n gesamentlike poging om effektief teen dié onwettige bedrywighede op te tree. Provinsiale wetgewers sal voorsien word van konsepwetgewing oor dobbelary. As die wetgewers dit verkies, kan hulle dit vir moontlike aanvaarding of integrasie in hul huidige wetgewing oorweeg. In die konsepwetsontwerpe, wat deur die kabinet goedgekeur is, voorgestel dat die eienaarskap van die Nasionale Lotery by die staat sal berus, maar dat dit deur 'n buite-instansie op 'n kontrakbasis bedryf sal word. Opbrengste wat deur die Nasionale Lotery gegenereer word, sal aan die Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram (HOP), welsyn, sport en ontspanning, kuns, kultuur en erfenisbewaring toegedeel word.

**B 114:**
Die potensieel plofbare situasie oor die hoeveelheid casino's wat die regering aan elke provinsie gaan toeken, word vroeg Julie 1995 op die spits gedryf. Die Raad op Dobbelary en Loterye het in sy verslag oor 'n dobbelbedryf vir Suid-Afrika twee kwessies rondom die bedryf nie aangespreek nie. Eerstens is dit die hoeveelheid casino's vir elke provinsies en die wettiging van honderenne. Volgens prof. Nic Wiehahn, voorsitter van die raad, sal die aanvullende verslag oor dié kwessies waarskynlik op 3 Julie afgehandel wees en sal dit kort daarna aan die regering oorhandig kan word. Kort nadat die raad se verslag oor dobbelary vrygestel is, het woordvoerders uit die sakegemeenskap gesê hulle wag in spanning op die raad se aanbevelings oor die toekenning van casino's aan die nege provinsies. Veral sakelui met gevestigde belange in die dobbelbedryf (in die TBVC-lande) het die vrees uitgespreek dat die provinsies waarin dié belange nou gehuisves is, minder casino's gaan kry as wat bestaan. Dit sal meebring dat casino's gesluit moet word en dat huidige dobbelbase op gelyke voet in ander provinsies om casinoregte aansoek sal moet doen. Vir die provinsiale wetgewer is dié toekenning ook baie belangrik, omdat casino's 'n groot bron van inkomste vir die provinsies sal wees. Benewens belasting wat gehef kan word, sal dit toeriste lok, wat ook die ekonomie sal stimuleer. Wiehahn wil hom nie uitlaat oor hoe die raad die verdeling tussen die provinsies gaan doen nie, maar aanduidings bestaan dat Gauteng 'n groot sny van die casinokoek gaan kry. Gauteng het nou geen wettige casino's nie. Oor die kwessie van honderenne sê Wiehahn die raad is oorval met versoekskrifte en voorleggings in verband daarmee. Mondelinge getuienis vir en teen hondewedrenne is verlede week aangehoor. "Dit blyk steeds 'n baie emosionele kwessie te wees en geen finale besluit is nog geneem nie."

**B 115:**
Die noordwestelike metropolitaanse substruktuur van Johannesburg het op 'n buitengewone vergadering hier besluit om grond ter waarde van R2,5 miljoen in Ruimsig aan 'n ontwikkelaar te verkoop vir die moontlike bou van 'n hotel en casino ter waarde van R500 miljoen. Die uitvoerende komitee se voorstel dat 'n opsie vir 'n periode van twaalf maande vir die koop van die grond aan Shackman Bros Developers CC gegee word sodat die maatskappy om casino- en hotelregte aansoek kan doen, is deur dié struktuur aanvaar. Voorwaardes is dat die ontwikkelaars sover moontlik gebruik maak van plaaslike arbeiders wanneer die casino en hotel gebou word en dat plaaslike mense deur die hotel en casino in diens geneem word. ANC-lede het daarop aangedring dat die finansiële status en die identiteit van die ontwikkelaars se opdraggewer bekendgemaak word. Lede van die KP, ACDP en Vryheidsfront het teen die voorstel gestem. ACDP-woordvoer Janice Dodkins het gewaarsku dat dobbelary een van die grootste oorsake van kinderverwaarlosing en die verbrokkeling van die gesinslewe is. "Dobbelary kan 'n groot sosio-ekonomiese probleem word wat net soveel probleme as dwelmmiddels en alkohol kan veroorsaak. Dobbelary gaan nie werkgeleenthede daarstel nie. Die werklose mense sal steeds sonder werk wees. Misdaad neem geweldig toe in gebiede waar dobbelhuise gevestig word", sê Dodkins. Die medevoorsitter van die uitvoerende komitee, Pelham Jones, sê hoewel 'n casino 'n negatiewe uitwerking op die gesinslewe kan hê, kan die ontwikkeling van bykans R500 miljoen 'n geweldige inspuiting vir die gebied se ekonomie wees.

**B 116:**
Die dobbel- en loterybedryf in Suid-Afrika gaan inkomste van miljarde rande genereer waarvan 'n groot persentasie uiteindelik in die hande van klein- en medium-ondernemings gaan beland, sê Duane Burke, hoofbestuurder van die Amerikaanse Public Gaming Research Institute (PGRI), in *Sake-Beeld*. Die PGRI aanstaande maand saam met die Suid-Afrikaanse Besigheidskamer (Sabek) aanstaande maand een van die

grootste konferensies nog oor dobbelary en lotery in Afrika by Sun City hou. Daar bestaan groot verwagtinge onder die oorsese maatskappye dat Suid-Afrika as 'n wegspringplek gebruik kan word na die res van Afrika. Afrika is die een vasteland in die wêreld wat nog glad nie 'n ontwikkelde dobbelbedryf het nie. Volgens Burke besef oorsese instellings ook die nodigheid om plaaslike vennote te betrek by hul projekte. "Daar bestaan 'n behoefte om saam te werk met plaaslike mense en om swart mense te betrek. Enigiemand in Suid-Afrika sal die kans hê om betrokke te raak by die bedryf en, glo my, dit gaan 'n ontploffing wees." Volgens Burke is daar groot geleenthede vir klein en mediumondernemings in die bedryf. Dié ondernemings is wêreldwyd suksesvolle verskaffers van loterye en casino's en vervaardig oor die honderd produkte, met inbegrip van kaartjies en advertensies. "Dit is wonderlik dat klein ondernemings so goed ingespan kan word in die loterybedryf, wat wêreldwyd deur regeringsinstansies bestuur word. Dié instansies wil oorhoofse kostes en administrasie so ver moontlik sny en gebruik dus plaaslike klein-ondernemings." Een belangrike voordeel van die ontwikkeling van die dobbel- en loterybedryf in Suid-Afrika is die bemagtiging van swart mense en die skep van grootskeepse werkgeleenthede. "In Atlantic City werk sowat 3 600 mense in een casino en 3 600 mense in die hotel by die casino. Die bedryf is 'n beduidende skepper van werkgeleenthede."

**B 117:**
Hazyview en Witbank lyk steeds na die voorlopers in die wedloop om Oos-Transvaalse casinolisensies, ondanks 'n onlangse ouditeursverslag waarvolgens Nelspruit as 'n beter keuse as Hazyview uitgewys word. Die regering kyk na Hazyview en Witbank met die oog op casinolisensies, sê die LUR vir Ekonomiese Sake en Toerisme, Jacob Mabena, in 'n verklaring. Die Provinsiale Dobbelraad sal die besluit hieroor in oorleg met die uitvoerende raad neem, gegrond op maatstawwe van die Dobbelraad. Die Oos-Transvaalse Wetsontwerp op Casino's en Dobbelary is onlangs in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer. Dit maak onder meer voorsiening vir die beheer en regulasie van casino's, die aanstel van 'n provinsiale dobbelraad deur die LUR en die toekenning van casinolisensies. Wanneer die Oos-Transvaalse Wet op Casino's en Dobbelary op die wetboek geplaas is, sal die LUR alle belanghebbendes nooi om kandidate vir die provinsiale dobbelraad te benoem. Dié raad sal onmiddellik nadat dit tot stand gekom het, met die proses begin om aansoeke vir casino en ander dobbellisensies te ontvang.

**B 118:**
Daar kan geen beswaar teen dobbelary as sodanig wees nie, sê die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die Algemene Vergadering van die kerk het op sy sitting in Pretoria besluit dobbel word nie deur 'n afgod of die noodlot bepaal nie. "Die vergadering bevestig sy geloof dat daar geen ander god as die God van die Bybel is nie", lui 'n besluit wat die vergadering aangeneem het. "Daar is dus geen afgod of noodlot wat kansspel bepaal nie. Kansspel is die resultaat daarvan om op 'n wiskundige manier 'n kans te neem. Daar kan dus geen beswaar wees teen kansspel as sodanig nie." Die kerk waarku egter teen die verslawende uitwerking wat dobbelary kan hê en die euwels wat daarmee gepaard gaan. Daar word ook gewaarsku teen "praktyke wat teenproduktief werk, maatskaplike probleme skep, gierigheid en ander euwels bevorder en oneerbaar is". Die vergadering was ten gunste daarvan dat die gemeenskap se wense in die toestaan van dobbellisensies gerespekteer word.

**B 119:**
'n Dobbelsindikaat wat handel dryf in onder meer vuurwapens, verdowingsmiddels en vals geld is gister oopgevlek toe twee van die lede van die sindikaat in hegtenis geneem is. Ses lede van die polisie se Narkotikaburo (Sanab) het gisteroggend op 'n huis in die weste van Johannesburg toegeslaan. Die polisie het gereageer op inligting wat oor die smokkelnetwerk ontvang is. Twee jong Suid-Afrikaanse mans is in die huis betrap. Die polisie het beslag gelê op verskeie dwelms, vals note, gesteelde selfone en drie vuurwapens. Jan Combrinck, 'n woordvoerder van die polisie sê: "Die twee verdagtes het hul volle samewerking aan die polisie gegee. Volgens die inligting wat ons verkry het, wil dit lyk of 'n hele netwerk betrokke is. Veral in die lig daarvan dat handel gedryf word in verskeie onwettige en gesteelde items, lyk dit of dit 'n groot netwerk is wat goed gevestig is."

**B 120:**
Die polisie is besig met 'n ondersoek na die betrokkenheid van 'n kolonel en bevelvoerder van 'n polisiekantoor in die suide van Johannesburg wat na bewering geld eis van eienaars van onwettige casino's en smokkelkroeë. Die kolonel eis na bewering geld van die eienaars van onwettige casino's en smokkelkroeë in sy wyk vir beskerming teen vervolging. 'n Paar jaar gelede was dieselfde offisier glo ook al by 'n soortgelyke voorval betrokke. 'n Bekende Johannesburgse nagklub, wat inmiddels gesluit het, was na

bewering ook betrokke by hierdie kwessie. Dié klub is weekliks deur polisiemanne besoek. Dié polisiemanne het tot R10 000 uit die kasregister gevat om die klub teen vervolging te beskerm.

**B 121:**

Gauteng sal reeds in die eerste helfte van 1996 sy eerste casinolisensie toestaan. Dit is ondanks vroeëre uitlatings van minister Chris Fismer dat casinolisensies eers 'n jaar later toegeken kan word. Onwettige dobbelagentskappe en casino's sal ná die deurvoering van Gauteng se dobbelwetgewing in September deur 'n inspektoraat, bygestaan deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, vasgevat word. Die wetgewing bevat baie streng bepalings teen onwettige dobbelary en tot tien jaar gevangenisstraf kan oortreders opgelê word. Jabu Moleketi, LUR vir Finansies in Gauteng, sê dié provinsie spits hom daarop toe om mega-casino's in die provinsie te laat ontwikkel. "Peilings wys dat tot 46 persent van alle dobbelinkomste in Gauteng bestee sal word. Die Nasionale Raad op Dobbelary en Loterye het aanbeveel dat Gauteng tot 15 casinolisensies sal kan hou, maar ons gaan heelwat minder toestaan", sê Moleketi. Hy wil "toerismefabrieke" skep wat meer werkgeleenthede bied. "Ons glo dat die moontlike inkomste wat die bedryf kan genereer en die toerisme-ontwikkeling en die werkskepping wat dit inhou, van dobbelary 'n noodsaaklik bedryf maak ondanks sekere probleme." Die wetgewing maak voorsiening vir 'n onafhanklike provinsiale dobbelraad wat die bedryf saam met 'n inspektoraat en die polisie sal reguleer. Vir voornemende beleggers wat die opkoms van die bedryf as potensieel van die lonendste ter wêreld beskou, is die gebrek aan wetstoepassing teen onwettige casino's die grootste bedreiging wat hulle daarvan weerhou om in die land te belê. Die berig meld verder dat daar voorsiening gemaak sal word vir die geografiese alleenreg van lisensiehouers vir 'n onderhandelde tydperk en bykomende koste. Maatstawwe vir die toestaan van lisensies sluit in die bydrae wat dit tot ekonomiese ontwikkeling lewer, die bydrae aan minderbevoorregte gemeenskappe, werkskepping en die ontwikkeling van menslike hulpbronne, vennootskappe met histories minderbevoorregte organisasies of mense en die bydrae wat dit lewer tot die algemene doelwitte van die HOP.

**B 122:**

'n Casinoontwikkelingsgroep wat in die volgende twee jaar 'n strook rivierfront van 1,5 kilometer in Sasolburg teen R670 miljoen wil ontwikkel, het gekla dat die plaaslike oorgangsraad hom "onbillik en onregverdig" behandel het. Ernie Joubert van Global Resorts SA sê sy maatskappy wil saam met International Casino Holdings 200 hektaar rivierfront by Sasolburg aan die Vrystaatse oewer van die Vaalrivier ontwikkel. Maar die oorgangsraad van Sasolburg het reeds 'n opsie aan 'n ander ontwikkelaar toegeken vir 'n groot deel van die grond wat dié groep wil ontwikkel. Volgens Joubert is Global Resorts SA een van die min organisasies wat opgewasse is teen Sun International se monopolie van sewentien casino's wat in die voormalige tuislande gehou is. Global Resorts SA wil casino's nader bring na die land se bevolkingskonsentrasies om inkomste en werkgeleenthede te skep, sê Joubert. LUR Slang van Zyl van Sasolburg sê egter daar is geen sprake van onbillikheid nie. Sy raad het net die groep wat eerste gekom het, eerste gehelp.

**B 123:**

Daar moet gewaak word daarteen om die potensiële inkomste van dobbel- en toeristebedryf te oorskat, sê Peter Bacon van Sun International in 'n onderhoud. Hy reageer op die aanbevelings van die Raad op Dobbelary en Loterye dat Noordwes en die Oos-Kaap onderskeidelik net twee en drie lisensies moet hê. As die aanbevelings aanvaar word, hou dit ernstige gevolge in vir die eienaars van die bestaande casino's, waarvan Sun International verreweg die belangrikste is. Dit kan onder meer beteken dat van die land se belangrikste toeriste-oorde moet sluit. Bacon wys daarop dat die potensiële inkomste van die dobbelbedryf sowat R3 miljard per jaar is. "As 15 persent daarvan vir belasting geneem word om inkomste vir die provinsiale regerings te genereer, beteken dit maar 'n inkomste van sowat R450 miljoen per jaar uit die hele bedryf. Dit sal net nie sin hê om bates soos dié wat Sun International opgebou het, ter wille daarvan in die gevaar te stel nie. Daar is ook belange van baie aandeelhouers op die spel, asook werkgeleenthede. Samesprekinge op 'n hoë vlak tussen die betrokke partye, veral die dobbelrade van die provinsiale owerhede, is nodig om dié probleem op te los, soos die raad aanbeveel het." Sun International het ook voorleggings aan die raad gedoen voordat die eerste verslag uitgebring is. "Ons het egter nie weer die geleentheid gehad om 'n voorlegging te doen vir die tweede verslag oor hoeveel lisensies aan watter provinsie toegeken moet word nie." Sun International het nog geen kommunikasie met die raad, die regering of enige van die provinsiale regerings gehad oor die kwessie van casinolisensies nie. "Ons sal beslis binnekort met hulle moet praat, maar die regte liggame om mee te praat, is die provinsiale dobbelrade. Hulle moet nog gestig word. As daar 'n verandering moet kom, moet dit sinryk wees," sê Bacon.

**B 124:**

In Ledyard (Connecticut, VSA) word ook gedobbel. Dit blyk uit 'n klein, grappig bedoelde berig in *Beeld*. 'n Vloerbestuurder van 'n casino wat Barbra Streisand in Ledyard besoek het, is geskors en beboet nadat hy haar laat wen het. Michael Brown van die casino in die Foxwoodsoord sê die bestuurder is beboet omdat hy die prosedures verontagsaam het om Streisand "aan te moedig" om te wen. Dit is nie bekend hoeveel geld Streisand gewen het nie.

**B 125:**

Die regering van KwaZulu-Natal stuur moontlik op nog 'n grondwetlike stryd af nadat die provinsie sy beleidsvoorstelle oor dobbelary bekend gemaak het. Die beleidsvoorstelle oor dobbel is gegrond op 'n vryemarkbenadering. Die LUR vir Finansies, Senzele Mhlungu, sê sy provinsie sal hom nie deur die nasionale regering laat voorskryf oor hoeveel casinolisensies hy kan toestaan nie omdat die ontwikkeling en bestuur van 'n dobbelbedryf nie 'n funksie van die nasionale regering is nie. Chris Fismer, Minister van Algemene Dienste, sê egter daarteen dat indien die provinsie sy voorstelle deurvoer, dit dalk in die Konstitusionele Hof betwis kan word. Hy sê die sentrale regering het die grondwetlike reg om in die dobbelbedryf in te gryp deur standaarde en norme tot stand te bring.

**B 126:**

Buitelandse toeriste speel 'n minimale rol in die dobbelbedryf in Suid-Afrika. Slegs 2 tot 4 persent van hulle bring tyd in die land se casino's deur. Syfers van die Suid-Afrikaanse Toerismeraad (Satoer), wat in die aanvullende verslag van die Raad op Dobbelary en Loterye aangehaal word, lui dat sowat 3,6 miljoen toeriste uit die buiteland Suid-Afrika verlede jaar besoek het. Dit blyk dat sowat R250 miljoen jaarliks deur buitelandse besoekers aan vermaak bestee word. Selfs as hulle 'n betekenisvolle persentasie hiervan in casino's bestee, verteenwoordig dit maar 'n klein persentasie van die R2,92 miljard wat Suid-Afrikaners jaarliks in die land aan dobbelary bestee, sê die verslag. Die meeste buitelandse toeriste beskou die natuurskoon as die gewildste eienskap van Suid-Afrika. Die peiling het gewys dat die dobbelbedryf nie 'n belangrike aantrekkingskrag is nie. Die belangrikste uitgawes wat toeriste maak, is vir verblyf en kos buite die verblyfplek. Die besteding aan vermaak is gemiddeld R20 per dag.

**B 127:**

Die nasionale raad van die Dierebeskermingsvereniging (DBV) is bekommerd dat die wetgewer van KwaZulu-Natal hom sal wend tot hondewedrenne as deel van sy plan om die provinsie in 'n dobbelmekka om te skep. Dit volg op die LUR vir Finansies, Senzo Mchunu, se uitlating dat die provinsie hom nie deur die sentrale regering sal laat voorskryf oor hoeveel casinolisensies hy mag uitgee nie. Die wetgewer wil die dobbelbedryf tot sy volle potensiaal ontwikkel. Hulle meen die sentrale regering het geen mag oor die ontwikkeling van die bedryf in die provinsie nie. Marcelle Meredith, uitvoerende direkteur van die raad, sê aanduidings dat die provinsie dalk hondewedrenne as 'n bron van inkomste mag wettig, is kommerwekkend. Sy sê daar is aanduidings dat KwaZulu-Natal, Noordwes en die Vrystaat hulle tot hondewedrenne kan wend. Sy meen die sentrale regering moet standpunt inneem teen hondewedrenne. Sy wil met die LUR'e vir finansies van die drie provinsies praat. Sy sê navorsing in die buiteland bewys hondewedrenne is nie noodwendig 'n goeie bron van inkomste nie en meen die provinsies moet 'n morele standpunt inneem teen die mishandeling van diere. Minister Chris Fismer het gesê KwaZulu-Natal kan in die Grondwetlike Hof beland as hulle dobbelwette maak wat indruis teen die nasionale wette. Die provinsies het die mag om die dobbelbedryf te administreer, maar die nasionale regering is by magte om standaarde te stel en te bepaal hoeveel lisensies landwyd en in provinsies toegestaan mag word. Aan KwaZulu-Natal is ses lisensies toegestaan.

**B 128:**

'n Nasionale dobbelinspektoraat gaan kragtens die nuwe Dobbelwet tot stand kom om doeltreffende toepassing in die nuwe dobbelstelsel te verseker, word in 'n onderhoud in *Sake-Beeld* gemeld. Advokaat Jan de Lange van die Departement van Justisie sê die regering het besluit om liefs 'n nasionale inspektoraat vir die dobbelbedryf te skep eerder as om die polisiëring van die bedryf aan provinsiale inspektorate oor te laat soos in die Wiehahn-verslag aanbeveel word. "Die regering meen dit sal meer prakties, doeltreffender en goedkoper wees. Inspeksiedienste vereis 'n aantal dissiplines om doeltreffend te wees en dit is meer logies om dit in 'n nasionale inspektoraat in te sluit. Norme en standaarde asook wetstoepassing, moet eenvormig in al die provinsies toegepas word. Dit sal ook moontlik wees om inspekteurs te verskuif en te roteer en so korrupsie deur inspekteurs te voorkom... ie nasionale inspektoraat sal natuurlik aan die provinsiale dobbellisensie-owerhede asook aan die Nasionale Dobbelraad verantwoording moet doen", sê De Lange.

Die Nasionale Dobbelwet sal ook maatreëls bevat om mededinging te bevorder en monopolieë te bekamp. "'n Presiese formule is nog nie gevind nie. Historiese faktore en gevestigde belange van sekere partye maak dit 'n uiters ingewikkelde saak. Die regering onderhandel met partye om 'n oplossing te probeer vind wat vir almal aanvaarbaar is. 'n Oplossing wat oorweeg word, is dat 'n bepaalde persoon of liggaam nie meer as 'n bepaalde getal casinolisensies mag hou nie. Oorgangsmaatreëls is nietemin nodig in sekere provinsies waar casino's reeds bestaan," sê hy. Aan die ander kant sal enige vorm van mededinging vir 'n nasionale lotery beperk moet word. "Ons het 'n ongereguleerde en dus onwettige loterybedryf wat gedy. Wetgewing sal hulle wettig en reguleer, maar 'n plafon op hul bedrywighede plaas om die nasionale lotery te beskerm. Die regering meen ook dat verwante bedrywighede soos sportpoele eers uitgestel word totdat die nasionale lotery behoorlik op dreef is." Om welsynsorganisasies en sportontwikkeling daarvoor te vergoed, sal aansienlike persentasies van die inkomste uit 'n lotery aan hulle toegeken word. "Dit is egter baie belangrik dat die verspreibare inkomste vir bepaalde verdienstelike sake geoormerk word en nie deel word van die staatskas nie. Dit mag nie deel vorm van enige staatsdepartement se begroting nie, hoewel dit in die lynfunksie van 'n departement en onder die leiding van die betrokke departement aangewend kan word. Die mag nie die begroting aanvul en so in die groot oseaan verdwyn en die departement daarmee kans gee om 'n tweede keer aan die koek te byt nie," De Lange.

**B 129:**
Die aanbevelings van die Raad vir Dobbelary en Loterye oor die verspreiding van casinolisensies tussen die provinsies word nie aanvaar nie, sê minister Chris Fismer in 'n berig op die voorblad. Fismer rig ook 'n ernstige waarskuwing aan die provinsies dat hulle moet inval by die regering se besluite oor eenvormige standaarde vir die dobbelbedryf. Hy onthul ook hoe die regering beoog om die geld te bestee wat van vroeg in 1997 met 'n nasionale lotery ingesamel sal word. Altesame 50 persent sal aan die HOP afgestaan word, 20 persent aan sport en ontspanning, 20 persent aan welsynsdienste, 5 persent aan kuns en kultuur en nog 5 persent aan ander algemene doeleindes. As die nuwe dobbelwetgewing op die wetboek is, sal dit ook makliker wees om teen onwettige dobbeloperateurs op te tree. "Hulle maak 'n groot fout as hulle meen hulle sal daarmee kan voortgaan. Ons is bereid om alles binne die raamwerk van die grondwet te doen ten einde te voorkom dat die naam van ons nuwe dobbelstelsel op enige wyse geskaad word. Die streng toepassing van streng regulasies is die enigste manier om dit te doen."

**B 130:**
Minister Chris Fismer is bekommerd omdat sommige provinsies, veral KwaZulu-Natal, tekens uitstuur dat hy nie by die regering se besluite oor eenvormige standaarde vir die dobbelbedryf wil inval nie, word in 'n tweede berig oor Fismer gemeld. "As KwaZulu-Natal in hierdie opsig nie onderhorig gaan wees nie, sal dit nie net vir die hele bedryf nadelig wees nie, maar ook die wettigheid en die geloofwaardigheid van die bedryf in daardie provinsie negatief tref en geweldige onsekerheid by moontlike beleggers veroorsaak. Die regering sal probeer om dit met behoorlike onderhandeling en konsultasie op te los, maar moenie my verkeerd verstaan nie: die Regering van Nasionale Eenheid is absoluut vasbeslote om toe te sien dat die bedryf op 'n streng gereguleerde grondslag volgens nasionale norme en standaarde ingestel en uitgebrei word."

**B 131:**
'n Casino in die Staatsteater in Pretoria is steeds 'n moontlikheid wat ondersoek moet word om te verseker dat bedrywighede by dié kunstekompleks op die huidige skaal voortgesit kan word. Die stadsvaders het dit glo nou op die agtergrond geskuif, maar in kultuurkringe is gesê dit is 'n belangrike opsie wat steeds ondersoek moet word. Een van die voorstelle in die verslag van die Taakgroep vir Kuns en Kultuur (Actag) lui dat plaaslike, metropolitaanse en provinsiale owerhede volle verantwoordelikheid moet aanvaar vir die bevordering van die kunste. Bates en eiendom moet aan dié owerhede oorgedra word. Dr. Pieter Smith, medevoorsitter van Groter Pretoria se sentrale metropolitaanse substruktuur (wat Pretoria insluit), het gesê dié plaaslike bestuur sal alles in sy vermoë doen om te verseker dat vertonings van dieselfde gehalte in die Staatsteater voortgaan. Indien verantwoordelikheid vir die teater op hul tafel kom, sal dit gunstig oorweeg word. "Ons sal egter die private sektor se hulp nodig hê."

**B 132:**
Die regering in Noordwes sal die wysheid van Salomo nodig hê om die dobbelbedryf in dié provinsie te vestig, sê die LUR vir Ekonomiese Sake en Toerisme in dié provinsie, Amie Venter. Die LUR het reeds eerder gesê nuwe aansoeke sal aan streng vereistes moet voldoen en bestaande dobbelinstellings sal aan dieselfde vereistes getoets word. Die departement sal noodwendig bestaande werkgeleenthede in die

dobbelbedryf moet beskerm, sê die LUR. R170 000 is deur die departement in die begroting bewillig vir voorbereidingswerk vir die vestiging van die provinsie se dobbelbedryf. Verder sê hy 'n hoofdirektoraat in die departement ekonomiese sake sal geskep word vir die hantering van dobbelarysake. Volgens Amie Venter is die opwinding oor die moontlike uitbreiding van die dobbelbedryf, veral dié van casino's, gevaarlik. Die wedywering in die bedryf sal straf wees.

**B 133:**
Die Oos-Transvaalse wetgewer het besluit om die Dobbel- en Casinowet wat ter tafel gelê is, te kanselleer ná kommentaar van casino-eienaars en openbare aandeelhouers wat op die nippertjie ontvang is. African Eye News Service het eerder reeds berig dat kommentaar deur onder meer Sun International, Southern Sun, die Nederlandse Meetinstituut (NMI) en Stocks die ter tafellegging van dié wet vertraag het. Coleman Nyathi, hoofdirekteur van ekonomiese sake, sê dit beteken ook die vertraging van die Wet op Sakelisensies. "Die kommentaar en voorstelle was konstruktief en is ontvang van groot rolspelers met heelwat ervaring in die bedryf."

**B 134:**
Die wedrenbedryf het hard teruggekap ná 'n poging deur die Gautengregering om die Totalisator-Agentskapraad (TAB) in Gauteng te nasionaliseer, meld 'n lang berig op die voorblad van *Sake-Beeld*. 'n Bepaling in die konsepdobbelwetgewing vir Gauteng dat die TAB aan die provinsiale regering oorgedra word, kom neer op nasionalisering sonder vergoeding en is onwettig, sê die Hoëveldse Wedrengesag (HWG). In 'n voorlegging aan die staande komitee vir die dobbelbedryf van Gauteng vra die HWG namens die wedrenbedryf dat Artikel 108 van die voorgestelde dobbelwetgewing in geheel geskrap word. Dié artikel sê dat die LUR vir finansies en ekonomiese sake in Gauteng die enigste aandeelhouer in die TAB sal word sodra die wet in werking tree. Die wet sal waarskynlik nog vanjaar die Gautengse wetgewer aanvaar word. Barry Walters van die HWG en Tony Barnes van die Jokkieklub van Suid-Afrika het ook 'n mondelinge voorlegging aan die komitee gedoen. Daarna het van die komiteelede toegegee dat die bepaling "dalk 'n fout kan wees". Die TAB in Gauteng is 'n statutêre liggaam hoewel dit in ander provinsies private maatskappye is. Dit word egter soos in ander provinsies deur verteenwoordigers van die wedrenbedryf beheer. Die TAB in die destydse Transvaal het jare gelede 'n fonds gestig om sy bedryfsbates van tyd tot tyd te vervang. Die destydse TPA wou belasting hef op dié fonds, maar ná onderhandelinge met die belastinggaarder is ooreengekom dat die fonds sonder belasting kan voortbestaan indien dit as 'n statutêre liggaam bedryf word. "Daarom het die TAB 'n statutêre liggaam geword. Dit word bedryf ten bate van volbloedperdewedrenne en word beheer deur verteenwoordigers van dié bedryf. Dat dit nie 'n maatskappy of vennootskap is soos in ander provinsies nie, is bloot 'n gerieflikheidsreëling wat destyds getref is", lui die voorlegging.

**B 135:**
Die provinsie Noordwes sal begin om van sy belang van 42 persent in Sun International se dobbeloorde in die provinsie aan die private sektor beskikbaar te stel. Dit sal 'n positiewe uitwerking op die ekonomie hê omdat die private sektor die "deskundiges is op die gebied van welvaartskepping", sê premier Popo Molefe van Noordwes ná samesprekings met premier Tokyo Sexwale van Gauteng. Geen gesprek oor die privatisering is egter nog met Sun International gevoer nie. Die twee premiers het in beginsel ooreengekom dat provinsiale regerings geen belang in dobbelplekke moet besit nie, sê Sexwale. Albei stem ook saam dat daar 'n beperking moet wees op die getal dobbelplekke in elke provinsie, maar dit moet buigbaar wees ten opsigte van die mark se vermoë om hulle te kan absorbeer.

**B 136:**
Die polisie gaan voortaan nie meer slegs boetes oplê aan kafee-eienaars wat dobbelasjiene in hul kafees het nie, maar hulle hof toe sleep. Dit het kaptein Dup du Plessis van die polisie se moraliteitseenheid in Pretoria gesê nadat lede van dié eenheid in een van sy eerste verskerpte optredes in kafees beslag gelê het op tien dobbelmasjiene met sowat R3000 in elk. Elke dobbelmasjien is sowat R10 000 werd. Volgens hom betaal die eienaars die boete, maar die volgende dag is die masjiene steeds in hul winkels. Al manier om van dié masjiene ontslae te raak, is om die eienaars nou hof toe te sleep sodat die masjiene verbeurd verklaar kan word.

**B 137:**
Wetsontwerpe op onder meer dobbelary en 'n Oos-Transvaalse ontwikkelingsbank word binne die volgende twee weke in die Wetgewer hier ter tafel gelê. Die wetsontwerpe op die Oos-Transvaalse Ontwikkelingskorporasie, Bewaringsraad en Ontwikkelingsbank, asook die wysiging op die Skatkis-

wetsontwerp sal ter tafel gelê word. Die Wetsontwerp op Dobbelary en Loterye sal binnekort ingelei en vir die eerste keer gelees word.

**B 138:**
Die nasionale Wet op Dobbelary sal waarskynlik nie in 1995 deur die parlement aanvaar word nie, maar die meeste provinsies se wette behoort nog dié jaar aanvaar te word, sê minister Chris Fismer. Die omstrede kwessie van hoeveel casinolisensies aan elke provinsie toegeken sal word, sal op grond van drie scenario's beslis word wat die minister reeds met die provinsies bespreek. Gauteng en Noordwes, die twee provinsies met die meeste botsing van belange oor casinolisensies, het 'n gesamentlike komitee aangestel om oor die probleme te beraadslaag. Ander provinsies sal mettertyd by die werksaamhede van die komitee betrek word. Dit is egter belangrik dat nasionale en provinsiale wette soos 'n swaelstert bymekaar moet inpas, sê minister Fismer in dié berig. Die vertraging met die nasionale wet behoort nie die provinsiale proses te belemmer nie, aangesien duidelike riglyne bekend sal wees oor die raamwerk wat die staat voorsien. Elke provinsie kan dus nie in sy eie rigting trek nie.

**B 139:**
Suid-Afrika se nuwe Intelligensiediens se eerste prioriteit is nou om georganiseerde misdaad uit te roei en 'n agent van dié diens sal waarskynlik moet getuig wanneer provinsies oor die toekenning van casinolisensies besluit, sê minister Chris Fismer in 'n tweede berig op dieselfde dag. Die regering is bekommerd oor die negatiewe gevolge vir 'n land waar dobbel voorheen onwettig was en nou deur dobbelhuise, sportloterye en -weddenskappe, krapkaarte, honderenne en ander bedrywe gekonfronteer gaan word. Doeltreffende beheer is dus nodig om te keer dat die verbruiker aan misdadigers, swendelaars en slymbolle uitgelewer word, sê die minister. Suksevolle casino's in Amerika is onder "byna-Gestapo-beheer", want as die bedryf aan markkragte oorgelaat word, is daar moordende wedywering. Die regering is ook bekommerd oor die verslawende effek van dobbelary en die invloed daarvan op die gemeenskap. Dit is egter onmoontlik om die verbruiker heeltemal te beskerm en daarom sal gestreef word na wetgewing wat onbuigsaam is oor morele sake, maar buigsaam oor ekonomiese sake.

**B 140:**
*Beeld* het in *Sake-Beeld* ook 'n "ooggetuieverslag" gelewer van 'n dobbelplek. Dit gaan oor Abrie, wat 'n skuilnaam is van 'n jong Afrikaanssprekende ondernemer op 'n groot plattelandse myndorp in die Noordwes-provinsie. Vanaf 1990 het hy die grootste hotel op die dorp van die ou Westelike Provinsie Kelders-groep oorgeneem en van 'n sterwende finansiële posisie in 'n spilpunt van vermaak omgeskep. Maar wanneer die nuwe dobbelwet in September 1995 ingestel gaan word, sal alles tot stilstand kom. Die kans is bitter skraal dat Abrie vir 'n casinolisensie in aanmerking sal kom. Daarvoor is hy hopeloos te klein in geldterme en boonop wit. Die casino met twee blackjacktafels, 'n roulettewiel en twintig slotmasjiene het dit moontlik gemaak om konferensiekamers in die hotel aan te bring, 'n nagklub te bou waarheen busse groot groepe van naburige dorpe aanry om op spesiale oop aande vir enkellopendes plesier te verskaf, drie kroeë te restoureer en dit as respektabele kuierplekke te vestig. Die polisie laat Abrie toe om die dobbelplek te bedryf, mits hy geen advertensies skep of ander reklame daarvoor maak nie. Daarom gebruik hy ook 'n skuilnaam. "Die casino het 'n deurslaggewende rol gespeel in die opgradering van die hotel", vertel Abrie. "Wanneer dit sluit, sal ek minstens 25 van die 100 personeellede moet afdank om te probeer oorleef."
Abrie se casinobestuur, Mike, werk ook onder 'n skuilnaam en word ook in dié verslag aan die woord gelaat. "Ons het sowat 7 500 gereelde dobbelaars wat die casino besoek. Hulle moet 'n lidmaatskapvorm invul om te kan speel. Verreweg die meeste van hulle is van die omgewing. Ons probeer om dit so korrek as moontlik te doen. Ons het al voorstelle aan die stadsraad voorgelê oor hoe die casino geregistreer kan word, maar dit het op niks uitgeloop nie. Die personeel is deeglik opgelei en het elk minstens drie jaar ervaring van casinowerk. Van die nege personeellede het vyf afhanklikes." Mike stem saam dat die dobbelbedryf streng gereguleer moet word.

**B 141:**
Mense in die dobbelbedryf sal binnekort klasse by 'n opleidingskool kan bywoon waar hulle touwys gemaak sal word in die fynere kunsies van hul beroep. Die Technikon SA gaan die dobbelkursusse in samewerking met die prokureur en dobbelkonsultant Grant Kaplan en verskeie ander vennote aanbied. Die Dobbelinstituut van Suider-Afrika, soos die skool genoem gaan word, sal geopen word sodra dobbellisensies volgens die voorgestelde dobbelbedeling in Suid-Afrika toegestaan is. Tewens wil hulle nie net opleiding aanbied nie, maar ook sorg vir akkreditasie vir almal in die dobbelbedryf. Woordvoerder Gerard Grobler van die Technikon sê dis 'n geleentheid vir die technikon om legitimiteit aan die nuwe dobbelbedeling te

verleen. "Omdat die gevare van dobbelary onder die aandag van gebruikers gebring moet word, word 'n voorligtingsdiens oorweeg om mense raad te gee oor dobbelary."

**B 142:**
Geen buitelandse belegger sal in 'n casino in Gauteng belê as dertien casinolisensies in die provinsie toegestaan word soos in die aanvullende Wiehahn-verslag aanbeveel word nie, word gemeld in 'n onderhoud met David Wright in *Sake-Beeld*. Wright is 'n sakekonsultant van Londen en werk vir die voorste Europese en Amerikaanse dobbelhuise. Hy besoek Suid-Afrika om verkenningswerk vir voornemende beleggers te doen. Hy meen dit is noodsaaklik dat die regering so gou moontlik uitsluitsel gee oor die aantal casinolisensies wat toegestaan gaan word ten einde buitelandse beleggersvertroue in die bedryf te behou. "Dit is ook onvermydelik dat oorde soos die Carousel en Morula Sun naby Pretoria 'n groot deel van hul huidige markaandeel gaan verloor wanneer Gauteng casino's kry. Ek wil nie aan Sun International voorskryf wat om te doen nie, maar ek is seker hulle besin ernstig oor die voortbestaan van dié oorde. Ek is egter geïmponeer deur die omvang van die Suid-Afrikaanse dobbelbedryf en die geneigdheid by die Suid-Afrikaners om te dobbel. Dit is een van die belowendste ontluikende markte ter wêreld." Gauteng bied volgens Wright die meeste moontlikhede vir 'n mega-casinooord. Daar is 'n konsentrasie van welvaart met 'n gebrek aan ontspanningsgeriewe. Die bedryf moet egter nie staatmaak op buitelandse toeriste nie, maar hom op die plaaslike mark toespits. Toerisme sal 'n bonus wees indien die bedryf slaag. Om 'n voornemende belegger te oortuig, moet daar veral sekerheid wees oor die eksklusiwiteit van 'n casinolisensie vir minstens die volgende vyftien tot twintig jaar, die belastingstruktuur, mededinging uit aangrensende gebiede en politieke stabiliteit. "Die aantal onwettige casino's is ook 'n aanduiding van die moontlikhede in Suid-Afrika. Die bedryf sal beslis aansienlike werkskepping bied, hoewel buitelandse ontwikkelaars 'n behoorlik geskoolde arbeidsmag sal vereis om die projek in die beginfase te beman. Daarbenewens is dit gebruik in ander lande dat die ontwikkelaar aan wie 'n casinolisensie toegeken word, ook 'n tydelike lisensie kry as oorbrugging in die tydperk wat die oord opgerig word. Dit duur gewoonlik sowat drie jaar", sê Wright.

**B 143:**
Die Oos-Transvaalse sinode van die NG Kerk gaan ondersoek of die kerk dobbelgeld wil ontvang vir barmhartigheidswerk. Dié besluit is geneem nadat vrae oor die wenslikheid daarvan in die bespreking van 'n verslag van die kommissie vir die diens van barmhartigheid bespreek is. Daar heers onder meer kommer in die kerk dat subsidiegeld wat die staat in die toekoms aan die kerk vir sy barmhartigheidswerk kan gee, moontlik uit loterye of dobbelbedrywe afkomstig kan wees. Die sinode het herbevestiging gegee aan 'n besluit van die Algemene Sinode van 1994 dat die kerk nie dobbelgeld kan ontvang nie. Ds. Jan Liebenberg, sekretaris van die kommissie vir die diens van barmhartigheid van die Oos-Transvaalse sinode, sê die sinode sal 'n probleem hê as dobbelgeld regstreeks vir die subsidiëring van welsyn gebruik word. "Op die oomblik is al die subsidiegeld wat van die staat ontvang word, belastinggeld. Belastinggeld op perdewedrenne word ook hierby gevoeg. Dit is egter belastinggeld en nie dobbelgeld as sodanig nie."

**B 144:**
Die Oos-Transvaalse wetgewer is die eerste provinsie in Suid-Afrika wat die Wetsontwerp op Loterye en Dobbelary bespreek. Tot tyd en wyl die wetsontwerp aanvaar en dit in die wetboek geplaas is, geld die Dobbelwet van 1965 wat bepaal dat enigiemand wat buite die TBVC-state dobbel of 'n toestel vir dobbelary het, aan 'n oortreding skuldig is, sê Jacob Mabena, die LUR vir Ekonomiese Sake en Toerisme. Ingevolge die verslag van die Nasionale Raad op Loterye en Dobbelary sal enigiemand of 'n maatskappy wat ná 21 Oktober 1994 onwettig 'n casino bedryf het, nie toegelaat word om vir 'n tydperk van tot tien jaar 'n casinolisensie te bekom nie.

**B 145:**
Vooruitsigte vir die opening van 'n casino in Meyersdal lyk baie goed. Global Resorts SA het 'n plan met voorstelle oor die beoogde casino in Meyersdal aan die raad voorgelê. Die voorstel is in beginsel aanvaar, met die voorbehoud dat die Gautengregering die lisensie waarom aansoek gedoen is aan Global Resorts toestaan. Indien alles volgens plan verloop, sal hierdie reusecasino opgerig word aan die westelike kant van Meyersdal. Volgens Ian Young van Global Resorts sal sowat 4 000 werkgeleenthede met 'n casino geskep word. Dit sal ook die buitelandse toerisme bevorder en plaaslike ondernemings sal hierby baat van vind. Dié casino is beplan in Alberton, omdat dit naby die Johannesburgse sakekern lê en ook naby die Johannesburgse Lughawe. Dit sal Alberton vestig as die vermaaklikheidsentrum van Gauteng, sê Young. "Die gemeenskap sal voordeel trek uit die gebruik van die aanvanklike en deurlopende winste."

**B 146:**
Skattinge sê dat daar in Gauteng anderhalf miljard rand per jaar aan dobbelary bestee sal word. Dit is sowat 46 persent van die bedrag wat landwyd bestee sal word, sê Jabu Moleketi, Gauteng se LUR vir Finansies. Dié bedrag kan volgens sommige kenners nog verdubbel. Dit sal 'n aansienlike bedrag in die provinsie se sak stort en saam met lisensies en registrasiegeld is dit nie te versmaaie nie. Die dobbelbedryf gaan strenger beheer word as wat gewoonlik aanvaarbaar is, omdat die regering dit nie as 'n reg nie, maar as 'n voorreg beskou wat net onder bepaalde, beheerde toestande toegelaat kan word, sê Moleketi, wat dié provinsie se dobbelwet ter tafel gelê het. Die strawwe vir diegene wat onwettige casino's bedryf, is baie swaar en daarmee wil die regering die boodskap tuisbring "dat hul enigste dobbelspel gaan oor die tydperk wat hulle agter tralies wil deurbring", dreig die LUR. Die strawwe vir mindere oortredings is boetes van tot R2 miljoen van tot tien jaar. Die provinsie gaan, anders as wat die nasionale raad voorgestel het, nie dertien megacasino's toelaat nie, maar minder en ook net as deel van toeriste-oorde, sê Moleketi. Die regering bepaal ook met die wetgewing dat diegene wat lisensies verwerf, sekere vereistes moet nakom, werkgeleenthede moet skep en kontrakte aan kleiner besighede moet toeken. Daar is begrip vir gemeenskappe wat teen enige dobbelary gekant is en daar is veral kennis geneem van die Call of Islam en die Islamitiese Jeug se teenstand. "In 'n demokratiese land het burgers die reg om te besluit of hulle aan bedrywighede wil deelneem of nie solank sulke bedrywe nie inbreuk maak op die lewe van diegene wat niks met dobbel of wed te doen wil hê nie", sê Moleketi.

**B 147:**
Die volgende berig in *Beeld* se dobbelary-items gee 'n indruk van die warboel wat heers in die Gauteng se wetgewer in die eerste sitting na die reses. In dié sitting is die wetsontwerp oor dobbelary bespreek. Weens organisatoriese probleme was die teks van hierdie voorstel nie op tyd ingedien nie, omdat daar opvolgingsprobleme met die pos van ampswag is. Op die laaste moment is daar ook nog wysigings in die konsep ingedien. Die prosedurehoof van die wetgewer sê in 'n aanhaling: "Ons doen 'n bomenslike taak met die beskikbare personeel. Ons taak word ook nie vergemaklik as belangrike sake aan die einde van 'n sitting alles terselfdertyd aandag moet kry nie."

**B 148:**
Honderesies sal steeds verbode wees in Gauteng, maar voorgestelde nuwe wetgewing oor dobbelary en weddery sluit nie die huidige verbod in op perdewedrenne op Sondae en sekere openbare vakansiedae nie. Die voorgestelde wetgewing verbied steeds enige weddery op honderesies. Die wet maak voorsiening vir 'n raad op dobbel en weddery. Ook maak dit voorsiening vir die uitreiking van tydelike lisensies in gevalle waar nuwe dobbelsale opgerig word of veranderings aan bestaande geboue aangebring word. Aansoeke om casinolisensies sal oorweeg word in die lig van die bydrae wat dit kan lewer tot die bevordering van toerisme en werkverskaffing. Ook word beperkings geplaas op advertensies vir dobbelary en weddery. Advertensies van dié aard mag nie naby kerke verskyn nie en word verbied in media waartoe kinders toegang het. Aan mense wat die bepalings oortree, kan 'n boete van tot R2 miljoen of tronkstraf van tot tien jaar opgelê word.

**B 149:**
'n Aansoek dat sekere artikels van die dobbelwet na die Konstitusionele Hof verwys word sodat dit aan die grondwet getoets kan word, is gister in die Hooggeregshof toegestaan. Verskeie aanklaers meen artikels in dié wet is ongrondwetlik. Die applikante word verbind met aanklagte wat verband hou met die oortreding van die dobbelwet. Op 3 Mei 1995 het 'n landdros die saak teen hulle uitgestel sodat hulle die aansoek kan indien. Hulle beweer onder meer dat artikel 6 inbreuk maak op die reg tot 'n regverdige verhoor.

**B 150:**
Niemand onder agtien jaar mag toegang hê tot plekke waar dobbelmasjiene in Mpumalanga geplaas word nie, sê die wetsontwerp op dobbelary wat in die wetgewer van dié provinsie aanvaar is. Die wet bepaal verder dat niemand wat 'n familieverwantskap tot in die derde geslag of nader met iemand met dobbelbelange het, in die Dobbelraad mag dien nie. Politici kom ook nie vir lidmaatskap in aanmerking nie. Die lid van die staande gekose komitee vir ekonomiese sake, Chris MacPherson, sê baie besware is teen dobbelary ingedien. Die komitee het probeer om vir die besware voorsiening te maak deur strenger beperkings, soos dié op jeugdiges jonger as agtien jaar. Dobbelary het volgens MacPherson die potensiaal om as die enigste belangwekkende bron van inkomste die provinsie tot R2 miljard per jaar in die sak te bring. Daar moet 'n fyn balans tussen casino's, toerisme, die omgewing en bewaring wees, sê MacPherson. "Ons moet ons belangrikste toeriste-aantreklikhede soos die natuur en wildlewe jaloers bewaar."

**B 151:**
Kort nadat polisiemanne in The Orchards, Akasia op dobbelmasjiene beslag gelê het, het die eienaar van die winkel die polisie met R4 000 probeer omkoop. Die eienaar het nadat op sy masjiene beslag gelê is, aan sersante Johan Patrick en Jurg Kriek van Sanab gesê hulle moet gister na sy kafee terugkeer. Indien hulle die dobbelmasjiene terugbring, sou hy R4 000 aan hulle gee. Die man is tydens die oorhandiging van die geld in hegtenis geneem, het kaptein Dup du Plessis, provinsiale bevelvoerder van Sanab in Pretoria, gesê. Hy verskyn nou in die Pretoriase landdroshof op aanklagte van omkopery en die aanhou van dobbelmasjiene.

**B 152:**
Sun International sal minstens vier van sy casino's in Suid-Afrika moet sluit en nog ses moet verkoop ingevolge die Wetsontwerp op Dobbelary wat bepaal dat geen maatskappy of individu meer as twee dobbellisensies in een provinsie mag hê nie. Die wetsontwerp is deur minister Chris Fismer by die parlement ingedien. Die wetsontwerp bepaal dat die Noordwes-provinsie en die Oos-Kaap elk hoogstens vyf casinolisensie mag uitreik. Sun International het reeds sewe wettige casino's in elk van die twee provinsies. Die wetsontwerp sê ook dat geen maatskappy of individu meer as twee casinolisensies in een provinsie of landwyd meer as sestien lisensies mag hê nie. Dit beteken dat Sun International in elkeen van die twee provinsies minstens twee casino's sal moet sluit en nog drie moet verkoop. Hy sal dus tien van sy sewentien lisensies verloor as die wetsontwerp aanvaar word. 'n Grasietydperk van 'n jaar word voorgestel vir bestaande wettige lisensiehouers om die casino's te sluit wat die beperking op die getal lisensies per provinsie oorskry. Grasie van twee jaar word voorgestel vir eienaars van wettige casino's wat meer as twee lisensies in 'n provinsie besit om daarvan ontslae te raak. Peter Bacon van Sun International sê die groep sal die tyd tot die aanvaarding benut om vertoë aan minister Fismer te rig. "Ons sal dit ook met ons aandeelhouers moet bespreek." Die wetsontwerp ken ses dobbellisensies toe aan Gauteng, vier aan Mpumalanga, drie aan die Noord-Kaap, vyf elk aan Noordwes, die Oos-Kaap, die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal, drie aan die Noordelike Provinsie en vier aan die Vrystaat. Dit verskil van die aanbevelings van die Raad op Dobbelary en Loterye. "'n Proporsioneel groter aandeel word aan kleiner provinsies toegeken ten einde daardie provinsie in hul ontwikkelingsoogmerke by te staan en om 'n meer gebalanseerde verspreiding van bestaande wettige beleggings te verkry", sê minister Fismer in 'n verklaring.

**B 153:**
Gauteng sal nooit meer as ses megacasino's hê nie en ook nie in 'n Las Vegas verander nie, sê Gauteng se LUR Jabu Moleketi vir ekonomiese sake en finansies. Die LUR verwag dat daar eers teen 1999 drie megacasino's in die provinsie gaan wees, want die oprig van 'n groot dobbelhuis kos baie geld. Lisensies moet dien as aansporing om inkomste vir die provinsie te genereer, toerisme te ontwikkel en werk te skep, sê Moleketi. Die provinsiale owerheid sal ook nie toestaan dat dobbel op elke straathoek plaasvind nie. Eerstens sal daar met die toekenning van lisensie gekyk word na hoeveel werkgeleenthede geskep word, en klein operateurs kan dit nie doen nie. Gauteng het egter verseker dat monopolieë nie die bedryf oorneem nie deur te bepaal dat een eienaar nie meer as twee lisensies mag kry nie. Landwyd mag iemand nie meer as sestien lisensies kry nie. Die aantal dobbeltafels en masjiene kan egter nie gereguleer word nie. Daar moet baie streng teen onwettige eienaars opgetree word, het verskeie sprekers gevra. Audrey Coleman van die ANC sê die wet maak genoegsaam voorsiening vir die beskerming van minderjariges.

**B 154:**
Verwarde gaste en werknemers van die Hotel Thaba Nchu Sun is gedwing om in 'n gewapende rooftog te help om 'n outoteller-masjien uit te dra. Na bewering was daar sowat R98 000 in die masjien. 'n Kontantbedrag van R8 000 is ook geroof. Volgens 'n verklaring deur die hotel, het vier mans met klapmusse en vuurwapens die hotel binnegekom en gaste en personeel gelas om plat te lê. Die outoteller is losgebreek en op 'n motor gelaai. Talle skote is in die hotel geskiet. 'n Vrou is in haar been gewond. 'n Gas en twee personeellede het ook ligte beserings opgedoen. Die hotelbestuurder, Kurt Peter, sê terwyl mense voor in die dobbelgebied moes plat lê, het verskeie mense aan die agterkant van die casino deur 'n nooduitgang weggekom. Die rooftog het net elf minute geduur. Hy sê kameras het die rooftog op videoband vasgelê.

**B 155:**
Die voormalige finansiële bestuurder van die Volbloedrenperdtelersvereniging van Suid-Afrika, 'n kompulsiewe dobbelaar, is in die Johannesburgse streekhof tot agt jaar tronkstraf gevonnis nadat hy R1,4 miljoen gesteel het. Die verdagte het skuld beken op 79 aanklagte van diefstal. Die landdros het met die oplegging van vonnis gesê die gemeenskap het 'n belang by die toemeting van straf by so 'n ernstige

misdaad. Die gemeenskap word deur 'n dief benadeel. "Die diefstal is oor 'n lang tydperk gepleeg en die geld is van 'n werkgewer gesteel. Die misdryf was fyn beplan en deeglik uitgevoer. Die enigste gepaste straf sal 'n lang termyn tronkstraf wees. Die hof neem in ag dat u 'n kompulsiewe dobbelaar is. Om te dobbel is een ding, om te steel is 'n ander ding. Dobbel kan nie 'n verskoning vir diefstal wees nie."

**B 156:**
Rean International, 'n Suid-Afrikaanse vervaardiger van toerusting vir die dobbelbedryf, gaan hom voortaan ook op die bedryf van casino's en ander dobbelgeleenthede in Suid-Afrika toespits. Die maatskappy het 'n lisensie bekom om 'n lotery in Swaziland te bedryf en die lisensie bekom om 'n casino in Francistown in Botswana te bestuur. Dié casino is ook gemik op die talle besoekers van Suid-Afrika en Zimbabwe wat in die omgewing reis. Die groep beskik oor fabrieke in Namibië en Suid-Afrika vir die vervaardiging van dobbeltoerusting en die Suid-Afrikaanse fabriek op Midrand voer heelwat toerusting na die res van Afrika uit. 'n Woordvoerder van die maatskappy sê die groep gaan ook om casinolisensies in Suid-Afrika aansoek doen, maar hy wou geen besonderhede verstrek oor die projekte wat beoog word nie.

**B 157:**
'n Nuwe reus het in die dobbel- en vermaaklikheidsbedryf ontstaan met die aankondiging dat Sun International en van die land se voorste swart maatskappye 'n konsortium gevorm het wat vir minstens vyf mega-casinolisensies gaan bie. Die konsortium sal as African Sun International Investments bekend wees. Dit is 'n gesamenlike onderneming van Sun International, Khulani Holdings van KwaZulu-Natal, die beleggingsgroep Real Africa Holdings, Moribo, 'n filiaal van Thebe Investments, Vela International, Women Investment Portfolio, 'n besparing- en beleggingsprogram vir vroue, en Gestilc, 'n vennoot van Sun International in verskeie internasionale toeriste-ondernemings. 'n Woordvoerder van die nuwe maatskappy sê nie een van die aandeelhouers het 'n beherende posisie in die nuwe konsortium nie. Dit skep ook nuwe moontlikhede vir Sun International, wat sal moet herstruktureer om van casino's ontslae te raak wat hy nie langer mag hou nie ingevolge die land se nuwe nasionale dobbelwetgewing. Wendy Shilowa, voorsitter van die nuwe maatskappy, het by die bekendstelling gesê al die vennote is daarop ingestel om in ontwikkelingsprojekte te belê wat tot voordeel sal wees van hulself en die streek waarin elkeen bedrywig is. "Vir dié doel gaan ons lisensies vir mega-casino's in Kaapstad, KwaZulu-Natal, die Oos-Kaap, Gauteng en Mpumalanga probeer bekom." Elke vennoot in African Sun International Investments sal 'n bydrae kan lewer tot die maatskappy se vermoë om werkgeleenthede te skep, regstellende aksie te laat slaag en vaardighede in die bestaande dobbelbedryf oor te dra. Die onderskeie partye het reeds anderhalf jaar gelede begin om planne vir die konsortium te smee. "Dit was 'n uitdaging om die verhouding met elke vennoot te formuleer. Die doelwitte is om projekte in die casinobedryf en vermaaklikheidsoorde van wêreldgehalte te ontwikkel wat finansieel lewensvatbaar is, om 'n organisasiestruktuur te ontwikkel wat voorbrand maak vir die oordrag van vaardighede in die casinobestuur en 'n betekenisvolle model te word vir die bemagtiging van gemeenskappe en die bevordering van provinsies", sê Shilowa. Peter Bacon van Sun International sê die nuwe maatskappy kombineer die wye dobbel- en bestuurskundigheid van sy groep met die vaardighede en vermaaklikheidsverwante bedrywighede van maatskappye wat die volle spektrum van Suid-Afrika se reënboognasie verteenwoordig. "Ons het die demografie van die land en van ons klante raakgesien in die skepping van die konsortium. Die lede daarvan het uitgebreide netwerke en kontakte oor Suid-Afrika heen."

**B 158:**
Dit is moontlik om as werklose in een dag deur dobbel ryk te word. Dit blyk uit 'n onderhoud met "Suid-Afrika se jongste kitsmiljoenêr" wat *Beeld* op die voorblad gepubliseer het. Die 32-jarige vrou dink sy kan met die R1 006 796 nou alles doen wat haar hart begeer. Sy wil ook die werkgewer by wie sy oor tien dae in diens sou tree, laat weet werk is nou die laaste ding waaraan sy dink. "Ek en 'n vriendin was Donderdagaand by die Morula Sun net buite Pretoria. Ek het van die een Dream Machine na die ander beweeg. Toe die klokke begin lui en die ligte flits, het ek so ewe na die man langs my gedraai om hom geluk te wens. Toe storm almal na my toe", vertel sy. Sy wil geskenke koop vir die groepie straatkinders vir wie sy al twee jaar lank sorg. "Ek gaan ook vir hulle onder meer skoene koop. Ons is katolieke en glo 'n mens moet goed aan ander ook doen." Daar was baie aandag van die media vir haar. Daarom gaan hulle die eerste naweek iewers heen, "om weg te kom van ongewenste kuiergaste".

**B 159:**
Die publiek is uitgenooi om kommentaar te lewer op die omstrede Nasionale Dobbelwetsontwerp, wat onder meer voorsiening maak vir casinolisensies vir elke provinsie. Mense kry so drie weke tyd om skriftelike vertoë aan die gekose ad-hoc-komitee oor wetgewing oor dobbelary en loterye voor te lê.

**B 160:**
Daar is 'n nuwe kitsmiljoenêr in Suid-Afrika. Die ouma van 71 wil van die R1 746 391 eerstens 'n nuwe stel valstande koop. Dié inwoner van Soweto het die geld gewen by Marula Sun, nadat sy 'n skrale R20 in die dobbelmasjien ingevoer het. "Ek loop nou al vir ses maande lank sonder my onderste stel tande. Ek gaan 'n splinternuwe stel koop sodat ek kan goed lyk", sê die vrou. Ook wil sy iets aan haar huis verbou. "Ek wil die huis groter maak sodat ons almal gemaklik kan bly." Sy wil ook van haar geld gebruik om haar vyftien kleinkinders verder te laat leer. "Hulle moet klaarmaak met matriek. As hulle daarna verder wil studeer, sal ek hulle ook help." Een van haar eerste afsprake is met 'n finansiële raadgewer. "Hy moet my help om my geld te belê."

**B 161:**
Casino-eienaars wat steeds met hul bedrywighede voortgaan, kan polisieklopjagte te wagte wees wat inhegtenisnemings kan insluit. Volgens luitenant Jan Combrinck van die polisie sal lede van die narkotikaburo op verskaffers van dobbelgeriewe begin toeslaan. Die grasietydperk het nou verstryk. Die polisie weet van byna honderd van die groter verskaffers in Groter Johannesburg. Luitenant Combrinck doen 'n beroep op eienaars om liewer hul bedrywighede af te sluit.

**B 162:**
Daar bestaan 'n wesentlike gevaar dat al die mega-casinoprojekte wat in Suid-Afrika op die been gaan kom, uiteindelik nie geldelik die paal sal haal nie, word in 'n onderhoud gesê. Volgens Delano Caras van Kessel Feinstein se adviesdienste wat maatskappye in die toeristemark oor nuwe projekte adviseer, is daar reeds aanduidings dat sommige van die planne wat in omloop is, so ambisieus is dat dit met reg as riskant bestempel kan word. "Dit is nie te sê dat die projekte nie kan of gaan slaag nie, maar voordat sommiges suksesvol kan wees sal die toerismebedryf in Suid-Afrika teen 'n baie vinniger tempo moet groei as wat nou die geval is." Verder sê hy die groot klem wat die provinsiale regerings plaas op die rol wat werkskepping in die toekenning van casinolisensies gaan speel, het die persepsie laat ontstaan dat net mega-projekte uiteindelik vir casinolisensies oorweeg sal word. "Die idee bestaan oënskynlik reeds in die sakewêreld dat hoe groter die projek is wat beplan word, hoe groter is so 'n aansoeker se kans om 'n lisensie te bekom. Voornemende aansoekers probeer dus die mededingers uitstof deur selfs op 'n groter skaal as die res te beplan." Sommige van die aannames wat sulke ondernemers maak oor die getal mense wat die projekte sal besoek en wat nodig is om daarvan 'n geldelike sukses te maak, moet as riskant beskou word. Dit is volgens hom 'n wanbegrip dat casino's veral buitelandse toeriste na Suid-Afrika sal lok. "Buitelanders besoek Suid-Afrika eerder vir sy natuurskoon en wildlewe en beskou die beskikbaarheid van 'n casino net as 'n bonus." Volgens Delano Caras het die beheptheid met groot casino's ontstaan nadat die regering besluit het om nie die Wiehahn-kommissie se aanvanklike aanbevelings oor dobbelregte te aanvaar nie. "Die aanvanklike gedagte was om aan elke provinsie 'n realistiese aantal dobbelplekke toe te ken en dit aan die provinsies oor te laat om self te besluit hoeveel casinolisensies uitgereik word solank die aantal dobbelplekke nie oorskry word nie. Volgens die plan kon 'n provinsie verkies het om liewers tien kleiner lewensvatbare casino's as twee groot casino's te hê, maar sedertdien is besluit om die aantal lisensies per provinsie te beperk. Vir provinsiale regerings wat soveel belastinginkomste moontlik uit 'n beperkte hoeveelheid lisensies wil verdien, klink dit dus na musiek as ontwikkelaars met mega-projekte vorendag kom."

**B 163:**
Pornografie, prostitusie, dobbelary en onwettige drankverkope gaan nie langer deur die polisie se narkotikaburo (Sanab) in Pretoria geduld word nie. In Sanab-optredes in sekswinkels in Sunnyside en Centurion is op byna negentig pornografiese video's en 870 pornografiese tydskrifte beslag gelê. Sanab het ook in twee kafees in Pretoria-Noord op sewe dobbelmasjiene ter waarde van R60 000 beslag gelê. "Ons het baie klagtes van ouers gekry oor die dobbelmasjiene. Hul kinders mors glo al hul geld daar uit. Die eienaars van die winkels is aangesê om in die hof te verskyn. Hulle sal nie weer hul masjiene terugkry nie", sê kaptein Dup du Plessis, bevelvoerder van Sanab se provinsiale eenheid. Du Plessis sê nog strenger optrede gaan volg teen sekswinkels, onwettige drankverkopers en gesellinklubs. "Dié tyd van die jaar waag mense net meer kanse en die verskerpte optrede kan Pretoria net 'n veiliger plek maak. Solank die wetgewing nog nie verander is nie, sal ons optree."

**B 164:**
Die wiele van die dobbelbedryf in Mpumalanga word vroeg aanstaande maand aan die rol gesit met die aanstelling van dié provinsie se dobbelraad. Die uitvoerende raad van Mpumalanga het pas oor die name

van raadslede besluit. Die Johannesburgse prokureur Keith Kunene is tot voorsitter van die raad gekies. Ook is daar twee hoofamptenare van die provinsie in die raad verkies. 'n Verteenwoordiger vir elke substreek van Mpumalanga is aangewys. Ook neem 'n vrou sitting in dié raad. Altesame is daar 49 mense in die raad benoem.

**B 165:**
Benoemings word ingewag vir Noordwes se raad op dobbelary en loterye. Advertensies vir aansoeke is reeds deur die departement van ekonomiese sake van Noordwes in die nuusmedia geplaas. Die aansoeke sluit binnekort. 'n Maksimum van vyf lede kan aangestel word. Die provinsie se dobbelraad sal onder meer aansoeke om nuwe dobbellisensies oorweeg en aanbevelings aan die uitvoerende raad maak vir moontlike goedkeuring. Geen aansoeke om dobbellisensies kan oorweeg en uitgereik word voordat die raad op dobbelary en loterye ingestel is nie. Die provinsie wag ook op nasionale wetgewing wat waarskynlik aanstaande jaar ingestel sal word.

**B 166:**
Die Britte het sedert verlede jaar 'n nuwe nasionale sport. Krieket, sokker en rugby het onder dié nasie, wat al van ouds af as die wêreld se grootste dobbelaars bekend staan, vir die nasionale lotery plek gemaak. Dit is dalk 'n aanduiding van wat in Suid-Afrika te wagte is, wanneer hy sy eie lotery kry. Byna 70 persent van Brittanje se volwasse bevolking vul deesdae elke week 'n loterykaartjie in. Die totale inkomste van wed- en gelukspele was in die eerste kwartaal van 1995 56 persent hoër as in dieselfde periode in 1994. Voor 1994 was Brittanje naas Albanië die enigste Europese land wat geen nasionale lotery gehad het nie. In die verlede was dit anders. Tot 1826 het Britse konings byvoorbeeld oorloë, museums en hawens met loterygeld gefinansier. Ná die instel van die staatslotery is almal dit egter nie eens of dit tog so 'n goeie idee is nie. Selfs wenners van reuse-bedrae twyfel soms. Vir die Britse regering is die lotery 'n skatkis waarin hy die hand kan steek sonder om die belastingbetaler kwaad te maak. 'n Sekere deel van dobbelinkomste gaan ook na welsynsorganisasies. Hulle is egter nie entoesiasties hieroor nie. "Ons het bewys dat met die nasionale lotery geld van die armes na die rykes oorgeplaas word", sê die gesiene Rowntree-Stigting in 'n verslag. Die Metodistekerk het soortgelyke kommentaar gelewer.

**B 167:**
'n Man op Randfontein het vyf skote op dobbelmasjiene in 'n casino geskiet en hulle toe met die vuis bygedam. Geskokte klante en werkers het by die dobbelhuis uitgestorm toe die man begin skiet het. Die man, wat homself glo beseer het toe hy die masjiene met die vuis geslaan het, het geweier om te sê waarom hy die masjiene aangeval het. Hy het gevlug voordat die polisie hom in hegtenis kon neem. Werkers in die casino kon hom nie identifiseer nie. Volgens luitenant-kolonel Henriëtte Bester van die polisie is sowat R10 000 skade aan die dobbelmasjiene aangerig.

**B 168:**
In een van sy eerste optredes in die feestyd het lede van die Suid-Afrikaanse Narkotikaburo (Sanab) in Pretoria gister beslag gelê op meer as twintig dobbelmasjiene. Majoor Dup du Plessis van Sanab sê daar is beslag gelê op sowat 23 dobbelmasjiene met sowat R2 000 in elkeen. Elke dobbelmasjien is sowat R10 000 werd. Die eienaars is gewaarsku om in die hof te verskyn omdat dit nie meer help om slegs 'n boete aan die eienaars op te lê nie. Die volgende dag is die dobbelmasjiene tog weer terug in die kafees, sê Du Plessis. Die masjiene sal waarskynlik verbeurd verklaar en verbrand word. Die geld daarin sal aan die staat verklaar word. "Dié optrede is net die begin," waarsku Du Plessis.

**B 169:**
Senzele Mhlungu, LUR vir Finansies van KwaZulu-Natal, sê hy sal nie huiwer om die sentrale regering in die Konstitusionele Hof te pak oor die aantal wettige casino's wat hul deure in die provinsie kan oopmaak nie. "Hoewel ek saamstem met 'n beleid wat die aantal casino's beperk, meen ek die beslissing oor hoeveel lisensies in KwaZulu-Natal uitgereik mag word, berus by die provinsiale regering. Ek is bereid om dié standpunt in die Konstitusionele Hof te laat toets", sê hy. Die regering het vroeër bekend gemaak dat nie meer as ses casino's in KwaZulu-Natal bedryf mag word nie. Die LUR wil egter tot tien of meer lisensies uitreik. Mhlungu het gemaan teen die indruk dat die duisende onwettige casino's wat nou in 'n gedereguleerde omgewing bedryf word, 'n suksesverhaal vir klein ondernemers is. "Dit is heeltemal te maklik vir oneerlike ondernemers om die publiek uit te buit. Voorts hou 'harde' dobbelary wat te maklik toeganklik is, sosio-ekonomiese nadele vir die gemeenskap in."

**B 170:**
Die eienaar van Luckster's Casino in die Boulevard-hotel in Pretoria dreig om 'n dringende interdik in die hooggeregshof te vra nadat lede van die polisie se narkotikaburo (Sanab) dié casino vir die tweede keer ná 'n klopjag gesluit het. Die polisie het beslag gelê op R30 000, sowat tien dobbelmasjiene, vyf speeltafels en ander dobbeltoerusting van sowat R200 000. Die eienaar, Harry Walwianos, en vier van sy werknemers is aangesê om in die hof te verskyn. "Die provinsiale wetgewing oor dobbel in Gauteng is nog nie in werking nie. Daar is nog nie een casino in dié provinsie wat 'n lisensie het nie. Ons sal bly optree totdat wetgewing verander", sê kaptein Willie Schutte van Sanab. In 1994 het die hooggeregshof beslis dié dobbelplekke is in stryd met die wet en het geen reg om sake te doen in stryd met die Wet op Dobbelary en die Strafproseswet nie. Ná die eerste klopjag het 'n belangrike getuie vir die hofsaak verdwyn. Sanab moes die casino se toerusting teruggee.

**B 171:**
Mpumalanga het die eerste provinsie geword wat sy eie dobbelraad het. Die lede van die raad is aangestel nadat geen besware teen hul benoeming ontvang is nie. Nege van die tien poste in dié raad is reeds beman. Daar is nog een vakature.

**B 172:**
'n Interdik wat die eienaar van Luckster's Casino in Pretoria in die hooggeregshof teen die SA Narkotikaburo (Sanab) gevra het, is met koste van die hand gewys. Die eienaar van dié casino het die interdik teen Sanab gevra nadat lede van Sanab vir die tweede keer 'n klopjag by sy casino gehou het. Volgens majoor Dup du Plessis het die eienaar onder meer in die hof gevra dat sy casino sy bedrywighede kan voortsit.

**ADDENDUM 2. Opsomming van berigte, artikels en kommentaar in *Rapport***

**Homoseksualiteit: R 1 - R 9**

**R 1:**

Navorsing in Kanada sou aangetoon het dat meisies wat seuns se speelgoed verkies en klein seuntjies wat met poppe speel, na alle waarskynlikheid homoseksuele word. Die speelgoed wat 'n kleuter kies, is 'n goeie indikator van sy (toekomstige) seksuele oriëntasie. Dié resultaat is gekry na aanleiding van onderhoude met 25 000 volwassenes oor hul kinder-belangstellings.

**R 2:**

Daar was 'n stroom van gerugte dat die voorsitter van die studenteraad van die Universiteit van Port Elizabeth, St. Claire Adriaan, manlike studente seksueel sou teister. Daarop het dié student uit sy pos bedank. Totdat 'n amptelike klag kom, bly dit 'n saak van studente. 'n Woordvoerder van die universiteit sê die universiteit kan nog niks doen nie. "Ons kan nie optree voordat iemand amptelik 'n klag by ons aanhangig maak nie." Die vonke oor die hoof van die studenteraadsvoorisitter het begin spat nadat 'n vroulike student in 'n brief aan die universiteit se koerant *Upen* gekla het oor 'n hoë in studentekringe wat mans seksueel teister. 'n Anonieme student sê: "Dit is vir baie studente geen geheim dat hy homoseksueel is nie. Iemand moet egter nou iets doen. Die ding ruk hande uit." Die voorsitter van die studenteraad op die Potchefstroomse sateliet-kampus op Vanderbijlpark, Kevin Addinall, het ook probleme met die betrokke student gehad. "Dit was vir my 'n nare ondervinding. Ons het almal saam gekuier en ek en St. Claire het lekker gesels. Later het sy houding my egter begin pla en ek het bekommerd geraak. Hy het in 'n stadium aan my oor gelek en sy hand by my broek probeer insteek. (...) Ek dink hy het 'n probleem en sal so gou moontlik daarna moet laat kyk."

**R 3:**

Dié artikel handel oor musiek met eksplisiete seks, wat ook die tema van pornografie aansny en die probleem van algehele persvryheid onder die tussentydse grondwet. Terwyl almal bohaai maak oor kaal borste op die kafee-rakke, luister duisende jong kinders daagliks ongehinderd na liedjies wat grootmense laat sidder van verleentheid. Woordvoerders van onderskeie verspreiders en handelaars sê dit is eenvoudig maar soos dit is. Hulle is sakelui, ingestel op winsbejag, en as 'n treffer lirieke het, moet hulle dit verkoop, anders doen iemand anders dit in elk geval, skryf dié artikel. Rob Monty van Pick 'n Pay sê: "In die nuwe bedeling berus die beheer by ouers. Ons verkoop miljoene cd's en kassette en kan nie alles nagaan nie. Ouers moet self toesien dat hul kinders nie na sulke musiek luister nie. Ons sal nietemin probeer toesien dat dit nie goedsmoeds van ons rakke verkoop word nie." 'n Handelaar van Hillbrow, Johannesburg, sê satanisme, homoseksualiteit, bestialiteit en geweld kom algemeen voor in musiek. "Dit is net nie so ooglopend soos die visuele pornografie nie. Kinders luister elke dag daarna. Die meeste ouers weet dit net nie of stel nie belang nie."

**R 4:**

By die landing van president Robert Mugabe van Zimbabwe op Johannesburg se Internasionale Lughawe het 200 gays hom ingewag. Hy het hulle egter ontwyk deur die aankomssaal via 'n sydeur te verlaat en stil-stil van die lughawe weg te glip. In 'n sitaat word die siening van Mugabe weergegee: "Laat hulle maar voortgaan met hul betoging en waarvoor hulle ook mag staan. Hulle moet steeds aan my bewys dat hulle swanger kan raak. Ek sal homoseksuele en lesbiërs nooit goedkeur nie aangesien hulle ons normale lewenswyse wil versteur. Hulle is 'n skande vir hul gemeenskap en vir die hele wêreld." Die leier van die protesoptog het as volg op Mugabe se ontwyking gereageer: "Hy is nie mans genoeg om ons te ontmoet nie. Ons sal hom nie met rus laat met sy besoek in Suid-Afrika nie."

**R 5:**

In dieselfde uitgawe waarin van die protes teen Mugabe berig word, maak *Rapport* bekend dat 'n afspraakplek vir homoseksuele mans in Mpumalanga oopgevlek is. Sommige van die mans is vooraanstaande inwoners van die kontrei. Die polisie het 'n lang lys van name en registrasienommers. As die saak voor die hof beland, kan bekende name genoem word. Die beskrywing van die plek en die tye waarop die mans mekaar ontmoet, is baie gedetailleerd. Daar is bevind dat die seksuele bedrywighede tussen die mans so teen elfuur soggens begin. Hul ouderdomme wissel tussen 20 en 40 jaar.

**R 6:**

'n Lang berig vertel oor twee gays wat by die SA Polisiediens (SAPD) gewerk het en hul huwelik in Mei 1995 in 'n homo-kerk laat 'bevestig' het. Polisiemans en -vroue het uitnodigings na een van hulle se kombuistee ontvang. Dié ongewone huwelik het tot menige debat in die polisiehoofkantore, gange en teekamers gelei. Nie almal was bereid om die 'bruid' se kombuistee of die huweliksplegtigheid by te woon nie, vertel die berig. Ook word gesê dat so 'n 'troue' in die ou Suid-Afrika nie geduld sou gewees het nie. 'n Woordvoerder van die 'nuwe' SAPD sê in 'n indirekte aanhaling gays en lesbiërs geniet "volle regte en geen diskriminasie word teen hulle geduld nie." Die polisiemag is ook 'n voorstander van goeie verhoudinge met die gay-gemeenskap. "Die SAPD is verbind tot gelyke, doeltreffende en toeganklike diens aan alle gay en lesbiese mense." 'n Woordvoerder van die SA Nasionale Weermag sê in 'n indirekte sitaat die Weermag verbied nie die aanstelling van mense met homoseksuele voorkeure nie. "Maar daar word van hulle, soos van enige ander lid van die Weermag, verlang om hulle te gedra op 'n wyse wat nie militêre dissipline ondermyn of die morele waardes van die samelewing aanstoot gee nie."

**R 7:**

Danie Botha se prosadebuut met die boek *Die Soft Rock Klub*, wat gaan oor homoseksualiteit, kry aandag in 'n lang resensie. Die skrywer gee 'n opsomming van wat in die boek staan en noem dit ten slotte "'n belangrike toevoeging tot die gay-literatuur en tot die Afrikaanse letterkunde in die geheel". Die 'gesprek met God' wat as laaste verhaal in die boek staan, word positief gewaardeer, omdat dit "die verband tussen die religieuse en die erotiese opnuut bevestig". Ook breek hierdie boek "deur die grense van intimiteit om die mens in sy kwesbaarste vorm bloot te stel."

**R 8:**

'n Nes van homoseksuele bedrywighede waardeur jong skoolseuns na bewering gruwelik misbruik is, is oopgekrap toe speurders toegeslaan het op 'n rykmansvilla by Loch Vaal. Minstens twaalf seuns tussen 15 en 17 jaar is by die saak betrokke. Speurders vermoed dat heelwat meer seuns by die saak betrokke kan wees. 'n Skatryk afgetrede sakeman van Johannesburg is in hegtenis geneem. In dieselfde berig word nog 'n ander sedesaak gemeld, waarby 'n 65-jarige oupa betrokke is.

**R 9:**

Die storie in R 8 kry 'n lang vervolg. Meer gruwels word vermeld. Die vermoede bestaan dat die sleutel vir die oplos van vier moorde op skoolseuns tussen 11 en 14 jaar by dieselfde persone gevind kan word. Minstens een van die mans kan moontlik verbind word met moorde op jong skoolseuns sedert die vroeë jare sewentig. Een van die persone het egter gou-gou selfmoord gepleeg nadat dié 'vullishoop' oopgekrap is. Hy het homself in 'n kombers gewikkel en hom buite sy motor met 'n pyp uit die uitlaapyp vergas. In die berig word baie detail gegee oor die toestand van verskeie skoolseuns wat dood en met die spore van seksuele aanranding langs paaie gevind is.

**Aborsie: R 10 - R 18**

**R 10:**

*Rapport* se aborsiereeks in 1995 begin met 'n storie oor 'n ma van 'n driejarige dogtertjie wat eintlik geaborteer moes gewees het. Die ma eis R800 000 van die ginekoloog omdat die aborsie onsuksesvol uitgevoer is, waardeur sy die kind moes onderhou en nie kon gaan werk nie. Dié vrou sou destyds psigies nie in staat gewees het om die kind in die wêreld te bring nie. Sy kon die baba ook nie bekostig nie. Sy het die formele mediese sertifikate gehad om die ingreep te laat uitvoer. Die berig handel oor 'n hofsitting wat die Vrydag voor verskyning plaasgevind het. In die berig is daar twee sitate. Eerstens sê die ma: "'n Mens kan sê sy (die dogtertjie, EvV) is die rede vir my bestaan." Die pa van die ma word ook aangehaal: "En ek trek nou van Durban af Johannesburg toe om by haar te wees. Einde van die maand. Sy is my oogappel. Ek sal haar versorg terwyl my dogter bedags werk."

**R 11:**

*Rapport* het 'n kritiese onderhoud gevoer met 'n Nederlandse dokter wat geprobeer het om in Klerksdorp die heel eerste amptelike aborsiekliniek in Suid-Afrika te begin. Daar het egter 'n "jong oorloggie" om sy kop losgebars. Die joernalis skryf: "Wanneer hy vertel waarmee hy besig is, weet jy waarom." As die wetgewing verander, wil hy op enige swanger vrou wat daarom vra, 'n behandeling uitvoer. Dis die vrou se besluit. Selfs op sy eie dogter of kleindogter sal hy opereer, sê hy in 'n indirekte sitaat. Die kwessie van in watter stadium 'n lewe in die baarmoeder begin, is vir hom 'subjektief' en van min belang. "Dit hang af wat jy as lewe beskou", sê hy. Vyf jaar vroeër het hy ook pogings aangewend om in Bophuthatswana so 'n

kliniek te begin. Die destydse Bop-regering het toe egter daarop toegeslaan. In die artikel word ook die mening weergegee van 'n teenstander, wat 'n petisie met 1500 handtekeninge aan dié dokter oorhandig het. "Ons het niks teen die dokter persoonlik nie, maar wel teen dit wat hy beplan. Ons is in die hande van 'n lewende God en ons wil nie die genade van die Here oor ons land verloor nie." Ook word gemeld dat talle instansies, waaronder kerke, teen die oprig van die kliniek is.

**R 12:**
'n Opvolgberig oor die hofuitspraak oor die mislukte aborsie is gepubliseer. Die ma se eis is van die hand gewys. Die regter het aangevoer dat die ma voldoende geleentheid gekry het om nog die aborsie te laat uitvoer, maar dat sy dit nie gedoen het nie omdat haar houding jeens die swangerskap verander het. Sy het nie vir die aborteur laat weet sy is steeds swanger nie. Ook die getuienis dat vyf uit elke duisend aborsies nie suksesvol is nie, word aangehaal. Die mediese wetenskap nie so eksak dat elke behandeling honderd persent kan slaag nie.

**R 13:**
Die Nederlandse aborsiedokter uit Klerksdorp is in hegtenis geneem. Hy is daarvan aangekla dat hy 'n onwettige aborsie op Lichtenburg uitgevoer het. Hy het reeds in die hof verskyn en is op borgtog van R1000 vrygelaat. In die berig word melding gemaak van 'n voorgenome protesaksie teen aborsie in Klerksdorp. Die organiseerder sê in indirekte aanhalings dat sy oorval is deur mense landwyd wat die optog steun. Duisende mense sal na verwagting op die eersvolgende Saterdagoggend by die brandweerstasie in Klerksdorp saamtrek, van waar die optog na die stadsaal sal beweeg. Daar sal 'n simboliese kranslegging plaasvind en 'n petisie aan die burgemeester oorhandig word waarin staan dat die nuwe aborsiewetgewing ontoelaatbaar is.

**R 14:**
In 'n lang berig met 'n groot opskrif maak *Rapport* melding van 'n blanke boer wat amptelik 'n aborsie wou gereël het vir 'n bruin meissie. Dié meisie was 'in die moeilikheid'. Hy is weggewys en 21 dae later is die lyk van 'n verwagtende bruin meisie op sy plaas gekry. Nou word hy daarvan verdink dat hy die 18-jarige op sy plaas opgehang het. Sy was sowat 25 weke swanger met vermoedelik dié verdagte se kind. Die berig is 'n verslag van 'n hofsaak, waarin hy teregstaan op aanklag van moord. Die hele gesin waaruit die bruin meisie kom, was werkers op dié boer se plaas. Na die voorval het hulle getrek en bly in 'n plakkerskamp. Volgens die openbare aanklaer is die selfmoordbrief wat op die meisie gekry is, nie deur haar self geskryf nie. Sy sou daarom ook nie die selfmoord gepleeg het nie. Die ma van die meisie vertel: "Nadat Erika besluit het om nie 'n aborsie te ondergaan nie, het mnr. Blume (die boer wat onder verdenking staan, EvV) aan haar gesê dat een van hulle die plaas sou moes verlaat." Dié ma het die boer ook gekonfronteer met die verdwyning van haar dogter. "Hy het my oë vermy en hurkend voor my gesit. Hy het gesê hy weet nie waar Erika is nie. Sy houding het my laat dink iets is verkeerd. Toe vra ek hom of hy Erika doodgemaak het. Hy het vinnig opgestaan en gesê ek gee hom hoendervleis." In 'n indirekte sitaat word Erika se broer aangehaal. Volgens sy getuienis het die boer teenoor hom erken dat hy Erika verwagtend gemaak het na twee seks-sessies. Die boer het hom ook vertel dat hy 'n aborsie wou reël, maar dat sy planne gefaal het. "Hy was baie bekommerd."

**R 15:**
In 'n ander lang berig gee *Rapport* stem aan die beswaarde medici wat vind dat hul voorleggings deur die parlementêre ad-hoc-komitee, wat die nuwe aborsiewet voorberei, geïgnoreer is. Die skrywer van hierdie berig begin deur te sê dat die doodstraf in Suid-Afrika amptelik afgeskaf is, maar "dit lyk na 'n uitgemaakte saak dat aborsie-op-aanvraag gewettig kan word". Die "emosionele feministiese pleidooie" het meer gewig gekry as "harde mediese feite". Die werksaamhede van die komitee is "blote oëverblindery". NP-woordvoerder Willem Odendaal sê in 'n indirekte sitaat dat sy party alles moontlik sal doen om die wettiging van aborsie te verhinder. Dr. Johan Smith van Dokters vir Lewe is ook gekant teen die wettiging van aborsie. Die dokters se standpunt is dat die lewe by konsepsie begin. "Geen persoon mag op 'n arbitrêre wyse, soos nou gebeur, van sy lewe ontneem word nie. Dit moet in gedagte gehou word dat ons standpunt suiwer wetenskaplik is en niks met emosie te make het nie." Prof. Thinus Kruger van die departement verloskunde van die Tygerberg-hospitaal sê dit is sy en "honderde ander" dokters se mening dat lewe by bevrugting begin. "Ons het dit so aan die komitee oorgedra en gekwalifiseer in 'n feitelike voorlegging. Die feit dat elke fetus die potensiaal het om tot 'n volwaardige mens te ontwikkel, kan niemand wegredeneer nie." Die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad sê in 'n indirekte aanhaling hy volstaan met die beleid wat die bestaande wet voorskryf, waardeur aborsie net in sekere gevalle toegelaat word.

**R 16:**
In die rubriek Flitslig gee Piet Muller sy analise van die kwessie. Hy konstateer dat die stryd rondom aborsie net so oud as die Christendom is. Hy gee 'n oorsig van hoe die kerk se siening oor aborsie in die kerk se geskiedenis ontwikkel is. Volgens sy weergawe was die Christelike kerk se siening deur die eeue beslis nie konstant nie. Volgens hom is die vraag of die fetus 'n siel het al dan nie, deurslaggewend vir die antwoord op die morele regverdiging van aborsie. Hy konkludeer: dit is "'n ongemaklike dilemma, waarmee moderne teenstanders van aborsie ook worstel, en waaroor daar nog geen duidelikheid verkry is nie". "Want wie behalwe die Skepper weet wanneer 'n fetus 'n siel is, of word? Die kwessie van aborsie is inderdaad 'n skemerwêreld van nie-weet waarin ons ons begewe."

**R 17:**
In dieselfde aflewering verskyn 'n oorsig waarin bekende vroue hul mening oor aborsie op aanvraag gee. Dalene Matthee (skryfster): "Ek hoop dat diegene wat die nuwe wet maak, slegs vroue se belange op die hart dra, nie die standpunte van sedebewakers nie. Ja, die vrou moet self kan kies, en nie die dokter, die dominee of die parlementslid nie." Prudence Solomon (skakelbeampte en tv-nuusleser): "Ek is pro-lewe, maar glo terselfdertyd dat vroue die reg het om self te kies of hulle 'n aborsie wil hê of nie. Ek is nietemin bang dat dié reg van keuse misbruik gaan word, daarom sal dit aan streng beheer onderhewig moet wees. Ek glo ook dat 'n aborsie geregverdig is in gevalle waar 'n vrou verkrag is of haar gesondheid deur die swangerskap bedreig word." Shareen Swart (aktrise): "Ek is 'n felle teenstander van aborsies. (...) Aborsies in spesiale omstandighede is seker geregverdig, soos na verkragtings, maar aborsie-op-aanvraag is niks minder nie as 'n goedkoop uitweg vir vroue wat te papbroekig is om vir hul eie doen en late verantwoordelikheid te aanvaar." Francis Kendall (politikus): "Daar is twee stelle botsende belange teenwoordig in hierdie debat - die vrou s'n en die kind s'n - en albei weeg vir my ewe swaar. Ek beny mense vir wie dit maklik is om hieroor te besluit. Ek glo nie ek sal ooit weet of ek pro-lewe of pro-aborsie is nie."
Nina Overton (akademikus): "Ek is teen die voorgestelde nuwe wetgewing gekant en dit is jammer dat Suid-Afrika in die rigting van aborsie-op-aanvraag beweeg." Reeva Foreman (sakevrou): "Aborsie is die vrou se keuse. (...) Daardie keuse mag haar nie ontneem word nie, selfs al is daar potensiële skuiwergate in die wet." Francis Bosman (advokaat): "Ek glo ons aborsie-wette moet verslap word, mits dit nie in 'n geboortebeperkingsmiddel ontaard nie. (...) As 'n ongebore kind egter geen vooruitsig op 'n normale lewe het of 'n kwaliteit-lewe nie, kan 'n aborsie regverdigbaar wees, mits dit in 'n vroeë stadium geskied." Jane Hicks (TV-nuusleser): "Solank aborsie-op-aanvraag nie as geboortebeperking gebruik word nie, is ek pro-keuse. Die vrou moet kan kies, ongeag die ander, dikwels legitieme, argumente. Teen die agtergrond van ons kommerwekkende bevolkingsaanwas en die duisende kinders wat in haglike omstandigede lewe, dink ek verslapte aborsie-wetgewing is wenslik. Of dit moreel-eties is, weet ek nie." Anneline Kriel (sakevrou): "As 'n mens kyk na die Bybel, dan moet jy teen aborsie gekant wees. Aan die ander kant, as 'n jong meisie se lewe ten koste van 'n onwelkome kind verwoes kan word, of as die kind abnormaal is, dan kan 'n aborsie regverdigbaar wees, mits dit so vroeg as moontlik gedoen word." Carike Keuzenkamp (sangeres): "Ek is gekant teen aborsie-op-aanvraag. Die nuwe wetgewing behoort so te wees dat 'n vrou 'n aborsie kan kry as sy moet, nie as sy sommer net wil nie."

**R 18:**
In 'n lang berig kry die ANC-parlementslid, Gregory Rockman, se konserwatiewe siening oor aborsie aandag. Hy meen die regering moet eers 'n referendum hou voordat die parlement besluit oor aborsie op aanvraag. Hy neem met hierdie mening stelling in teen die meerderheid van die parlementêre ad-hoc-komitee oor dié saak. "Die reg op lewe word in die grondwet gewaarborg. Lewe word deur God gegee en geneem. As 'n regering kom en hy keer die aanbeveling goed, maak ons 'n belaglikheid van die besluit om die doodstraf weg te neem", sê hy. "Ons het onlangs gesien toe gelowiges na die strate gaan om te protesteer teen die voorstel dat Suid-Afrika 'n sekulêre staat word. Ons kan nie toelaat dat emosies nou weer opgeblaas word nie. Die regering het onderneem dat hy die kiesers sal ken in belangrike besluite, daarom voel ek dat 'n referendum rondom die kwessie van aborsie moet gehou word." Eerwaarde Arnold Stofile, hoofsweep van die ANC, sê in 'n indirekte sitaat hierop dat sy party nog nie 'n besluit geneem het oor die verslag van die parlementêre ad-hoc-komitee nie. Hy voel dit sal tog aan die einde van die dag 'n gewetensbesluit wees en dat lede toegelaat sal word, soos elders in die wêreld, om volgens hul gewetes te stem. In 'n ander indirekte aanhaling sê dr. Joyce Kane-Berman, hoofdirekteur van die Groote Schuur-Hospitaal, haar steun aan die aanbevelings van die komitee toe. Sy dink dis goed dat vroue tot op ses maande swangerskap in spesifieke omstandighede die reg op veilige en wettige aborsies het.

**Dobbelary: R 19 - R 31**

**R 19:**

Die eerste berig oor dobbelary in 1995 beskryf die nuwe dobbelwetgewing, wat grotendeels deur mev. Winnie Mandela ontwerp is. Dié lang berig begin op die voorblad en het 'n oorloop op die tweede bladsy. Winnie Mandela het die twee 'dobbelkonings' Omar Sharif en Sol Kerzner by dié nuwe reëlgewing betrek. Ook word in dié berig gesê dat Mandela moontlik persoonlike belange in die dobbelbedryf het. Daarom het adjunk-minister Bantu Holomisa vir Mandela 'n doring in die vlees geword, aangesien hy uidruklik in die parlement aanbeveel het dat Sol Kerzner, Suid-Afrika se grootste dobbelkoning, se sake ondersoek word. In die berig word verskeie kere gebruik gemaak van inligting wat op "hoë vlak" verkry is en naamloos deurgegee word.

**R 20:**

Vier maande na die sluipmoord op prof. Johan Heyns kon die polisie met sekerheid sê die eertydse moderator van die NG Kerk se onversetlike teenstand teen dobbelary en die wettiging van casino's was nie die motief vir die moord nie. Daar was vroeër gerugte dat moonlik dobbelsindikate teen Heyns saamgesweer het. Die polisie gaan voort met die ondersoek, wat hom veral rig op regse politieke kringe.
In 'n indirekte sitaat sê brigadier Suiker Britz, hoof van die polisie se spesialis-eenheid, die polisie kon geen bewyse vind van invloedryke dobbelsindikate wat sou saamsweer om prof. Heyns te vermoor nie.

**R 21:**

As die regering die aanbevelings van die Raad op Lotery en Dobbelary goedkeur, kan Suid-Afrika veertig casino's kry. Daar is reeds sewentien dobbelplekke van Sun International in die voormalige tuislande. Daar word 'n "groot baklei" verwag om die orige 23 lisensies, sê Mannie Hirsch, besturende direkteur van die nuwe maatskappy Omar Sharif Southern Africa, wat een van die grootstes is wat meeding om die goue casino-appel. Hirsch gaan aansoek doen om minstens sewe lisensies. "Daar is agt ernstige bakleiers en vier staan op die rand en loer of hulle ook 'n happie uit die nuwe casino-bedeling kan kry." Hirsch dink nie prof. Nic Wiehahn is die beste persoon om aanbevelings ook dobbelary te doen nie. "Wie is hy om voor te skryf hoeveel casino's daar moet wees? Waarom 40? Dis nie logies nie. Dis nie in ooreenkoms met die demografie of sosio-ekonomie van die land nie. Waarom nie 39 of 68 of hoeveel ook al nie?"

**R 22:**

In 'n artikel met 'n groot opskrif en twee sub-opskrifte sê dr. Frits Gaum, redakteur van *Die Kerkbode* en skriba van die algemene sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, dat deur dobbelary die rykes nog ryker en die armes nog armer word. "Verliese weens dobbelary kan rampspoedige gevolge hê vir casino-gangers en hul gesinne. Jongmense moet geleer word om nie hul hoop op casino's of enige ander soort dobbelary te vestig nie." As dobbelary egter op die wetboek kom, sal lidmate gevra word om nie aan dobbelpraktyke — insluitende perdewedrenne — deel te neem nie. "Casino's kan lei tot allerlei maatskaplike euwels en 'n nadelige effek hê op die arbeid, op die mens se verhouding tot God, die samelewing en die huisgesin." Ook die charismatiese kerkleier past. Ray McCauley van Randburg dink soos Gaum. "Maar noudat casino's deel van die wetgewing word, is dit die mindere van twee euwels. Wanneer dobbelary eers gevestig is, moet dit baie streng beheer word. Indien toegelaat word dat deel van die winste na armes en minderbevoorregtes gaan, is dit goed." McCauley vind wettiging van dobbelary dus beter dan die aanhou van onwettige dobbelplekke. Die hoofbestuurder van die grootste casino in die suidelike halfrond Carousel in Pretoria, David Haysom, het by navraag gesê: "Met ons jongste markopname is gevind dat ongeveer ewe veel Afrikaans- as Engelssprekendes hier kom dobbel."

**R 23:**

Bophuthatswana se ontwikkelingsobligasies het in botsing gekom met die aanbevelings van die finale dobbelverslag van die Raad op Lotery en Dobbelary, wat juis in die week van publikasie aan die regering oorhandig is. Die obligasies is 'n erfenis uit 1983. Die Noordwes-provinsie het dié beleid in die nuwe bedeling oorgeneem. Daar kon groot pryse gewin word. Binne drie weke moet daar duidelikheid verkry word oor die toekoms van hierdie obligasies. Prof. Nic Wiehahn, voorsitter van die Raad op Dobbelary en Loterye, het die Bop-obligasies ook uitgewys as een van die sake waaroor nog onderhandel moet word.

**R 24:**

In 'n kort redaksionele kommentaar gee *Rapport* sy eie mening oor die dobbelkwessie. Die blad vind dit opvallend dat elke eenvoudige speletjie wat "na geluk geruik het", vroeër verbode was of selfs as sondig

beskou is. Nou is loterye en casino's reeds "'n diens aan die gemeenskap". *Rapport* sê hy wil "'n oop gemoed" oor hierdie sake hou. "Maar 'n waarskuwing is nogtans gepas dat, uitgesonder piepklein dobbelstaatjies soos Monaco wat buitendien die speelplek van die rykes is, geen land ter wêreld hom nog tot sosiale opheffing of voorspoed gedobbel het nie. Inteendeel, wanneer 'n ongebreidelde dobbelgees 'n land beetpak, dui dit dikwels nie slegs op morele verval nie, maar ook op ekonomiese agteruitgang." *Rapport* beskou die wettiging van dobbelary as 'n stasie wat reeds verby is, want hy roep nie op om die planne terug te draai nie, maar beveel juis streng beheer aan. "Sorg moet veral gedra word dat hebsugtige woekeraars hulle nie onwettig ten koste van die behoeftiges verryk nie. En mag veral geestelike leiers op 'n verantwoordelike wyse ewewigtig hieroor standpunt inneem tot die morele welsyn van die ganse land."

**R 25:**
Dit is moontlik om in 'n casino meer as 'n miljoen rand te wen. In 'n kort berig meld *Rapport* dat Hannes Wilkinson van Bloemfontein R1 110 322 gewen het. "Ek het met slegs R50 begin dobbel en dobbel gewoonlik nooit meer as dit nie. Dit was aan die einde van die R50 dat die gelukstoot my getref het. Ek was eers kalm tot ek die tjek die volgende dag inbetaal het. Toe het alles my eers begin tref."

**R 26:**
In Groot-Brittanje bestaan daar ernstige bedenkinge oor die staatslotery wat vyf maande vroeër ingestel is, berig *Rapport* se korrespondent. Daar is baie minder miljoenêrs gemaak as wat hulle verwag het en daar is reeds een selfmoord gepleeg na aanleiding van 'n dobbelteleurstelling. Voor die howe is daar sake oor die vraag aan wie die wengeld behoort. Maar dit lyk onmoontlik om van die lotery ontslae te raak. Die verantwoordelike minister sê in 'n indirekte aanhaling dit verskaf aan te veel mense vermaak. In dieselfde asem kla hy dat, "terwyl een uit drie van ons aan kanker sal sterf", 'n organisasie wat geld ingesamel het vir kankernavorsing, Tenovus, moes sluit omdat hy nie een van die dienste is wat deel van die koek gekry het nie terwyl sy eie krapkaarte nie meer gekoop word nie. Hoewel die minister bekommerd is oor die lotery, wil hy dit nie terugdraai nie. Die mense wil dit hê. 'n Verkoper van dobbelkaartjies sê: "Dit word 'n obsessie by mense. Dis al waarvoor hulle leef. Die meeste mense is verstandig, hulle koop 'n paar kaartjies, meer vir die hoop as uit gulsigheid. Maar daar is een of twee persent wat hulle nie kan bedwing nie. Hulle bestee die hele week se loon aan die lotery en die volgende dag wil hulle kom huil. Ek sien hulle hier, maar wat kan jy doen? Hulle raak verslaaf daaraan. Ek is bevrees dit neem hul lewe oor. Dis noodlottig."
Keith Lester, 'n ander verkoper, vertel daar is mense wat honderde ponde op een slag bestee. "Jy kan aan hul gesig sien hulle is nie in staat om hulle te bedwing nie." Net die maatskappy wat die lotery hanteer, Camelot, is heeltemal in sy skik. "Dit gaan baie vinniger as wat verwag is. Omtrent die helfte van die Britte bestee gemiddeld elkeen R15 'n week aan die lotery." Iain Brown, dosent in sielkunde aan die Universiteit van Glasgow, voel heeltemal anders. "Ons het in ander dele van die wêreld, in die Amerikas en in Spanje, gesien wat gebeur. Die lotery laat mense heeltemal hul greep op die werklikheid verloor. 'n Lotery is net so 'n dobbelary as 'n casino of die honderesies. Dit skep 'n valse droomwêreld en dit verlam die mense omdat hulle manna uit die hemel verwag."

**R 27:**
In 'n lang berig meld *Sake-Rapport* die jongste stand van sake oor die verdeling van die oorblywende 23 casinolisensies. Verskeie dobbelbesighede is in gesprek met buitelandse vennote. Een Suid-Afrikaanse maatskappy, Global Resorts SA (GRSA), het reeds die kragte met 'n Amerikaanse casinogroep, Centrye Casinos Inc. (CCI), saamgespan. Die organisasie word volledig beskryf. CCI se voorsitter het selfs 'n doktorsgraad in casinobestuur. Die begin van die samewerking is optimisties, omdat die casino-bedryf op die vooraand staan "van 'n uiters opwindende tyd". Die bedryf hoop om nege van die veertig lisensies te bekom. Ernie Joubert van GRSA, voormalige bemarkingsdirekteur van Sun International, meld dat Ian Young, eertydse casino-hoofbestuurder van Sun City, as casino-direkteur van GRSA aangestel is. Dat beteken dat GRSA in hierdie stadium drie gewese senior werknemers van Sun International in diens het. Young sê: "Die plaaslike casino-bedryf staan op die vooraand van 'n uiters opwindende tyd met die uitreiking van lisensies wat teen die einde van vanjaar sal plaasvind. Veral die toetrede van nuwe spelers in dié mark in mededinging met Sun International, nadat dié groep die monopolie vir so lank gehad het, is 'n groot uitdaging. Ek is oortuig dat Global Resorts oor die bronne en talent beskik, veral noudat Century Casinos met ons kragte saamgespan het, om ons uiteindelike doelwit te bereik, naamlik om die Coca-Cola van die internasionale dobbelbedryf te word. Die bestuur van Century Casinos word as wêreldleiers in die bedryf gereken."

**R 28:**

In 'n artikel beskryf dié koerant hoe 'n casino van binne lyk. By die Suid-Afrikaanse dobbelmasjiene blyk die wenkans van die laagste ter wêreld te wees; in die meeste gevalle nie meer as 1 uit 35 nie. Daar word ook oor die kunsies gepraat wat die casinowerkers gebruik om die wenkans te verklein. Dié kunsies word egter nie beskrywe nie, want dit bly steeds die geheim van die casinowerker, wat 'n eed van geheimhouding afgelê het. Wel het hulle gewys dat hulle steeds speelskyfies kan laat verdwyn sonder dat die speler dit agterkom.

**R 29:**

Daar is 'n moontlikheid dat Sol Kerzner se Sun International enkele van die sewentien lisensies wat hy reeds het, sal teruggee, meld *Sake-Rapport*. Dat ander, onwettige, bestaande casino's outomaties 'n lisensie sal kry, is nie gewaarborg nie, sê die Minister vir Algemene Dienste, Chris Fismer. Fismer verwag dat dobbelplekke as deel van hotel- of konferensiekomplekse 'n geweldige hupstoot vir toerisme kan wees wat nie op 'n ander wyse bewerkstellig kan word nie. Ook kan dit buitelandse kapitaal lok wat nuwe en blywende infrastruktuur kan skep. Wel wil hy die beheer oor die dobbelbedryf streng hou. "Dit beteken ook dat ons internasionale skelm of onetiese dobbelbedrywe uit die land moet weer om te verseker dat van die wêreld se voorste eerlike dobbelondernemings hier kom sake doen. Die uitlanders wil daarnaas verseker wees dat die bedryf hulle goeie mededingingsgeleenthede bied en hulle nie met 'n monopolie te doen gaan kry nie. By die huidige wetsontwerp is daar geprobeer om 'n balans te vind tussen die voordele wat die dobbelbedryf vir die land inhou en die "moontlike negatiewe sosio-maatskaplike gevolge", sê Fismer.

**R 30:**

'n Lang berig in *Sake-Rapport* handel oor Suid-Afrika se jongste casino-oordmaatskappy. Op 23 April (R 27) is ook al oor GRSA geskrywe. Nou is die samestelling van die bestuur egter gefinaliseer. Ook het dié maatskappy 'n lisensie gekry. Die lisensie is toegeken vir GRSA se nuwe dobbeloord in Gaborone, Botswana. Ernie Joubert, besturende direkteur van GRSA sê: "Ons het sestien maande onderhandel voordat dié transaksie in Gaborone beklink is. Die oorname het gister in werking getree en sodoende het ons filiaal, Global Resorts Botswana, nou die beheer oor die hotelsake verkry." Die nuwe direksielid van GRSA is swart. Dit pas heeltemal in GRSA se styl, sê Joubert. "So laat ons reg geskied aan ons strewe na sinryke swart ekonomiese bemagtiging in Suid-Afrika. 'n Volgende swart direkteur, uit die geledere van die Women's Development Bank, sal binnekort aangestel word. Sodoende sal ons direksie vir tyd en wyl voltallig wees met drie blankes en drie swartmense."

**R 31:**

'n Berig oor GRSA meld dat die kontrak vir die oprigting van die maatskappy se heel eerste casino-vermaaklikheidskompleks aan die Grinaker-groep toegeken is. Dié kompleks word in Botswana opgerig. Die bedryf wil een van die groot spelers in die dobbel- en ontspanningsbedryf in Suider-Afrika word. Ernie Joubert sê: "Ons keuse het op Grinaker geval hoofsaaklik vanweë dié konstruksie- en bougroep se uitstaande rekord met die oprigting van dié soort toerisme-ontwikkelings en die groep se sterk verteenwoordiging in die hoofstad van Botswana."

## ADDENDUM 3. OPSOMMING VAN BERIGTE EN ARTIKELS UIT *DIE KERKBODE*

**Homoseksualiteit: K 1**

**K 1:**

*Die Kerkbode* se artikel oor homoseksualiteit gaan oor die vraag hoe Christene met homoseksuele geloofsgenote moet omgaan. Dr. Willie Potgieter, predikant van die NG-gemeente Drieankerbaai, doen navorsing oor die geloofsbegeleiding van homoseksuele mense. "Té veel mense beskou homoseksuele mense, weens homoseksuele se seksuele dade, as aparte sondaars wie se tak in die sondeboom dikker is as dié van heteroseksuele wat ook ongeoorloofde seksuele verhoudinge het en wat ook 'n stryd met hulle seksuele drange het. Maar daar is in beginsel mos geen verskil tussen die sonde van die getroude man wat op die strand lê en seksueel fantaseer oor 'n mooi meisie wat verby kom en dié van 'n ander man wat seksuele gedagtes kry oor 'n man wat by hom verby loop nie. Christus weeg nie sonde op 'n skaal nie en sekere sondes het nie méér van sy bloed nodig vir vergifnis nie." Potgieter wil nie homoseksualiteit goedpraat nie. "Maar die Christen moet besef dit is nie sonde om homoseksueel geneig te wees nie, want 'n homoseksuele persoon kan nie help dat hy dié geneigdheid het nie - net soos 'n kleptomaan of 'n alkoholis nie 'n sondaar is omdat hy 'n onaanvaarbare neiging het nie. Sonde kom ter sprake as daar aan so 'n onaanvaarbare neiging toegegee en dit aktief beoefen word." Potgieter het in verskeie Kaapse NG-gemeentes vraelyste uitgestuur na homoseksuele lidmate. Dit blyk dat hulle nie werklik in dié kerk tuisvoel nie. "Hulle ondervind dat in sommige gemeentes hulle byvoorbeeld nie welkom is om kategese aan te bied nie, omdat ouers bang is hulle kinders word homoseksueel beïnvloed of dat die kategeet hulle gaan molesteer. As so 'n mens egter homself werklik as 'n Christen beskou en sy predikant verseker dat hy nie in dié opsig sal sondig nie, wie is ons om vir hom te sê hy mag nie op dié manier aktief deelneem aan kerklike bedrywighede nie? Watter waarborge is daar dat heteroseksuele kategete en selfs predikante dit nie met ons kinders gaan doen nie, soos al wel in die verlede binne die kerk gebeur het?" *Die Kerkbode* vra ook die mening van 'n homoseksuele lidmaat van die NG Kerk, Danie Botha. Hy is 'n kategeet en was voorheen ouderling en diaken in dieselfde kerk. Nog nooit het hy oorweeg om 'n lidmaat van 'n ander kerk te word nie. "As kategeet vir standerd-sessers gee ek altyd my klasse met 'n positiewe, kuise, heteroseksuele uitgangspunt en leer ek die kinders hulle moet by die kerk se leer hou. Wanneer homoseksualiteit ter sprake kom, beïnvloed ek hulle beslis nie ten gunste daarvan nie. Maar ek sê wel vir hulle 'n mens moet probeer om begrip vir homoseksuele te hê." Homoseksuele Christene besef deeglik hulle gedagtes en dade is sonde in die lig van die Bybel, sê Botha. "Maar die mens se psige en sy liggaam is moeilik skeibaar en baie homoseksuele mense het 'n geweldige stryd om nie seksueel aktief te wees nie. 'n Christen-homoseksueel het ook dikwels 'n worstelstryd met God wat soms uitloop op wonderbaarlike vertroosting." Danie Botha het ook 'n kortprosaboek gepubliseer oor hierdie tema, *Die Soft Rock Klub*. "Dit gaan oor die psige van die praktiserende homoseksueel en ek beeld die skadukant van sy lewe openhartig en eerlik uit. Vir my was die skryf daarvan deels selfondersoek en het ek daardeur weer eens tot die besef gekom dat ek in my homoseksuele stryd vashou aan God se genade." Dr. Willie Botha, NG predikant in diens van die Algemene Sinode vir Leer en Aktuele Sake, sê in 'n indirekte aanhaling die meeste gemeentes sal dit nie goedkeur as 'n nie-praktiserende homoseksuele predikant net vir die kameraadskap met 'n vriend in die pastorie wil saambly nie. Ongetroude heteroseksuele predikante sal ook nie die goedkeuring kry om met 'n vriendin saam te woon nie. Die besluite van die Algemene Sinode van 1986, wat homoseksualiteit as 'n afwyking en strydig met die Bybel se riglyne vir die menslike lewe beskou, is steeds geldig, sê Botha. Aan die ander kant het dieselfde sinode besluit dit is die kerk se roeping om homoseksuele mense pastoraal en met deernis te benader, sodat hulle tuis kan voel in die gemeente en daarin 'n opbouende rol kan vervul. Botha weet ook dat baie lidmate steeds homoseksuele verwerp. "Hulle vergeet dat ons wel homoseksuele dade as sonde moet afwys, maar die homoseksueel as mens met Christelike liefde moet bejeën. Ons moet werklik probeer om dié mense se geweldige stryd te begryp en om hulle te ondersteun. Nou die dag het ek vir 'n lidmaat wat 'n negatiewe opmerking oor 'n homoseksuele persoon gemaakt het, gesê ek hoop nie hy het eendag 'n kleinkind wat homoseksueel is nie."

**Aborsie: K 2 - K 5**

**K 2:**

Die NG Kerk het 'n voorlegging oor aborsie gemaak vir die Parlementêre Kommissie op Vrugafdrywing en Sterilisasie. Dié kommissie het wetgewing rakende aborsie voorberei. Die kerk se voorlegging bevat die boodskap dat lewe voor en na die geboorte kwalitatief dieselfde is. Daardeur kom aborsie neer op die beëindiging van menslike lewe. Prof. Danie du Toit, etikus van die Universiteit van Stellenbosch wat die voorlegging namens die kerk gedoen het, sê dat aborsie dieselfde is as die lewensbeëindiging na die geboorte. "Aborsie was nie die oplossing vir enige probleem in die lande waar dit ingestel is nie. Uitbuiting

van vroue neem steeds daar toe, moraliteit verswak verder, en die verbrokkeling van huwelike en die gesinslewe gaan voort. Aborsie is slegs 'n behandeling van die simptoom." Die feit dat baie agterstraataborsies gedoen word, kan nooit 'n deurslaggewende rol speel nie, meen Du Toit. "Die statistieke hieroor is baie onbetroubaar. In Amerika het dit geblyk dat valse syfers openlik aangaande agterstraat-aborsies gegee is. Dis ook 'n onaanvaarbare veralgemening om te kenne te gee dat vroue altyd 'dankbaar' is oor aborsie en dat hulle geen gevolge daarvan oorhou nie. (...) Nugter bekyk moet ons aanvaar dis wetenskaplik bewys dat menselike lewe by bevrugting begin. Daar is geen ander enkele punt in 'n mens se lewe wat as die 'magiese oomblik' dat jy mens word, beskryf kan word nie." Dié berig meld dat ook die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 'n voorlegging teen aborsie gedoen het. Prof. Paul de Bruyn van die Teologiese Skool in Potchefstroom sê: "Die Gereformeerde Kerke handhaaf die Skrifbeginsel dat 'n mens bestaan vanaf die oomblik van bevrugting. Dié beginsel berus onder meer op Job 10:8-12 en Ps 139:13-16."

**K 3:**
Die NG Kerk is ontsteld oor die aanbevelings oor aborsie van die parlementêre komitee. Die advies is dat aborsie op aanvraag beskikbaar moet wees tot die veertiende week van swangerskap. In spesifieke gevalle moet aborsie selfs moontlik wees tot die fetus 24 weke oud is. Prof. Danie du Toit is die woordvoerder van die NG Kerk. "Die NG Kerk het baie sterk gepleit teen aborsie op aanvraag. Ek het self voor die parlementêre komitee getuig en 'n memorandum voorgelê waarin gevra is dat wettige aborsies beperk moet word tot gevalle waar dit om die lewe van die vrou gaan." Die spesifieke omstandighede sluit abnormaliteite, gevaar vir die ma en maatskaplike omstandighede in. Daar word betogings teen die wettiging van aborsie-op-aanvraag verwag, sê dr. Willem Odendaal, NP-woordvoerder oor gesondheid. "Die NP is heeltemal gekant teen enige vorm van aborsie, behalwe dié vorms daarvan wat tans wetlik toelaatbaar is. Dit is gevalle waar die moeder of baba se gesondheid of lewe ernstig in gevaar is of daar ernstige sielkundige nagevolge vir die vrou weens haar swangerskap is, waar 'n verstandelik vertraagde vrou betrokke is of verkragting plaasgevind het. Nou gaan die NP elke stap binne parlementêre reëls doen om die deurvoering van wetgewing van aborsie op aanvraag teen te staan. (...) Die NP meen 'lewe' sluit ook 'n ongebore mens in." Dr. Pieter Fourie, redakteur van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) se blad *Ligdraer*, sê die kwessie van aborsie op aanvraag is so ingewikkeld dat 'n mens nie bloot kan kies vir 'pro-lewe' of 'pro-keuse' nie. "As aborsie as sodanig verwerplik is, sou vroeggebore babas ook begrawe moes word, want 'n mens het dan gesterf. Dit word egter nie gedoen nie. Om egter te sê 'n vrou het 'n vrye keuse om aborsie te laat uitvoer, is eties totaal verwerplik. Die pa van die ongebore kind en die mediese personeel is ook betrokke. Selfs al is 'n mens dus 'pro-keuse' ingestel, is baie belanghebbendes betrokke by die besluit oor 'n aborsie. Die wet moet hiervoor voorsiening maak, anders is aborsie totaal onaanvaarbaar." Die Nederduitsch Hervormde Kerk berei 'n allesinsluitende verslag voor, meld dr. Fanie Pretorius, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van dié kerk. Dié kerk se standpunt is dat die owerheid nie aborsie moet toelaat nie, word in 'n indirekte sitaat gesê. Ook die Demokratiese Party se mening word gevra. Vir die eerste twaalf weke staan dié party 'pro-keuse' voor. Woordvoerder Robert Desmarais sê in 'n indirekte aanhaling na dié periode moet streng reëls geld as 'n aborsie uitgevoer word. Dit kan byvoorbeeld in gevalle as die vrou verkrag is of waar die vrou se lewe in gevaar is. Die vrou moet egter in alle gevalle berading ontvang as sy 'n aborsie ondergaan, sê die DP in *Die Kerkbode*. Uit die reaksie, wat ook in 'n indirekte aanhaling deurgegee is, blyk dit dat die groep *Christians for Truth* baie teleurgesteld is. Hulle sê die komitee het 99 persent van die voorleggings wat aan hom gedoen is, geïgnoreer en voortgegaan met sy voorafbepaalde plan van aksie.

**K 4:**
In die rubriek "Vuurhoutjie" sê *Die Kerkbode* se redakteur Frits Gaum hy is geskok deur die voorstelle van die parlementêre komitee. "Suid-Afrika het 'n verantwoordelike Christelik-aanvaarbare geboortereëlings-plan broodnodig. Ons bevolking groei eenvoudig te vinnig en binne 'n paar dekades gaan hier heeltemaal te veel mense vir die drakrag van die land wees as die huidige koers gehandhaaf word. Maar moord is nie die manier waarop die bevolkingsgroei aan bande gelê mag word nie. Die verstommende is dat 'n land wat nou die dag besluit het dat die mens se reg op lewe meebring dat die doodstraf (vir moordenaars wat ander mense van hulle lewe beroof het) nie toegepas kan word nie, nou blykbaar op die punt staan om die reg op lewe van ongeborenes in die wind te slaan. Ons het nog nooit so baie van menseregte in Suid-Afrika gehoor as wat deesdae die geval is nie. Maar op die een of ander manier kry sommige vurige pleitbesorgers van menseregte dit reg om die regte van 'n veertien weke oue menslike lewe in die 'veilige' beskutting van sy moeder se liggaam mis te kyk... Natuurlik is dit 'n verwikkelde, moeilike saak. Die vrou wat die draer is van die menslike lewe wat in haar groei, het ook regte. Die omstandighede waarin die nuwe lewe verwek is, is soms haglik. Die moeder se eie lewe kan deur die swangerskap bedreig word, ensovoorts. Daarom is daar

die hoë uitsonderings wanneer aborsie toegelaat kan word, maar ook dan met die wete dat die neerkom op 'n keuse van die 'beste' van twee slegte moontlikhede. Dit kan nooit 'n maklike, vanselfsprekende besluit wees nie," besluit Gaum.

**K 5:**

Aborsie is ten diepste nie anders as moord nie. Die dagbestuur van die Algemene Kommissie van die NG Kerk het dié standpunt onderskryf wat verdedig word deur die Wes-Kaapse Raad vir Kerklike Samewerking, waarin die drie Afrikaanse 'susterkerke' deelneem. Die sinode se moderator, ds. Freek Swanepoel, sê dat die dagbestuur samesprekings tot op die hoogste vlak sal voer om te probeer keer dat die voorstelle wet word. Die verklaring van die Wes-Kaapse Raad vir Kerklike Samewerking sê die bevrugte eiersel is nie maar net 'n bron vir nuwe lewe nie. "Dit is die nuwe lewe, weliswaar mikroskopies klein, maar op stuk van sake volledige menselewe, geskape na God se beeld en gelykenis. Die mens bestaan nie aanvanklik net as liggaam en later as siel-en-liggaam nie. (...) As dit eers sover is (naamlik, dat aborsie op aanvraag gewettig is, EvV) het 'n vrou se baarmoeder die gevaarlikste plek op aarde geword." Die verslag oor aborsie en sterilisasie van die parlementêre *ad hoc*-komitee is deur die Nasionale Vergadering goedgekeur. In dié berig meld Kallie Pauw, 'n woordvoerder van die wetgewings- en verrigtingsafdeling in die parlement, wat vorentoe gaan gebeur. "Geen wetgewing het nog voor die parlement gedien nie; slegs die komiteeverslag is goedgekeur. Die Departement van Gesondheid moet nog geraadpleeg word en niks het nog voor die staatsregadviseurs gedien nie." Dr. Claude Newbury, president van Pro-Lewe, sê daar is geen omstandighede waaronder die moord op 'n ander mens geregverdig kan word nie. "Aborsie is niks anders as moord nie. Ps 129 lui dat God van 'n mens se bestaan geweet het voordat hy in die baarmoeder was. God kyk dus na menslike lewe uit 'n ewigheidsperspektief. Menslike lewe begin op die oomblik van bevrugting. Niks word daaraan toegevoeg behalwe dat die mens opgroei nie."

**Dobbelary: K 6 - K 8**

**K 6:**

Die openingsberig op *Die Kerkbode* se voorblad meld dat die NG Kerk alles moontlik gedoen het teen 'n liberale dobbelwet. Dié berig meld dat dié kerk die afgelope vyf jaar deur afgevaardigdes na regeringsinstansies alles in sy vermoë gedoen het om beswaar aan te teken teen die wettiging van dobbelary en die totstandkoming van 'n nasionale lotery. Dr. Wille Botha, predikant in diens van die Algemene Sinode vir leer en aktuele sake, sê in dié berig dat die owerhede deeglik bewus is van die NG Kerk se standpunt. Die kerk het drie weke voor dié berig verskyn nog 'n besoek aan minister Chris Fismer gebring. Die kerk het ook op amptelike vergaderings ernstige aandag aan hierdie vraagstukke gegee. Die NG Kerk se vertoë teen dobbelary en lotery is veral gegrond op die besluite van die Algemene Sinode van 1994 en die NG Kerk se kommer dat dit tot allerlei maaskaplike euwels kan lei, 'n nadelige effek kan hê op die arbeid, die mens se verhoudig tot God, die samelewing en die huisgesin. "Die kerk moet nou sy lidmate oproep om nie aan die dobbelpraktyke deel te neem nie. Die kerk moet lidmate opnuut wys op die rampspoedige gevolge wat verliese weens dobbelary vir hulle en hulle gesinne kan hê en ook op die feit dat daar minder as 15 persent van alle loterygeld aan welsyn geskenk word. Jong mense en kinders moet ook geleer word dat hulle nie hulle hoop hierop kan vestig nie", sê Botha. Piet Erasmus, woordvoerder van minister Fismer, sê in 'n indirekte aanhaling die NG Kerk is die enigste wat sy gevoelens oor dobbelary teenoor die owerheid gemeld het. Die skrywes is saam met 'n versoekskrif wat een van die Engelse kerke gerig het, na die Dobbelraad verwys. Volgens Erasmus sê Fismer dat die kerk altyd welkom is om sy standpunt te stel en die regering te kritiseer. Dr. Pieter Fourie, redakteur van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) se *Die Ligdraer*, sê in 'n indirekte aanhaling dat die VGK nie besondere aandag aan die nuwe dobbelwetgewing geskenk het nie. Volgens hom is daar 'n fokusverskuiwing vanaf voortdurend ag slaan op individuele stukke wetgewing na die begeleiding van lidmate om 'n gefundeerde Christelike getuienis te laat hoor.

**K 7:**

Die tweede, baie kort, berig meld dat die NG-sinode van Oos-Transvaal gesê het dat dobbelary nie by 'n Christelike lewenswyse pas nie. Dié sinode, wat indirek aangehaal word, waarsku die owerheid teen die sekondêre gevolge van dobbelary en wys daarop dat die owerheid die verantwoordelikheid hiervoor sal moet aanvaar indien dobbelary gewettig word. Daarom roep die sinode sy gemeentelede op om op 'n daadwerklike en positiewe manier deel te neem aan die debatte oor dobbelary, prositiusie, die gebruik van dagga, aborsie en pornografie.

**K 8:**

Die besluit van die NG-sinode van Oos-Transvaal word in saamgevatte vorm as artikel in *Die Kerkbode* gepubliseer. Selfs in sy mees 'onskuldige' vorm is dobbelary en lotery 'n bedenklike praktyk wat Christene behoort te vermy en wat die kerk wil ontmoedig, sê die sinode. Dié berig gee 'n uitgebreide opsomming waarin die argumente oorweeg en beskrywe word wat tot 'n uiteindelike oordeel lei. Die belangrikste beswaar lê volgens die sinode in die gelukskans wat essensieel is vir dobbelary en lotery. Die Christen glo egter nie 'n blinde noodlot nie, maar weet dat God in sy voorsienigheid alles beheer. "Lotery kan as deel van dobbelary gesien word, waar die lot gebruik word om die wenner in 'n pryswedstryd aan te wys. Dit gaan dan om die toevallige beslissing of gelukkans. Om die lot op 'n ligsinnige en ongeoorloofde wyse te gebruik, beteken dat die mens hom in 'n ontoelaatbare goddelike beslissingsposisie plaas waardeur God se wil op 'n meganiese wyse gemanipuleer word." Die sinode stem saam dat die lot gebruik kan word as 'n daad van biddende afhanklikheid van God oor 'n ernstige saak om die finale uitslag te gee waar daar nie ander geregverdigde maniere is nie. "Dit is vir die gelowige ten diepste 'n geloofsdaad en die uitslag word onvoorwaardelik aanvaar. Die verantwoordelikheid van die mens word dus nie ligtelik afgeskuif om 'n beslissing deur die lot te kry nie." Dobbelary het volgens die sinode 'n groot invloed op die mens se verhouding met God. "Die versoeking is groot dat die geloof in die voorsienige beskikking van God op die agtergrond geskuif word en die gehoorsaamheid aan die opdrag tot verantwoordelike arbeid afgewater word. Wanneer aan dié versoeking toegegee word, word die vertrouensverhouding tussen God en mens, Vader en kind, daardeur benadeel. God voorsien in die behoeftes van sy kinders. (...) Bewyse bestaan dat daar 'n verband tussen huweliks- en gesinsverbrokkeling en dobbelary is (vergelyk die sewende gebod), asook tussen algemene kriminaliteit (byvoorbeeld bedrog, aanranding en doodslag) en dobbelary. (...) Spaarsin word ontmoedig en spandabelrigheid aangemoedig. Ander maniere as die wettige maniere van arbeid en handel word nagejaag om eiendom of handelsmiddele te verkry. By dobbelary is daar 'n onrealistiese verhouding tussen 'n mens se prestasie en wat hy ontvang. Die wanbalans tussen produktiwiteit en loon is ongesond vir die arbeidsetiek en ekonomie van enige samelewing."